


Die Agterhuis – Lina Spies se vertaling van
Anne Frank se dagboek, *Het Achterhuis*, in Afrikaans:
besluite, benaderings en strategieë

deur

Carla-Marié Spies



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad

Magister Philosophiae in Vertaling

aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Prof. A.E. Feinauer

Maart 2010

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.



Carla-Marié Spies

Datum: Oktober 2009

Kopiereg © 2009 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Opsomming

In hierdie studie word ondersoek ingestel na die vertaalbenaderings en -strategieë wat Lina Spies gebruik in die vertaling van Anne Frank se dagboek, *Het Achterhuis* uit Nederlands in Afrikaans (*Die Agterhuis*). Die navorser gaan hoofsaaklik deskriptief te werk om die besluitneming ten opsigte van watter vertaalbenaderings en vertaalstrategieë wat gevolg en toegepas word, te beskryf. Kritiek word wel uitgespreek waar nodig.

Die eerste hoofstuk behels die agtergrond en rasionaal vir die studie, 'n hipotese, probleemstelling en navorsingsvrae en beskryf die metodologie wat in die tesis gevolg word. Die volgende hoofstuk verskaf 'n agtergrond van die bronteks en redes vir die vertaling daarvan in Afrikaans. Daar word hier ook na die vertaler (Spies) as magsagent gekyk. In die daaropvolgende hoofstuk, die literatuurstudie, word die vernaamste vertaalteoretiese benaderings bespreek wat van toepassing is op hierdie studie. Belangrike teorieë waarop daar gefokus word, is funksionalisme (Nord 1997), interkulturele kommunikasie (Katan 2004), deskriptiewe vertaalstudies (Toury 1995) en vervreemding en domestikering (Venuti 1995). Hoofstuk 4 en 5 beslaan die praktiese toepassing/empiriese studie. In die makro-analise word aspekte soos die genre, oorkoepelende vertaalbenadering en parateks bespreek. In die mikro-analise word daar gekyk na die vertaalstrategieë wat op mikrovlak gevolg is om die effek wat die doelteks op makrovlak het, te bewerkstellig. Daar word gekyk na pragmatiese, interkulturele, intertaalige en teksspesifieke vertaalprobleme/-uitdagings en Spies se oplossings (of pogings tot oplossings) daarvoor.

Daar word na afloop van die studie tot die gevolgtrekking gekom dat Spies funksionalisties te werk gaan, aangesien sy albei Nord (1995) se maatstawwe vir 'n "goeie"/"voldoende" vertaling, naamlik, eerstens, die bronteks en bronteksouteur, sowel as, tweedens, die doelteksleser, in ag neem. Die vervreemdingsbenadering word hoofsaaklik in die vertaling gevolg en daar word baie lojaal aan die bronteksouteur en getrou aan die bronteks gebly. Domestikering word as sekondêre benadering gevolg, deurdat die doelteks meestal grammatikaal toeganklik vir die doelteksleser gemaak word. Daar word bevind dat die outentiekheid van die bronteks en die literêre waarde daarvan, sowel as om die stem en styl van die bronteksouteur in die doelteks behou word.

Summary

This study investigates the translation approaches and strategies used by Lina Spies in her translation of Anne Frank's diary, *Het Achterhuis*, from Dutch into Afrikaans (*Die Agterhuis*). The researcher mainly works descriptively to discuss the decisions made regarding translation approaches and strategies adopted and applied in this translation. However, when necessary, a critique of the translation is also offered.

The first chapter deals with the background of, and rationale for, the study; it provides a hypothesis, problem statement, methodology and the research questions. The next chapter provides background information on the source text, as well as considering reasons why this source text was translated into Afrikaans. The translator (Spies) as an agent of power is discussed as well. In the third chapter, the literature review, the most prominent translation theories which are relevant to this study are discussed. There are amongst others focused on functionalism (Nord 1997), intercultural communication (Katan 200), descriptive translation studies (DTS) (Toury 1995), and foreignization and domestication (Venuti 1995). Chapters 4 and 5 present the practical application/empirical study. In the macro-analysis aspects such as genre, overall translation approach and the paratext are looked at. The micro-analysis investigates the translation strategies which were used on the micro-level in order to achieve the overall effect this translation has on macro-level. Pragmatic, intercultural, interlinguistic and text-specific translation problems/challenges and the way that Spies (possibly) resolved these in the target text are discussed.

The conclusion is drawn that Spies adopts a functionalist approach towards the translation as she takes into consideration both Nord's (1995) yardsticks for a "good"/"adequate" translation, namely (1) the source text and source text author, as well as (2) the target text reader. The foreignization approach is the primary approach used in this translation and the translator is very faithful to the source text and loyal to the source text author. Domestication is used as a secondary approach as the target text is made accessible to the target text reader on a grammatical level. The thesis finds that the authenticity of the source text and the literary value of this text are preserved, and that the voice and style of the source text author are conveyed to the target text reader.

Erkennings en dankbetuigings

My studieleier, prof. Ilse Feinauer, vir haar leiding, ongelooflike insig en dat sy meer as haar deel gedoen het om hierdie navorsingsprojek 'n sukses te maak.

Die mense van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch, in besonder my mede-studente Lelanie de Roubaix ('n mede-vertaalstudent) en Gerda Odendaal vir julle ondersteuning.

Die Universiteit van Stellenbosch en die NNS vir finansiële ondersteuning wat hierdie voltydse studie moontlik gemaak het.

Lina Spies, vir die vertaling, die beskikbaarstel van agtergrondinligting, ons interessante gesprekke oor die dagboek en die stuur van die bronteks uit Nederland.

Elsa Silke, vir al die kennis oor literêre vertaling wat sy met ons gedeel het, en dat sy voorgestel het om my M-werkstuk in 'n tesis te omskep.

My ouers, Gerrit en Annemarie, en my suster Annegret, vir julle aanmoediging, nie net tydens die navorsing nie, maar my lewe lank.

My liewe Rudi, vir jou ondersteuning, begrip en liefde. Sonder jou sou die taak baie moeiliker gewees het.

Ons Hemelse Vader.

En Anne... vir jou dagboek.

Opgedra aan my Joodse voorsate wat in die Holocaust gely het, en my ma, Annemarie – wat my liefde vir taal, en die toepassing daarvan, deel.

Inhoudsopgawe

Verklaring	ii
Opsomming	iii
Summary	iv
Erkennings en dankbetuigings	v
Hoofstuk 1: Inleiding en oorsig	1
1.1 Agtergrond en rasionaal	1
1.2 Hipotese, probleemstelling en navorsingsvrae	2
1.2.1 Hipotese	2
1.2.2 Probleemstelling	3
1.2.3 Navorsingsvrae	3
1.3 Metodologie	4
1.3.1 Verloop van die studie en hoofstukuiteensetting	5
1.4 Samevatting	6
Hoofstuk 2: Agtergrond: Die bronteks en die motivering vir die vertaling	7
2.1 Inleiding	7
2.2 Die dagboek van Anne Frank	8
2.3 Die Holocaust	9
2.4 Die genre van die dagboek	11
2.4.1 Die egodokument	11
2.4.2 Die literêre werk	13
2.4.3 Die oorlogsdokument / geskiedskrywing	13
2.5 Weergawes in Nederlands	15
2.6 Kultuur- en ideologiese dokument	16
2.7 Die dagboek se plek in die polisisteam	17
2.8 Die vertaling van die dagboek	18
2.8.1 Die motivering vir die Afrikaanse vertaling	19
2.8.2 Die vertaling uit Nederlands in Afrikaans	20
2.8.3 Die magte wat vertaling beïnvloed	21
2.9 Die vertaler as magsagent	24
2.9.1 Biografiese inligting	24
2.9.2 Oeuvre	25
2.10 Samevatting	26
Hoofstuk 3: Literatuur: Van die kulturele tot die ideologiese wending	28
3.1 Inleiding	28
3.2 Die belangrikheid van vertaling	30
3.3 Die kulturele wending en die moontlikheid van 'n ideale model vir vertaling	31

3.3.1	Die linguistiese benadering (retrospektief).....	32
3.3.2	Die tekslinguistiese benadering (retrospektief)	34
3.3.3	Die funksionalistiese benadering (prospektief)	35
3.3.4	Die moontlikheid van 'n ideale model vir vertaling	36
3.3.5	Samevatting.....	39
3.4	Vertaling as interkulturele kommunikasie.....	39
3.4.1	Kultuur	40
3.4.2	Taal en kultuur	41
3.4.3	Vertaling as interkulturele kommunikasie.....	42
3.4.4	Die vertaler as interkulturele interpreteerder en bemiddelaar	45
3.4.5	Samevatting.....	46
3.5	Ekwivalensie	47
3.5.1	Verskillende tipes ekwivalensie	48
3.5.1.1	Ekwivalensie binne die retrospektiewe benadering.....	48
3.5.1.2	Ekwivalensie binne die prospektiewe benadering	48
3.5.2	Samevattende opmerkings.....	50
3.5.3	Is ekwivalensie steeds van toepassing?	51
3.5.5	Gevolgtrekking.....	51
3.6	'n Funksionalistiese benadering tot vertaalteorie	52
3.6.1	Skopos.....	53
3.6.2	Die vertaalopdrag/-spesifikasie	54
3.6.3	Aanpassing en kompensasie	55
3.6.4	Funksie en lojaliteit.....	56
3.6.5	Funksionalisme en literêre vertaling.....	58
3.6.6	Gevolgtrekking.....	60
3.7	Deskriptiewe vertaalstudies.....	60
3.7.1	Die polisisteemteorie	64
3.7.2	Deskriptiewe vertaalstudies en norme	68
3.7.3	Die Manipulasieteorie	72
3.7.3.1	Benaderings.....	73
3.7.3.2	Belangstellings.....	75
3.7.3.3	Die skep van 'n nuwe teks deur middel van vertaling.....	76
3.8	Ideologie en vertaling	77
3.8.1	Ideologie as mag	79
3.8.2	Ideologie en postkolonialisme	80
3.8.3	Ideologiesgebonde vertaalbenaderings	82
3.8.3.1	Domestikering	83
3.8.3.2	Vervreemding	84
3.9.5	Gevolgtrekking.....	86
3.9	Samevatting.....	87
Hoofstuk 4: Makro-analise van die doeltteks.....		89
4.1	Inleiding	89
4.2	Voorlopige data	92
4.2.1	Voorblad, titelblad en titel	92
4.2.2	Indeling van die doeltteks.....	94
4.2.3	Oorkoepelende vertaalbenadering	96
4.3	Makrovlakelemente	98
4.3.1	Parateks	98
4.3.1.1	Die agterblad	99
4.3.1.2	Die gedig.....	100
4.3.1.3	Die inleiding	100
4.3.1.4	Die bronnelys.....	104
4.3.1.5	Die toevoegsels	104
4.3.1.6	Die foto's.....	107

4.3.1.7	Die voetnote.....	108
i.	Vertaalde voetnote.....	108
ii.	Ekstra inligting	110
iii.	Voetnote oor die land, kultuur en geloof.....	111
iv.	Voetnote oor taal	113
vi.	Vertaalnotas.....	114
4.3.1.7.1	Samevattende opmerkings.....	115
4.3.1.8	Nawoord	116
4.3.1.9	Verantwoording en epiloog.....	116
i.	Verantwoording.....	116
ii.	Epiloog	118
4.3.2	Narratiewe struktuur en genre.....	119
4.3.2.1	Interne narratiewe struktuur.....	120
4.3.2.2	Verteller en skryfwyse	120
4.3.2.3	Konteks, milieu, tyd en karakters.....	121
4.3.3	Narratiewe struktuur	122
4.4	Samevatting en gevolgtrekking	129
Hoofstuk 5: Mikro-analise van die doelteks.....		131
5.1	Inleiding	131
5.2	Model vir mikro-analise	131
5.3	Vertaalprobleme	133
5.3.1	Pragmatiese vertaalprobleme	134
5.3.1.1	Kultuurgebonde en -spesifieke terme en uitdrukkings	134
i.	Ekologies	136
ii.	Materieel	138
iii.	Sosiale kultuur	143
iv.	Sosiale organisasie.....	144
v.	Gebare en gewoontes	146
5.3.1.2	Eiename.....	146
5.3.1.3	Verwysings na tyd en plek.....	149
i.	Tyd	149
ii.	Plek	149
5.3.1.4	Ideologiese verwysings.....	150
5.3.1.5	Samevattende opmerkings.....	152
5.3.2	Interkulturele vertaalprobleme.....	153
5.3.2.1	Gewigs- en maatname en geldeenhede.....	153
5.3.2.2	Aanspreekvorme en -voorskrifte.....	154
5.3.2.3	Tekstipologiese konvensies.....	155
i.	Hooflettergebruik	156
ii.	Interpunksie en formaat	157
5.3.2.4	Samevattende opmerkings.....	158
5.3.3	Intertalige vertaalprobleme.....	158
5.3.3.1	Leksikon en semantiek	159
i.	Woorde	160
ii.	Uitdrukkings	161
iii.	Idiome en spreekwoorde	162
iv.	Plat en vulgêre taal, sleng en mengtaal	163

v.	Vals vriende en zero-ekwivalensie	165
5.3.3.2	Morfologie	166
i.	Naamwoorde	167
ii.	Voornaamwoorde	168
iii.	Werkwoorde.....	168
5.3.3.3	Sintaksis.....	171
i.	Sinsvolgorde	172
ii.	Lengte van sinne	172
iii.	Ontkenning.....	173
iv.	Vreemde sinswendinge	174
5.3.3.4	Samevattende opmerkings.....	175
5.3.4	Teksspesifieke vertaalprobleme.....	175
5.3.4.1	Teksfunksie.....	175
5.3.4.2	Humor	177
5.3.4.3	Dialog en direkte rede	178
5.3.4.4	Radiostem.....	179
5.3.4.5	Samevattende opmerkings.....	181
5.4	Samevatting.....	181
	Hoofstuk 6: Gevolgtrekking.....	183
6.1	Inleiding	183
6.2	Oorkoepelende vertaalbenadering	184
6.3	Outentiekheid	186
6.4	Stem en styl van die outeur.....	187
6.5	Stem en styl van die vertaler	187
6.6	Besluite en uitdagings	188
6.7	Verdere navorsingsmoontlikhede.....	188
6.8	Slot	189
	Appendiks	191
	BYLAAG A: Voorblaai.....	191
	BYLAAG B: Titelblaai.....	193
	BYLAAG C: Lina Spies se gedig	194
	BYLAAG D: Voorbeelde van dialog en direkte rede uit die bron- en doelteks	195
	Bronnelys	198

Hoofstuk 1

Inleiding en oorsig

1.1 Agtergrond en rasionaal

"O ja, ek wil nie soos die meeste mense vir niks geleef het nie. Ek wil nuttig wees of vreugde gee vir die mense wat om my leef en my tog nie ken nie, ek wil voortlewe, ook ná my dood!"

Só skryf Anne (Annelies Marie) Frank in haar dagboek op Woensdag, 5 April 1944, ongeveer 'n jaar voor sy in 'n konsentrasiekamp, Bergen-Belsen, naby Hanover, aan tifus en uitputting sterf. Anne het hierdie dagboek vanaf 14 Junie 1942, toe sy dit as verjaarsdaggeskenk gekry het, tot en met 1 Augustus 1944 gehou, voordat die onderduikers in die Agterhuis ontdek en deur die Grüne Polizei gearresteer is. Die grootste gedeelte van die dagboek word beslaan deur inskrywings tydens haar en die Van Pels-gesin (in Anne se dagboek die Van Daans) se "onderduiking" in die Agterhuis aan Prinsengracht 263 (die gragtehuis waar die kantore was van Opekta, die onderneming wat Otto Frank bestuur het) in Amsterdam (Spies 2007:9). Anne was 'n Jood en moes dus tydens die Tweede Wêreldoorlog vir die Nazi's skuil.

Anne se dagboekinskrywing op 5 April 1944 kan as profeties beskou word, aangesien sy vandag inderdaad voortleef in die menigte vertalings en verwerkings van haar dagboek wat dwarsoor die wêreld verspreid is. Haar dagboek (die bronteks) is reeds in 1947, net na die oorlog, in Nederlands gepubliseer, te danke aan haar vader, Otto Frank.

Behalwe vir die vertalings en verwerkings van die dagboek, het daar ook 'n industrie rondom Anne Frank ontstaan en is daar onder andere 'n Anne Frank-museum in Nederland en 'n Anne Frank-sentrum in Amerika wat besoek kan word. Die Anne Frank-fonds (AFF) is in 1963 deur Otto Frank gestig en is gesetel in Basel,

Switserland. Die outeursregte van die dagboek van Anne Frank behoort aan die AFF. Anne se neef, Buddy Elias, is tans die president van hierdie fonds. Die doel van die AFF is om liefdadigheidswerk in die naam van Anne Frank te doen en hulle fokus veral op 'n beter samewerking tussen verskillende godsdienstige en kulturele groepe (AFF 2009:735). Hierdie doelstelling doen gestand aan wat Anne so dikwels in haar dagboek noem sy na hunker – dat alle groepe in vrede moet kan saamleef, aangesien sy nie verstaan hoekom daar teen mense gediskrimineer moet word op grond van hul geloof of kultuur nie.

Daar is ook 'n hele aantal boeke rondom Anne Frank en haar dagboek gepubliseer: *De kamergenoot van Anne Frank*, deur Nanda van der Zee, *Anne Frank Remembered*, deur Miep Gies en Alison L. Gold, *Anne Frank: A Hidden Life*, deur Mirjam Pressler en *Anne Frank: The Biography*, deur Melissa Muller, vertaal deur Robert Kimber, om slegs 'n paar te noem.

Het Achterhuis is al in meer as 60 tale wêreldwyd vertaal (Brand 2008b:12). In 2008 – meer as 60 jaar nadat die eerste uitgawe daarvan in Nederlands verskyn het – vertaal Lina Spies dit dan vir die eerste keer ook in Afrikaans, die taal wat leksikaal en struktuurgewys die naaste aan Nederlands is, en maak hierdeur die bekende dagboek ook toeganklik vir die Afrikaanssprekende leserspubliek.

Hierdie tesis is 'n uitbreiding op 'n werkstuk aangebied deur die navorser in 2008, as hoofprojek vir die module *Literêre Vertaling 772*, onder leiding van me. Elsa Silke en prof. A.E. Feinauer. Die werkstuk, getiteld "*Die Agterhuis* – Lina Spies se Afrikaanse vertaling van Anne Frank se dagboek, *Het Achterhuis*, uit die oorspronklike Nederlands: 'n Retrospektiewe benadering ter behoud van die outentiekheid van die teks", het getoon dat daar ruimte is vir verdere studie oor hierdie onderwerp en dat 'n diepte-ondersoek oor hierdie aktuele onderwerp van waarde kan wees.

1.2 Hipotese, probleemstelling en navorsingsvrae

1.2.1 Hipotese

Lina Spies slaag daarin om die outentiekheid van Anne Frank se dagboek, *Het Achterhuis*, en die stem en styl van die outeur te behou deur baie getrou aan die brontekste te bly.

Die doel van die vertaling is om die dagboek enersyds vir die doeltekslesers toegankliker te maak deur dit in Afrikaans te vertaal, maar om dit andersyds van die doeltekslesers te vervreem aangesien hulle hul nie werklik met die teks kan, of behoort te kan, vereenselwig nie. 'n Hedendaagse leser sal nooit die verskrikking van Jood-wees tydens die Tweede Wêreldoorlog en die Holocaust begryp nie.

Aangesien die teks in dagboekvorm geskryf word, moet daar so ver moontlik lojaal aan die bronteks gebly word, selfs al beteken dit dat die teks nie noodwendig heeltemal verstaanbaar vir die moderne Afrikaanssprekende leser is, of heeltemal idiomaties Afrikaans lees nie. Daar word byvoorbeeld van ouer, formeler en Nederlandistiese Afrikaans gebruik gemaak en Europese kultuurverwysings word nie aangepas vir die Suid-Afrikaanse doeltekslesers nie. Hierdie vervreemdingstrategie word gevolg sodat kultuuroordrag en die oordrag van Anne se stem outentiek bly. Hierdeur is die doelteksleser deurgaans bewus daarvan dat hierdie teks 'n vertaling van die dagboek van 'n meisie is, wat dié woorde in Nederlands, in Nederland, tydens die Tweede Wêreldoorlog, in die jare veertig geskryf het.

1.2.2 Probleemstelling

Dit wil voorkom asof Lina Spies se vertaling van *Het Achterhuis*, *Die Agterhuis*, te na aan die Nederlands bly en bowendien nie altyd van moderne, of eg idiomatiese Afrikaans, gebruik maak nie. Daar kom byvoorbeeld baie Nederlandismes, en selfs Nederlandse woorde en stukke teks, in die doelteks voor. 'n Mens kan beweer dat die bronteks te letterlik vertaal is en die vertaler nie die moderne Afrikaanssprekende as doelteksleser in die oog gehou het tydens die vertaling van hierdie teks nie. Hierdie tesis sal lig daarop werp of hierdie benadering en die vertaalbenaderings en -strategieë wat gevolg is wel funksioneel is en dus tot die sukses van die vertaling bydra, en of dit bloot lukraak gedoen is. Daar sal dus ondersoek ingestel word na die meriete van die vertaling en of die besluitneming tydens die vertaalproses weldeurdag en konsekwent deurgevoer is met 'n spesifieke uitkoms in gedagte.

1.2.3 Navorsingsvrae

Die aspekte wat in hierdie tesis onder die loep geneem gaan word, sal vervolgens in die vorm van navorsingsvrae aangebied word. Hierdie vrae sal dan deur die loop van die tesis en in die gevolgtrekking beantwoord word:

- Wat was die besluitnemingsproses van die vertaler tydens die vertaling van hierdie werk?
- Wat was die uitdagings waarvoor die vertaler te staan gekom het en hoe is dit opgelos?
- Hoe sien die vertaalprodukt op makrovlak daar uit op grond van die strategieë wat die makro- sowel as die mikrostruktuur van die vertaalprodukt beïnvloed?
- Watter vertaalstrategieë en -benaderings word hoofsaaklik gebruik? Word daar baie letterlik vertaal, of word daar van manipulasietegnieke gebruik gemaak? Word daar hoofsaaklik vervreem of gedomestikeer?
- Hoe word veral kulturele, godsdienstige, historiese, politiese en ideologiese aspekte / gegewens in die vertaling hanteer?

Uiteindelik sal daar bepaal word of die besluite wat ten opsigte van die vertaling geneem is en die vertaalstrategieë wat op makro- en mikrovlak gevolg is, wel deurdink is en 'n spesifieke funksie vervul ten opsigte van die behoud van die outentiekheid van die teks en die stem en styl van die outeur as outobiograaf en dagboekskrywer.

1.3 Metodologie

'n Kwalitatiewe ondersoek word in hierdie tesis oor die vertaling van *Het Achterhuis* gedoen om te bepaal of die vertaling in sy doel slaag en om te sien of die benaderings en strategieë wat in die vertaling gevolg is, waarde tot die werk toevoeg. Daar word ook bepaal of hierdie benaderings en strategieë funksioneel is om die outentiekheid van die bronteks en die stem en styl van die bronteksouteur te behou.

Hierdie studie is empiries, aangesien daar in hierdie tesis van 'n werklik bestaande teks, *Die Achterhuis* – Lina Spies se vertaling van Anne Frank se dagboek, gebruik gemaak word. Die empiriese studie is gebaseer op vertaalteorieë wat in 'n literatuurstudie bekendgestel sal word. Die hipotese wat vir hierdie tesis gepostuleer is, sal aan die hand van hierdie empiriese data en afleidings wat daaruit gemaak word, bewys, of weerlê word (Williams & Chesterman 2007:59).

Daar sal in hierdie tesis hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, deskriptief te werk gegaan word. Kritiek sal wel uitgespreek word waar nodig.

1.3.1 Verloop van die studie en hoofstukuiteensetting

In hoofstuk 2 word die agtergrond oor die onderwerp in sy geheel uiteengesit. Daar word gekyk na die bronteks en aspekte rakende die oorspronklike dagboek van Anne Frank. Onderzoek word byvoorbeeld ingestel na die genre van die teks, die verskillende weergawes daarvan in die brontekstaal, Nederlands, en pragmatiese kwessies wat die bronteks betref. 'n Profiel word ook van die vertaler geskets en haar betrokkenheid en belang by die dagboek van Anne Frank word bespreek.

In hoofstuk 3 word die hoofvertaalteorieë waarmee daar in die analise van die vertaling gewerk word, in 'n literatuurstudie aangebied. Die strategieë en teorieë wat ondersoek word, is onder andere funksionele ekwivalensie, Katharina Reiß en Hans J. Vermeer se funksionalisme en Christiane Nord se lojaliteit. Verder word daar gekyk na die teorie van Deskriptiewe Vertaalstudies (Descriptive Translation Studies – DTS) wat berus op Itamar Evan-Zohar se polisisteesisteemteorie en ook André Lefevere se manipulasieteorie en ook Gideon Toury se teorie oor norme insluit. Daar sal ook gekyk word na kultuur en vertaling (onder andere Theo Hermans en David Katan se werk) en ideologie en vertaling, veral ten opsigte van Lawrence Venuti se domestikerings- en vervreemdingbenaderings.

Hierdie literatuurstudie dien as die teoretiese raamwerk vir die praktiese ontleding. Teen die agtergrond van hierdie teorieë word die doeltteks eerstens op 'n makro- en dan op 'n mikrovlak geanaliseer. Volgens Jose Lambert en Hendrik Van Gorp (1985:48) is 'n goeie benadering juis om eers na die algemene makrostrukturele aspekte van 'n vertaling te kyk, aangesien die makro-aspekte 'n aanduiding gee van die algehele strategie wat tydens 'n vertaling gevolg is. Volgens hulle model vir die ontleding/beskrywing van 'n vertaalde werk, word daar daarna na die mikrostrukturele aspekte gekyk om te bepaal hoe hierdie makrostrategie(ë) op mikrovlak in die vertaling bewerkstellig word. Die manier hoe daar op mikrovlak te werk gegaan word by 'n vertaling gee dan op sy beurt aanleiding tot die makro-aspekte van die doeltteks.

Die makro-analise wat in hoofstuk 4 gedoen word, berus op Lambert en Van Gorp se model (1985:52). Makro-aspekte sluit in voorafdata soos die titel, die voorblad en agterblad van die doeltteks en of die outeur en die vertaler se name sigbaar is. Ook op makrovlak word daar volgens hierdie model na die metateks en parateks in die boek gekyk. Hieronder val Lina Spies se gedig, *Vir Anne Frank van Het Achterhuis*,

voor in die boek, die inleiding, bronnelys, toevoegsels, voetnote, nawoord en epiloog. Op makrovlak word die boodskap, stem en styl van die doeltteks in vergelyking met dié van die bronteks verder geanaliseer. Hier word daar dus op 'n makrovlak, of breër vlak, na die besluitneming en werk rondom die vertaling gekyk om te analiseer hoe die vertaling aangepak is en watter besluite op makrovlak geneem is om die gewenste effek deur middel van die vertaling te bereik. 'n Oorkoepelende vertaalbenadering sal dus bepaal word.

Hierna volg die mikro-analise in hoofstuk 5. Die mikro-analise berus op 'n kombinasie van modelle, hoofsaaklik op Nord (1997:59-64) se model wat ook deur Christina Schöffner en Uwe Wiesemann (2001:24-48) toegepas word om vertaalprobleme te kategoriseer. Hierdie model behels dat die pragmatiese, kulturele en interkulturele, intertaalige en teksspesifieke aspekte van die vertaling ontleed word. Op mikrovlak word daar na die dagboekinskrywings self in die doeltteks gekyk en die navorser ontleed watter vertaalstrategieë gebruik word. Daar word veral gekyk na die vervreemding- en domestikeringsbenaderings, sowel as na die bewerkstelling van ekwivalensie op mikrovlak. Aspekte waarna gekyk word, is onder andere die vertaling van eiename, dialoog, asook kulturele, godsdienstige, historiese, politiese en ideologiese verwysings.

Laastens word daar in hoofstuk 6 'n gevolgtrekking gemaak waarin die hipotese bewys word, die navorsingsvrae beantwoord word en daar voorstelle gegee word vir verdere navorsingsmoontlikhede wat met hierdie onderwerp verband hou of uit hierdie tesis kan voortvloei.

1.4 Samevatting

Aangesien Lina Spies se vertaling van Anne Frank se dagboek so onlangs soos 2008 verskyn het, is daar nog geen diepgaande studies daaroor gedoen nie. Daar is wel resensies oor die Afrikaanse vertaling, soos onder andere deur Daniel Hugo in *Die Burger* van 23 Junie 2008: "Dagboek van Onvoltooide Lewe: Spies se vertaling hervestig aandag op feite van Frank" (Hugo 2008a:13), asook die lesing wat Spies by die boekvrystelling van hierdie vertaling op 16 Junie 2008 by die Holocaust-museum in Kaapstad gelewer het: *Die Vertaling van die Dagboek van Anne Frank* (Spies 2008a). Hierdie tesis kan as die eerste diepte-analise van hierdie werk beskou word.

Hoofstuk 2

Agtergrond: Die bronteks en die motivering vir die vertaling

2.1 Inleiding

Volgens Nord (2001:185,188,195) is dit by enige vertaling belangrik om lojaal aan die bronteks en die outeur daarvan te bly, sowel as om die vertaling toeganklik vir die teikengehoor te maak, sodat die lesers inderdaad die vertaalde teks kan verstaan. Sy redeneer dat die vertaler met ander woorde 'n verantwoordelikheid teenoor beide die bronteks en die bronteksouteur, sowel as die doelteksleser het. Nord se benadering tot vertaling berus dus op twee pilare: loyaliteit (om die intensies van die outeur en die boodskap en ander aspekte van die bronteks in ag te neem) en funksionalisme (om die doelteks vir die doelteksleser toeganklik te maak). Nord stel met ander woorde hierdeur twee maatstawwe vir die sukses van 'n vertaling voor, naamlik die bronteks en die doelteksleser. Volgens haar moet die vertaler die bronteks so akkuraat moontlik aan die doelteksleser oordra, sodat effektiewe kommunikasie tussen hierdie twee betrokke partye kan plaasvind. Sy sê selfs dat defekte in die doelteks verskoon kan word, solank hierdie kommunikasie effektief plaasvind en nie daardeur verhinder word nie.

Die doel van hierdie tesis is om onder andere ondersoek in te stel of die vertaling van *Het Achterhuis* bloot in onidiomatiese, ouer en formeler Afrikaans geskryf is, wat dit vir die moderne leser ontoeganklik, of minder toeganklik kan maak, en of hierdie aanslag juis funksioneel is om 'n sekere effek te bereik. Na aanleiding van Nord se teorie kan 'n mens aflei dat hierdie doelbewuste loyaliteit aan die bronteks (deur by spesifiek in *Die Agterhuis* in 'n ouer, formeler en soms Nederlandistiese Afrikaans in te vertaal) wel funksioneel kan wees, deurdat dit juis baie waarde aan die bronteks

heg, en poog om aan die doelteksleser 'n gevoel van die oorspronklike teks oor te dra. Die meriete en sukses van die Afrikaanse vertaling kan dus gemeet word aan of dit die gewenste doel bereik. Daar sal later meer hierop uitgebrei word.

In hierdie hoofstuk sal daar veral aandag geskenk word aan die bronteks en die pragmatiek rondom die bronteks. Daar sal ook gekyk word na die verskillende vertalings en verwerkings wat reeds van hierdie bronteks verskyn het, sowel as die motivering vir die Afrikaanse vertaling wat in 2008 verskyn het en die rol wat die vertaler as magsagent in die verskyning van hierdie vertaling gespeel het.

2.2 Die dagboek van Anne Frank

Het Achterhuis, Anne Frank se dagboek, is vanweë 'n paar redes 'n baie interessante werk. Eerstens is dit 'n baie persoonlike teks vol gedagtes, waarnemings en beskrywings. Die feit dat die teks in dagboekvorm geskryf is, bied op sigself uitdagings aan die vertaler om die intieme stem van die dagboekskrywer in 'n vertaling weer te gee. Tweedens is hierdie dokument 'n kultureel en ideologiese verwickelde teks. Anne en haar gesin was Duitse Jode wat na Nederland verhuis het as gevolg van die dreigende omstandighede teen Jode in Duitsland net voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Anne en haar suster, Margot, het heeltemal vernederlands en hulself as Nederlanders beskou. Die leser neem byvoorbeeld die duidelike / sterk ideologiese strekking in die dagboek waar deur Anne se beskrywing van hoe Duits so ver moontlik vermy behoort te word (vergelyk byvoorbeeld bladsy 96 van die vertaling: "Alle kultuurtaal word toegelaat, dus geen Duits nie [...] Daar mag geen Duitse boeke gelees word nie; uitgesonderd wetenskaplike en klassieke werke").

Volgens Cynthia Ozick (1997, in Spies 2008a:8) moet die bronteks nie as die lewensverhaal van Anne Frank en gevolglik dus ook nie werklik as 'n outobiografie beskou word nie, aangesien 'n slot ontbreek. Spies beskryf dit as die "ewige onvoltooidheid van haar werk" (Hugo 2008a). Dit is eerder die gedagtes van 'n jong tienermeisie en haar waarnemings en gevoelens terwyl sy, haar gesin, die Van Peltse (Van Daans in die dagboek) en later ook Fritz Pfeffer (Dussel in die dagboek) in die Agterhuis onderduik, of wegkruip, vir die *Grüne Polizei*¹, terwyl die Nederlanders Jan en Miep Gies, Victor Kugler, Johannes Kleiman en Bep Voskuil

¹ "Groen polisie" – die Duitse polisie wat tydens die Tweede Wêreldoorlog groen uniforms gedra het.

aan hulle kos en lewensmiddele verskaf. Anne se dagboek kan as 'n belangrike oorlogsdokument beskou word, aangesien dit nie net diegene wat onder die oorlog gely het, met ander woorde veral die Jode, se perspektief weergee nie, maar ook as 'n bewys van die Holocaust dien. Danksy Miep Gies, wat hierdie dagboek gevind en bewaar het nadat die onderduikers in die Agterhuis ontdek is en Otto Frank, wat sy dogter se dagboek na die oorlog laat publiseer het, is die teks vandag wêreldwyd bekend en beskikbaar.

2.3 Die Holocaust

Adolf Hitler (1889 – 1945), leier van die Nasionaal Sosialistiese Party (die Nazi's) en leier (beide as kanselier en *Führer*) van die Duitse staat van 1934 tot 1945, publiseer in 1924 *Mein Kampf*, 'n dokument, waarin veral sy ideologie oor anti-Semitisme vergestaltung vind. Hierin word Jode uiters negatief beskryf as onder andere "uitbuiters", "kapitaliste", "rewolusie-kriminele" en as "vreemdelinge" of "uitlanders" en redeneer hy dat alle Jode Duitsland se vyande is. Om hierdie probleem op te los, stel hy die verwydering of eliminering van die Jode uit die gemeenskap voor, wat hy as "Die Finale Oplossing" beskryf. As diktator van 'n totalitêre en fascistiese Duitsland, begin hy anti-Semitiese propaganda in Duitsland versprei en beleide instel wat teen die Jode gemik is. Alle Jode is byvoorbeeld verplig om 'n identiteitskaart te dra wat met 'n groot "J" (vir, in Duits: *Jude*) gemerk is (Altshuler 1978:80-85,99).

Die anti-Semitisme raak egter vinnig meer aggressief en duisende Jode word afgedank en Joodse gemeenskappe word deur die Nazi's geterroriseer. Teen 1933 vlug meer as 37 000 Jode uit Duitsland (Altshuler 1978:99). Onder die vlugtelinge na Nederland is Otto Frank en sy gesin, waarvan Anne die jongste dogter is. Diskriminasie vind verder plaas deurdat Jode in spesiaal aangewyste areas, die sogenaamde ghetto's, moet gaan woon. Tussen Januarie 1933 en November 1938 verlaat bykans 150 000 Jode (30% van die oorspronklike Joodse bevolking in Duitsland) die land en na *Kristallnacht* (8–13 November 1938, waartydens die Nazi's wonings van Joodse burgers in Parys verniel, Jode vermoor en na konsentrasiekampe neem) verlaat byna nog 150 000 Jode Duitsland (Altshuler 1978:108-109).

Hierdie uitdryf van die Jode uit Duitsland is nie vir Hitler en die Nazi's genoeg nie en hulle begin hulle anti-Semitiese beleid na ander dele van Europa uitbrei, soos byvoorbeeld gesien kan word by *Kristallnacht*. Daar word in Pole met ghetto's

geëksperimenteer en teen November 1940 is byna 'n halfmiljoen Jode opgesluit in ghetto's in Warskou, met wagte wat die hekke bewaak (Altshuler 1978:115). Die Holocaust is nou in volle gang en die doodmaak van Jode en geweld teen die Jode het 'n alledaagse gebeurtenis geword. Die SS (*Schutzstaffel* – Hitler se lyfwag) stig bykans 125 arbeidskampe waarin Jode gedwing word om te werk. Hierdie Jode word op 'n daaglikse basis doodgeskiet of doodgeslaan en baie kom van honger en uitputting om (Altshuler 1978:114-115).

Die Jode probeer wel hierdie wrede dade teenstaan, deur byvoorbeeld weerstandsbewegings te stig en te weier om met die Nazi's en die SS saam te werk. Om te oorleef, word daar selfs probeer om Nazi's om te koop. Laasgenoemde slaag nie en diegene wat weier om onderdanig te wees, word onmiddellik doodgeskiet (Altshuler 1978:176). Die vervolging van Jode ontaard in volskaalse massamoord, 'n volksmoord, 'n Jodeslagting as't ware, deurdat Jode na doodskampe (soos Auschwitz 1 en 2 en Bergen-Belsen – waar Anne Frank sterf) weggevoer word en óf uitgewis word tydens massateregstellings met vuurwapens of in gaskamers, óf aan hongersnood en siekte sterf (Altshuler 1978:176). Binne die vyf jaar vanaf 1941, wat as die amptelike begin van die Holocaust beskou kan word, word ses miljoen Jode in Europa deur Adolf Hitler en sy Duitse staat vermoor. 'n Massamoord wat bydra tot die uitwissing van twee-derdes van al die Jode in Europa (Altshuler 1978:inleiding). Miljoene onskuldige mense – mans, vroue, kinders en bejaardes – wat onnodig moes sterf op grond van hulle herkoms en geloof.

Dokumente wat oor die Holocaust handel, of teen die agtergrond van die Holocaust geskryf is, is van die uiterste belang om die wêreld aan hierdie onmenslike volksmoord te herinner, sodat so 'n verskrikking nooit weer sal plaasvind nie. Deur hierdie tekste te vertaal, word sodanige tekste en die inligting daarin vir mense in hulle eie taal toeganklik, wat waarskynlik andersins nie die geval sou wees nie. 'n Groter lesergemeenskap kan dus deur hierdie vertalings bereik word. In *Imagining the Holocaust* skryf Daniel R. Schwarz (1999:3):

[...] when we write – and read – about the Holocaust, we do so to arouse ourselves, to awaken our conscience, to keep our obligations to those who were lost, those who survived, and those of future generations. If we are Jews, we write about the Holocaust for our community, our people, and ourselves, but finally the concepts of "our people" and "our community" include not only Jews but all humankind. We are indeed playing the role of night watchmen

reminding ourselves – and those to whom we feel an intellectual responsibility – to keep alert and attend to the necessary task of keeping the lessons of the Holocaust alive.

Slegs fragmente van dagboeke, briewe en neergekrapte boodskappe het die Holocaust oorleef, waarvan Anne Frank se dagboek sekerlik die bekendste en mees wydsegelese outobiografiese/persoonlike Holocaust-geskrif is (Schwartz 1999:101,102). Anne Frank raak deur haar dagboek die gesig van die 6 miljoen Jode wat tydens die Holocaust moes sterf.

2.4 Die genre van die dagboek

Die dagboek van Anne Frank is tydens die Holocaust geskryf en dus is die agtergrond daarvan die Tweede Wêreldoorlog en die wrede uitwissing van die Jode in Europa. Soos reeds genoem, dien dit as 'n belangrike bewys van die Holocaust en dra dit, in die vorm van die oorspronklike Nederlandse uitgawe, sowel as die verskillende vertalings en weergawes daarvan, dra by tot die wêreldwye bewusmaking van die verskrikking van die Holocaust. Hierdie dagboek is egter nie net suiwer 'n oorlogsdokument nie (party kritici meen dit kan glad nie as een beskou word nie), maar staan met om die waarheid te sê met vier bene in vier verskillende genres². Dit is mees vernameelik 'n egodokument (aangesien dit 'n dagboek is), en kan ook as 'n letterkundige werk, sowel as 'n voorbeeld van geskiedskrywing, en as 'n oorlogsdokument gekategoriseer word. Die genre van die dagboek is egter belangrik om te bepaal, aangesien dit beïnvloed hoe hierdie teks vertaal (behoort te) word.

2.4.1 Die egodokument

In die vroeë vyftigerjare dink die historikus, Jacques Presser³, die term, “egodocument” uit. Hy het stel voor dat hierdie term as oorkoepelende en generiese benaming vir dagboeke, memoires, persoonlike briewe en ander vorme van outobiografiese geskifte gesamentlik gebruik kan word. Kortom, 'n egodokument is

² Let wel: die doel van hierdie studie is nie om na die vertaling van die dagboek van Anne Frank in die konteks van 'n spesifieke genre te kyk nie, maar om die algehele besluitnemingsproses en vertaalstrategieë wat aangewend is, oor die algemeen, te bestudeer. Die genre van die teks speel indirek uiteraard ook 'n rol by hierdie proses en strategieë en sal waar nodig na terugverwys, of geïnkorporeer word.

³ Die Nederlandse historikus Jacques Presser was professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Amsterdam. Hy was self 'n Jood wat tydens die Tweede Wêreldoorlog weggekruipt het en nie gevang is nie (Aucamp 2009).

'n teks waarin die outeur oor sy/haar eie handeling, denke en gevoelens skryf (Dekker 2002:7).

Spies (2007:11) beskryf die genre van die dagboek van Anne Frank gevolglik as 'n "egodokument", met ander woorde 'n geskrif wat van persoonlike aard is. Sy sê dat in hierdie tipe teks die diepste gevoelens van die mens na vore kom: sy/haar drome, gedagtes, emosies en vrese. Met ander woorde meestal dié dinge wat niemand kan sien nie en net jy self kan voel. Die dagboek van Anne Frank is dan ook by uitstek, ten spyte van Ozick se mening, 'n *outobiografiese* werk.

Anne bied hierdie egodokument, hierdie dagboek, in briefvorm aan. Sy skryf aan 'n fiktiewe persoon "Kittie" (in Nederlands Kitty), wat haar vertroueling word. Anne kies waarskynlik dié naam, aangesien sy haar geliefde kat moes agterlaat toe hulle in die Agterhuis moes gaan bly. Die briewe neem die trant van 'n gesprek aan wat met 'n intieme vriendin gevoer word. Hieruit blyk dit dat die dagboek geen teikenleser het nie en dat dit wat daarin geskryf word, slegs vir haar en Kittie se oë bedoel is. Hierdie dagboek word dus aanvanklik met geen teikenleser in gedagte geskryf nie – anders as by die meeste ander tipes tekste of genres. Die teikenleser sal gevolglik ook nie so 'n groot rol speel by die vertaling van die dagboek soos by sommige ander genres speel nie.

Aanvanklik sou niemand ook hierdie dagboek moes lees nie. Anne skryf op 20 Junie 1942: "[...] en aangesien ek nie van plan is om hierdie [...] dagboek [...] ooit aan iemand te wys nie, [...]" en op 7 November 1942 vra sy: "Wie behalwe ekself sal later hierdie briewe lees?" Anne se aanvanklike voorneme met en doel van haar dagboek, om bloot as persoonlike dokumentasie van gedagtes en gevoelens te dien, het egter later verander. Op 29 Maart 1944 begin sy oorweeg om die dagboek later in 'n roman te verwerk: "Dink net hoe interessant sal dit wees as ek 'n roman oor die Agterhuis sou uitgee." (bl. 258) En op 11 Mei 1944 skryf sy weer: "Na die oorlog wil ek in elk geval 'n boek getiteld *Het Achterhuis*, uitgee, of ek dit sal regkry, is die vraag, maar my dagboek sal daarvoor kan dien." (bl. 303) Hierdie besluite kom nadat sy in 1944 oor die radio hoor hoe Gerrit Bolkenstein, 'n lid van die Nederlandse regering, uit Londen sê dat dokumente soos dagboeke baie waardevol na die oorlog sal wees en dat hy dan graag die getuïenisse van die Nederlanders se swaarkry onder die Duitsers sal wil bekom (AFF 2009) Tydens die onderduiking in die Agterhuis skryf sy ook klein kortverhaaltjies soos *Eva's droom* en *Cady's leven* wat outobiografiese insette het (Frank 2008:263).

2.4.2 Die literêre werk

Die dagboek van Anne Frank kan ook inderdaad as 'n literêre werk in eie reg beskou word, aangesien Anne met die dagboek as 'n werk wat sy later sou wou publiseer, te werk gegaan het. Sy het begin om haar dagboek self te redigeer, gedeeltes oor te skryf, dele uit te laat wat sy as oninteressant beskou het, asook dele by te voeg wat sy gedink het mense graag sal wil lees.

Anne kon vanweë haar voortydige dood nooit haar droom verwesenlik om die dagboek in romanvorm, waarvan sy die titel *Het Achterhuis* wou maak, te omskep nie, maar tog is die dagboek self van literêre waarde, veral aangesien verhaaltjies en gediggies daarin voorkom en dialoog dikwels weergegee word. Annie Romein-Verschoor (1947:viii) voer ook aan dat die dagboek getuig van die kwaliteit van 'n goeie skrywer. Volgens Romein-Verschoor kon Anne in haar skryfwerk onbevange bly en nie blind raak vir hoe dinge werklik is nie – en dit getuig van ware skryftalent. Cynthia Ozick (in Aucamp 2009) sê dat Frank 'n gebore skrywer was: "At thirteen, she felt her power; at fifteen, she was in command of it."

Laureen Nussbaum (in Spies 2007:13) bepleit die b-weergawe van die dagboek as 'n stuk selfstandige Nederlandse literatuur. Spies (2007:15) voeg daarby dat deurdat Anne die dagboek herskryf het (die b-weergawe is die herskrywing van die teks deur die outeur self) dit 'n oefening in styl vir Anne word. Hierdie oefening in styl en die feit dat die outeur haar eie werk geredigeer het, getuig ook daarvan dat 'n ontluikende jong skrywer hier aan die werk was.

Anne Frank kan dus as 'n skrywer in eie reg beskou word en haar dagboek as 'n literêre werk. Die feit dat die dagboek al in soveel tale vertaal is en in soveel verskillende genres verwerk is, getuig ook van die literêre waarde daarvan.

2.4.3 Die oorlogsdokument / geskiedskrywing

Die dagboek van Anne Frank dien, soos reeds genoem, as 'n belangrike bewys van die Holocaust, aangesien dit teen die agtergrond van die Joodse volksmoord afspeel.

In die dagboek is daar baie verwysings na algemene historiese feite, of feite oor die oorlog self, soos die inskrywing op Vrydag, 10 September 1943 (bl. 157⁴):

Die Engelse het in Napels geland. Noord-Italië is deur die Duitsers beset. Op Vrydag 3 September is die wapenstilstand al geteken, juis die dag toe die Engelse landing in Italië plaasgevind het. Die Duitsers vloek en tier in alle koerante op Badoglio en die Italiaanse keiser.

Maar, dan tog weer, soos Otto Frank (in Lee 2002:239) sê:

Ik hab altijd gezegd dat Annes boek geen oorlogsboek is. De oorlog is de achtergrond. Het is ook geen joods boek, al zijn de sfeer, het sentiment en de omgewing op de achtergrond joods.

Anne beaam dit ook in haar dagboek op Vrydag, 10 Maart 1944 (bl. 229):

Ek het die laaste tyd glad nie meer lus om die gebeurtenisse hier op te skryf nie. My eie belange lê veel nader aan die hart.

Het Achterhuis is een van die dagboeke wat as getuienis van die Nederlands-Joodse Holocaust dien, saam met byvoorbeeld dagboeke deur Etty Hillesum en Abel J Hertberg (Aucamp 2009).

Die dagboek is dus hoofsaaklik 'n egodokument, alhoewel dit wêreldwyd tog aan die oorlog en die Holocaust gekoppel word, aangesien dit 'n hooftema in die dagboek is. Deur die dagboek te midde van die Tweede Wêreldoorlog te skryf, dien Anne Frank as 'n ooggetuie van die oorlog en die Holocaust. Wat egodokumente gevaarlike bronne vir geskiedskrywing maak, is dat feite meestal deur gevoelens en 'n subjektiewe blik oorskadu word (Baggerman & Dekker 2004:3) en tweedens, dat die persone wat getuienisse na die tyd skryf, se geheue hulle dikwels in die steek laat (Langer 1991:2,3). Wat egter uniek is aan dagboeke, soos dié van Anne Frank, is dat geheue nie 'n rol speel nie, aangesien die teks geskryf is ten tyde van die gebeure. Die outeur maak nie staat op sy/haar geheue om die gebeure oor te dra nie, aangesien verslaggewing onmiddellik plaasvind. Omdat 'n dagboek juis nie veronderstel is om deur iemand anders as die skrywer self gelees te word nie, skryf

⁴ Bladsyverwysings na die doeltteks (Afrikaans) verwys telkens na Frank 2008a: *Die Agterhuis* en bladsyverwysings na die bronteks (Nederlands) verwys telkens na Frank 2008b: *Het Achterhuis*.

die dagboekhouer ook nie ideologies of godsdienstig manipulerend nie en kom 'n baie eerlike, feitlik onaangetaste teks tot stand.

Wat dan belangrik by die vertaling van hierdie tipe tekste is, is om dit nie ideologies te manipuleer nie en dus lojaal aan die bronteks te bly. Die vertaling moet die eerlikheid behou waarmee die feite, opinies en gedagtes in die dagboek weergegee word, sodat die outentiekheid van die teks juis as bewys van sy geskiedkundige korrektheid kan dien.

2.5 Weergawes in Nederlands

Aangesien Anne beseft het dat sy later die dagboek, in watter vorm ook al, sou wou publiseer, skryf sy dele van die dagboek oor en beoefen daardeur self 'n vorm van intratallige vertaling deur middel van herskrywing. Die eerste weergawe van haar dagboek, is die sogenaamde "a-versie", wat die oorspronklike inskrywings bevat in die dagboek wat sy vir haar dertiende verjaarsdag op 12 Junie 1942 ontvang het. Die tweede weergawe, of "b-versie", is Anne se herskrywings van die dagboekinskrywings tot en met 29 Maart 1944, waarin sy sekere dele van die teks uitlaat en van die name verander. Anne se pa, Otto Frank, tik later die twee weergawes oor as één dokument. Die oorgeskryfde b-weergawe tot by 29 Maart 1944 en die onveranderde a-weergawe word saamgevoeg, geredigeer (soms ten goede en soms ten slegte), sekere dele word weggelaat en van die inskrywings word rondgeskuif en in 1947 word dit gepubliseer, wat as die "c-versie" bekend staan (Barnouw 1998:13,16).

Al drie hierdie weergawes is in die kritiese edisie van Anne se dagboek, *Die Dagboeken van Anne Frank* (Rijksinstituut voor Oorlogsdokumentasie 1986:196-714), beskikbaar en is ook deur Spies vir die vertaling in Afrikaans bestudeer.

Vanweë die verskillende weergawes is dit egter moeilik om een teks in sy geheel as die bronteks van die vertaling te beskou en Spies dui telkens in voetnote aan wanneer sy byvoorbeeld die chronologie van 'n spesifieke weergawe volg. Die bronteks vir die Afrikaanse vertaling is hoofsaaklik die Frank-Pressler-weergawe (Frank 2008b), saamgestel deur Mirjam Pressler en uitgegee deur Bert Bakker. Daar word gestipuleer dat hierdie weergawe as die enigste bronteks vir die vertaling van die dagboek mag dien.

2.6 Kultuur- en ideologiese dokument

Om "kultuur" te definieer, is moeilik, aangesien elke mens kultuur anders beskryf en ervaar. Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Odendal & Gouws 2005:636) beskryf kultuur as:

"Die ganse geestelike besitting van 'n volk of ander groep(ering) op elke terrein; geesteslewe, beskawingstoestand."

'n Mens kan hieruit aflei dat kultuur 'n groepsgebonde verskynsel is en dus ook van groep tot groep kan verskil.

Vermeer (1987:28 in Nord 1997b:33) definieer kultuur as:

[...] the entire setting of norms and conventions an individual as a member of his society must know in order to be 'like everybody' – or to be able to be different from everybody.

Dit blyk hieruit dat kultuur ook 'n stel reëls, konvensies, of norme daarstel, waaraan voldoen moet word, of wat gevolg moet word, vir iemand om deel van daardie kultuurgroep te kan wees. Kultuur behels dus ook 'n sekere gemeenskaplike identiteit onder sy "lede".

Ideologie is onder andere die siening van hoe die wêreld behoort te wees (Lefevere 1985:217). Dit behels byvoorbeeld die idee van ras, gender of godsdiens. Hierdie aspekte moet deeglik oorweeg word by die vertaling van enige, en veral 'n ideologies-gelaaide teks.

Soos reeds genoem, is die dagboek van Anne Frank 'n hoogs kultureel en ideologies verwikkelde teks. Die dagboek is geplaas in die raamwerk van 'n kulturele en politieke agtergrond, waar daar wraaksugtig teen mense gediskrimineer is op grond van hulle ras, kultuur, en geloof. Die ironie is egter dat die Franks, wat ook vervolgd is op grond van hierdie aspekte nie besonder gelowig was nie, en ook nie werklik 'n Joodse lewenstyl gehandhaaf het nie. Hulle het byvoorbeeld, soos Anne in die dagboek vermeld, selde sinagoge toe gegaan en het Kersfees ('n Christenfees) gevier – Anne noem selfs dat sy Kersfees meer geniet as Hannukah (die Joodse fees van ligte).

In die dagboek kom daar dikwels kultuurverwysings voor – hetsy na die Nederlandse kultuur, die Europese kultuur van daardie era, of die Joodse kultuur. Ideologiese verwysings na die Nazi-regime, die oorlog en die Holocaust speel ook 'n groot rol in die bronteks. Hierdie verwysings maak dit inderdaad 'n uitdaging om hierdie teks te vertaal. Wat die kultuuraspekte betref, is die vraag deurentyd of die vertaler die teks nader aan die leser moet bring om die teks meer toeganklik vir die doeltteksleser te maak, deur kultuurverwysings wat vreemd is te vervang met kultuurverwysings wat die leser sal verstaan (domestikering), of om kultuurverswyings wat vreemd is te behou (vervreemding). Op ideologiese vlak is die kwessie weer of alle ideologiese verwysings behou, of geneutraliseer moet word.

Dit is egter onmoontlik om hierdie spesifieke teks kultureel en ideologies te neutraliseer, aangesien kulturele en ideologiese verwysings so belangrik vir die boodskap van hierdie dagboek is, en kultuur en ideologie 'n integrale deel van die dagboek vorm. Anne wroeg byvoorbeeld dikwels in haar dagboek oor haar identiteit en waarom die Jode die nasie is wat uitgesonder word en vervolg word. Sien byvoorbeeld die inskrywing op 11 April 1944:

Hierdie vreeslike oorlog sal eendag tog verby wees en ons sal nie net Jode nie, maar weer mense wees! [...] Ons kan nooit net Nederlanders of net Engelse of wat ook al wees nie; daarnaas sal ons nog altyd Jode bly; ons sal Jode moet bly, maar ons wil dit ook bly. [...] Ek wou my graag opoffer vir die vaderland, maar nou, noudat ek weer gered is, sal my eerste wens na die oorlog wees: maak my 'n Nederlander! Ek is lief vir die Nederlanders, ek is lief vir die land, ek is lief vir die taal en wil hier werk. [...] (bl. 273,274)

2.7 Die dagboek se plek in die polisistiem

Even-Zohar het die polisisteembenadering (verwys na afdeling 3.7.1) in die sewentigerjare op veral letterkunde-vertaling begin toepas (Shuttleworth 1998:176). Die term "polisistiem" verwys na die hele netwerk van korrelerende sisteme – literêr sowel as nieliterêr binne 'n gemeenskap. Daarmee word probeer om die funksie van alle tipes skryfwerk binne 'n gegewe kultuur te verduidelik (Even-Zohar 1990b:45).

Even-Zohar (1990b:45-46) argumenteer dat vertaalde letterkunde sowel in die middel, as op die periferie van 'n polisistiem kan voorkom. 'n Doeltteks sal sentraal in

die polisistees staan indien dit 'n prominente posisie in hierdie sisteem inneem en aktief daaraan deelneem om die literêre tradisie van hierdie spesifieke sisteem te vorm. Vertaalde tekste kan gevolglik dieselfde (en soms meer) gewig as die brontekste dra (Even-Zohar 1990b:46). Voorbeelde hiervan is vertaalde Bybeltekste en sprokies wat meestal gekanoniseer raak binne 'n doelsisteem.

Hoe meer 'n werk vertaal word, hoe meer status word daar ook aan sodanige brontekste in sy eie literêre sisteem gegee. Aangesien die dagboek van Anne Frank in meer as 60 tale wêreldwyd vertaal is (Brand 2008b:12), neem die oorspronklike Nederlandse werk in die Nederlandse literêre (poli)sisteem 'n toenemend prominente posisie in. Dikwels is die vertalings daarvan (veral in Engels) ook binne hulle onderskeie literêre sisteem/polisistees gekanoniseer.

Wat ook bydra tot die sterk posisie wat die dagboek in die literêre sisteem bekleed, is die boeke wat rondom die dagboek geskryf en gepubliseer is, sowel as die industrie wat rondom die figuur van Anne Frank ontwikkel het, soos daar in hoofstuk 1 vermeld word.

Die Frank-gesin het volgens Hennie Aucamp (2009) reeds in 1960 hulle toetrede tot die Afrikaanse literêre sisteem gedoen in die gedig "Aan mnr. Otto Frank van Het Agterhuis" deur Barend Toerien in sy bundel *Gedigte*.

2.8 Die vertaling van die dagboek

Het Achterhuis is ook meer as net gekanoniseer – daar het wêreldwyd 'n hele kultus rondom Anne en haar dagboek ontwikkel, wat as die sogenaamde "Anne Frank-industrie" bekend staan. Sy het as't ware 'n handelsnaam geword. Dit behels die kommersialisering van Anne Frank en veral dan die veramerikanisering van haar en haar werk (Barnouw 1998:85). Deur die verskillende Amerikaanse weergawes van Anne se dagboek, van die herskrywings (o.a. *The Diary of Anne Frank*) die Broadway-toneelstuk, tot die dokumentêre film *Anne Frank Remembered* onder regie van Jon Blair, is Anne Frank, asook haar dagboek, verpopulariseer in die Verenigde State van Amerika (Barnouw 1998:93). En aangesien Amerika 'n groot invloed op die res van die wêreld het, veral ook deur sy filmindustrie, het die beeld van Anne Frank verwronge geraak en word sy deur die wêreld as 'n oppervlakkige tienermeisie beskou. Die beeld wat Anne volgens haarself aan die wêreld, dit wil sê haar mede-onderduikers, voorgehou het, word meestal vertoon, in plaas van die ware binneste

gevoelens wat niemand kon sien nie, maar wat wel in die genre van 'n dagboek na vore kom en dus ook in die vertaling daarvan na vore behoort te kom.

'n Wanbeeld is ook van die Holocaust geskep deur die erg aangepaste Amerikaanse weergawes van Anne se dagboek, *The Diary of Anne Frank*, wat in 1952 die mees wydsegelese boek⁵ oor die Holocaust was. Dit is aangesien daar in die verwerkings van die dagboek sekere ideologiese aspekte uitgelaat is, of die beeld van die Holocaust daarin versag is. In Duitse vertalings van die dagboek word daar ook dikwels ideologiese geneutraliseer, of gemanipuleer, deur byvoorbeeld verwysings na die oorlog, of na Joodsheid of Christelikheid, uit te laat.

Woensdag, 24 Junie 1942

DT: Ek wens ek hoef nie skool toe te gaan nie, my fiets is in die Paasvakansie gesteel en Moeder s'n het Vader by Christenmense in bewaring gegee. (bl. 45)

In die Duitse vertaling word daar slegs na "mense" en nie na spesifiek "Christenmense" verwys nie.

2.8.1 Die motivering vir die Afrikaanse vertaling

Op die veramerikanisering en popularisering van Anne Frank reageer Lina Spies soos volg:

[...] die Anne Frank-kultus wat ontstaan het deur veral die toneelstuk en die film waardeur sy [Anne] die mees geïdealiseerde en gefalsifiseerde ikoon geword het uit 'n periode van verskrikking wat behoort tot die ergste in die geskiedenis van die wêreld. (Spies, 2007:10).

Spies sê ook tydens haar praatjie by die Protea Boekhandelaar te Stellenbosch op 26 Junie 2008 dat daar aan die wêreld 'n positiewe, opgewekte Anne voorgehou word, wat sy inderdaad nie altyd was nie. Anne word wêreldwyd opgehemel tot 'n toonbeeld van 'n positiewe ingesteldheid te midde van haglike omstandighede. Tog was Anne glad nie altyd hierdie opgewekte kind wat aan die wêreld voorgehou word nie, maar ook 'n peinsende, nadenkende, dikwels baie depressiewe (sy het

⁵ Die verwerkings word byvoorbeeld in skole (in Amerika, asook in Suid-Afrika) voorgeskryf (Flanzbaum 1999:1).

byvoorbeeld medikasie vir depressie geneem) en eintlik maar doodgewone, normale meisie, wat soms baie opsetlik en selfsugtig kon wees. Die tragiese van haar verhaal is dan ook nie dat so 'n "positiewe persoon" moes sterf nie, maar dat Anne moes sterf oor die onsinnige rede dat sy Joods was. Spies (2008c) sê ook dat dit tragies is dat so 'n talentvolle jong skrywer vir die literêre wêreld verlore geraak het.

In 'n poging om die outentiekheid van die oorspronklike teks (die bronteks) te behou, sê Spies (2008a:14) dat sy probeer om in die Afrikaanse vertaling so na moontlik aan die Nederlandse teks te bly, sonder om die eiendomlikheid van Afrikaans geweld aan te doen.

Dit is ironies dat hierdie verhaal oor onderdrukking nou ook in Afrikaans beskikbaar is, wat as gevolg van die apartheidsgeskiedenis in Suid-Afrika as die "taal van die onderdrukker" beskou word. Spies sê sy hoop dat hierdie Afrikaanse vertaling van Anne Frank se dagboek sal help dat Afrikaans nie in so 'n negatiewe lig beskou sal word nie (in Schneider 2008:3). Spies (in Brand 2008b:12) noem ook dat die vertaling van hierdie gekanoniseerde werk 'n soort status aan Afrikaans sal kan gee. Annie Brisset (1990:369) beaam hierdie stelling deur te sê dat indien 'n "klassieke werk" in 'n sekere taal, veral in 'n minderheidstaal vertaal word, dit 'n status aan daardie taal (byvoorbeeld Afrikaans) verleen deur die taal te legitimeer.

2.8.2 Die vertaling uit Nederlands in Afrikaans

Die vraag word dikwels gevra waarom Nederlands juis in Afrikaans vertaal word, aangesien die twee tale tog so na aan mekaar is en die Afrikaanse leser immers die Nederlands behoort te kan verstaan. Spies antwoord hierop dat dit eerstens om die eenvoudige rede is dat hierdie werk, soos baie ander Nederlandse werke, nie in Suid-Afrika beskikbaar is nie en spesiaal uit Nederland bestel moet word (Brand 2008a).

Daniel Hugo (2008b) sê ook dat as (die gewone) Afrikaanse leser toegang wil verkry tot die Nederlandse literatuur, dit noodsaaklikerwys deur middel van vertalings moet geskied, aangesien die twee tale immers nié, soos daar dikwels geglo word, altyd/so maklik wedersyds verstaanbaar is nie. Wat die verskille tussen Afrikaans en Nederlands betref, is daar byvoorbeeld talle Nederlandse idioome en uitdrukkings wat nie in Afrikaans voorkom nie en Nederlands het 'n groter aktiewe woordeskat as Afrikaans. Identiese woorde en uitdrukkings het ook dikwels verskillende, of selfs

teenoorgestelde betekenis in die twee tale. Aangesien die twee tale wel tog dikwels ooreenstem, maak dit dit vir 'n vertaler makliker om getrou aan die bronteks te bly, soos Spies se keuse vir hierdie vertaling is. Daar is egter belangrike verskille (soos Hugo ook noem) ten opsigte van klank, morfologie, sintaksis, woordeskat en woordbetekenis (byvoorbeeld vals vriende) waarna opgelet moet word wanneer daar uit Nederlands in Afrikaans vertaal word (Pheiffer 1984:28,29). Dit is nie altyd moontlik om uit die vuis 'n Afrikaanse ekwivalent te kry vir 'n Nederlandse woord of uitdrukking nie en daar gaan baie besluitneming gepaard met 'n vertaling soos hierdie.

As deel van die Suid-Afrikaanse "Literatuur van die Lae Lande"-reeks is *Het Achterhuis* in Nederlands uitgegee met Afrikaanse aantekeninge en woordverklarings deur W.F. Jonckheere (Frank 1982). Hierdie uitgawe het egter nie baie goed verkoop nie, aangesien dit vir meeste Afrikaanssprekendes steeds nie toeganklik genoeg was nie en dit die leeservaring onderbreek om telkens na agter te moet blaai vir die woordverklarings (Spies 2009a). 'n Afrikaanse vertaling van die dagboek was dus nodig om die Afrikaanse leserspubliek te prikkel en te betrek.

2.8.3 Die magte wat vertaling beïnvloed

Lefevere (1982:233-248) redeneer dat literêre sisteme (vergelyk Evan-Zohar se polisisteme-teorie; afdeling 3.7.1) nie in 'n vakuum voorkom nie en dat daar verskeie aspekte is wat 'n invloed op vertaling uitoefen. Hy sê 'n mens kan nie slegs na die teks kyk nie, maar moet ook die instellings en besluite wat die produksie daarvan beïnvloed het, in ag neem, byvoorbeeld kulturele data, ideologie, of ander agendas. Op sy beurt kan die vertaling self dan ook die mense wat dit lees, beïnvloed.

Lefevere (1982:237) sê dat vertaling 'n oorbrugging tussen twee tale of kulture behels. Om te kompenseer vir die gaping tussen die twee doeltale, of doelkulture, (in die geval van die dagboek van Anne Frank – Nederlands en Afrikaans) moet daar sekere kompromieë getref word om die gaping tussen die twee sisteme te oorbrug. Daar is dus invloede en beperkinge (*constraints*) op die herskryf van tekste.

Daar is twee maniere waarop vertalings beïnvloed word. Eerstens beïnvloed, of beperk, sekere faktore hóé die teks vertaal word – met ander woorde die herskep van 'n doelteks uit 'n bronteks. Tweedens sal sekere aspekte bepaal wáttter tekste vertaal word – sekere tekste sal binne 'n bepaalde sisteem vertaal word en ander nie.

Die grootste invloede op vertaling is die patronaat, poëtika, die diskoersheelal, die brontaal, die bronteks en persone wat by die vertaalproses betrokke is (Lefevere 1985:232-233).

Die patronaat (*patronage*) is instellings wat die vertaling van tekste beïnvloed. Hieronder ressorteer die ideologie, politiek, sosiale kwessies, ekonomie en status van die outeur, bronteks en vertaler (sien afdeling 2.9) (Lefevere 1985:227).

Daar is reeds daarna verwys dat daar dikwels ideologiese verwysings in die bronteks voorkom. Ideologie en mag, wat nou verwant daaraan is, kan 'n invloed op die produksie van 'n vertaling uitoefen deur 'n sekere tipe leser deur en by die vertaling in- of uit te sluit (Hatim & Munday 2004:93). Mag en ideologie kan ook beïnvloed hoe tekste vertaal word, deurdat ideologie van die doeltekstkultuur in 'n teks bygewerk word, of ideologie van die brontekstkultuur in die vertaling uitgelaat word. Die idee van manipulasie deur vertaling is hierdeur duidelik sigbaar. Sekere tekste sal ook as gevolg van ideologiese beperkinge in 'n sekere tydperk, of vanweë 'n sekere doeltekstkultuur, nie vertaal word nie en gevolglik nie in die doeltaalsisteem opgeneem word nie. Dit gebeur veral as die teks wat vertaal word, sterk ideologiese inhoud bevat (Lefevere 1982:236).

Net soos by ideologie, bepaal politieke en/of sosiale omstandighede ook watter tekste vertaal, asook hóé dit vertaal sal word. Tekste word ook byvoorbeeld dikwels vertaal om "politiek korrek" te wees (Lefevere 1982:245). Politieke en sosiale omstandighede sal ook nie net vertalings beïnvloed nie, maar vertalings kan op hulle beurt ook 'n politieke of sosiale impak hê.

Die ekonomie speel veral 'n rol by die seleksie van watter tekste vertaal word. Hoe meer finansiering beskikbaar, hoe meer tekste sal vertaal word en hoe vollediger kan 'n teks vertaal word. Tekste sal byvoorbeeld verkort word indien daar nie genoeg geld is om die vertaling te finansier nie (Lefevere 1982:245). Befondsing speel dus 'n rol by wat vertaal word. By die Afrikaanse vertaling van *Het Achterhuis* het 'n ruim subsidie van die Nederlands Literair Productie- en Vertalingsfonds 'n belangrike rol gespeel om die publikasie van dié vertaling moontlik te maak (Frank 2008a:2).

Status speel ook 'n rol by vertalings met betrekking tot kanonisering. Volgens Lefevere (1982:236) sal gekanoniseerde tekste, of die werk van gekanoniseerde

skrywers, meer waarskynlik vertaal word as dié van onbekendes. Uit respek vir 'n gekanoniseerde of bekende skrywer sal daar ook minder aan sy/ haar teks verander word en die teks sal dus tot 'n mindere mate gemanipuleer word wanneer dit vertaal word. Vanweë die kanonisering van Anne Frank se dagboek in veral die Nederlandse literêre sisteem, maar ook wêreldwyd, is die neiging by die vertaling daarvan tot 'n groot mate deesdae om getrou aan die bronteks te bly.

Nog 'n belangrike invloed op vertalings is die poëtika (*poetics*). Dit behels 'n sekere idee van hoe letterkunde moet lyk (Lefevere 1985:217) en kan amper as 'n ideologie van letterkunde beskou word. Die poëtika sal ook bepaal óf 'n sekere teks vertaal word en hóé daardie teks vertaal sal word om by die poëtika op 'n spesifieke tyd en in 'n spesifieke kultuur in te pas.

Lefevere (1985:232) se diskoershelel behels die kennis, aspekte en gebruike van 'n sekere tydperk. Norme en konvensies speel hier 'n belangrike rol. Op 'n sekere tyd en plek sal 'n bepaalde manier van vertaal byvoorbeeld meer aanvaarbaar wees as 'n ander. 'n Teks word gevolglik vertaal om by die doeltekstaal en die doeltekskultuur aan te pas om vir die doelteksleser aanvaarbaar te wees. He Xianbin (2007:24) noem dat norme in elke fase van vertaling 'n rol speel: vanaf die seleksie van tekste, tot die aanneem van 'n sekere kulturele houding en die gebruik van sekere strategieë. Norme kan byvoorbeeld polities, ideologies, taalkundig, godsdienstig, of eties van aard wees (He Xianbin 2007:25).

Net soos die doelteks, doeltekstaal, doeltekskultuur en doelteksleser 'n invloed op herskrywings en vertalings uitoefen en beperkinge daarop plaas, speel die bronteks, brontekstaal, brontekskultuur en bronteksleser ook 'n belangrike rol. Volgens die funksionalistiese benadering tot vertaling moet daar 'n kompromie getref word om dieselfde boodskap van die bronteks in die doelteks oor te dra, met inagneming van die doeltekstaal en doeltekskultuur se norme en konvensies (Schäffner & Wiesemann 2001:5). In die vertaling van Anne Frank se dagboek in Afrikaans word daar 'n balans tussen hierdie aspekte gehandhaaf deur, soos genoem, getrou aan die bronteks te bly, maar steeds sover moontlik van idiomatiese Afrikaans gebruik te maak.

Die laaste belangrike invloed en beperking op vertaling is die persone wat in die vertaalproses betrokke is. Dit sluit in die uitgewers, skrywers (nie altyd nie, soos in die geval van Anne Frank), die vertaler met sy/haar agenda, asook besluitneming en

voorkeure. Die vertaler het soms die mag om sy/haar eie interpretasie en artistiese heraanbieding van die bronteks te bied. Sy/hy kan ook soms 'n invloed hê op die seleksie van brontekste en die keuse van vertaalstrategieë.

Daar is dus verskeie invloede en beperkinge op vertalings wat bepaal hoe, sowel as watter tekste vertaal word.

2.9 Die vertaler as magsagent

By die Afrikaanse vertaling van *Het Achterhuis* het die vertaler, Lina Spies, 'n belangrike rol as magsagent gespeel om wel hierdie vertaling te laat realiseer. Spies se betrokkenheid by die dagboek begin as vierdejaarstudent aan die Universiteit van Stellenbosch wanneer sy in 1961 na die film *The diary of Anne Frank* gaan kyk. Daarna lees sy die oorspronklike 1947-uitgawe van die dagboek in Nederlands, terwyl sy die verhoor van Adolf Eichmann in Jerusalem in *Die Burger* volg. Dit dien dan as die stimulus vir haar gedig, "Vir Anne Frank van Het Achterhuis" (bylaag C), wat deur haar professor en mentor, D.J. Opperman goedgekeur word (Spies 2007:8) en in 1971 in haar digbundel *Digby Vergenoeg* gepubliseer word (Aucamp 2009). Hierdie gedig verskyn ook voor in haar Afrikaanse vertaling van die dagboek. Om die dagboek in Afrikaans te vertaal, word vir Spies 'n lewensideaal, of lewenstaak, wat uiteindelik vervul word toe Nicol Stassen van Protea-boekhuis haar nader en aanbied om die dagboek uit te gee, nadat hy gehoor het dat sy sodanige vertaling wil aanpak (Spies 2009a). Aucamp (2009) beskryf hierdie vertaling as " 'n formele beklinking van haar dekade lange gemoeidheid met die Holocaust by wyse van artikels en verse". Wat verder volgens Aucamp (2009) as 'n motivering vir die vertaling gedien het, is Spies se belangstelling in egodokumentasie. Sy het haar kennis hieroor wetenskaplik in Nederland gaan verdiep.

Vervolgens sal biografiese besonderhede van die vertaler, haar oeuvre, asook haar sigbaarheid in die vertaling, bespreek word.

2.9.1 Biografiese inligting

Lina (Carellina Pieterella) Spies is gebore op 6 Maart 1939, in Harrismith in die Vrystaat, waar sy haar skoolloopbaan voltooi. Sy studeer aan die Universiteit van Stellenbosch en behaal in 1963 haar Meestersgraad in die Afrikaanse Letterkunde met 'n tesis oor Elisabeth Eybers. Van 1968 – 1970 studeer sy in Nederland aan die

Vrije Universiteit van Amsterdam en behaal haar DrsLitt met 'n tesis oor Nijhoff en sy sonnetsiklus, *Voor dag en dauw*. In Maart 1982 verwerf sy 'n DLitt-graad aan die Universiteit van Pretoria met 'n tesis oor D.J. Opperman. Sy doseer aan die destydse Universiteit van Port Elizabeth, die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Pretoria (Breuer 2001). Sy is tans emeritusprofessor aan die Universiteit van Stellenbosch.

2.9.2 Oeuvre

Spies is 'n akademikus en dosent en is ook nou bekend vir haar vertaling van die dagboek van Anne Frank. Sy is egter vernaamlik digter en soos die opname van haar gedigte in die Groot Verseboek (die afgelope paar jaar saamgestel deur André P. Brink) aandui, 'n gekanoniseerde digter in die Afrikaanse letterkunde (Brink 2008:687-700). Kannemeyer (2005) sluit haar ook in sy *Die Afrikaanse Literatuur 1652 – 2004* in en Britz (1999:588-597) bespreek haar as digter in *Van Coller Perspektief en Profiel* (1999).

Volgens Kannemeyer (1988:418) is Spies se poësie sterk outobiografies en temas soos die ek, familie, vriende en geliefdes kom dikwels in haar poësie voor. Sy skryf dikwels ook oor plekke wat vir haar belangrik is, soos Stellenbosch en Amsterdam, en maak dikwels in haar poësie van Bybelse verwysings gebruik.

As digter debuteer sy in 1971 met *Digby Vergenoeg*, wat volgens Britz (in Van Coller 1999:589) 'n soort matriks vorm waarop die res van haar oeuvre gebou word. Spies stel volgens Britz in hierdie bundel die wesenlike kontoere van haar persoonlikheid as digter bloot. Die gedig, “Vir Anne Frank van Het Achterhuis” verskyn ook dan in hierdie bundel. Haar debuutbundel word dikwels as haar mooiste bundel beskou, en sy ontvang sowel die Eugène Marais-prys as die Ingrid Jonker-prys vir hierdie bundel (Breuer 2001).

Sy publiseer nog nege digbundels, waarvan *Duskant die einders* in 2004 die mees onlangse publikasie is. Sy skryf ook *Majesteit die Kat – Verhale en gedigte oor katte byeengebring deur Lina Spies* in 1998 en stel in 1999 *Sy sien webbe roer, 'n keuse uit die werk van Afrikaanse digteresse*, saam.

'n Mens kan sien dat die vertaling van die dagboek van Anne Frank goed by Spies se oeuvre inpas, aangesien dit 'n outobiografiese werk is en temas insluit soos die ek, familie, liefde en godsdiens – alles aspekte waarvoor Spies ook dig.

Spies (2009a) noem dat Jode haar hele lewe lank haar pad gekruis het en dat die dagboek van Anne Frank 'n groot impak op haar lewe gemaak het. Sy het dus 'n persoonlike betrokkenheid by hierdie werk wat duidelik blyk uit uitgebreide “translation brief” (vertaalspesifikasie) wat sy as 'n inleiding vir haar vertaling van die dagboek aanbied, asook haar eie gedig wat voor in die boek verskyn (sien hoofstuk 4). Verder druk sy ook haar stempel op die werk af in die res van die parateks (sien hoofstuk 4).

Spies se betrokkenheid duur ook voort deur middel van lesings en seminare wat sy oor *Die Agterhuis* aanbied – in Suid-Afrika, sowel as in Nederland (Aucamp 2009).

2.10 Samevatting

Na aanleiding van die aangepaste vertalings en weergawes van Anne Frank se dagboek, wat 'n vals beeld van die outeur geskep het, is die neiging deesdae, soos genoem, om in vertalings getrou aan die bronteks, naamlik die dagboek self, te bly. Dit is eerstens aangesien die dagboek 'n egodokument is en die outeur dus in besonder gerespekteer behoort te word, tweedens aangesien die dagboek 'n vorm van letterkunde is en daar by letterkunde in die algemeen getrou aan die bronteks gebly word en derdens aangesien die dagboek as 'n vorm van geskiedskrywing, of as 'n oorlogsdokument beskou word, wat dit belangrik maak om die gedagtes in die oorspronklike teks so akkuraat moontlik oor te dra. Hierdie neiging word ook in die onlangse BBC-reeks, *The diary of Anne Frank*, weerspieël. Die verwerking is deur Deborah Moggach en Anne word deur Ellie Kendrick gespeel. Die BBC (British Broadcasting Corporation) en Darlow Smithson Productions het saamgespan met die Anne Frank-Fonds, die welwillendheidsorganisasie wat maatskaplike en kulturele projekte ter nagedagtenis aan Anne Frank promoveer, om totale outentiekheid vir die televisiedrama te verseker. (BBC 2009).

In haar inleiding tot *Die Agterhuis* spreek Spies haar benadering tot die vertaling uit en noem, soos reeds vermeld, dat sy probeer om die teks outentiek weer te gee en die stem van die outeur te behou.

Daar sal vervolgens na die verskillende vertaalteorieë gekyk word waarna die doelteks op makro- en mikrovlak geanaliseer sal word om te bepaal watter benaderings en strategieë⁶ tydens die vertaling gevolg is om die vertaling wel outentiek te laat lees en die stem van die outeur so getrou moontlik weer te gee.

⁶ In hierdie tesis word die "benadering" gebruik om na oorkoepelende vertaalstrategieë te verwys, soos byvoorbeeld domestikering en vervreemding, terwyl die term "strategie" gebruik word vir vertaalstrategieë op mikrovlak, soos byvoorbeeld 'n leenvertaling (calque).

Hoofstuk 3

Literatuur: Van die kulturele tot die ideologiese wending

3.1 Inleiding

Vertaling in sy mees primitiewe vorm word al sedert 3 000 v.C. in Antieke Egipte beoefen in die vorm van tolking, 'n voorloper van vertaling (Schäffner 2003:1). Met verloop van tyd het vertaling, sowel as 'n teorie vir vertaling, ontwikkel. Alhoewel vertaling reeds eeue lank beoefen word, is die vakgebied eers onlangs geprofessionaliseer en dit word nou as 'n onafhanklike teoretiese studieveld beskou.

Dit was eers in die agtiende eeu dat die linguistiek, toe bekend as filologie, 'n afsonderlike dissipline geword het. In 1786 is die eerste stap deur sir William Jones geneem om die studie van taal as 'n dissipline in sy eie reg te ontwikkel (Anderman 2007:45). Vertaling het egter eers onlangs 'n studieveld, onafhanklik van die linguistiek geword en daar is eers in die sestigerjare aan vertaalstudie as 'n dissipline in sy eie reg begin dink. In 1972 het James Holmes (1998, in Hermans 1994:10) die verskillende takke van hierdie veld begin verken en die term *Translation Studies* (vertaalwetenskap) vir dié studieveld gepostuleer.

Vandag word daar meer aandag aan die bestudering van vertaling op 'n teoretiese vlak gegee. Dit word ook al meer in die akademiese gemeenskap as 'n afsonderlike en geldige studieveld erken (Hermans 1994:10,11).

Die vertaalteorie kan egter nie slegs as een stel denke beskou word nie, maar dit bestaan uit 'n komplekse samestelling van verskillende benaderings tot die studie van vertaling. Volgens Albrecht Neubert en Gregory Shreve (1992a:13) word

vertaalteorie, oftewel die studie van vertaling, juis gekenmerk deur die alternatiewe perspektiewe tot vertaling. Vandaar die verskillende "modelle" van, of "benaderings" tot, vertaalteorie. Aangesien daar nie slegs op grond van een model 'n basis vir 'n teorie neergelê kan word nie, moet die verskillende teoretici hierdie empiriese konsepte ook kan verduidelik (Neubert & Shreve 1992a:13). Hierdie teoretiese benaderings is dus slegs geldig indien daar bewyse daarvoor, afgesien van dié wat reeds in die praktyk voorkom, gelewer kan word. Daar moet vooruitskattings gemaak kan word en 'n grondige, teoretiese verduideliking vir die toepassing van die afsonderlike benaderings in die praktyk verskaf word.

Alhoewel verskillende benaderings tot die vertaalteorie bestaan, moet daar besef word dat hierdie benaderings dikwels ook oorvleuel. Al het dit hoofsaaklik meestal chronologies ontwikkel, kan van die benaderings nie as verouderd beskou word nie, aangesien almal vandag nog in die praktyk toegepas word.

Translation studies is not a homogenous discipline. Different approaches exist side by side, using specific concepts and methodologies. Each approach contributes valuable insights to the complex phenomenon of translation (Schäffner 2003:10).

Tog kan 'n mens vordering in die ontwikkeling van vertaalteorie opmerk. Met vertaalstudie is daar mettertyd al meer klem geplaas op die kultuur en konteks van die teks, sowel as die ideologie en pragmatiek rondom die teks, in plaas van slegs op die woorde in die teks. Dit kan as die sogenaamde "wendings" in die vertaalteorie beskryf word. Hieronder is die kulturele en die ideologiese wendings die vernaamste.

Wat die studie van vertaling ingewikkeld maak, is juis hierdie gedurige verandering en ontwikkeling – nie slegs in die vertaalteorie nie, maar ook in die vertaalpraktyk. Ontwikkeling op teoretiese vlak is immers 'n weerspieëling van wat in die praktyk gebeur en die praktiese benadering tot vertaling word op sy beurt dikwels geskoei op teoretiese voorskrifte of benaderings wat neergepen is. Die verhouding en wisselwerking tussen die teorie en die praktyk van vertaling is duidelik waarneembaar en daar kan tereg beweer word dat hulle nie onafhanklik van mekaar kan bestaan nie.

Die dagboek van Anne Frank is egter deur 'n digter, en nie 'n teoreties-geskoolde vertaler nie, vertaal. Besluite wat die benadering tot, of strategieë in die vertaling

betref, is dus nie op grond van 'n teoretiese raamwerk geneem nie, maar die vertaler het na goeë dinge vertaal. Die resultaat kan egter wel ten opsigte van bestaande vertaalteorieë ontleed word, en die vertaler het om die waarheid te sê, onbewus van benaderings en strategieë gebruik gemaak, wat wel in die vertaalteorie neergelê word.

Daar sal in hierdie hoofstuk na die vernaamste vertaalteoretiese benaderings gekyk word wat van toepassing is op die Afrikaanse vertaling van *Het Achterhuis* deur Lina Spies.

3.2 Die belangrikheid van vertaling

Binne die wetenskaplike studie van die vertaalteorie ontstaan daar verskeie vraagstukke oor wat vertaling behels, waarna vertaling streef, wat vertaal moet word, ensovoorts. Die nut van vertaling is onbetwisbaar, aangesien tekste in sekere tale deur vertaling toeganklik gemaak kan word vir lesers wat nie die brontekst verstaan nie.

Volgens Qian Yun Yun (2008:2) ontstaan die probleme binne die vertaalstudie reeds by die verskil tussen die begrippe "vertaling", wat meer abstrak is, en "om te vertaal", wat meer konkreet is. Hier kan 'n mens al sien dat vertaling verskillend benader en beskou kan word. Verskillende mense beskou vertaling ook verskillend – as 'n kuns, 'n wetenskap, 'n vaardigheid, en so meer.

Die problematiek rondom interkulturele kommunikasie ontstaan reeds by die Bybelse verhaal van Babel, wat deur Jacques Derrida (1982) gebruik word om die kompleksiteit van die bestaan van verskillende tale wêreldwyd te beskryf. Derrida verduidelik dat tydens die val van die toring van Babel, die mense in verskillende groepe of nasies verdeel is en veelvoudige tale ontstaan het. Hierdie nasies en tale het gevorm sonder dat 'n perfek gebalanseerde simmetrie of ooreenstemming tussen hulle bestaan het. Om dus vertaling as 'n verhouding van ekwivalensie te verstaan, is problematies, aangesien daar nie eksakte ekwivalente tussen die verskillende nasies se waardes, gelowe, sosiale konstruksies, en so meer bestaan nie, asook nie eksakte ekwivalente tussen die woordeskat van die verskillende tale nie (Rodrigues 2000:89).

Aangesien daar nie absolute ooreenstemming op taalkundige of pragmatiese vlak tussen nasies en tale is nie, is vertaling nodig om hierdie verskille te oorbrug sodat (soos reeds genoem) mense wat nie die brontekstaal verstaan nie, wel toegang tot die bronteks kan verkry. Hieruit spruit 'n verdere probleem wat Derrida uit die Babel-verhaal aflei: Vanweë hierdie verskille tussen tale en die pragmatiese aspekte van taal, is vertaling volgens hom terselfdertyd noodsaaklik, sowel as onmoontlik (Bartholomew 1998:309). Vertaalteoretici en vertalers is gedurig op soek na die ideale manier van vertaal om die bes moontlike vertalings te produseer.

3.3 Die kulturele wending en die moontlikheid van 'n ideale model vir vertaling

Soos genoem, is daar verskillende benaderings tot, en modelle vir vertaling. Om die kulturele wending te illustreer en te bepaal of daar 'n ideale model vir vertaling bestaan, sal daar in die hierdie afdeling na die vernaamste drie benaderings tot die vertaalteorie, naamlik die linguistiese, tekslinguistiese en funksionalistiese benaderings gekyk word.

Die kulturele wending in die vertaalteorie behels dat daar 'n skuif plaasgevind het van nougeset letterlike vertaling na vertaling waar aspekte soos pragmatiek en kultuur ook in ag geneem word. Alhoewel hierdie wending plaasgevind het, word benaderings wat nie kultuur in ag neem nie, egter steeds gevolg. Om die kulturele wending te illustreer, sal daar na die linguistiese, tekslinguistiese (of sosiolinguistiese) en funksionalistiese benaderings gekyk word. Alhoewel die tekslinguistiese benadering uit die linguistiese benadering ontwikkel het, het die funksionalistiese benadering onafhanklik van dié twee benaderings in dieselfde tyd as die tekslinguistiese benadering ontstaan.

Hierdie drie benaderings kan in onderskeidelik retrospektiewe en prospektiewe benaderings verdeel word. Die linguistiese en tekslinguistiese benaderings is retrospektief aangesien daar terugverwys word na die bronteks as maatstaf vir die vertaling en die funksionalistiese benadering is prospektief aangesien die fokus hoofsaaklik op die doelteks en sy funksie, sowel as die doelteksleser val. 'n Verhoudingsnorm is by die retrospektiewe benaderings teenwoordig, terwyl 'n kommunikasienorm by die prospektiewe benadering gevolg word (Chesterman

1997:128,133). Volgens Feinauer (2008) is die retrospektiewe benadering verder preskriptief en die prospektiewe benadering meer adviserend van aard.

3.3.1 Die linguistiese benadering (retrospektief)

In die tweede helfte van die twintigste eeu is die vertaalteorie grootliks deur die linguïste beïnvloed. Veral tydens die sestigerjare, toe linguïstiek as 'n akademiese dissipline in eie reg gevestig is, is vertaling as 'n proses van linguïstiese transkodering beskou (Schäffner 2003:3). J.C. Catford (1965a:1), 'n belangrike rolspeler binne die linguïstiese benadering, klassifiseer vertaalteorie as 'n onderafdeling van algemene linguïstiese teorie. Afgesien van Catford, is Eugene Nida en Albrecht Newmark ook belangrike figure binne die linguïstiese benadering.

Die linguïst, Noam Chomsky, het taal as 'n eksakte wetenskap beskou. In reaksie hierop het Nida hierdie benadering op die vertaalteorie toegepas en Chomsky se teorieë in die linguïstiese model van vertaling probeer vervat (Feinauer 2008). Vandaar het die idee ontstaan om simbole in die bronteks met simbole in die doelteks te vervang. Daar moet volgens die linguïstiese benadering korrespondensie op alle linguïstiese vlakke tussen die bronteks en die doelteks wees (Neubert & Shreve 1992b:19). Schäffner (2003:3) merk tereg op dat daar binne die linguïstiese benadering op die ekwivalente oordrag van selfs die kleinste eenheid van taal gefokus word.

Die ekwivalensieverhouding wat hier ontstaan, is dat die bronteks gelyk aan die doelteks moet wees. Die linguïste beeld hierdie verhouding uit deur, onder die invloed van die linguïste, van wiskundige simbole gebruik te maak. Hulle stel die ekwivalensieverhouding soos volg voor: bronteks = doelteks. Hierdie ekwivalensie is egter nie op 'n tekstuele of pragmatiese vlak nie, maar slegs op 'n grammatikale vlak. Die grootste eenheid waarop gefokus word, is die sin. Die teks as geheel, sowel as die konteks en die kultuur waarin die teks geskryf word, word nie soseer in ag geneem nie. Hierdie benadering kan as baie eng beskou word en dit is dié soort probleem wat waarskynlik 'n behoefte aan 'n kulturele wending genoep het.

Vir die linguïste behels die sogenaamde "translation proper" die oordrag van die bronteks in 'n doelteks wat as 'n spieëlbeeld van die bronteks beskou kan word (Naudé 2000:2). Vir hulle is dit die enigste aanvaarbare tipe vertaling. Newmark (1988:68-69) beskou ook hierdie meer letterlike vertaling as "korrek" en sê dat dit nie

vermy kan word nie. Ekwivalensie word deur die linguïste as die doel van, sowel as die voorwaarde vir 'n "goeie vertaling" beskou (Hermans 1994:12). Hierdeur kan 'n mens sien dat die linguïstiese benadering baie preskriptief, of voorskriftelik, is, aangesien dit riglyne vir "korrekte" of "goeie" vertaling verskaf.

Die verhouding tussen die bronteks en die doelteks is met ander woorde een waar die bronteks voorrang bo die doelteks geniet. 'n Onder-na-bo- (*bottom-up*) benadering word ten opsigte van vertaling gevolg en die bronteks dien as die enigste maatstaf vir 'n goeie vertaling (Naudé 2000:1,2).

Vanweë die aard van sy spesialiteit, naamlik Bybelvertaling, is Nida egter later gedwing om wyer as die woord-tot-woord-vertaling te kyk en hy het ook aandag begin gee aan die konteks en kultuur waarin 'n teks voorkom. Dit was aangesien begripsprobleme rondom sy vertalings ontstaan het as gevolg van kulturele hindernisse (Schäffner 2003:4).

Nida onderskei tussen formele en dinamiese ekwivalensie. Formele ekwivalensie is gemoeid met die idee dat die boodskap in die doeltekstaal so na moontlik aan die verskillende elemente in die brontekstaal moet wees (Schäffner 2003:4). Dinamiese ekwivalensie behels egter dat die boodskap eerder as die eksakte woorde aan die doelteksleser oorgedra word en dat daar steeds na die naaste ekwivalent gestreef moet word, maar dat dit die naaste natuúrlike ekwivalent moet wees. Die vertaalde teks moet dus natuurlik, en nie soos 'n vertaling nie, klink. Daar moet dus tog by die doelteks se besonderse eienskappe en uitdrukkings gehou word en die vertaling moet in so 'n mate aangepas word dat dit idiomaties lees. Hy beskou nogtans steeds die grammatikale en stilistiese as belangrik. Daar moet altyd getrou gebly word aan die inhoud van die bronteks en die impak van die bronteks se boodskap. Die styl mag byvoorbeeld nie so drasties verander word dat 'n gedig as prosa vertaal word nie. Die vertaler moet hom/haar in so 'n geval steeds deur die bronteks laat lei (Nida & Taber 1974:12,13).

Newmark onderskei ook, soos Nida, tussen twee tipes ekwivalensie. Sy kommunikatiewe ekwivalensie stem ooreen met Nida se dinamiese ekwivalensie en wat Nida as formele ekwivalensie bestempel, noem hy semantiese ekwivalensie. Newmark (1988:80), lewer kritiek op laasgenoemde tipe ekwivalensie en noem dat hierdie tipe "letterlike" vertaling slegs relevant is indien die teks min of geen konteksgebonde woorde bevat nie. Hoe meer daar egter van aspekte soos idiome,

kollokasies en metafore gebruik gemaak word, hoe moeiliker is dit om semantiese vertaling toe te pas.

Saam met die ontwikkelings binne die linguistiek vanaf die strukturalistiese na die kognitiewe semantiek, het hierdie meer pragmatiese benaderings gelei tot die ontwikkeling van die tekslinguistiese benadering waarin diskoersanalise as belangrik beskou word.

3.3.2 Die tekslinguistiese benadering (retrospektief)

Volgens Bassnett en Lefevere (1990) is die grootste tekortkoming van die linguistiese vertaalteorieë dat dit nie die sosiokulturele konteks waarin die vertalings geproduseer word, in ag neem nie (Naudé 2000:4). Neubert en Shreve (1992a:38), belangrike rolspelers binne die tekslinguistiese benadering, lewer kritiek op die linguistiese benadering, naamlik dat dit te veel op die grammatikale en leksikale vorm van die teks fokus, in plaas daarvan om die kommunikatiewe impak daarvan in ag te neem. Volgens hulle word daar deur hierdie beskouing van taal aangeneem dat daar konteks-vrye taalstrukture bestaan. Die vertaalpraktyk kan egter nie werklik verstaan word deur middel van so 'n beperkende taalsistematiese benadering nie.

In die tekslinguistiese benadering word ekwivalensie op 'n tekstuele vlak, in plaas van op 'n woordvlak, bewerkstellig. Die teks as geheel word hier die eenheid vir vertaling. Vertaling word in die tekslinguistiese benadering nie meer as die transkodering van linguistiese simbole gesien nie, maar as die hertekstualisering van die bronteks beskou (Schäffner 2003:4,5). Die ekwivalensie strek in hierdie benadering dus verder as die klein taaleenhede soos morfeme en woorde, beweeg verby die grens van die sin en sien die teks as 'n geheel wat vertaal moet word. Die tekslinguistiese benadering behels egter steeds ook die fokus op linguistiese aspekte en daar word volgens Basil Hatim en Jeremy Munday (2004:270) ook steeds na die woorde as boustene vir sinne en vir die teks as geheel gekyk. Die woorde kan egter nie geïsoleer staan nie, maar word as deel van die teks binne die kommunikatiewe funksie en diskoers beskou.

Die tekslinguistiese fokus op kommunikasie, pragmatiek en kultuur. Die teks moet 'n kommunikatiewe funksie binne 'n sekere konteks en binne 'n sekere kultuur vervul. Hierdie fokus op kultuur dui aan dat die kulturele wending grootliks deur middel van die tekslinguistiese benadering ontwikkel het. Hatim en Mason (1990:3) som dit soos volg op:

Die nuwe neiging in linguistiek, pragmatiek... het vertaling begin sien as nie meer 'n statiese, suiwer linguistiese handeling nie, maar as 'n kommunikatiewe proses wat in 'n spesifieke sosiokulturele konteks plaasvind. (*Eie vertaling.*)

Waar die linguistiese model 'n onder-na-bo-benadering volg, word daar by die tekslinguistiese model eerder 'n bo-na-onder- (*top-down*) benadering gevolg. Dit behels dat daar nie na die leksikale items, frases en so meer gekyk word nie, maar eerder na die teks as geheel binne sy kulturele konteks (Feinauer 2008). Indien die bronteks as geheel oorgedra word, dit wil sê dat die kommunikatiewe funksie daarvan korrek in die doelteks voorkom, sal dit noodwendig as 'n goeie ekwivalent van die bronteks beskou word (Feinauer 2008). Neubert (1985:18) beskryf vertaling byvoorbeeld as "bronteksgeïnduseerde doelteksproduksie" (Schäffner 2003:5). Die doelteks moet dus dieselfde tipe teks, of genre, as die bronteks wees en ook dieselfde funksie dien. Indien die bronteks 'n (outo)biografie is, moet die doelteks dus ook 'n (outo)biografie wees.

Die werk van die tekslinguiste plaas volgens Feinauer (2008) 'n meer dinamiese perspektief op vertaling. Waar linguiste hulle met ekwivalensie op 'n leksikale en grammatikale vlak bemoei, kyk die tekslinguiste na die teks as geheel en beskou 'n vertaling ook as 'n kommunikatiewe funksie binne 'n konteks en kultuur. Hulle beskou die uitgangspunt vir ekwivalensie as die bronteksfunksie wat gelyk moet wees aan die doelteksfunksie. Die fokus verskuif dus van 'n semantiese na 'n pragmatiese vlak en die kulturele wending begin hier werklik vorm aanneem.

3.3.3 Die funksionalistiese benadering⁷ (prospektief)

Soos reeds by die tekslinguistiese benadering gesien kan word, behels die kulturele wending dat daar meer op die konteks en die kultuur waarbinne die teks voorkom, as op die linguistiese eienskappe van die teks, gefokus word. By die tekslinguistiese benadering word die oordrag van die funksie van die teks reeds al voorgestel en word daarop in die funksionalistiese benadering uitgebrei.

Alhoewel daar reeds deur die tekslinguiste groot treë in die rigting van 'n pragmatiese benadering tot die vertaalteorie gegee is, beskou die funksionaliste hulle benadering steeds as té eng, té bronteksgefokus en té onbuigsaam. Die idee van ekwivalensie

⁷ Let wel dat die funksionalistiese benadering meer volledig in afdeling 3.7 bespreek word.

en 'n spieëlbeeld van die bronteks is vir die funksionaliste ongeldig en hulle beskou ook die wetenskaplike of wiskundige benadering tot die vertaalteorie as onprakties (Walker, Kruger & Andréws 1995:99).

Hans Vermeer het in sy doktorske proefskrif onder leiding van Katharina Reiß 'n skoposteorie ("skopos" is die Grieks vir "doel" of "funksie") ontwikkel wat behels dat die doel, of funksie, van die doelteks by vertaling vooropgestel word (Naudé 2000:5).

Hierdie funksionalistiese benadering staan reëlreg teenoor die linguïstiese en tekslinguïstiese benaderings, aangesien dit prospektief is deurdat dit vooruitskouend (na die doelteks en sy funksie) kyk om die kwaliteit van die vertaalde teks te bepaal. Hierdie model verskil ook van die twee preskriptiewe (retrospektiewe) modelle, aangesien dit 'n meer adviserende benadering volg en eerder voorstelle maak in plaas daarvan om voorskriftelik te wees (Feinauer 2008).

'n Mens kan dus sien dat deur middel van die ontwikkeling van die funksionalistiese benadering, die kulturele wending werklik plaasgevind het. Dit is so aangesien daar deur hierdie model 'n wyer benadering tot die vertaling en vertaalteorie gevolg word deurdat alle partye in die vertaalproses in ag geneem word. Verder behels die kulturele wending dat daar in plaas daarvan om slegs op die teks en sy linguïstiese eienskappe en die ekwivalensie daarvan in die doelteks te fokus, die maatstaf vir 'n goeie vertaling nou is of die teks vir die doeltekslesers in hulle kultuur die regte doel (skopos) bereik.

3.3.4 Die moontlikheid van 'n ideale model vir vertaling

Nadat daar na die verskillende modelle van die vertaalteorie gekyk is, kan 'n mens poog om die vraag te beantwoord oor watter van hierdie benaderings as die "ideale model" vir vertaling beskou kan word. Die rolspelers by elk van hierdie verskillende benaderings is meestal kampvegters vir hulle eie model en die benaderings wat hulle tot vertaling volg. Tog is daar wel vertaalteoretici soos Nida, Newmark en Nord wat binne hulle teorieë wel wyd oor hulle modelle se grense beweeg en aspekte van ander modelle in ag neem.

Voor daar na 'n moontlike ideale model vir vertaling gekyk word, moet die betekenis van die kulturele wending vir vertaalteorie eers in ag geneem word. Die vroeër benaderings tot die vertaalteorie, naamlik die linguïstiese en tekslinguïstiese modelle,

werk hoofsaaklik terugskouend, met die bronteks as maatstaf vir die sukses van 'n vertaling. Die linguïste se hoofokus is om op mikrolinguïstiese vlak ekwivalensie tussen die bronteks en die doelteks te bewerkstellig. Veral na aanleiding van Nida se werk, het die tekslinguïste, of die sosiolinguïste, vertaling as 'n meer pragmatiese veld begin beskou en na die teks in sy geheel begin kyk. Die teks is ook meer binne konteks bekyk en die vertaling word as deel van 'n sosiale diskoers bestempel. Die groot veranderinge binne die kulturele wending is in werklikheid deur die funksionalistiese benadering bewerkstellig. In hierdie benadering word die klem op die funksie van die doelteks geplaas. Die doelteksleser word as die maatstaf vir die geslaagdheid van die vertaling beskou. Die doelteksleser se kultuur en omstandighede word uiteraard hier vooropgestel.

Die kulturele wending het ook daartoe gelei dat vertaalteorie al meer wegbeweeg het as deel van die linguïstiek en as 'n onafhanklike veld begin bestaan het. Vertaling word deesdae meer as interkulturele kommunikasie beskou en neem die doelteksleser en sy kultuur, sowel as die konteks waarin die teks voorkom, in ag. Daar is met ander woorde besef dat die benadering tot vertaling pragmaties behoort te wees en dat 'n vertaling nie in 'n vakuum plaasvind nie. Daar is altyd 'n rede, dikwels onafhanklik van die bronteks, waarom 'n vertaling plaasvind (Nord 1991:6).

Uit Vermeer en Nord se werk (bespreek in afdeling 3.6.4), kan 'n mens sien dat nog 'n positiewe gevolg wat uit die kulturele wending ontstaan het, is dat die funksionalistiese model hoër status aan die vertaler verleen. Hierdeur word meer verantwoordelikheid ook uiteraard aan die vertaler toegeken (Schäffner 2003:7), wat op sy beurt tot beter verantwoordbaarheid en gevolglik beter kwaliteit vertalings lei.

Die kulturele wending het dus, soos vroeër genoem, teweeg gebring dat vertalings toegankliker en aanvaarbaarder vir die doeltekslesers in hulle kultuur is. 'n Mens sou hierdeur dus kon aflei dat die funksionalistiese model die sogenaamde "ideale model" is, maar dit is egter nie so nie. Daar word ook kritiek teen hierdie model uitgespreek. Kritici bevraagteken die funksionalistiese model se teoretiese gronde ten opsigte van 'n paar aspekte. Hulle noem dat nie alle vertalings byvoorbeeld 'n intensie of doel het nie, dat die beperkinge van "translation proper" heeltemal oorskry word, dat dit nie die oorspronklike teks (die bronteks) respekteer nie, dat dit meer aanpassing en nie vertaling is nie en dat dit in sekere genres, soos literêre vertaling, nie werk nie (Nord 1997b:109,110,112,119,120). Alhoewel Nord (1997b:109) hierdie, sowel as ander, punte van kritiek teen funksionalisme as miskonsepsies afmaak, is

dit tog duidelik dat daar selfs in hierdie benadering swak punte is. 'n Mens kan dus sien dat 'n werklike "ideale teoretiese model" vir 'n vertaling tog nie bestaan nie.

Volgens party kenners is 'n groot probleem met die funksionalistiese benadering dat dit (in teenstelling met die linguisties-gegronde modelle) taalaspekte grootliks ignoreer. Volgens Bassnett (2007:23) moet daar tog ook op taal gefokus word, aangesien vertaling immers 'n aksie van die oordrag van 'n teks uit een taal in 'n ander taal is. Volgens hulle kan taal en kultuur inderwaarheid nie geskei word nie, aangesien taal in kultuur ingebed is. Neubert en Shreve (1992a:22) argumenteer ook dat vertalers wat ander modelle as die linguisties gegrunde modelle gebruik, ook rekening moet hou met die linguistiese aspekte van 'n vertaling. Hulle noem dat vertalers ten minste gedeeltelik in die taalkunde opgelei moet wees om professionele vertalers te kan wees. Dit is aangesien taal immers die instrument is waarmee die beroep beoefen word.

Bassnett, sowel as Neubert en Shreve, postuleer dus goeie benaderings tot 'n samewerking tussen die linguistiese en pragmatiese vertaalmodelle. Dit is ten opsigte van die taal-teenoor-kultuur-balans.

Nog 'n aspek waar versoening moet plaasvind, is tussen die vertaling se betrokke partye. Die funksionalistiese benadering fokus, soos vroeër genoem, op die doelteksleser as maatstaf vir die vertaling. Hier ontstaan dus 'n afstand tussen die bronteks en die doelteks, sowel as die oorspronklike outeur en die doelteksleser. Nord los hierdie probleem deur haar konsep van getrouheid en lojaliteit (bespreek in afdeling 3.6) op deur binne die doelteks-georiënteerde benadering tog getrou aan die bronteks, sowel as lojaal aan die doelteksleser te bly, in so 'n mate dat die vertaling vir al die betrokke partye, insluitend die outeur van die bronteks, aanvaarbaar is.

Vermeer postuleer ook 'n goeie praktyk, naamlik om 'n bo-na-onder-benadering met die vertaling te volg, met ander woorde om die teks as geheel in sy kulturele konteks te beskou en dan na die tyd die resultaat van onder-na-bo na te gaan. Dan word daar met ander woorde na die fyner detail, soos die leksikale items, frases en sinne gekyk (Feinauer 2008). Hierdie benadering maak gebruik van elemente van verskillende modelle en is dus 'n manier van samewerking tussen die verskillende benaderings.

Daar hoef dus nie daarna gestreef te word om 'n ideale model te vind nie. Modelle behoort eerder gekombineer te word om al die elemente wat belangrik is vir 'n

vertaling – linguisties sowel as pragmaties – te dek. 'n Ideale vertaling, eerder as 'n ideale benadering moet nagestreef word. Nord se blik op die funksionalistiese benadering laat ruimte om sowel die linguistiese as die pragmatiese aspekte van 'n teks in ag te neem tydens 'n vertaling, en kan dus moontlik as die gewenste model beskou word – juis omdat dit al hierdie belangrike elemente kombineer.

3.3.5 Samevatting

Deur middel van die kulturele wending het 'n skuif van fokus vanaf die bronteks na die doelteksleser plaasgevind. Verder word eksakte ekwivalensie nie meer vooropgestel nie, maar kommunikasie met en toeganklikheid van die doelteks vir die doelteksleser is belangrik. Die fokus in vertaling word hierdeur op die kommunikatiewe funksie van so 'n teks binne 'n sekere kultuur geplaas. 'n Mens kan ook 'n versoening tussen die verskillende linguistiese sowel as die pragmatiese modelle, as die "ideale model" beskou.

Die kulturele wending kan egter nie as voltooid beskou word nie. Dit is 'n dinamiese proses wat steeds saam met die vertaalteorie ontwikkel. Daar moet nogtans teen gewaak word, soos Nord (2001) waarsku, om nie sonder regverdiging weg te beweeg van die bronteks en sy oorspronklike elemente nie.

Met die kulturele wending het vertaalteorie as 'n vakgebied ook baie uitgebrei en met 'n voortbou op die fondament wat deur vroeëre vertaalkundiges gelê is, kan dit as studieveld selfs nóg meer erkenning geniet en waarde tot vandag se interkulturele samelewing toevoeg.

3.4 Vertaling as interkulturele kommunikasie

Die kulturele wending wat in die vertaalteorie plaasgevind het, behels dat die skeidslyn tussen die linguistiese en kulturele oorwegings by vertaling verdwyn het (Bassnett 2002:3). Volgens Vermeer (1988, in Walker, Kruger & Andréws 1995:99) is die hoofdoel van 'n vertaling om die doelteks só te ontwerp dat dit optimaal in die kultuur van die doelteks sal funksioneer en dat die teks effektiewe kommunikasie sal bewerkstellig om die teks toeganklik en aanvaarbaar vir die doelteksleser in sy/haar kultuur te maak. Daarom word aspekte soos konteks en kultuur by vertalings in ag geneem en dit bepaal dikwels hoe 'n teks vertaal word.

3.4.1 Kultuur

In hoofstuk 2 is die kompleksiteit van die begrip kultuur en wat dit behels, reeds bespreek.

'n Mens kan onderskei tussen drie verskillende vorme van kultuur, naamlik die parakultuur (die norme, reëls en konvensies wat vir 'n hele gemeenskap geld); die diakultuur (die norme, reëls en konvensies wat vir 'n spesifieke groep in 'n gemeenskap, byvoorbeeld 'n klub, firma of godsdienstige entiteit geld); en die idioskultuur (die kultuur van die individu – in teenstelling tot ander individue (Ammann 1989, in: Nord 2005:870).⁸

Een van die oudste en mees aangehaalde definisies van die begrip, "kultuur", is deur die Engelse antropoloog Edward Barnett Tylor (1871/1958, in Katan 2004:25) geformuleer:

Culture is that complex whole which includes knowledge, belief, art, morals, law, customs and any other capabilities and habits acquired by man as a member of society.

In hierdie definisie kom die idee van 'n groep, of samelewing, weer eens sterk na vore en 'n mens kan ook sien dat kultuur in elke faset van die samelewing ingebed is. Dit wil ook lyk asof kultuur 'n aangeleerde aspek is wat gemeenskapgebonde is, eerder as 'n ingebore eienskap. Daarom kan 'n mens hom-/haarself ook losmaak van hierdie sogenaamde "kultuur" aangesien dit 'n sosiale konstruksie, eerder as deel van 'n mens se wese is. Katan (2004:24,25) beweer byvoorbeeld dat individue sterk daarvan bewus is dat hulle deel is van 'n kultuur, maar dat hulle hulself nie noodwendig geheg aan daardie kultuur voel nie. Die Frank-gesin het hulle byvoorbeeld losgemaak van hulle Duitse kultuur en die Nederlandse kultuur aangeneem.

Dit laat 'n mens met die vraag of dit dan werklik nodig is om kultuur in ag te neem wanneer daar vertaal word – is die wêreld nie besig om in so 'n mate te globaliseer dat 'n wêreldkultuur, eerder as 'n geografies- of gemeenskapsgebonde kultuur, gevolg (moet) word nie? Ritzer (1993, in Katan 2004:32) beskryf hierdie konsep as "McDonaldisation" waar die beginsels van 'n kitskosrestaurant, die kommersialisering

⁸ As daar in hierdie tesis na "kultuur" verwys word, verwys dit na die parakultuur.

van alles, insluitend kultuur, al meer sektore van die Amerikaanse, sowél as die wêreldgemeenskap, begin domineer. Dit behels dat daar nie meer 'n uniekheid aan verskillende kulture toegeken word nie en dat 'n mens nie werklik meer tussen kulture kan onderskei nie. Alles moet net op 'n vinnige, maklik verstaanbare, neutrale (en dikwels dan onkreatiewe) wyse aan die teikengehoor oorgedra word. Dit het dikwels die oorvereenvoudiging van die wêreld en 'n oninteressante, eenselwige samelewing tot gevolg.

Die waarde van kultuur in vertaling moet egter nie onderskat word nie, aangesien daar steeds baie groepe is wat wél kulturgebonde is en sekere verwagtinge aan die doelteks stel om by hulle spesifieke behoeftes aan te pas. Deur 'n teks vir 'n spesifieke doelkultuur te vertaal, kan ook juis tot die behoud van daardie kultuur bydra, deur meer status aan die kultuur te verleen (sien afdeling 3.7.1).

3.4.2 Taal en kultuur

In teenstelling met die opvatting van sommige vroeë linguïste, soos Catford (Feinauer 2008), wat taal as't ware in 'n vakuum beskou het, is die hedendaagse opvatting dat taal in interaksie met sy omgewing, konteks en kultuur bestaan.

Een van die belangrike oorwegings is dat taal of woorde geen betekenis los van konteks het nie (Odendal 1984:262,263). Sonder die konteks van 'n sin of 'n situasie, beteken die Afrikaanse woord "rond" byvoorbeeld niks nie, maar sodra dit in 'n sin en in 'n konteks geplaas word, kry dit wel betekenis:

1. Die man loop rond in die kamer.
2. Die bord waaruit sy eet se vorm is rond.
3. Die meisie het lekker rond geword van al die kos wat sy oor die Kerstyd geëet het!

Woorde verteenwoordig ook verskillende begrippe in verskillende tale, vanweë die kulture wat by hierdie tale aansluit (Odendal 1984:262). So het die Inuïete byvoorbeeld verskeie woorde vir "sneeu", terwyl daar in die Westerse tale, waar sneeu nie so 'n belangrike deel van die mense se alledaagse realiteit of kultuur vorm nie, slegs een woord vir die begrip bestaan. Die Sapir-Whorf-hipotese verduidelik hierdie verskynsel soos volg: tale verskil wat betref die manier waarop hulle realiteit waarneem en verdeel (Hatim & Mason 1990, in Katan 2004:103).

Verwantskappe, soos familieverwantskappe, verskil ook in verskillende tale. Afrikaans en Engels het byvoorbeeld nie 'n ekwivalent vir die Duitse "Geschwister" (broers en susters) nie. In ander kulture kan verwantskappe volgens Odendal (1984:262) ook heel anders lê. 'n Voorbeeld hiervan is die Haida Indiaanstam in Brits-Columbië waar die oom aan vaderskant en die oom aan moederskant verskillend benoem word, terwyl hulle in Westerse tale met dieselfde woord aangespreek word.

Dit is belangrik om in ag te neem dat kultuur nie noodwendig 'n taal impliseer nie en taal nie noodwendig 'n sekere kultuur impliseer nie. Die wit, oorwegend Christenafrikaner, sowel as sekere Moslems in Suid-Afrika, veral aan die Kaap, se kultuur verskil grootliks, maar albei groepe praat Afrikaans. Hulle gebruik wel verskillende taalvariante van Afrikaans wat aansluit by hulle onderskei kulture (Feinauer 2008). Dit illustreer die punt wat vroeër gemaak is oor die aangeleerdheid van 'n kultuur. Odendal (1984:263) beweer tereg dat variante vorme van dieselfde taal van uiteenlopende aard is. Nie net op linguistiese vlak nie, maar ook op kulturele vlak.

Taal en kultuur is dus onomstootlik baie nou verwant, maar dit is ook nie bloot net 'n kwessie van "taal vorm kultuur", of andersom nie. Wat 'n mens kan waag om te sê, is dat *uitdrukking* van kultuur wel deur taal, met ander woorde deur woorde, geskied. Dit kan 'n mens waarneem in die letterkunde, sang en ander kunsvorme, sowel as in alledaagse gesprekke.

3.4.3 Vertaling as interkulturele kommunikasie

Vanweë die gekompliseerde aard van die interaksie tussen taal en kultuur, kan 'n mens verwag dat die interaksie tussen vertaling en kultuur ook ingewikkeld sal wees. Die uiteindelijke doel van vertaling is om hierdie gekompliseerdheid te vereenvoudig deur as 'n instrument vir interkulturele kommunikasie te dien. Dit gebeur volgens Chaudhuri (2006:247), aangesien die vertaler toegang tot 'n werk verleen aan dié lesers wat nie die brontekst ken nie.

Hatim en Mason (1990:3) beskou die vertaalproses as 'n kommunikasieproses en plaas klem op die vertaler se kommunikatiewe doelwitte.

Om effektiewe kommunikasie tussen twee kulture te bewerkstellig, moet 'n mens eers die gapings tussen verskillende kulture verstaan. Party kulture is nader aan mekaar as ander. Nederlands en Duits is byvoorbeeld albei Europese tale van Germaanse oorsprong, maar in Suid-Afrika verskil die Xhosa-taal en -kultuur hemelsbreed van Suid-Afrikaanse Indiërs se taal en kultuur. Geografiese ligging, geskiedenis, taal en geloof is faktore wat kulture kan bind, of van mekaar kan skei.

Die kulturele gaping, en die probleme wat dit vir vertalers in interkulturele kommunikasie inhou, word verder deur die volgende faktore⁹ beïnvloed:

- Onvoldoende kultuur-spesifieke agtergrond van die bronkultuur, of gebrekkige begrip van die doelkultuur (Nord 2005:869).
- Verkeerde interpretering van nieverbale gedrag in die bronteks en -kultuur (Nord 2005:869).
- Idiomatiese taalgebruik wat nie op letterlike vlak in tale ooreenstem nie.
- Vals vriende (Gouws 2008).
- Leksikale gapings (Gouws 2008).

Die voorkoms van vals vriende verskil volgens Gouws et al. (2004:797) van taalpaar tot taalpaar en daar kom ook verskillende vlakke van vals vriendskap of skynekwivalensie voor.

Die vals vriende-pare, *braaf* (Ndl.) en *braaf* (Afr.) en *eventueel* (Ndl.) en *eventueel* (Afr.) het wel 'n historiese verwantskap, aangesien die brontaalitem en die doeltaalitem oorspronklik semanties ooreengestem het en dus maklik verwar word in vertaling. Dit staan as gedeeltelike vals vriende bekend. Sien figuur 1 vir die ontwikkeling van hierdie pare van ware vriende na vals vriende (Gouws et al 2004:803).

DUTCH		AFRIKAANS		ENGLISH
* <i>braaf</i> 'good, obedient'	TRUE FRIENDS	* <i>braaf</i> 'good, obedient'	FALSE FRIENDS	* <i>brave</i>
* <i>eventueel</i> 'any (possible); possibly'		* <i>eventueel</i> 'any (possible); possibly'		* <i>eventual</i>
* <i>braaf</i> 'good, obedient'	FALSE FRIENDS	* <i>braaf</i> 'brave'	TRUE FRIENDS	* <i>brave</i>
* <i>eventueel</i> 'any (possible); possibly'		* <i>eventueel</i> 'eventual'		* <i>eventual</i>

Figuur 1: Dinamiese prosesse: vals vriende ↔ ware vriende (Gouws et al 2004:803)

⁹ Vir die doel van hierdie studie is dit slegs nodig om "vals vriende" en "leksikale gapings" te verduidelik, aangesien die beskrywing daarvan in die kolpunte nie voldoende is om dit in die konteks van hierdie tesis te verduidelik nie.

By kultuurgebonde woorde en name, is dit ook moeilik om te bepaal of 'n sekere woord of naam geskik (*adequate*) is vir die gebruik in 'n bepaalde kultuur. Dit is ook dikwels moeilik om 'n vertaalekwivalent te kry wat verstaanbaar sal wees in die doelkultuur. As die Xhosa-begrip "lobola" (bruidskat) vir 'n Nederlandse teikengehoor vertaal word, sal die konsep óf verduidelik moet word, óf 'n alternatief sal daarvoor gevind moet word. As dit egter net so in die teks staan, sal die Nederlander dit nie verstaan nie en sal daar 'n kommunikasiegaping tussen die teks en die leser ontstaan.

Leksikale gapings behels die afwesigheid van 'n woord in 'n bepaalde taal waar daar een verwag word (Gouws 2008). Sien Tabel 1.

Tabel 1: Leksikale gapings in Afrikaans:

Dier	Kleintjie
perd	Vul
hoender	Kuiken
skaap	Lam
hond	/
kat	/

Alhoewel daar in Afrikaans 'n woord vir die kleintjie van 'n perd, hoender en skaap bestaan, is daar nie 'n woord vir die kleintjie van 'n hond of kat nie. 'n Mens verwag egter 'n woord daarvoor, al bestaan daar nie een nie, as gevolg van die patroon. Hierdie patroon word egter verbreek en leksikale gapings ontstaan (Gouws 2008).

Hieruit kan 'n mens aflei dat om 'n teks te vertaal sodat dit kommunikatief of toeganklik vir die doelteksleser sal wees, dit dikwels nodig is om vertaalstrategieë aan te wend om die teks te verander sodat dit as't ware 'n "nuutgeskepte" teks word wat hierdie kulturele gaping kan oorbrug. Daardeur word die "andersheid" van die bronteks toeganklik vir sy nuwe teikengehoor (Nord 2005:868).

Die vertaler word hierdeur meer as bloot 'n agent tussen twee linguïstiese gemeenskappe (Bielsa 2005:2), en word as't ware 'n kulturele interpreteerder wat effektiewe kommunikasie en begrip tussen die sender en die ontvanger

bewerkstellig. Dit word gedoen deur die ontvanger se kulturele en linguistiese behoeftes te respekteer (Katan 2004:16).

3.4.4 Die vertaler as interkulturele interpreteerder en

bemiddelaar

The translator is not the sender of the ST [source text] message but a text-producer in the target culture who adopts somebody else's intention in order to produce a communicative instrument for the target culture, or a target-culture document of a source-culture communication (Nord 1991:13).

Die rol van die vertaler in interkulturele kommunikasie raak al hoe belangriker in 'n globaliserende wêreld, waar kulture al hoe meer in kontak met mekaar kom om inligting uit te ruil, aangesien kulturele en linguistiese struikelblokke oorkom moet word om effektiewe kommunikasie tussen hierdie kulture te verseker (Bielsa 2005:3).

Die term "cultural mediator" (kulturele bemiddelaar) is in 1981 deur Stephen Bochner gemunt (Katan 2004:16), maar reeds in 1975 het George Steiner (1975:45) daarop gewys dat die vertaler 'n tweetalige bemiddelingsagent tussen eentalige kommunikasiedeelname in twee afsonderlike taalgemeenskappe is. Volgens Katan (2004:16) bewerkstellig die vertaler meer as slegs linguistiese bemiddeling, met ander woorde die vertaler werk nie slegs met die taal van die teks nie. Daar word ook gekyk na kulturele bemiddeling waar die vertaler die bron- en doelkultuur in ag neem. Die bronteks word met ander woorde ook op 'n kulturele vlak geïnterpreteer en daar word nie slegs na die boodskap of betekenis van die bronteks gekyk nie, maar ook na die boodskap en betekenis van die bronteks binne 'n bepaalde kulturele konteks.

Die vertaler speel dus hier die rol van 'n kulturele interpreteerder, asook die rol van 'n kulturele bemiddelaar – om 'n brug tussen twee diverse kultuurgroepe te bou deur 'n 'n teks te vertaal wat die bronteks se boodskap of betekenis aan die doeltekslesers oordra sodat dit vir hulle toeganklik is. Taft (1981, in Katan 2004:17) som die rol van die vertaler as kulturele interpreteerder/bemiddelaar soos volg op:

A cultural mediator is a person who facilitates communication, understanding, and action between persons or groups who differ with respect to language and culture. The role of the mediator is performed by interpreting the expressions, intentions, perceptions, and expectations of each cultural group to the other,

that is, by establishing and balancing the communication between them. In order to serve as a link in this sense, the mediator must be able to participate to some extent in both cultures. Thus a mediator must be to a certain extent bicultural.

Hierdie aanhaling beklemtoon weer dat 'n vertaler nie slegs vaardig moet wees in albei tale waarin en waaruit vertaal word nie, maar ook moet kennis dra van albei kulture wat betrokke is by die bron- en doelteks. Die vertaler moet as't ware 'n "trans-/interkulturele ekspert" wees om effektief kommunikasie tussen kulture te bewerkstellig (Vermeer 1998:50). Volgens Taft (1981, in Katan 2004:17) moet die vertaler oor die volgende vermoëns in sowel die bron- as doelkultuur beskik:

- Kennis oor albei gemeenskappe, byvoorbeeld oor hulle tradisies en gebruike.
- Kommunikasievaardighede: geskrewe, gesproke en nieverbaal.
- Tegnieese vaardighede, soos rekenaargeletterdheid.
- Sosiale vaardighede, byvoorbeeld kennis van reëls wat sosiale verhoudings beheer; emosionele vaardighede; asook die geskikte vlak van formaliteit.

By die vertaling van *Het Achterhuis* kon die vertaler as 'n interkulturele interpreteerder/bemiddelaar optree, aangesien sy oor kennis van sowel die Nederlandse (bron-) as (Suid)-Afrikaanse (doel-) kultuur beskik en al in albei hierdie kontekste gewoon het. Verder het sy ook intensiewe navorsing oor Europa tydens die Tweede Wêreldoorlog gedoen en dus bekend geraak met die kulturaspekte van daardie tyd en milieu.

3.4.5 Samevatting

Volgens Bassnett (2002:4,6) raak die vertaler 'n interkulturele bemiddelaar en interpreteerder wat suksesvolle interkulturele kommunikasie kan bewerkstellig deur middel van vertaling, sodat 'n teks toeganklik gemaak kan word vir die nuwe lesers in die nuwe doelkultuur.

Alhoewel die taalpatrone van Nederlands en Afrikaans baie na aan mekaar is, verskil die kulturele verwysings van dié van Europa tydens die Tweede Wêreldoorlog baie van dié van die Suid-Afrikaanse konteks vandag. Daarom moet kulturaspekte deurgaans in die vertaling van hierdie dagboek in ag geneem word. 'n Denkproses

met fyn besluitneming oor kultuurverwysings moet voor en tydens die vertaling plaasvind.

3.5 Ekwivalensie

Soos 'n mens by die beskrywing van die kulturele wending (afdeling 3.3) kan sien, kom die konsep ekwivalensie deurgaans in die vertaalteorie na vore. Die term ekwivalensie is baie gekompliseerd en vertaalteoretici debatteer voortdurend oor wat hierdie konsep beteken, waarvoor dit staan, wat dit behels en tot watter mate dit in vertalings bewerkstellig moet word.

Die problematiek wat betref ekwivalensie begin by die kwessie dat daar nie absolute ooreenstemming tussen tale bestaan nie. Dit is onder andere ten opsigte van woordvlak, sinsvlak, idiomatiese vlak, sowel as pragmatiese vlak wat aspekte soos kulturele, historiese en godsdienstige verwysings insluit. Die betekenis wat een persoon in 'n spesifieke taalgemeenskap byvoorbeeld aan 'n woord of 'n betekenis heg, sal nie die betekenis wees wat 'n ander persoon in 'n ander taalgemeenskap daaraan sal heg nie. Dit is veral van toepassing op idiomatiese uitdrukkings wat letterlik opgeneem sal word indien dit net so in 'n ander taal oorgedra word.

Die vraag ontstaan of daar ooit werklik deur middel van vertaling ekwivalensie tussen tale bewerkstellig kan word. Want wat behels ekwivalensie werklik? As 'n idioom in een taal met 'n idioom in 'n ander taal vervang word, is die woorde tog nie ekwivalent nie, maar die betekenis daarvan in die doelteks stem wel ooreen met dié van die bronteks. Kan hierdie ooreenstemming op betekenisvlak steeds as ekwivalensie beskou word as die bronteks en doelteks tog in 'n groot mate verskil?

'n Verdere probleem is die polisemiese aard van baie woorde. Dit behels dat dieselfde woordvorm in 'n sekere taal verskillende semantiese waardes het, met ander woorde verskillende betekenisonderskeidinge het, afhangende van die konteks en koteks daarvan. Die omgekeerde hiervan is ook waar. Sinonimie behels dat een betekeniswaarde verskillende woorde kan hê wat dit voorstel (Shiyab 2007:1).

Dit is nie net op woordvlak waar ekwivalente gesoek word nie, maar ook op pragmatiese en kulturele vlak. Verder moet daar ook bepaal word of dit werklik nodig is om sodanige ekwivalent te kry en of die doel van vertaling is om kommunikasie tussen die teks en die doelteksleser te bewerkstellig, of eerder om getrou aan die

bronteks te bly. Hieruit vloei die volgende kwessie, naamlik of ekwivalensie 'n voorvereiste vir die sukses van 'n vertaling is, al dan nie.

Vertaalteoretici verskil oor wat die begrip ekwivalensie behels en wat die belangrikheid daarvan is. Die twee hoofprobleme wat ekwivalensie betref, is dus of die term nog geldig is en of dit altyd geldig is vir dit wat daardeur verteenwoordig word en of ekwivalensie soos dit tradisioneel gesien word, steeds vooropgestel is vir vertaling. Theo Hermans (1995:217 in Shuttleworth & Cowie 1997:49) beskou ekwivalensie dus tereg as 'n "troubled notion". Snell-Hornby (in Van Leuven-Zwart 1992:54) beskryf die problematiek rondom die term byvoorbeeld soos volg:

[...] the term *equivalence*, apart from being imprecise and ill defined (even after a heated debate of over twenty years) presents an illusion of symmetry between languages which hardly exists beyond the level of vague approximations and which distorts the basic problems of translation.

3.5.1 Verskillende tipes ekwivalensie

Uit die vorige aanhaling kan 'n mens aflei dat verskillende vertaalteoretici verskillende opvattinge het oor wat ekwivalensie behels. So ook verskil hulle oor wat die eenheid van vertaling is (Shuttleworth & Cowie 1997:50) – vir party is dit die morfeem, vir ander die woord, die sin of die hele teks.

3.5.1.1 Ekwivalensie binne die retrospektiewe benadering

Binne die retrospektiewe benadering tot die vertaalteorie word daar wat ekwivalensie betref, op die *verhoudingsnorm* (verhouding tussen die bronteks en die doelteks) gefokus. Ekwivalensie word tot so 'n mate bewerkstellig dat die doelteks so na as moontlik aan die bronteks bly (Chesterman 1997:123). Catford beskou ekwivalensie as iets essensieel kwantifiseerbaars. Hy sê dat vertaling bloot 'n kwessie is van die brontaaltekst met die mees geskikte doeltekstaalekwivalent vervang (Shuttleworth & Cowie 1997:50). Die pragmatiek, of ekstralinguistiese faktore rondom die teks, word dus minder in ag geneem.

3.5.1.2 Ekwivalensie binne die prospektiewe benadering

Binne die prospektiewe benadering is die doel van die vertaling om die effek of uitwerking en die boodskap van die bronteks aan die doelteksleser oor te dra sodat

hy/sy dit verstaan en effektiewe kommunikasie gevolglik tussen die doelteks en die doelteksleser plaasvind. Daar word dus nie gestreef na absolute ooreenstemming, of ekwivalensie, tussen die bronteks en die doelteks nie, maar eerder daarna dat die doelteks dieselfde uitwerking op die doelteksleser sal hê as wat die bronteks op die bronteksleser het. Soos vroeër na verwys – in plaas van 'n *verhoudingsnorm* word 'n *kommunikasienorm* hier gevolg (Chesterman 1997:128,133).

Volgens die funksionalistiese benadering hang die sukses van 'n vertaling nie daarvan af dat die doelteks ekwivalent moet wees aan die bronteks nie, maar dat dit toeganklik vir die doelteksleser in sy of haar doelkultuur moet wees. Vermeer (in Harvey 1998:279,280,281) is ook van mening dat die riglyn vir die sukses van 'n vertaling is of dit aan die vertaalspesifikasie voldoen. Vermeer (1986, in Nord 1997a:46) dui aan dat funksionele ekwivalensie pragmaties en kultureel gebonde is en in teenstelling is met hoe ekwivalensie binne die retrospektiewe benaderings tot vertaling beskou word:

Translation is not the transcoding of words or sentences from one language to another, but a complex form of action, whereby someone provides information on a text (source language material) in a new situation and under changed functional, cultural and linguistic conditions [...].

Funksionele ekwivalensie behels dus dat daar ekstralinguisties sowel as ekstratekstueel na die bronteks gekyk word by vertaling. Alhoewel taal die medium is wat gebruik word, moet daar by vertaling ook na taalonafhanklike aspekte soos konteks, kultuur, historiese gegewens en milieu gekyk word (Van Leuven-Zwart 1992:21).

André Lefevere (1982:233–248) beweer ook dat 'n mens nie net na die teks moet kyk om dit te vertaal nie, maar ook na die instellings wat die produksie daarvan beïnvloed het. Pragmatiek en kulturele data moet ook in ag geneem word.

Volgens Baker (1992, in Leonardi 2000:9) behels pragmatiese ekwivalensie nie net wat in die teks staan nie, maar ook die vertaling van wat daardeur geïmpliseer word. Die vertaler moet derhalwe interpreteer wat deur die teks geïmpliseer word, en 'n "ekwivalent" daarvan in die doelteks weergee. Die vertaler moet dus die outeur se intensie uit 'n ander konteks en kultuur in 'n nuwe konteks en kultuur weergee.

Om pragmatiese ekwivalensie te bewerkstellig, kan 'n teks ook heeltemal herskryf word – of gemanipuleer word om by 'n teikengehoor aanklank te vind (Lefevere 1982:233–248). Hier word die kommunikasienorm vir ekwivalensie ook vooropgestel.

3.5.2 Samevattende opmerkings

'n Mens kan dus sien dat die problematiek rondom die begrip "ekwivalensie" baie kompleks is, veral aangesien dit juis al die verskillende benaderings tot vertalings is wat verskillende benaderings tot ekwivalensie impliseer. Kenny (1997, in Munday 2001:49) som hierdie probleem soos volg op: "Equivalence is supposed to define translation, and translation, in turn, defines equivalence." Hoe iemand vertaling beskou, impliseer hoe hy/sy ekwivalensie beskou en hoe iemand ekwivalensie beskou, sal 'n invloed hê op hoe die persoon vertaling sal benader.

Nie een van die beskouings van die begrip "ekwivalensie" kan as die sogenaamde "régte" een beskou word nie. In 'n vertaling word daar dikwels in een teks van meer as een benadering tot ekwivalensie gebruik gemaak.

Daar is ook verskillende faktore wat die mate van ekwivalensie wat bewerkstellig word, sal beïnvloed, byvoorbeeld die volgende:

- die genre van die teks (kommunikasie word vooropgestel by tegniese tekste, terwyl daar by literêre werke na aan die bronteks gebly kan word),
- die plek van die outeur of werk in die (literêre) sisteem (hoe meer gekanoniseer die outeur of bronteks is, hoe nader sal daar aan die bronteks gebly word),
- die funksie van die teks (die vertaalspesifikasie sal bepaal in hoe 'n mate ekwivalensie in die doelteks bewerkstellig word).

Dit is belangrik om te onthou dat vertaling nie net 'n produk is nie, maar ook 'n proses. Daar sal nooit slegs één vertaalekwivalent vir 'n woord, sin, of teks wees nie. Soveel te meer wanneer pragmatiese en kultuuraspekte bygereken word. Dit is aangesien elke vertaler 'n teks anders sal vertaal vanweë die manier hoe hy/sy die bronteks interpreteer. Daar is altyd inmenging deur die vertaler, aangesien die vertaler die bronteks op sy/haar manier interpreteer. Chesterman (1997:117) beskou 'n doelteks as 'n heraanbieding van hoe die vertaler die bronteks beskou.

3.5.3 *Is ekwivalensie steeds van toepassing?*

Uit die verskillende benaderings tot vertaling kan 'n mens sien dat daar 'n klemverskuiwing (veral vanweë die "kulturele wending") plaasgevind het binne die vertaalteorie oor tot watter mate ekwivalensie (in die tradisionele sin van die woord) in vertaling bewerkstellig moet word. Waar daar eers gereken is absolute woord-vir-woord-ekwivalensie moet tussen die bronteks en die doelteks bewerkstellig word, is daar later besef dat die oorspronklike nooit volledig in die doelteks oorgedra kan word nie en dat die doelteksleser in elk geval ook nie toegang tot die bronteks kan verkry indien hy/sy nie die taal magtig is nie. Volgens die funksionaliste kan 'n mens wel daarna streef om dieselfde boodskap of effek van die bronteks oor te dra en volgens die tekslinguïste kan die funksies van bron- en doeltekste gerepliseer word.

By die ontwikkeling van die vertaalteorie het die belangrikheid van ekwivalensie, of identiekheid binne sommige benaderings, met ander woorde gekwyn en word daar nou eerder daarop gefokus om die doelteks toeganklik vir die doelteksleser te maak.

Daar is ook verskillende vlakke van ekwivalensie: van ekwivalensie op woordvlak, tot ekwivalensie op pragmatiese vlak. Vertaalteoretici is dit wel eens dat daar 'n verhouding op die een of ander vlak tussen die bronteks en die doelteks moet wees en dat ekwivalensie dus altyd tot 'n mindere of meerdere mate bewerkstellig moet word (Rogers 2007:2).

3.5.5 *Gevolgtrekking*

Die begrip ekwivalensie word dus as problematies beskou. Eerstens aangesien die woord 'n simmetrie en absolute ooreenstemming tussen bronteks en doelteks impliseer, wat by feitlik geen vertaling die geval is nie, en tweedens, aangesien verskillende mense die term verskillend interpreteer. In baie vertalings word daar trouens nie naby die bronteks gebly nie, maar ver van die bronteks af beweeg. Hierdie doeltekste word steeds as vertalings beskou, maar 'n mens kan nie die bronteks en doelteks werklik as "ekwivalente" van mekaar beskou nie. Die tekste is tog soortgelyk en daar bestaan 'n verhouding tussen die tekste, aangesien ekwivalensie wel op 'n sekere vlak in die vertaling voorkom. 'n Vertaling as geheel kan egter selde as 'n absolute ekwivalent van die bronteks beskou word.

In die stadium toe vertaling absolute ooreenstemming behels het en die benadering was om 'n doelteks te produseer wat so na as moontlik aan die bronteks is, kon die term "ekwivalensie" goed werk. In 'n nuwe benadering tot vertaling waar vertaling dikwels herskrywing behels, en ekwivalensie op verskillende vlakke geïnterpreteer word, moet daar moontlik 'n nuwe term vir byvoorbeeld ekwivalensie op pragmatiese vlak, wat nie 'n simmetrie tussen bronteks en doelteks impliseer nie, gevind word. Aangesien ekwivalensie egter so 'n gevestigde term binne die vertaalteorie is, is die beste oplossing moontlik om verskillende vlakke of tipes ekwivalensie te onderskei, deur die tipe ooreenkoms wat bewerkstellig word, of aanwesig is, met die woord "ekwivalensie" te koppel, byvoorbeeld tekstuele ekwivalensie, dinamiese ekwivalensie en funksionele ekwivalensie¹⁰.

Uiteindelik moet vertaalteoretici ook besef dat dit nie soseer om die term gaan nie, maar eerder meer oor wat die term impliseer. Gevolglik, indien ekwivalensie, tot watter mate en in watter vorm ook al, bewerkstellig word, sodat 'n vertaling daargestel word wat effektief met die doelteksleser kommunikeer en die doelteksleser toegang tot 'n vreemde teks verleen, kan die vertaling as suksesvol beskou word.

3.6 'n Funksionalistiese benadering tot vertaalteorie

Uit die vorige afdeling kan 'n mens aflei dat die verskil tussen die linguïstiese en tekslinguïstiese benadering en die funksionalistiese benadering is dat die konsep *ekwivalensie* by hierdie twee benaderings verskil. By die funksionalistiese benadering word daar wegbeweeg van die idee dat die doelteks ekwivalent moet wees aan die bronteks vir die vertaling om as suksesvol beskou te word. Hierdie idee van die aanpassing van 'n teks vir sy teikengehoor kom uit die funksionalistiese benadering van die vertaalteorie wat deur Reiß geformuleer is. Reiß (1971, in Nord 1991:4) het vasgestel dat die doel van die doelteks nie noodwendig die doel van die bronteks is nie en dat die teks dus aangepas of herskryf moet word om aan hierdie nuwe doel te voldoen. Die maatstaf vir 'n goeie vertaling binne hierdie benadering is met ander woorde nie meer, soos by die linguïstiese en tekslinguïstiese benaderings, die bronteks nie. Die bronteks word as't ware "onttroon" en binne die funksionalistiese benadering word daar eerder gefokus op die funksie van die doelteks, asook dat daar aan die verwagtinge van die doeltekslesers voldoen moet

¹⁰ Hierdie benadering tot die begrip sal dan ook in hierdie tesis gevolg word.

word en dat die vertaalstrategieë wat gevolg word, daardeur bepaal word. Daar word dus pragmaties na 'n vertaling gekyk.

Nord (1991:6) noem dat vertaling binne die funksionalistiese benadering nie in 'n vakuum plaasvind nie. Daar is altyd 'n rede waarom 'n vertaling moet plaasvind – en die rede hiervoor is die funksie wat die doelteks vir die doeltekslesers, in hulle doelkultuur, moet vervul. Binne die funksionalistiese benadering vind daar voor en tydens die vertaalproses deurgaans besluitneming plaas. Die vertaler neem nie bloot lukrake besluite wat die vertaling betref nie, maar kan elke besluit wat geneem word, regverdig. Spies (2009) bevestig dat bewuste besluitneming konsekwent deur die vertaalproses plaasgevind het.

3.6.1 Skopos

Vermeer noem die funksionalistiese benadering wat hy postuleer die skoposteorie, wat 'n teorie van doelgerigte handeling behels (Nord 1997b:12). Volgens Vermeer se skoposteorie is die hoofprinsiep wat die vertaalproses bepaal, die skopos van die oorkoepelende taak van vertaling.

Volgens Vermeer se "skoposreël" moet vertaalstrategieë gebruik word om die doel van die vertaling, soos uiteengesit in die skopos, te bereik. Hy sê dat die doelwit die metode van vertaling, wat dit ook al mag wees, regverdig (Reiß & Vermeer 1984, in Nord 1997b:29). Die doelteksfunksie hoef nie gelyk aan die bronteksfunksie te wees nie, solank die doelteksfunksie dit is wat binne die skopos van die vertaling val. Dit verskil van die tekslinguistiese benadering waar die funksie van die doelteks dieselfde as dié van die bronteks moet wees.

Vermeer (1989a, in Nord 1997b:29) verduidelik die skoposreël soos volg:

Each text is produced for a given purpose and should serve this purpose. The *Skopos* rule thus reads as follows: translate/interpret/ speak/write in a way that enables your text/translation to function in the situation in which it is used and with the people who want to use it and precisely in the way they want it to function.

Reiß en Vermeer (in Munday 2001:79) stel verder vier basiese reëls, in volgorde van belangrikheid, binne die oorkoepelende skoposteorie voor:

1. Die finale weergawe van die doelteks word bepaal deur sy skopos en die rol wat dit in die doelkultuur sal speel.
2. Die rol van die bronteks in die bronkultuur kan verskil van die rol van die doelteks in die doelkultuur.
3. Die doelteks moet die ontvanger (doelteksleser) se situasie en voorafkennis in ag neem – die teks moet dus intern koherent wees.
4. Die doelteks moet getrou (*faithful*) wees aan die bronteks – die teks moet dus koherent met die bronteks wees.

3.6.2 Die vertaalopdrag/-spesifikasie

In plaas van om slegs na die bronteks te kyk (soos in die retrospektiewe vertaalbenaderings), word daar deur Vermeer 'n nuwe riglyn voorgestel, naamlik die vertaalopdrag/-spesifikasie (*translation brief*) om effektiewe kommunikasie tussen die bronteks se outeur en die doelteksleser te bewerkstellig. Hierdie spesifikasie sit die skopos vir die vertaling uiteen en kyk byvoorbeeld na aspekte soos die kliënt en doeltekslesers van die vertaling, die doel van die vertaling en die doeltekstipe (Harvey 1998:279,280,281). Uiteindelik dien die vertaalspesifikasie en die mate waarin die doelteks voldoen aan die spesifikasies hierin vervat, as die maatstaf waaraan die sukses van die vertaling gemeet word.

Die skopos van die vertaling word dikwels tussen die kliënt en die vertaler onderhandel, veral indien die kliënt slegs 'n vae idee, of selfs verkeerde idee het van watter tipe teks die doelteks vir die spesifieke situasie moet wees. 'n Mens kan dus sien dat 'n denkproses plaasvind wat besluitneming insluit, reeds voordat daar met die werklike vertaling begin word. Aangesien die kliënt meestal minder van 'n ekspert in interkulturele kommunikasie as die vertaler is, gee die kliënt dikwels nie eksplisiete aanwysings in die vertaalspesifikasie nie. Die vertaler moet dan dikwels self vertaalspesifikasies opstel namate hy/sy die skopos van die vertaling definieer, soos Spies dan ook in haar *Inleiding tot Die Agterhuis* (Spies 2007) doen.

Die vertaalspesifikasie stel die parameters vir die vertaaltaak en Harvey (1998:279) onderskei tussen veral vier komponente wat die vertaalspesifikasie dek:

1. *Die inisieerder van die vertaling*: Die persoon/maatskappy/agentskap wat besluit dat 'n teks vertaal moet word en sodoende die vertaalopdrag gee.

2. *Die primêre lesers van die vertaling (doelteklesers)*: Dit is nie noodwendig (onder andere) die inisieerder nie.
3. *Die doel van die vertaling*: Reiß en Vermeer se skopos.
4. *Die doeltekstipe*: Die doeltekstipe (of genre) mag verskil van die brontekstipe. Dit is byvoorbeeld die herskep van die dagboek van Anne Frank in 'n drama of roman.

Deur na die nosie (*notion*) van 'n vertaalopdrag/-spesifikasie te kyk, kan 'n mens 'n paar afleidings maak wat die grondbeginsels van die funksionalistiese benadering betref. Die funksionalistiese model se uitgangspunt is om vertaling pragmaties te benader. Die konteks en die kultuur van die doelteks en die doeltekleser moet in ag geneem word. Nord (1997b:22,23) beskou vertaling as 'n kommunikatiewe sowel as 'n interkulturele handeling. Die funksionalistiese benadering tot vertaling werk dus goed by 'n teks waarin daar baie kultuuraspekte voorkom, soos *Het Achterhuis*.

3.6.3 Aanpassing en kompensasie

Die konsepte *aanpassing (adaption)* en *kompensasie (compensation)* is ook deel van die funksionalistiese benadering. Aanpassing behels die herskep van 'n teks as 'n heel nuwe teks en nie meer soos by die linguistiese en tekslinguistiese benaderings, as bloot 'n herkodering van die bronteks nie. Dit is byvoorbeeld 'n boek soos *Don Quixote* wat omskep word in 'n kinderboekweergawe om dit vir sy nuwe teikengehoor (naamlik kinders) toeganklik te maak. Dit kan ook byvoorbeeld die omskakeling van 'n antieke teks, soos Homerus se *Ilias*, vir 'n moderne gehoor behels (Feinauer 2008). Die behoeftes van die brontekleser kan deur die vertaalspesifikasie bepaal word en speel 'n deurslaggewende rol in die besluitneming tydens die vertaalproses (Harvey 1998:267). Daar moet ook deurgaans na die spesifikasie terugverwys word om te bepaal waar die teks aangepas moet word en waar nie (Feinauer 2008).

Die vertaler moet ook dikwels van kompensasie gebruik maak om die teks meer geskik vir die doeltekleser te maak. Kompensasie word veral as vertaalstrategie gebruik waar daar 'n verlies is aan stillistiese effek binne 'n vertaling. Hier kom die aspek van interpretasie ook ter sprake. Die interpretatiewe aard van die vertaaltaak behels dat die vertaler besluit watter effek oorgedra moet word en of daar gekompenseer moet word vir die verlies aan die krag van die boodskap vanweë

vertaling (Harvey 1995:270). Dit behels dus 'n vryheid *vir*, eerder as 'n vryheid *van* die bronteks.

3.6.4 Funksie en lojaliteit

Heelwat praktiserende vertalers en teoretici het Vermeer se skoposteorie verkeerdelik as 'n noodwendige wegbeweeg van die bronteks beskou. Aangesien hierdie skoposteorie dus dikwels as ontoeganklik of prakties onuitvoerbaar beskou is, was dit vir Nord nodig om hierdie benadering meer toeganklik te maak (Feinauer 2008). Gevolglik gee sy aandag aan twee konsepte, naamlik konvensie (*convention*) en lojaliteit (*loyalty*). Vermeer (1998:53) verduidelik ook later dat 'n goeie balans tussen die vertaler se vryheid en verantwoordelikheid gehandhaaf moet word. Die skopos bepaal die strategie vir vertaling en verskaf vryheid en verantwoordelikheid vir die uitvoer van die vertaaltaak (Vermeer 1998:56).

Volgens Nord (2001:185) is daar die eerste keer na lojaliteit verwys om erkenning te gee aan die kultuurspesifiekheid van vertaalkonsepte. Sy voer aan dat dit 'n etiese beperking op die andersins onbeperkte reeks van moontlike skopoi, of doelstellings, vir die vertaling van enige bronteks plaas. 'n Verantwoordelikheid (groter as dié wat Vermeer ten opsigte van die vertaler impliseer) rus nou direk op die vertaler. Die lojaliteitskonsep is bedoel om die intertekstuele verhouding tussen die doelteks en die bronteks te vervang. Waar daar binne die linguistiese en tekslinguistiese benaderings gefokus word op die getrouheid (*faithfulness* en *fidelity*) wat linguistiese en stilistiese ekwivalensie van die doelteks tot die bronteks betref, word getrouheid binne die funksionalistiese benadering uit 'n kommunikatiewe oogpunt beskou (Nord 2001:185). Volgens haar word 'n vertaling as getrou beskou as dit die kommunikatiewe doel van die bronteks so akkuraat moontlik in die doelteks oordra. Sy gaan selfs so ver om te sê dat defekte in die teks verskoon kan word, solank kommunikasie nie daardeur verhinder word nie (Nord 2001:188). Die verantwoordelikheid lê dus by die vertaler om te bepaal of die vertaalproses suksesvol plaasgevind het, op grond van wat die spesifikasies in die vertaalopdrag was (Walker, Kruger & Andréws 1995:107).

Die funksionalistiese benadering tot vertaling fokus op die feit dat vertaling binne 'n kulturele situasie plaasvind, en dikwels met twee verskillende kulture as bronteks- en doelkultuur. Kultuurverskille en hierdie kulturele konvensies, sowel as 'n spesifieke gemeenskap se vertaalkonvensies, moet dus in ag geneem word. Vermeer (1986a,

in Nord 1997b:33) se konsep van kultuur is gebaseer op Göhring se definisie, wat op sy beurt gebaseer is op Goodenough se definisie. Volgens Vermeer (1978a, in en vertaal deur Nord 1997b:33) is kultuur:

The entire setting of norms and conventions an individual as a member of his society must know in order to be "like everybody" – or to be able to be different from everybody.

Göhring (1978, in en vertaal deur Nord 1997b:33) definieer kultuur soos volg:

Culture is whatever one has to know, master or feel in order to judge whether or not a particular form of behaviour shown by members of a community in their various roles conforms to general expectations, and in order to behave in this community in accordance with general expectations unless one is prepared to bear the consequences of unaccepted behaviour.

Dit is dus vir die vertaler belangrik om eerstens die verwysings in die brontekst te verstaan om die brontekst reg te kan interpreteer en tweedens om bewus te wees van die konvensies in die doelkultuur om die doelteks aanvaarbaar vir die doeltekslesers te maak. Die doelteks moet aan die doeltekslesers se verwagtinge voldoen. Vermeer (1998:50) sê dat die *primêre* doel (skopos) van vertaling is om 'n doelteks daar te stel wat optimaal in die doelkultuur kan funksioneer.

Volgens Nord (2001:195) het die vertaler 'n verantwoordelikheid (wat sy lojaliteit noem) teenoor die teikengehoor (wie se norme en konvensies in gedagte gehou moet word) sowel as die brontekssender, wie se kommunikatiewe doelstellings nie totaal en al verander of omgeswaai moet word nie. Haar benadering berus dus op twee pilare, naamlik funksionaliteit (die doel om die doelteks vir al die doelkultuurontvangers toeganklik te maak) en lojaliteit (om al die intensies en verwagtinge van ál die betrokke partye in die kommunikatiewe interaksie van vertaling in ag te neem).

Volgens Feinauer (2008) postuleer Nord, en later ook Vermeer (1998:57) se teorie dat 'n vertaler mag besluit om konvensies agterweë te laat, maar dat lojaliteit hom/haar sal verplig om ernstige aanpassings aan die betrokke partye (veral die doeltekslesers, asook soms die inisieerders) te verduidelik.

3.6.5 *Funksionalisme en literêre vertaling*

Volgens Nord (1988, in Nord 1997b) kan die funksionalistiese benadering tot vertaling op die vertaling van literêre tekste toegepas word. Nord (1997b) praat ook, soos Lefevere in afdeling 2.8.3, van die magte betrokke by 'n vertaling. Die magte betrokke by literêre vertaling is die sender (of outeur), die sender se bedoeling, die ontvangers (bron- en doeltekslesers), die medium (byvoorbeeld geskrewe), plek, tyd en motief, die boodskap, en die effek (of funksie).

Die funksionalistiese benadering is ideaal vir literêre vertaling, aangesien die vertaler die bronteks en die sender se intensie met hierdie teks moet verstaan, sowel as om bewus te wees van die doeltekslesers se kulturele kennis, hulle sosiokulturele omgewing en vorige leeservaring (Nord 1997b:85). Verwys na die voorbeeld van *Don Quixote* in afdeling 3.6.3.

Nord (1997b:86) noem dat die funksie van die literêre doelteks, soos reeds genoem, gebaseer word op 'n interpretasie van die sender se intensie, asook op die doelkultuur se voorafkennis, sowel as die verwagting van die doelteksleser. Tradisioneel word daar van literêre vertalings verwag om te begin by die konsep van ekwivalensie. Verder word daar ook by literêre vertaling van die vertaler verwag om nie slegs die boodskap van die bronteks weer te gee nie, maar ook om die spesifieke *manier* waarop die boodskap in die bronteks uitgedruk word, te behou (Reiß 1971, in Nord 1997b:89).

Behalwe hiervoor, is nog 'n vereiste wat aan literêre vertalings gestel word, dat die vertaalde teks 'n onafhanklike teks, of kunswerk, moet wees, wat parallel aan die bronteks staan (cf. Fitts 1959:33). Die ideaal vir die doelteks kan ook beskryf word as 'n metamorfose van die doelteks, wat daartoe in staat is om in 'n ander kultuur te kan oorleef (cf. Benjamin 1932). Verder moet die doelteks ook die literêre struktuur van die bronteks produseer (cf. Dedecius 1986:144). Dit behels byvoorbeeld die genre, artistiese waarde en linguistiese estetika van die bronteks (cf. Reiß 1986:214). Hierdie eienskappe moet gevolglik die doelkultuur verryk (cf. Friedrich 1965:8) en die doeltekslesers moet daardeur verstaan dat die bronteks die moeite werd was/is om te vertaal (cf. Nord 1989:55). (Nord 1997b:89).

Reiß (1976, in Nord 1997b, vertaal deur Chesterman, in Koller 1979:103) sê 'n literêre vertaling

[...] orients itself towards the particular character of the work of art, taking as its guiding principle the author's creative will. Lexis, syntax, style, structure are manipulated in such a way that they bring about in the target language an aesthetic effect which is analogous to the expressive individual character of the source text.

Al hierdie aspekte behels dat daar 'n mate van ekwivalensie tussen die bronteks en die doelteks bewerkstellig moet word. Nord (1997b:89-93) gee vier voorstelle/oplossings uit 'n skopos-perspektief vir vier van die vereistes van ekwivalensie wat gestel word. Sien Tabel 2.

Tabel 2: Ekwivalensievereistes by literêre vertaling en die oplossings daarvoor uit die skoposteorie:

Ekwivalensievereiste	Oplossing (vlg. Skoposteorie)
Die vertaler se interpretasie moet identies aan dié van die sender wees.	Die vertaler interpreteer die bronteks nie net volgens die sender se intensie nie, maar ook ten opsigte van die versoenbaarheid daarvan met die sender se intensie.
Die vertaler moet die sender se intensie op sodanige manier verbaliseer dat die doelteks dieselfde funksie in die doelkultuur moet bereik as wat die bronteks in die bronkultuur bereik.	Die doelteks moet op sodanige manier saamgestel word dat dit sy funksie(s) in die doelsituasie vervul, terwyl dit steeds versoenbaar is met die sender se intensie.
Die doelteksleser moet die tekswêreld van die vertaling verstaan op dieselfde manier waarop die bronteksleser die wêreld van die bronteks verstaan.	Die tekswêreld van die doelteks moet gekies word volgens die bedoelde doelteksfunksie.
Die effek/uitwerking wat die doelteks op die doelteksleser het, moet dieselfde wees as die effek wat die bronteks op die bronteksleser het.	Die kode-elemente moet op sodanige manier gekies word dat die doeltekseffek/uitwerking met die bedoelde doelteksfunksies ooreenstem.

Inligting uit: Nord (1997b:89-93)

Uit hierdie tabel kan 'n mens sien dat die funksionalistiese benadering tot literêre vertaling ook vooruitskouend werk, met die doelteksleser en sy verwagtinge wat in ag geneem word en die doelteks se funksie wat as maatstaf vir die sukses van die

vertaling dien. Tog word die bronteks steeds as belangrik in die vertaalproses beskou en steeds in ag geneem. Die mate waarin die bronteks en die outeur van die bronteks in ag geneem word, hang af van die magsrol wat onder andere hierdie twee elemente speel (afdeling 2.8.3).

3.6.6 Gevolgtrekking

Binne die funksionalistiese benadering moet daar dus 'n doelteks geskep word, wat konformeer met die vereistes van die inisieerder se opdrag en wat in die doelkultuur aanvaar sal word (Walker, Kruger & Andréws 1995:106). Die funksionalistiese benadering laat ruimte daarvoor dat die vertaling 'n onafhanklike teks kan wees. Vertaling raak hierdeur 'n eenrigtingproses – die vertaling is onomkeerbaar en sogenaamde "*back translation*" kan meestal nie plaasvind nie. Die doelteks kan dus nie vertaal word om presies dieselfde teks as die bronteks te produseer nie.

Funksionalisme word dikwels as die "ideale vertaalbenadering" beskou, aangesien die mate van lojaliteit aan die bronteks en die mate waartoe die doelteksleser en kultuuraspekte in ag geneem word, relatief is tot wat die vertaalopdrag/-spesifikasie vereis. In hierdie benadering kan daar dus vertalings geskep word wat baie letterlik is en na aan die bronteks bly, tot vertalings wat heeltemal afwyk van die bronteks tot só 'n mate dat die bronteks skaars herkenbaar is (sien afdeling 3.7.3 vir die manipulasieteorie).

3.7 Deskriptiewe vertaalstudies

Soos gesien kan word met die ontwikkeling van die funksionalistiese benadering tot vertaling en die kulturele wending is daar wegbeweeg van die idee dat daar sekere vaste kriteria vir 'n suksesvolle vertaling is. Die besef dat vertaling verskillende kriteria kan hê vir sukses, het tot 'n beweeg in die rigting van deskriptiewe vertaalstudies (DTS)¹¹ gelei. Vertaalteoretici het eerder begin fokus op die beskrywing van hoe vertalings *lyk*, as om voor te skryf hoe vertalings *behoort te lyk*. Daar is wegbeweeg van 'n *preskriptiewe benadering* na 'n *deskriptiewe benadering* tot vertaalteorie. In hierdie tesis word daar, soos reeds genoem, beskrywend/deskriptief met die vertaling van *Het Achterhuis* te werk gegaan.

¹¹ Die afkorting DTS word gebruik aangesien dit 'n bekende term in die vertaalwetenskap is. Dit verwys na die Engelse term vir deskriptiewe vertaalstudies, naamlik *Descriptive Translation Studies*.

Vertaalstudie/-wetenskap verdeel in drie interaktiewe vertakkings, naamlik die teoretiese, die deskriptiewe en die toegepaste vertakking (Ulrych & Bosinelli 1999:220-221). Die deskriptiewe vertakking is die een wat die minste aandag geniet. Toury (1995a:2) argumenteer dat daar altyd binne 'n dissipline of wetenskap 'n gaping is tussen die toegepaste (die praktyk) en die onderliggende faktore wat dit beïnvloed (die teorie). Hy sê dat daar binne die vertaalstudie pogings aangewend word om hierdie gaping te oorbrug om die teorie en die praktyk nader aan mekaar te bring, maar dat daar nogtans baie min aandag aan die deskriptiewe sy van die wetenskap gegee word. Toury (1985:16) is egter van mening dat geen empiriese wetenskap (soos dié van die vertaalwetenskap) volledig en (relatief) outonoom kan wees sonder 'n goed ontwikkelde deskriptiewe vertakking nie.

Die behoefte aan 'n meer ontwikkelde deskriptiewe tak in die vertaalwetenskap, het in die laat sewentigerjare gelei tot die ontwikkeling van deskriptiewe vertaalstudies, of Descriptive Translation Studies (DTS) in Engels, met Toury as die sogenaamde "vader" van DTS (Feinauer 2008:2).


DTS vergelyk veral literêre brontekste en doelt tekste en dien dus as instrument om die verhouding tussen die oorspronklike teks en sy vertaling te bestudeer en dit dan te beskryf (Naudé 2000:10). Toury verwerp die idee dat die doel van vertaalteorie is om die kwaliteit van vertalings te verbeter en beweer dat DTS dit bloot ten doel stel om, soos genoem, 'n empiriese (deskriptiewe) verslaggewing van bestudeerde vertalings te wees (Bassnett 2002:7).

Holmes (1988, in Van Leuven-Swart:1992:60) sê opsommend dat die doelstelling van DTS is om die verskynsel van vertaling en vertalings te beskryf soos dit in ons leefwêreld voorkom. Verder sê hy dat die doelstelling daarvan is om uiteindelik algemene beginsels (norme) te vestig waardeur hierdie verskillende verskynsels verduidelik en voorspel kan word.

Volgens Toury (1991:182) stel die rolspelers binne die DTS hulle ten doel om rekenskap te gee van die verskynsel van vertaling as sodanig, van dié van die vertaalde teks, van die prosesse wat plaasvind in die oorkoepelende proses om

hierdie tekste te skep en om rekenskap te gee van die maniere waarop funksie¹², proses en produk mekaar kan bepaal en wel bepaal.

Hierdie stelling wat Toury maak, is afkomstig van Holmes se interne organisasie van DTS. Volgens Holmes ressorteer DTS onder die "suiwer" tak van die vertaalwetenskap. Holmes verdeel dan hierdie baie prominente tak in drie verdere vertakkings, naamlik die produkgeoriënteerde, prosesgeoriënteerde en funksiegeoriënteerde onderafdelings. Sien figuur 2:



Figuur 2: Holmes se basiese "kaart" van vertaalwetenskap (in Toury 1995a:10, *ei vertaling*)


Vertaling kan dus as 'n proses sowel as 'n produk beskou word en daarvolgens beskryf word. Dit kan ook beskryf word volgens die funksie wat die vertaling moet vervul. Navorsing in al drie hierdie rigtings word ook binne die DTS gedoen (Toury 1995a:10).

- Die produkgeoriënteerde analise behels die analise van die vertaalproduk, met ander woorde die doelteks as vertaalde teks, sowel as onafhanklike teks. Daar word ook gekyk na hoe hierdie teks in sy nuwe kulturele omgewing/literêre sisteem optree.
- Die prosesgeoriënteerde analise kyk na die besluitneming tydens die vertaalproses.


¹² Die term "funksie" word binne DTS in die semiotiese sin gebruik, as die "waarde" wat toegeken word aan die item wat aan 'n sekere sisteem behoort (Toury 1995a:12).

- Die funksiegeoriënteerde analise behels hoe die doeltteks in die literêre sisteem/doelkultuur funksioneer. Daar word dus na die pragmatiek, konteks en sosiale en kulturele aspekte rondom die vertaling gekyk.

Hierdie drie subkategorieë onder die deskriptiewe vertakking moet egter nie as onafhanklik van mekaar beskou word nie – daar bestaan 'n onderlinge verhouding tussen hulle, soos geïllustreer in figuur 3.1 en 3.2:



Figuur 3.1: Die verhouding tussen funksie, produk en proses in vertaling (Toury 1995a:13, *eie vertaling*)



Figuur 3.2: Die vernaamste verhoudings binne DTS (Toury 1995a:10, *eie vertaling*)

Volgens Schäffner (1998, in Schäffner 2003:8) beskryf DTS vertalings as faktore van doelsisteme. Toury ondersoek byvoorbeeld besluitneming in vertaling en vertaalnorme. Hy redeneer dat die vertaalproses die doeltteksleser in

ooreenstemming sal bring met die normsisteem van norme wat die literêre sisteem in 'n kultuur beheers. Een van die belangrikste aspekte waaroor die deskriptiewe vertaalteoretici begaan is, is die uitwerking van vertaalde tekste in die doelteksliteratuur (Schäffner 2003:8). Kulture word beskou as polisisteme waarin vertalings met "oorspronklike" tekste en genres meeding om aansien en mag (Even-Zohar 1978, in Schäffner 2003:8). Hermans (1985:10.11) som die rasionaal en metodologie onderliggend aan DTS soos volg op:

[The precepts of DTS consists in] a view of literature as a complex and dynamic system; a conviction that there should be continual interplay between theoretical models and practical case studies; an approach to literary translation which is descriptive, target-oriented, functional and systemic; and an interest in the norms and constraints that govern the production and reception of translation, in relation between translation and other types of text processing, and in the place and role of translations both within a given literature and in the interaction between literatures.

Die DTS-rolspelers kyk dus na vertalings buite geïsoleerde gevalle en tekste. Hulle beskou eerder die groter geheel, soos kollektiewe norme, die verwagtinge van die doeltekslesers, heersende norme, sinchroniese en diachroniese dwarsprofile van die literêre sisteem, of dele daarvan (Hermans 1985:13). DTS is dus sistemies van aard.


3.7.1 Die polisisteemteorie

Binne DTS word daar, soos vermeld, nie slegs gekyk na die vertaalde teks nie, maar ook na die sisteem waarin dit voorkom. Naudé (2000:10) noem dat die deskriptiwiste nie net rekenskap gee van die tekstuele strategieë in 'n vertaalde teks nie, maar ook rekenskap probeer gee van die manier waarop die vertaling in 'n doelkultuur- en literêre sisteem funksioneer. Dit is as't ware die teorie rondom 'n literêre sisteem, of polisisteem, wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van DTS en op sy beurt vorm die polisisteem, of sisteemteorie, weer 'n hoeksteen van DTS.

Die term "sisteem" is afgelei van die teorieë van die Russiese Formaliste, 'n groep literêre teoretici wat in die vroeë helfte van die twintigste eeu aktief was. In die vertaalteorie word 'n sisteem gedefinieer as 'n geordende verhoudingsnetwerk wat uit 'n bepaalde stel waarneembare, veronderstelde faktore bestaan (Even-Zohar

1990a:27). Die waarneembare faktore wat in hierdie definisie veronderstel word, is gewoonlik van 'n linguistiese, tekstuele, literêre of kulturele aard. 'n Sisteem is dus, volgens Toury (1980, in Shuttleworth & Cowie 1997:163) 'n "gestratifiseerde entiteit" wat deur die dinamiese interaksie van alle relevante faktore van 'n linguistiese, tekstuele, literêre of kulturele aard, geskep word.

Hierdie sisteemteoretiese benadering is in die sewentigerjare deur Even-Zohar, 'n Israeliese geleerde, ontwikkel tot 'n polisisteemteorie. Even-Zohar beskou, soos die deskriptiwiste, geen literêre werk as geïsoleer nie, maar glo dat hulle as deel van 'n literêre sisteem bestudeer moet word (Munday 2001:109). Hy gebruik dieselfde benadering as die Russiese Formaliste deur 'n literêre sisteem as 'n sisteem van funksies van die literêre orde te beskryf, wat in voortdurende interverhoudings met mekaar staan" (Tynjanov 1927/71, in Munday 2001:109). Sien figuur 4 vir 'n grafiese voorstelling van hierdie interaksie. Even-Zohar reageer egter teen die Formaliste se tradisionele estetiese benadering wat slegs die hoë literatuur in hulle sisteem insluit. Die term *polisisteem* dui juis aan dat verskeie sisteme binne hierdie een sisteem bestaan. Even-Zohar sluit sowel die hoë literatuur, as randliteratuur, soos kinderliteratuur, rillers en die hele sisteem van vertaalde literatuur by sy polisisteem in (Munday 2001:109).



Figuur 4: Interaksie in Even-Zohar se polisisteem

Even-Zohar fokus op die verhoudings tussen die sisteme in die kern (die gekanoniseerde werk), asook op die periferie (niegekanoniseerde werke) van die literêre sisteem (Hatim 2001:67). Hy bekyk ook die interaksie van die verskillende literêre sisteme met mekaar. Die polisisteem word soos volg deur Shuttleworth en Cowie (1997:176) gedefinieer:

The polysystem is conceived as a heterogeneous, hierarchized conglomerate (or system) of systems which interact to bring about an ongoing, dynamic process of evolution within the polysystem as a whole.

Binne die polisistiem vind daar deurgaans 'n dinamiese proses van evolusie plaas. Die hiërargie waarna daar in die definisie hierbo verwys word, behels dat daar in die polisistiem 'n posisionering en interaksie op 'n bepaalde historiese oomblik in die verskillende strata van hierdie polisistiem plaasvind. Volgens Even-Zohar, as die hoogste posisie deur 'n innoverende literêre tipe in beslag geneem word, sal die laer strata al hoe meer deur konserwatiewe tipes ingeneem word. As die konserwatiewe vorme weer bo is, sal innovering en hernuwing waarskynlik van die laer strata kom. As gevolg van hierdie voortdurende vloei en kompetisie, is die posisie van vertaalde letterkunde ook nie vasgestel nie – dit kan 'n primêre en 'n sekondêre posisie in die polisistiem beslaan (Munday 2001:110).

Volgens Even-Zohar (1990b:47) is daar drie hoofredes waarom vertaalde letterkunde die primêre posisie in die polisistiem kan inneem:

1. Wanneer 'n "jong" literatuur besig is om te vestig en dit probeer om so veel moontlik "vername" werke en literêre tipes/genres in sy eie taal oor te plaas om die taal as 'n literêre taal nuttig vir die totstandkomende leserspubliek te maak.
2. As 'n literatuur binne 'n sisteem "swak" of op die periferie is en literêre werke van gehalte ingevoer word. Dit kan gebeur wanneer 'n kleiner nasie gedomineer word deur die kultuur van 'n groter een. In so 'n geval mag alle literatuur in die kern, uit vertaalde literatuur bestaan (Munday 2001:110).
3. Wanneer daar 'n kritieke wending in 'n literêre geskiedenis is waar gevestigde modelle nie meer as genoegsaam beskou word nie, of wanneer daar 'n vakuum in die literatuur in die literêre sisteem ontstaan. In so 'n vakuum is dit maklik vir vreemde modelle om die sisteem te infiltreer en sodoende 'n sentrale posisie in daardie sisteem in te neem (Even-Zohar 1990b:48).

Even-Zohar (1990b:49) is van mening dat die normale, of konvensionele posisie van vertaalde literatuur egter op die periferie van die polisistiem is, maar dat vertaalde literatuur ook verdeel is deurdat party vertaalde werke meer prominent as ander is. Vertaalde werke van vername literêre brontekste sal dus 'n meer primêre posisie as

ander inneem. Tans wys die verkope van *Die Agterhuis* dat die vertaling van hierdie vername werk in Afrikaans wel goed deur die Suid-Afrikaanse, spesifiek die Afrikaanse leserspubliek, ontvang word (Spies 2009). Of hierdie werk wel vernaam in die Afrikaanse literêre polisteem sal word, sal 'n mens eers met verloop van tyd kan waarneem/bepaal.

Wat die posisie van 'n vertaalde werk, of 'n groep vertaalde werke in 'n sekere polisteem kan bepaal, is dikwels die sogenaamde "magte" wat 'n invloed op vertalings uitoefen (verwys na afdeling 2.8.3) (Even-Zohar 1990a:34-43):

1. Die produsent(e) en (die outeur/s) van die bronteks.
2. Die gebruiker(s) (die leser/s) van die bron- en doelteks.
3. Die instelling (die faktore wat literatuur as 'n sosiokulturele aktiwiteit onderhou – byvoorbeeld uitgewershuise).
4. Die mark (die faktore wat die koop en verkoop van die produk beïnvloed).
5. Die repertoire (die algemene reëls en materiaal wat die maak en die gebruik van die produk beïnvloed, behalwe dat die vertaling toeganklik moet wees, moet dit ook verkrygbaar wees).
6. Die produk (van letterkunde – gewoonlik 'n teks, en die status daarvan).

Even-Zohar beweer dat vertaalde letterkunde na *aanvaarbaarheid (acceptability)* neig wanneer dit in die periferie val, en na *geskiktheid (adequateness)* wanneer dit in die kern van die literêre polisteem staan (Chang 2007:1). Terwyl 'n vertaalde werk nog nie binne 'n polisteem gekanoniseer is nie, word die sukses daarvan met ander woorde daarvolgens bepaal of die werk deur die doeltekslesers binne hulle kultuur as aanvaarbaar beskou word, ongeag of dit by die konvensies van die literêre sisteem hou. Soos die vertaalde werk nader aan die kanon van die literatuur beweeg, word daar al meer klem daarop geplaas dat die vertaling aan sekere standaarde, of norme, of konvensies binne die doelkultuur moet voldoen.

Die polisteemteorie dra by tot die DTS-benadering tot vertaling waar vertaling nie in 'n vakuum beskou word nie, maar waar eksterne invloede, soos ander literêre werke en sisteme (binne die sisteembenadering), 'n rol speel. Toury (1995a:10) beskryf die belangrikheid van hierdie benadering soos volg:

What is missing is not isolated attempts reflecting excellent intuitions and supplying fine insights (which many existing studies certainly do), but a systematic branch proceeding from clear assumptions and armed with a methodology and research techniques made as explicit as possible and justified within translation studies itself. Only a branch of this kind can ensure that the findings of individual studies will be intersubjectively testable and comparable, and the studies themselves replicable (Toury 1995a:3).

Toury (1995a:36-39) stel 'n drie-fase-metodologie voor wat die beskrywing van die vertaalprodukt en die wyer rol van die sosiokulturele sisteem inkorporeer:

1. Plaas die teks binne die doelkultuursisteem deur te kyk na sy betekenis en belangrikheid of aanvaarbaarheid.
2. Vergelyk die bronteks en die doelteks vir verskuiwings, om verhoudings tussen pare van bronteks- en doeltekssegmente te identifiseer en om te poog om veralgemenings oor die onderliggende konsep van vertaling te maak.
3. Bepaal implikasies vir besluitneming vir vertalings wat in die toekoms gemaak word.

Die doel van Toury se benadering tot vertaling is volgens Munday (2001:113) om tendense van vertaalgedrag te bepaal/te onderskei, om veralgemenings te maak oor die besluitnemingsproses, en om dan vertaalnorme te herkonstrueer en hipoteses op te stel wat deur verdere deskriptiewe studies getoets kan word.

3.7.2 *Deskriptiewe vertaalstudies en norme*

Toury, die hoofrolspeler in DTS, het saam met Even-Zohar in die sewentigerjare in Tel Aviv gewerk. Toury het saam met Even-Zohar oor die polisisteem navorsing gedoen, veral met betrekking tot sosiokulturele omstandighede wat die vertaling van vreemde tekste in Hebreeus bepaal. Na hierdie werk het hy daarop gefokus om 'n algemene teorie vir vertaling te ontwikkel. Hy het uit die polisisteemteorie, en soos genoem, na aanleiding van Holmes se "kaart" vir vertaalstudies, 'n sistemiese beskrywende tak vir vertaalteorie ontwikkel om die geïsoleerde vrystaande studies wat tot op daardie stadium bestaan het, te vervang (Munday 2001:111). Hy het veral ook gefokus op die rol van norme en konvensies by vertaling.

Tydens vertaling vind daar voortdurend 'n uitruiling tussen kulture plaas. Norme word volgens Toury (1995a:55) as sosiokulturele beperkinge eie aan 'n kultuur,

gemeenskap en tyd beskou. Hy beskou vertaling as 'n aktiwiteit wat deur norme beheers word en hierdie norme bepaal weer die tipe en reikwydte van ekwivalensie wat in werklike vertalings na vore kom (Toury 1995a:61).

Toury (1995a:55) definieer die konsep "norm" soos volg:

Norms are the translation of general values or ideas shared by a community – as to what is right and wrong, adequate or inadequate – into performance instructions appropriate for and applicable to particular situations.

Norme bepaal byvoorbeeld watter materiaal in 'n bepaalde polisistiem vertaal word, deur wie dit vertaal word, hoe dit vertaal word en hoe dit ontvang word deur die doeltekslesers binne hulle kultuur.

Binne DTS behoort die fokus, soos genoem, beskrywend – nie voorskriftelik nie – te wees. Hermans (1988, in Van Leuven-Swart 1992:49) beskryf hierdie normatiewe benadering soos volg:

[...] dit type onderzoek (wil) nasporende welke algemene en spesifieke *normen* bij het vertalen gehanteerd werden en waarom, welke *weerklink* een gegeven vertaling [...] in die periode of in dat genre gehad heeft en hoe dát te verklaren is, en uiteindelyk: hoe dat hele vertaalwezen (selectie, normen, praktyk, reeptie) zich, historiesh gezien, tot de plaatselike literaire, culturele en maatschappelyke strukturen verhoudt.


Norme stel egter ook volgens Toury 'n stel "reëls" binne 'n sisteem daar, waarvolgens vertaal moet word vir 'n vertaling om in die sekere kultuur aanvaar te word en as geskik beskou te word. 'n Mens kan hierdeur sien dat die doelstelling van die deskriptiewe vak van vertaling veronderstel is om slegs deskriptief te wees, maar dat dit in die praktyk egter ook preskriptief is.

Soos reeds genoem, is die doel van 'n vertaling om suksesvolle interkulturele kommunikasie te laat plaasvind. Volgens Chesterman (1997:163) moet vertaalde tekste in 'n doelkultuur ingebed word, op welke manier ook al as geskik beskou word. Die mate waarin norme gevolg of geïgnoreer word, kan bepaal of 'n geskikte of aanvaarbare vertaling binne die doelkultuur geskep kan word, al dan nie.

Toury (1995b:200-204) onderskei tussen drie hoofnorme in vertaling, naamlik aanvanklike (*initial*) norme, voorlopige (*preliminary*) norme en operasionele (*operational*) norme.

1. *Aanvanklike norme* behels die vertaler se besluitneming ten opsigte van 'n algehele strategie of oriëntering teenoor die vertaling. Dit behels of daar deur die vertaling gestreef word na 'n vertaling wat voldoende/geskik (*adequate*) is in vergelyking met die bronteks, of aanvaarbaar (*acceptable*)¹³ is vir die doelteksleser. (Toury 1995b:200,201). Sien figuur 5 wat die verhouding tussen Toury se aanvanklike norm en 'n aanvaarbare of geskikte vertaling voorstel.
2. *Voorlopige norme* behels die norme wat bepaal watter tekste vertaal word. Vertaalbeleid verwys na die faktore wat bepaal watter tekstipes of individuele tekste ingevoer word na 'n spesifieke taal/kultuur/literêre sisteem op 'n spesifieke tydstep. Dit behels ook byvoorbeeld die keuse of daar vertaal word uit 'n oorspronklike bronteks (direkte vertaling) of uit 'n bestaande vertaling (indirekte vertaling) (Toury 1995b:202).
3. *Operasionele norme* behels dat besluitneming daarop gerig word om werklik 'n vertaling te produseer wat op hierdie besluite gebaseer is. Twee tipes norme word hier onderskei, naamlik grondbeginselnorme en tekslinguistiese norme (Toury 1995b:202,203).
 - a. Grondbeginselnorme bepaal strategieë en benaderings wat op makrovlak, of in die makrostruktuur van die vertaling, toegepas word. Dit behels byvoorbeeld uitlatings, byvoegings en of 'n teks in die vertaling gemanipuleer word.
 - b. Tekslinguistiese norme bepaal strategieë en benaderings wat op mikrovlak, of in die mikrostruktuur van die vertaling, toegepas word. Dit behels byvoorbeeld keuses ten opsigte van woordkeuse, of sinskonstruksie.

¹³ 'n *Geskikte (adequate)* vertaling behels dat daar sover moontlik na die bronteks as riglyn vir 'n vertaling gekyk word en *aanvaarbaarheid (acceptability)* behels dat daar sover moontlik op die doelteksleser en sy/haar kultuur gefokus word as riglyn vir die vertaling. In die eerste geval word daar getrou, of lojaal aan die bronteks gebly, terwyl die tweede benadering 'n wegbeweeg van die vertaalnorme van die brontekssisteem na die norme van die doelteksisteem behels (Toury 1995b:200,201).



Figuur 5: Toury se aanvanklike norm en die kontinuum van gesikite en aanvaarbare vertalings (Munday 2001:114, *eie vertaling*)

Toury (1995b:208) onderskei ook tussen verskillende vlakke van norme aan die hand van Jay Jackson ('n Amerikaanse sosioloog) se "*Return Potential Curve*" wat die verspreiding van goedkeuring/afkeuring van lede van 'n sosiale groep ten opsigte van die verteenwoordiging van norme aandui. Hierdie model dui daarop dat die intensiteit van norme se belangrikheid of vooropgesteldheid in 'n gemeenskap kan wissel.

Gentzler (1993, in Munday 2001:117) beskou Toury se metodologie vir DTS as 'n belangrike stap in die rigting van 'n stewige grondslag vir verdere deskriptiewe werk. Hy noem vier aspekte van Toury se teorie wat 'n belangrike impak op vertaalstudies gemaak het:

1. 'n Verskuiwing van die linguistiese benadering tot die term ekwivalensie na 'n meer pragmatiese benadering tot ooreenstemming, asook die wegbeweeg van die idee dat ekwivalensie 'n voorwaarde vir 'n goeie vertaling moet wees.
2. Die betrokkenheid van literêre tendense binne die doelkultuursisteem in die produksie van enige vertaalde teks.
3. Die destabilisering van die idee van 'n oorspronklike boodskap met 'n vaste identiteit.
4. Die integrasie van beide die oorspronklike teks (die bronteks) en die vertaalde teks (die doelteks) in die semiotiese web van oorvleuelende kulturele sisteme.

Die ontwikkeling van DTS hou egter nie by Toury se teorie op nie. Vertaalteoretici soos Lefevere, Kitty van Leuven-Zwart, Chesterman, Lambert en Van Gorp het byvoorbeeld hulle eie benaderings of vertakkings van deskriptiewe vertaalstudies ontwikkel. Een van hierdie vertakkings is die sogenaamde manipulasie/herskryfteorie wat in die volgende afdeling bespreek sal word.

3.7.3 Die Manipulasieteorie

Na aanleiding van Even-Zohar se polisisteesemteorie, het Lefevere sy eie sisteemkonsep, met sy eie kategorieë en terme, gedefinieer. In teenstelling met Even-Zohar se polisisteesemteorie, plaas Lefevere se sisteemteorie meer klem op die interaksie tussen die sisteem en die omgewing, op die sisteem se interne organisasie en op beheermeganismes (Hermans 1999b:125). Lefevere (1985:224) beklemtoon veral die idee van 'n "oop sisteem" en dat die literêre sisteem nie in 'n vakuum voorkom nie, maar in interaksie met die omgewing is.

Dit is uit Lefevere se idee van vertaalde tekste wat interaktief met hulle omgewing omgaan, dat die neiging van "herskrywing", of "manipulasie", om by hierdie omgewing aan te pas, ontwikkel het.

Die manipulasieteorie sluit aan by die deskriptiewe vertaalteorie, aangesien dit ook daarop fokus om vertalings te beskryf, eerder as om preskriptief te wees. Dit fokus veral ook daarop dat daar dikwels, om sekere redes wat in hierdie afdeling bespreek sal word, wegbeweeg moet word van norme of konvensies om 'n aanvaarbare, geskikte of voldoende vertaling te lewer.

Volgens Hermans (1985:10) het daar sedert die sewentigerjare 'n beweging ontstaan waarin 'n internasionale groep akademici en studente gepoog het om oor die dooie punt te kom waarin literêre vertaling dit bevind het. Hulle doel was om 'n nuwe paradigma vir die studie van literêre vertaling daar te stel op grond van omvattende teoretiese en praktiese navorsing. Hermans (1985:10-11) som die uitgangspunte kortliks as volg op:

1. Die beskouing van die letterkunde as 'n komplekse en dinamiese sisteem. (Vergelyk Even-Zohar se polisisteesemteorie in afdeling 3.7.1.)
2. Die idee dat daar deurgaans samewerking tussen teoretiese modelle en praktiese gevallestudies moet wees.
3. 'n Benadering tot literêre vertaling wat deskriptief, doelteksgesoriënteerd, funksioneel en sistemies is.
4. 'n Belangstelling in die norme en beperkinge wat die produksie en resepsie van vertalings beïnvloed (sien afdeling 2.8.3).
5. 'n Belangstelling in die verhouding tussen die vertaling en ander tipes teksprosessering.

6. 'n Belangstelling in die rol wat vertalings in 'n gegewe literêre sisteem, sowel as in die interaksie tussen verskillende letterkunde-sisteme, speel.

Wat (1) betref, is daar in die vorige afdelings bespreek hoe alle letterkundige werke, ook vertalings, 'n plek in die literêre sisteem van 'n bepaalde kultuur, of taal, kry. Hier het 'n mens te doen met die voortdurende spanning tussen die kern en die periferie: die kanoniserings, al dan nie, van tekste sowel as die voortgaande magsbalans, of meestal magswánbalans, wat in hierdie sisteme voorkom. Hermans (1985:11) noem dat daar voortdurend 'n stryd om dominansie tussen die sisteem se onderskeie lae en subafdelings is. Hierdie magskwessie is volgens die manipuliste 'n belangrike invloed, sowel as 'n beperking, op die vertaling van tekste. Die mag binne hierdie sisteme kan bepaal hoe, asook of, 'n bepaalde teks vertaal sal word. Dit hou daarmee verband dat vertalings hulle eie subsisteme binne literêre sisteme vorm, of ander kere in die kanon van daardie spesifieke literêre sisteem opgeneem word (Hermans 1985:11).

Soos by (2) gesien kan word, is 'n belangrike uitgangspunt vir die manipuliste die idee dat die vertaalteorie op die vertaalpraktyk toegepas moet word, asook dat die praktiese voorbeelde tot teoretiese konseptualisering moet lei. Hermans (1985:12) beskou die "teorie" as 'n sistematiese raamwerk om data in te samel, te orden en te verduidelik. Hy sê dat teorie eerstens 'n konseptuele patroon is, maar dat dit ook as 'n instrument vir ontdekking kan dien en dus van kognitiewe én heuristiese waarde is.

3.7.3.1 Benaderings

Hermans (1985:10) onderskei by (3) tussen die manipuliste se vier belangrike benaderings tot die vertaalteorie, naamlik dat dit *deskriptief*, *doelteksgereiënteerd*, *funksioneel* en *sistematies* is.

Aangesien die manipulasieteorie onder DTS val, geld dieselfde benaderingswyse hier wat vroeër in hierdie afdeling bespreek is. Die uitgangspunt van die manipulasieteorie is nie om preskriptief met vertaalde tekste om te gaan nie, maar om *deskriptief* te wees in die sin dat vertalings, die invloede daarop en die denkprosesse en strategieë wat daartoe lei, beskryf moet kan word. 'n Oordeel word nie gefel oor óf die kwaliteit, óf die geslaagdheid van die vertaling nie. Van Leuven-Swart (1992:89), ook 'n belangrike manipulis, beskou die manipuliste se

benaderingswyse as deskriptief, met ander woorde beskrywend en nie voorskriftelik nie sowel as nienormatief. Die doel is dus nie, soos Toury wel beweer, om standaarde te stel wat as riglyne vir toekomstige vertalings moet dien nie.

Aansluitend by die deskriptiewe aard van die manipuliste, is die feit dat rolspelers soos Lambert en Van Gorp (1985:45-47) modelle ontwikkel het waarvolgens vertalings sistematies volgens sekere kriteria beskryf word. Hulle is van mening dat daar op makrovlak én mikrovlak na vertaalde literatuur gekyk moet word. Lambert en Van Gorp se model verskaf 'n riglyn vir 'n sistematiese analise en beskrywing van literêre vertalings, deur byvoorbeeld by die voorwerk te begin, dan na aspekte soos die tema en titels te kyk en laastens mikro-aspekte soos rym en perspektief te beskou (Lambert & Van Gorp 1985:46-47). Hierdie benadering is gebaseer op Toury (1995b:202,203) se operasionele norme (grondbeginselnorme op makrovlak en tekslinguistiese norme op mikrovlak) soos bespreek in afdeling 3.7.2.

Alhoewel die uitgangspunt van die manipuliste is om deskriptief te wees, kom dit steeds daarop neer dat hulle tog evaluerend optree en 'n kriterium opstel waarvolgens hulle ekwivalensie, of die geslaagdheid van 'n vertaling, bepaal. Volgens die manipuliste is ekwivalensie tussen die bronteks en die doelteks nie iets wat nágestreef word nie, maar eerder 'n gevólg, of resultaat, wat uit vertaling spruit. Die doel wat eintlik deur vertaling nagestreef moet word, is om die boodskap korrek, oftewel op 'n aanvaarbare wyse, aan die doelteksleser oor te dra sodat hy/sy die boodskap kan interpreteer soos die bronteksleser dit oorspronklik sou begryp het. Die oordrag van die boodskap moet ook vir die doelteksleser in sy of haar doelkultuur aanvaarbaar wees. Indien die vertaling in hierdie opsigte slaag, word dit as 'n "ekwivalent" van die doelteks beskou. Lefevere (1982:243) wat 'n groot bydrae tot die manipulasieteorie gelewer het, voer aan dat 'n "goeie" vertaling dus een is wat tot die doelteksgehoor spreek. Toury (1995, in Ulrych & Bosinelli 1999:226) noem ook dat 'n vertaling 'n sukses is as dit aan die norme van die doeltekstaal en doelkultuur voldoen. 'n Mens kan hieruit dus die tweede benadering van die manipuliste aflei, naamlik die doelteksgeoriënteerdheid. Die vertaling word beskryf en beoordeel vanaf die doelteksleser se perspektief, binne sy of haar kultuur.

Derdens volg die manipuliste 'n funksionele¹⁴ benadering. Dit behels die beskrywing van die funksie van vertaalde literatuur binne die historiese konteks daarvan (Van

¹⁴ In die sin dat dit waarde toevoeg tot die sisteem.

Leuven-Swart 1992:89). 'n Meer onlangse funksionele benadering is om te poog om op 'n funksionele manier rekenskap te gee vir die tekstuele strategieë wat bepaal hoe 'n bepaalde vertaling lyk, asook watter funksie vertalings vir die doelliteratuur dien. By eersgenoemde word daar gekyk na die vertaalnorme en die beperkinge en aannames wat 'n rol speel in die vertaling van 'n teks. Laasgenoemde behels die impak van 'n vertaling in sy nuwe omgewing – byvoorbeeld of dit aanvaar, of verwerp word deur die nuwe doelsisteem (Hermans 1986:13)

Die laaste benadering wat Hermans noem, is die sistemiese benadering. Soos al gesê, beskou die deskriptiewe vertaalteoretici, asook die manipuliste, alle soorte letterkunde (ook vertaalde letterkunde) as deel van sisteme en subsisteme. Daar word verby die geïsoleerde tekste beweeg en gekyk na die tekste in verhouding tot ander tekste. Daar word ook gekyk na die "groter geheel", naamlik kollektiewe norme, die verwagtinge van die doelteksleser, die tydperk waarin die vertaling geproduseer word, die sisteem waartoe die teks behoort, asook interverhoudings met omliggende literêre sisteme, sowel as nieliterêre sisteme. Hiermee poog die manipuliste om 'n breër kontekstuele raamwerk vir individuele verskynsels te verskaf, sowel as om grootskaalse en langtermynpatrone en tendense te ontdek (Hermans 1985:13-14).

3.7.3.2 Belangstellings

Soos genoem, is daar veral drie aspekte waarop die manipuliste hulle belangstelling fokus.

Die eerste aspek is 'n belangstelling in die *norme en beperkinge* (4) wat die produksie en resepsie van vertalings beïnvloed (Hermans 1985:10). 'n Sekere taal en kultuur se norme sal bepaal hóé en óf sekere tekste in daardie taal vertaal word. Invloede soos ideologie, mag, en die ekonomie, kan ook beperkinge plaas op wat, sowel as hoe tekste in 'n sekere taal en kultuur vertaal word. Hierdie norme en beperkinge oefen ook 'n invloed uit op hoe die vertaalde tekste uiteindelik deur die doelteksleser in die doeltekstaal en doelkultuur ontvang word.

Verder is die manipuliste ook geïnteresseerd in die *verhouding tussen die vertaling en ander tipes teksprosessering* (5) (Hermans 1985:10,11). Hier kom die sisteemteorie weer ter sprake en kyk die manipuliste na die interaksie tussen vertaalde tekste en ander tekste wat op die een of ander manier verwerk is binne 'n

bepaalde sisteem of subsisteem. 'n Mens kan verwag dat hierdie interaksie of verhouding ook 'n invloed sal hê op die strategieë wat tydens vertaling toegepas word en hoe die vertalings uiteindelik sal lyk.

Wat ook met die polisisteemteorie verband hou, is die belangstelling in *die rol wat vertalings in 'n gegewe literêre sisteem speel* (6) (Hermans 1985:11). Dit sluit onder andere in tot watter mate die vertaalde tekste oor mag beskik en of hulle gekanoniseer is, of op die randgebied van die sisteem voorkom. Hier kan 'n mens ook kyk na die belangrikheid van vertalings binne 'n bepaalde literêre sisteem, deurdat daar byvoorbeeld meer status aan 'n literêre sisteem gegee word indien gekanoniseerde werke vertaal word en dan in hierdie ánder sisteem opgeneem word. *Die rol wat vertalings in die interaksie tussen verskillende literêre sisteme speel* (6), is dus ook vir die manipuliste van belang. Die belangrikheid van vertalings as gemanipuleerde tekste sal ook later in die tesis bespreek word.

'n Mens kan dus sien dat die interaksie tussen die teoretiese en die praktiese sy van vertaling vir die manipuliste van groot belang is. Alhoewel daar ook uiteenlopende persoonlike style en belange onder die verskillende lede van die groep bestaan, is daar fundamentele aspekte waaroor hierdie groep saamstem. Dit sluit die bogenoemde uitgangspunte in, soos deur Hermans (1985) vervat.

3.7.3.3 Die skep van 'n nuwe teks deur middel van vertaling

Tekste word dus deur middel van vertaling in nuwe tekste omskep deurdat dit herskryf of gemanipuleer word om by 'n nuwe teikengehoor aanklank te vind. André Lefevere (1982:233-248) redeneer dat literêre sisteme (vergelyk Evan-Zohar se polisisteemteorie in afdeling 3.7.1) nie in 'n vakuum voorkom nie en dat daar verskeie aspekte is wat 'n invloed op vertaling uitoefen. Hy sê 'n mens kan nie slegs na die teks kyk nie, maar moet ook die instellings wat sy produksie beïnvloed het, in ag neem, byvoorbeeld die pragmatiek en kulturele data.

Daar is aanvanklik na hierdie tendens van herskrywing as "dekonstruksie" verwys, wat 'n negatiewe konnotasie aan die begrip verleen het. In 1985 is die term met "herskrywing" vervang, wat meer positief ontvang is (Hermans 1999b:127). Bassnett (2002:6) beskou hierdie nuwe benadering ook as 'n herdefiniëring van die terme "getrouheid" en "ekwivalensie", aangesien die sukses hiervan nou by die doeltekstleser lê, in plaas daarvan om aan die bronteks gemeet te word. Sy verplaas

die klemverskuiwing van dekonstruksie na herskrywing en beskou vertaling as 'n manier van kreatiewe herskrywing. Die beginsel van die manipulasie van tekste word nou dus as belangrik beskou aangesien dit tekste toeganklik vir die doelteksleser in die doelkultuur te maak en dus as 'n kommunikatiewe instrument dien.

'n Ander term wat dikwels vir herskrywing gebruik word, is Lefevere se begrip, "refraksie". Hy vergelyk die vertaalproses met lig wat deur 'n spektrum opgebreek, of gefrakteer word en dan aan die ander kant steeds as dieselfde lig, maar in 'n ander vorm, weerspieël word (Lefevere 1982:234). Dit kan behels dat die boodskap, betekenis en funksie van die bronteks verander of behoue bly, solank dit vir die doelteksleser aanvaarbaar en verstaanbaar in sy/haar doelkultuur is en die funksie vervul wat daar van die doelteks in daardie bepaalde situasie verwag word. Kommunikasie kan dan eers werklik plaasvind. Nord (1991:16) som dit soos volg op:

As a product of the author's intention, the text remains provisional until it is received by its recipient. It is the reception that completes the communicative situation and defines the function of the text: the text as a communicative act is "completed" by the recipient.

Die vertaler word volgens Bassnet (2002:6) as 'n "bevryder" beskou wat die teks van sy vaste oorspronklike vorm bevry en dit nie meer ondergeskik aan die bronteks maak nie. Die doelteks word nou sigbaar as 'n teks in eie reg. Hierdeur word die gaping tussen die bronteksouteur, bronteks en bronkultuur asook die doelteksleser en doelkultuur oorbrug en inter-, oftewel transkulturele kommunikasie kan plaasvind.

3.8 Ideologie en vertaling

Ideologie behels binne die vertaalteorie en studie van interkulturele kommunikasie die kennis, oortuigings en waardestelsels van 'n individu en die gemeenskap waarin hy/sy hom/haar bevind wat betrokke is by die vertaling (Munday 2007:196). Net soos die persone betrokke by vertaling verskillende ideologiese oortuigings kan hê, kan hierdie ideologieë neerslag in die vertalings vind en die vertaling self ook ideologies oriënteer. Tymoczko (2003:183) definieer die ideologie van 'n vertaling soos volg:

The ideology of a translation resides not simply in the text translated, but in the voicing and stance of the translator, and in its relevance to the receiving audience. These latter features are affected by the place of enunciation of the

translator: indeed they are part of what we mean by the "place" of enunciation, for that "place" is an ideological positioning as well as geographical or temporal one.

Ideologie speel 'n belangrike rol in die oorwegings, keuses en besluite wat met 'n vertaling gepaard gaan. Die vertaler en die doeltekslesers se ideologiese oortuigings, of omstandighede, soos politieke klimaat, tyd en plek (wat ideologies van aard is) kan bepaal wat en hoe daar op 'n bepaalde tyd en plek, en binne 'n bepaalde kultuur, vertaal word.

Die sogenaamde ideologiese wending het op die kulturele wending, waarna daar in afdeling 3.3 verwys is, gevolg. Daar is eers op die woord as eenheid vir vertaling gefokus, later op die teks en later is die kulturele aspekte ook in ag geneem by vertalings. Met die ideologiese wending is daar begin fokus op die ideologiese faktore wat vertaalbenaderings en -strategieë bepaal. Dit behels dat 'n vertaling gedoen word deur na die ideologie van die doelteksleser binne sy kultuur te kyk. Die vertaler neem dus aspekte soos kultuur, gender, geloof, demografie en politiek in ag tydens vertaling en maak ook besluite oor spesifiek hoe hierdie aspekte in die doelteks hanteer gaan word.

Vir die doel van hierdie studie sal daar gefokus word op die ideologiese benadering veral ten opsigte van kultuur. Die manipulasieteorie, wat in die vorige afdeling bespreek is, kan beskou word as die resultaat/uiteinde van die ideologiese wending aangesien doeltekste dikwels gemanipuleer word in 'n bepaalde ideologiese rigting. Lefevere (1992:xi) bestempel 'n vertaling as 'n herskrywing (tot 'n mindere of meerdere mate) van die oorspronklike teks en die vertaler moet besluit in hoe 'n mate en op watter vlak 'n teks gemanipuleer moet/mag word om 'n doelteks te produseer. Lefevere (1992:9) som dit binne interkulturele vertaling soos volg op:

[...] translation is the most obviously recognizable type of rewriting [...] it is potentially the most influential because it is able to project the image of an author and/or (a series of) work(s) in another culture, lifting that author and/or those works beyond the boundaries of their culture of origin.

Lefevere (1992:59) gebruik die verskillende vertalings van die dagboek van Anne Frank as voorbeeld van die rol wat ideologie in vertaling speel en die impak wat dit op 'n vertaling kan hê. Verskillende Anne Franks (verskillende beelde van die

dagboekskrywer/outeur) is volgens hom deur middel van vertaling gekonstrueer. Die dagboeke is byvoorbeeld deur vertaling herskryf en ideologiese verwysings is dikwels in die doeltekste uitgelaat (sien afdeling 2.8). Die passasies waar Anne skryf oor die emansipasie van vroue word dikwels in vertalings uitgelaat, (Lefevere 1992:64) en in sekere Duitse en Franse vertalings is daar ook byvoorbeeld geen poging aangewend om die mengsel van tale wat in die bronteks voorkom, in die doelteks weer te gee nie (Lefevere 1992:69). Aangesien taal so sterk ideologies van aard is, of sterk ideologiese betekenis het, veral binne die konteks van *Het Achterhuis* word daar in daardie vertalings as't ware ideologies geneutraliseer.

3.8.1 Ideologie as mag

In afdeling 2.8.3 is die magte wat vertaling beïnvloed, bespreek. Ideologie en die ideologieë van persone betrokke by vertaling is belangrike magsagente wat by vertalings betrokke is en bepaal nie net wat en hoe vertaal word nie, maar ook hoe die vertaling self ideologies daar sal uitsien. Aspekte soos die outeur, die opdraggewer van die vertaling, die vertaler, die patronaat, poëtika, die ekonomie en literêre (poli)sisteem kan as belangrike magsagente beskou word. Die mag berus dikwels by die vertaler as interkulturele ekspert om 'n besluit te neem hoe om 'n teks te vertaal – veral byvoorbeeld hoe om kulturele verwysings te hanteer. Hierdie besluite is ideologies van aard en dikwels sal 'n vertaler se eie agenda of kennis bepaal watter vertaalbesluite geneem word en watter vertaalstrategieë en vertaalbenaderings gevolg word. Dit kan bewus of onbewus geskied (Gentzler 2002:216).

Ideologie, dikwels in sy manifestering as "mag", het toenemend sentraal in die vertaalwetenskap geraak (Cunico & Munday 2007:141). Dit is ook waarom daar dikwels na die ideologiese wending as die "magswending" verwys word. Hierdie mag kan ideologiese motiverings en/of beperkinge behels (Lefevere 1992:8). Die ideologiese/magswending verwys na 'n nuwe/hernieude fokus op die ideologiese belangrikheid van die handeling van vertaling en die ideologiese oorwegings wat by die vertaling in ag geneem moet word. Dit verwys selfs meer spesifiek na die veranderde perspektief binne die vertaalwetenskap waar vertalings as ideologiese weerstand (byvoorbeeld teen koloniale magte en hulle ideologieë, of teen die outeur ter wille van die doelteksleser) gesien word (Leung 2002:129). Die kulturele wending het dus 'n bewusmaking van die invloed van kultuur op vertaling veroorsaak, terwyl

die ideologiese wending behels hoe mag kulturele produksie affekteer (Leung 2002:130), met ander woorde, hoe kultuur in vertalings hanteer word.

Daar is reeds 'n paar keer genoem dat vertaling deur middel van sosiale en kulturele faktore beperk word. Of norme verbeek word, is nou verwant aan die motivering vir vertaling. As sosiale en kulturele agente werk vertalers binne 'n sekere konteks of sekere kontekste. Hulle het sekere doelstellings om te bereik, persoonlike of kollektiewe belange om na te volg en materiële en simboliese aandeel wat op die spel is (He Xianbin 2007:25). Volgens He Xianbin (2007:25) hang dit van 'n gemeenskap, of 'n literêre sisteem af, óf en in watter mate, norme of konvensies verbreek of verontagsaam word. Binne die Anglo-Amerikaanse tradisie word daar byvoorbeeld meestal by die tradisies, konvensies en norme van die doelkultuursisteem gehou¹⁵.

3.8.2 Ideologie en postkolonialisme

Tydens die koloniale era is taal as 'n instrument van dominansie gebruik. Die gekolonialiseerdes is deur taalbeleid en mag gedwing om die tale van die kolonialiseerders aan te neem en te gebruik. Hulle, en dan ook die inheemse tale wat hulle gepraat het, is onderdruk deur die tale van dié wat oor hulle mag uitgeoefen het, byvoorbeeld Frans, Portugees en Duits in Afrika en Engels en Nederlands in Indië. Werke wat tydens die koloniale era vertaal is, is só vertaal dat die doeltekste aangepas het by die kultuur en konvensies van die kolonialiseerders en dus vreemd was vir die gekolonialiseerdes. Tydens die koloniale era is Indiese tekste byvoorbeeld om en by 1783 deur Sir William Jones in Engels vertaal en is dit tot so 'n mate gedomestikeer (sien afdeling 3.8.3.1) dat hy dit in 'n "province of European learning" verander het. Indiese eienskappe is dus nie in hierdie vertalings weerspieël nie en daar is so ver van die brontekselemente wegbeweeg dat die doelteksleser glad nie meer kon herken dat sodanige teks oorspronklik (die bronteks) Indies was nie. Hierdeur het daar 'n al groter magtswanbalans ontstaan en die onderdrukke tale het "minderheidstale" geword, terwyl die tale van die kolonialiseerders al magtiger geword het (Aguilar-Amat & Santamaria 1998:74).

Binne postkoloniale denke het daar 'n verskuiwing plaasgevind na 'n inagneming van die gekolonialiseerdes se kultuur en konvensies (Meylaerts 2002:95). Net soos die kolonialiseerders onthef is van die mag oor hulle kolonies, is daar by vertaling ook

¹⁵ Die domestikeringsbenadering, wat in afdeling 3.9.4.1 bespreek word.

ontslae geraak van die beperkinge wat die kolonialiseerders op vertalings (asook oorspronklike vorme van letterkunde) geplaas het. Waar vertalings vroeër aan die norme en bepalinge van die (hoofsaaklik) Westerse kolonialiseerders moes voldoen, kan vertalings nou meer etnies wees.

Achebe (in Snell-Hornby 2006:93-95) noem dat postkolonialistiese Engelse literatuur (dit sluit vertalings in) nie Engels hoef te gebruik wat soos die moedertaalspreker s'n klink nie. 'n "Nuwe" Engels kan as't ware ontstaan, wat die uniekheid van verskillende sprekers daarvan se kultuur weerspieël. 'n Engels wat eens universeel was, kan nou meer divers raak en aanpas om by sy nuwe omgewing (aan) te pas. 'n Hibriediese teks kan ook geproduseer word wat elemente van sowel die brontekstaal en bronkultuur as die doeltekstaal en doelkultuur bevat. Deur die postkolonialistiese benaderings is die homogeniteit van die Anglo-Amerikaanse Engels dus verbreek en 'n heterogene Engels het tot stand gekom wat nie slegs deur/binne die norme en konvensies van Amerikaanse en Britse Engels aanvaar word nie.

Nog 'n verandering wat na die koloniale era in vertaalstudies teweeggebring is, is dat daar nie slegs meer in Europese (kolonialiseerders se) tale vir Europeërs vertaal word nie. Vertaling uit Engels en Frans word ook byvoorbeeld in tale van voormalig gekolonialiseerde lande en in minderheidstale vertaal. Dit stel (dikwels prominente) tekste vir voorheen gekolonialiseerdes in hulle eie taal beskikbaar (Bassnett & Trivedi 1999, in Snell-Hornby 2006:96).

Volgens Meylaerts (2002:95) word die klem in postkoloniale denke geplaas daarop om die kulturele identiteit van alle groepe in ag te neem. Daar word gefokus op taalheterogeniteit, taalpluraliteit en multilinguïsmie (Meylaerts 2002:85). Volgens Aguilar-Amat & Santamaria (1998:79) is die universele riglyn vandag om respek te hê vir diversiteit en vir die individuele eienskappe van tale en kulture.

Vandag is die neiging dat daar in minderheidstale vertaal moet word en dat minderheidsgroepe se kultuur in die tekste behoue moet bly. In die vertaling van *Het Achterhuis* in Afrikaans gebeur die teenoorgestelde egter. Alhoewel die bronkultuur behoue bly in die doelteks, is dit die kultuur van 'n magtiger taal en groep, naamlik Nederlands en die Nederlanders, terwyl die postkolonialistiese neiging is om meer mag aan minderheidstale, soos Afrikaans, te gee. As 'n voorbeeld hiervan, is Anne

Frank se bekende dagboek nou ook in Afrikaans vertaal, wat 'n minderheidstaal is wat vroeër deur Engels onderdruk is en ondergeskik beskou is aan Engels.

Die ideologiese wending is dus teweeggebring deur veral postkolonialistiese bewegings. Dit word gekenmerk deur magsverskuiwing: postkolonialisme behels 'n magsverskuiwing van die Europese kolonialiseerders, na meer mag wat aan die gekolonialiseerdes en hulle taal en kultuur gegee word; poststrukuralisme behels 'n magsverskuiwing van die outeur en bronteks na die vertaler en doelteks.

3.8.3 Ideologiesgebonde vertaalbenaderings

Vertaling behels deurgaans die balansering van magte van die partye wat betrokke daarby is. Die ideologiese wending sluit dus goed aan by funksionalisme, waar beide die bronteks en sy outeur, sowel as die doelteksleser in ag geneem word. Daar is egter geen middeweg waar 'n vertaling neutraal en ontdaan is van alle kulturele en ideologiese verwysings nie. In vertalings bly daar ook altyd iets van die bronteks behoue (Lefevere [1982:494] verwys hierna as Lecercle se "domestic remainder") en word daar, aangesien die teks in 'n nuwe taal vertaal word, noodwendig iets van die doelkultuur bygevoeg. Die vertaler interpreteer ook altyd die bronteks op sy/haar eie manier en vertaal altyd vanuit sy/haar agenda (Gentzler 2002:216). Daar is twee benaderings wat hoofsaaklik ten opsigte van kultuur gevolg word, naamlik domestikering en vervreemding. Dikwels behels vertalings 'n kombinasie van hierdie twee benaderings.

In 'n al hoe meer geglobaliseerde wêreld word die kommunikasie oor kultuurgrense al hoe belangriker. Om effektief oor hierdie kultuurgrense heen te kommunikeer deur middel van vertaling, is dit belangrik dat die vertaler sekere aspekte deeglik moet oorweeg voor daar vertaal word. Vertaling is dus, soos daar by funksionalisme na verwys is, 'n handeling wat deurgaans met besluitneming gepaard gaan.

Taal en kultuur is albei belangrike faktore wat in ag geneem word by die vertaling van *Het Achterhuis*. Hierdie twee konsepte is onomstootlik baie nou verwant, aangesien die uitdrukking van kultuur deur taal (woorde en uitdrukkings) geskied.

Bronislaw Malinowski (1938, in Katan 2004:99) beskryf hierdie verhouding soos volg:

[...] language is essentially rooted in the reality of culture [...] it cannot be explained without constant reference to these broader contexts of verbal utterance.

Om 'n effektiewe vertaling en kultuuroordrag te bewerkstellig, is dit dan belangrik om strategieë aan te wend wat hierdie linguistiese en kulturele verwantskappe en verskille in ag neem (Nida 1964:130).

Aangesien daar verskillende magte is wat sal bepaal of en hoe 'n teks vertaal word, kan 'n mens aflei dat hierdie oorwegings ideologies van aard is. Verskillende faktore sal bepaal tot hoe 'n mate daar by die bronkultuur gehou word en of daar by die doelkultuur aangepas word. Hierdie twee benaderings is ideologies van aard en staan bekend as domestikering en vervreemding.

Volgens Friedrich Schleiermacher ('n Duitse vertaalteoretikus en filosoof uit die negentiende eeu) is daar twee strategieë wat in (veral kultuurgebonde) vertaling gevolg kan word (Venuti 1998:240). Die een is om die doelteksleser nader aan die outeur, of die bronteks, te laat beweeg en die ander is om die outeur of bronteks nader aan die doelteksleser te laat beweeg. Die eerste metode word deur Venuti (1995 in Yuan & Wan-jun 2007:74) as "vervreemding" en die tweede as "domestikering" bestempel.

3.8.3.1 Domestikering

Domestikering is 'n strategie wat behels dat 'n deursigtige, vloeiende styl in die doelteks gebruik word om die vreemdheid of andersheid van die vreemde teks vir die doelteksleser te minimaliseer. Dit maak die doelteks vir die doelteksleser aanvaarbaar en toeganklik, aangesien die doelteksleser hom/haar met die teks kan vereenselwig en dit kan verstaan (Venuti 1995, in Shuttleworth & Cowie 1997:44). Venuti (2000:468) beskryf domestikering as "investing the foreign-language text with domestic significance". Volgens Venuti (2000:468) vind nie slegs oordrag uit die vreemde teks plaas nie, maar word die domestiese intellek en belange wat saamhang met die bronteks, as't ware in die doelteks *geïnskribeer* (*inscribed*). Die bronteks word dus in so 'n mate herskryf, of gemanipuleer, dat dit op byvoorbeeld kultuurvlak heeltemal wegbeweeg van die bronteks. Die doelteks bevat dus nie meer, of hoofsaaklik nie meer vreemde elemente nie. Dit raak as't ware 'n "nuwe" teks, onafhanklik van die bronteks, en lees nie soos 'n vertaling nie (Venuti

2000:468-471). Die outeur van die bronteks gaan dus, soos vroeër genoem, as't ware "dood" en die vertaler raak deur middel van domestikering 'n onsigbare tussenganger.

Dit is veral vir tegniese tekste, of advertensietekste nodig om gedomestikeer te word, aangesien dit in hierdie tekste besonder belangrik is dat die doeltteksleser die teks moet verstaan en korrek moet interpreteer. Wat literêre tekste betref, bepleit Venuti egter die vervreemdingstrategie, aangesien hy die mag in die vertaalproses van literêre werke eerder in die hande van die outeur van die bronteks plaas. Dit geld veral dan vir gekanoniseerde tekste of skrywers (Venuti 2000:468-470).

3.8.3.2 Vervreemding

Vervreemding is 'n strategie waar die doelteks geproduseer word deur doelbewus die doeltekstaal- en doelkultuurkonvensies verbreek om iets van die vreemdheid of die andersheid van die oorspronklike teks te behou (Venuti 1995, in Shuttleworth & Cowie 1997:59). Hierdie vreemdheid of andersheid word deur Venuti (2000:468-469) as wêreldlike interkulturele kommunikasie (in teenstelling met "domestiese inskripsie" [*domestic inscription*]) beskou. Hy glo dat die vreemdheid wat in die doelteks voorkom, die kanon van die doeltekstaal en doeltekskultuur kan verryk indien die doelteks in die literêre sisteem van die doelteksleser opgeneem word (Venuti 2000:468-470).

Venuti (2000:470) voer aan dat aspekte van die bronteks soos die styl, tydperk waarin dit afspeel, genre, historiese en geografiese merkers, sowel as name behou moet word in die doelteks. Oor die vertaling van die dagboek van Anne Frank sal hy byvoorbeeld sê dat die doelteksleser bewus daarvan moet wees dat dit 'n teks is wat in Nederlands geskryf is deur 'n jong meisie, Anne Frank, tydens die Tweede Wêreldoorlog in Nederland. Venuti (2000:470) stem saam met Abbé Prévost uit die agtiende eeu dat die outeur van die bronteks se intensie en die manier waarop hy/sy dit in woorde omskakel, behoue moet bly deur 'n vertaling.

A translated text should be the site where a different culture emerges, where a reader gets a glimpse of a cultural other, and resistancy, a translation strategy based on an aesthetic of discontinuity, can best preserve that difference, that otherness, by reminding the reader of the gains and losses in the translation process and the unbridgeable gaps between cultures (Venuti 1995:306).

Venuti is dus teen die sogenaamde "dood van die outeur" en glo dat die vreemde elemente asook daarmee saam die stem van die outeur eerder behoue moet bly. Hy glo dat die bronteks en die outeur in 'n mate gerespekteer moet word – dat daar lojaal gebly moet word aan die outeur, en getrou gebly moet word aan die bronteks, deur 'n vervreemdingsbenadering in literêre vertaling te volg. Tytler (1978, in Venuti 1995:58) beweer dat daar ook lojaal gebly moet word aan die kanon, of literêre sisteem, waaruit die bronteks geneem word om te vertaal:

I would therefore describe a good translation to be, that, in which the merit of the original work is so completely transfused into another language, as to be as distinctly, apprehended, and as strongly felt, by a native of the country to which that language belongs, as it is by those who speak the language of the original work.

Volgens Venuti (1995:1) behoort die doelteksleser bewus daarvan te wees dat hy/sy 'n vertaling lees, aangesien daar vreemde elemente in die teks voorkom, sowel as soms selfs vreemde taal. Die outeur se stem is waarneembaar in die doelteks, maar dit is volgens Venuti toe te skryf aan die vertaler se inmenging in die teks, aangesien die vertaler immers die bronteks in 'n ander taal weergee. Die vertaler behoort dus meer sigbaar te word en meer prominensie behoort aan die vertaler gegee te word.

Ondersteuners van vervreemding is van mening dat die vertaler nie noodwendig die bronteks hoef aan te pas sodat dit vir die doelteksleser helderder, duideliker, meer verstaanbaar, of aanvaarbaar hoef te wees nie. Die vervreemdingsbenadering behels dikwels dat 'n doelteks nie so gladweg soos die bronteks lees nie en die doelteksleser besonder bewus is daarvan dat hy/sy 'n vertaling lees. Venuti (1995:264) is byvoorbeeld gekant teen die "geweld" wat aan vertalings gedoen word deur middel van domestikering, veral deur herskrywing/manipulasie.

Venuti (2000:473-475) erken wel dat die vertaler nooit volkome aan sy lesers dieselfde interpretasie van die vreemde teks kan oordra soos die brontekslesers dit verstaan nie. Daar sal altyd oorgeleun word in die domestikeringsrigting. Jean-Jaques Lecercle (1990, in Venuti 2000:470,471) beskryf dit as die "domestic remainder" wat vrygestel word. Dit is omdat die bronteks herskryf word in 'n gedomestikeerde taal, diskoers, register en styl en dit lei tot die produksie van

tekstuele effekte wat slegs in die geskiedenis van die plaaslike taal en kultuur iets beteken.

3.9.5 Gevolgtrekking

Uit laasgenoemde kan 'n mens dus aflei dat daar plek is vir albei hierdie benaderings (domestikering en vervreemding) in literêre vertaling en die keuse daarvan afhang van verskeie veranderlikes soos die doel van die doelteks, die doelteksleser, die genre van die bronteks en die doelteksleser. In die vertaling van *Het Achterhuis* is daar, soos reeds genoem, besluit om so na moontlik aan die bronteks te bly om die outentiekheid daarvan te behou. Op kulturele, stilistiese, sowel as linguistiese vlak is daar dus meestal van die vervreemdingstrategie gebruik gemaak. Tog poog die vertaler om, soos Nida daarna verwys, die "naaste natuurlike ekwivalent" in Afrikaans vir die Nederlandse teks te gebruik, tensy die vertaler om 'n spesifieke rede die teks van die doelteksleser wil vervreem. 'n Domestikeringstrategie word dus wel ook in hierdie vertaling gebruik word.

Cai (2008) beskryf die balans tussen vervreemding en domestikering as "akkommodasie". Sy noem dat vertalings meestal van albei hierdie strategieë gebruik maak met die een as "primêre" en die ander as "sekondêre" strategie. In *Die Agterhuis* is vervreemding die primêre, en domestikering die sekondêre strategie.

Ter afsluiting, in 'n geglobaliseerde wêreld, waar kulture al hoe meer in kontak met mekaar kom, is dit vir vertalers belangrik om bewus te wees van hulle eie idees en wêreldbeskouinge wat 'n vertaling kan beïnvloed. Sodoende kan hulle die regte ideologiese besluite neem om die mees gepaste vertaalbenadering vir 'n spesifieke vertaling te kies. Nicole Brossard (in Gentzler 2002:216) beskryf hierdie veranderende rol van vertalers soos volg. Sy beskou vertalers as mede-outeurs wat aktief betrokke is by die produksie en samestelling van die doelteks. Postkolonialistiese vertaling kan dus beskou word as 'n kreatiewe handeling, die verbeelding van die teks, deelname aan die skep van kennis, en ook mag. Vertaling skep volgens haar nie slegs 'n blik op 'n verenigde, eksotiese "ander" nie, maar dit neem deel in die einste konstruksie daarvan. Nie net word vertaling deur ideologie beïnvloed nie, maar kan vertaling op sy beurt 'n impak op ideologie hê.

3.9 Samevatting

'n Mens kan dus sien dat daar vanaf die begin van die ontwikkeling van die vertaalwetenskap meer bewustheid oor die pragmatiek of konteks rondom vertalings ontwikkel is. Klem word veral vandag geplaas op die kultuur, norme, sisteme, magte en ideologieë wat met vertaling en vertalings gepaardgaan. Al hierdie aspekte, en nog meer, het 'n invloed op wat en hoe vertaal word.

Sekere vertaalteoretici het definisies ontwikkel oor wat hulle as 'n "goeie vertaling" of 'n "goeie vertaler" beskou. William Steward Rose som reeds in 1823 goed op wat die meeste vertalers tans ook as 'n goeie vertaling beskou:

The two characteristics of a good translation are, that it should be *faithful*, and that it should be *unconstrained*. Faithful, as well as rendering correctly the meaning of the original, as in exhibiting the general spirit which pervades it unconstrained, so as not to betray by its phraseology, by the collocation of its words, or construction of its sentences that it is only a copy (Venuti 1995:66).

En vir Schleiermacher (in Lefevere 1977:74) is 'n "ware vertaler" 'n skrywer wat twee heeltemal verwyderde persone – sy outeur en sy leser – bymekaar wil bring en wat laasgenoemde die eersgenoemde so korrek en volledig moontlik wil laat verstaan en laat geniet, sonder om hom uit te nooi om die sfeer van sy/haar moedertaal te verlaat. Hy som hierdeur goed op wat die belangrikheid van vertaling is – om die vreemde vir die doelteksleser toeganklik te maak in sy/haar eie taal, sodat interkulturele kommunikasie kan plaasvind. 'n Brug word deur middel van vertaling tussen die twee tale en kulture gebou sodat die bronteks aan soveel moontlik lesers toeganklik kan wees.

Alhoewel Spies nie 'n teoreties-geskoolde vertaler is nie, en dus nie bewus is van die vertaalteorieë wat bestaan, of bewus is van die verskillende benaderings en strategieë wat gevolg kan/behoort te word nie, het sy op haar eie wel onbewus van hierdie teorieë wat bespreek is, toegepas en van die benaderings en strategieë wat binne die vertaalteorie bestaan, gebruik in haar vertaling van *Het Achterhuis*. Dit bewys dat vertaalteorie, soos genoem, gevorm word op grond van die vertaalpraktyk.

Aangesien sy 'n baie goeie greep op beide Nederlands (brontekstaal) en Afrikaans (doeltekstaal) het, en ook die kultuur van sowel die Nederlanders as Afrikaners, of

Suid-Afrikaners, goed ken, kan sy as goeie bemiddelaar en interkulturele kommunikeerder tussen hierdie twee groepe optree.

Die teoretiese besprekings wat in hierdie hoofstuk gegee is, dien as 'n agtergrond waarteen die empiriese toepassing (op *Die Agterhuis*) in die volgende twee hoofstukke bespreek sal word. Daar sal hoofsaaklik beskrywend te werk gegaan word om die besluitneming, strategieë en benaderings wat deur die vertaler in die vertaling van *Het Achterhuis* in Afrikaans gevolg is, te ondersoek.

Hoofstuk 4


Makro-analise van die doelteks

4.1 Inleiding

Toury en ander deskriptiwiste dui dikwels aan dat die fundamentele swak punt van enige vertaalteorie is, dat dit nie die bevindinge van die sistematiese deskriptiewe studies in ag neem nie (Toury 1980, in Lambert & Van Gorp 1985:42). 'n Deskriptiewe benadering word derhalwe in die analise van die vertaling van *Het Achterhuis* gevolg¹⁶. Van der Broeck en Lefevere (1979, in Lambert & Van Gorp 1985:42) beklemtoon die noodsaaklikheid van deskriptiewe vertaalstudies, maar spesifiseer nie hoe dit uitgevoer moet word nie. José Lambert en Hendrik van Gorp (1985:42-53) stel 'n model saam vir die deskriptiewe analise van 'n vertaling. Hierdie skema is teoreties sowel as hipoteties. Dit wys watter verhoudings 'n rol kan speel in die produksie en vorming van werklike vertalings en watter verhoudings waargeneem kan word in die beskrywing van die vertaling. Dit bied 'n uitgebreide aantal vrae, eerder as 'n reeks tesestellings (Lambert & Van Gorp 1985:45). In hulle praktiese model fokus Lambert en Van Gorp (1985:48) op 'n teksanalise waarin vertaalbenaderings en -strategieë beskryf en getoets word. Hierdie model stel voor dat die teksanalise begin deur die insameling van inligting oor algemene makrostrukturele eienskappe van die doelteks. Daar moet ook bepaal word of die vertaling geïdentifiseer kan word as 'n vertaling, 'n aanpassing, of 'n imitasie en ook wat hierdie kategorisering behels en beteken. Hulle sê daar moet ook byvoorbeeld gekyk word of die vertaler se naam aangedui word en of die vertaler paratekstuele inligting en kommentaar verskaf. Deur hierdie aspekte in ag te neem, kan daar bepaal word wat die oorkoepelende vertaalbenadering is wat in die doelteks gevolg is (Lambert & Van Gorp 1985:48).

¹⁶ Kritiek sal egter, soos genoem, waar nodig gelewer word.


In die analise van *Die Agterhuis* en die vergelyking tussen die bronteks¹⁷ en die doeltteks word daar, soos Lambert en Van Gorp voorstel, eers na die makro-aspekte gekyk en hulle model (figuur 6) word ook dan hiervoor aangewend.



Figuur 6: Lambert en Van Gorp se model vir die analise van 'n vertaling: makrovlak (Lambert & Van Gorp 1985:52, eie vertaling)

Op grond van hierdie model, is die model in figuur 7 saamgestel waarvolgens 'n vergelyking tussen *Het Achterhuis* en *Die Agterhuis* op makrovlak gedoen word.

¹⁷ Wanneer daar na "bronteks" verwys word, verwys die navorser na die Nederlandse bronteks, naamlik *Het Achterhuis* (die definitiewe edisie) en wanneer daar na "doeltteks" verwys word, verwys die navorser na die Afrikaanse doeltteks, naamlik *Die Agterhuis*.



Figuur 7: Aangepaste model vir die makrovlakanalise van die vertaling van *Het Achterhuis* in Afrikaans

4.2 Voorlopige data

4.2.1 Voorblad, titelblad en titel

Aangesien die **voorblad** die eerste ding is wat 'n leser sien alvorens hy/sy 'n boek lees, is dit belangrik dat die ontwerp van die voorblad weldeurdag moet wees om aan die leser 'n gevoel oor te dra van wat die inhoud, atmosfeer en boodskap van die boek behels. Dit geld uiteraard ook wanneer daar besluit word op 'n voorblad vir 'n vertaalde werk. By 'n literêre werk is die voorblad minder eksplisiet wat die inhoud van die werk betref, as byvoorbeeld by 'n tegniese boek. Dit is omdat die voorblad van 'n literêre werk misterie by die leser kan ontketen, terwyl 'n tegniese werk se voorblad duidelik moet aandui waaroor die boek gaan om dit vir die leser dadelik toeganklik te maak (Newmark 1998:56,57).

Anne Frank se oorspronklike dagboek is 'n notaboek wat sy vir haar dertiende verjaarsdag, op 12 Junie 1942, gekry het. Hierdie boek (figuur A1)¹⁸ het 'n pienk geruite buiteblad gehad en met 'n knip gesluit. Anne het hoofsaaklik haar dagboek hierin gehou, maar toe sy die dagboek begin redigeer het, het sy die nuwe weergawes op los velle papier geskryf. Sedert die publikasie van haar dagboek was daar verskeie voorblaaie – aanvanklik het dit slegs 'n effekleurige stofomslag met die titel en die naam van die outeur daarop gedruk gehad en meer onlangs meestal ook met 'n foto van Anne daarby. 'n Interessante voorblad kan gesien word in figuur A2, waar 'n foto van Anne se oorspronklike dagboek die voorblad vorm. Hierdie voorblad maak dat dié uitgawe baie outentiek van buite lyk. Die voorblad van die bronteks vir die Afrikaanse vertaling is te sien in figuur A3. Dit is 'n foto van die glimlaggende Anne wat by 'n oopgeslaande boek sit. Lina Spies het self die voorbladfoto van die doelteks (figuur A4) gekies – haar rol as magsagent kom weer eens hier duidelik na vore – en sy verduidelik dat sy spesifiek die profielfoto van 'n peinsende Anne op die voorblad geplaas het, om die ander sy van Anne wat mense so dikwels miskyk, te beklemtoon (Spies 2008c). Spies sê hierdie keuse is ook gemaak om die vals beeld wat die wêreld van Anne deur middel van vertalings en verwerkings van die dagboek gevorm het (sien hoofstuk 2), te probeer verander. Hierdie foto beeld Anne uit – die denker en dromer – wat baie duidelik in die bronteks, sowel as die Afrikaanse doelteks na vore kom (Spies 2008c).

¹⁸ Foto's van voorblaaie wat hier genoem word, is in die appendiks, in bylaag A, beskikbaar. Die twee titelblaaie kan in bylaag B gesien word.

Om groter fokus op die foto en die beeld van Anne wat daarmee gepaard gaan, te plaas, het Spies so min moontlik teks op die voorblad geplaas. Op die voorblad van die bronteks kom die outeur se naam (Anne Frank), die titel (*Het Achterhuis*), sowel as "Dagboekbrieven 12 Juni 1942 – 1 Augustus 1944", en die uitgewershuis (Uitgeverij Bert Bakker) voor. Op die voorblad van die doelteks is egter slegs die outeur se naam (Anne Frank) en die titel (*Die Agterhuis*). Die vertaler is dus nie sigbaar op die voorblad nie en 'n mens kan nie, tensy sy bewus is van die werk, sien dat die boek 'n vertaling is nie. Dit dra natuurlik tot die outentiekheid van die werk by, in die sin dat dit die werk soortgelyk aan die bronteks voorstel, maar maak die prominentheid en sigbaarheid van die vertaler (waarvoor Venuti hom beywer – sien afdeling 3.8.3.2) minder.

In figuur B1 en B2 in die appendiks (bylaag B) kan die **titelblaai** van die bronteks en die doelteks gesien word. Dieselfde inligting, naamlik die naam van die outeur (Anne Frank) die titel (BT: *Het Achterhuis* / DT: *Die Agterhuis*), die genre en tydperk (BT: "Dagboekbrieven 12 Juni 1942 – 1 Augustus 1944" / DT: "Dagboekbriewe 12 Junie 1942 – 1 Augustus 1944") en die uitgewer (BT: 2008 Uitgeverij Bert Bakker Amsterdam / DT: Protea Boekhuis Pretoria 2008) verskyn op die titelblaai. Waar die samestellers van die bronteks (Otto Frank en Mirjam Pressler) op die titelblad van die bronteks verskyn, word die vertaler (Lina Spies) op die titelblad van die doelteks erken. Alhoewel die vertaler en die genre (dagboekbriewe) en die tyd waarin die werk oorspronklik geskryf is, nie op die voorblad van die doelteks aangedui word nie, word dit dus wel op die titelblad aangedui.

Volgens Jonanović (1990, in Pinto 2000:132) is die **titel** van enige kunswerk, soos 'n roman, storie of gedig, moontlik die belangrikste woord of frase van die kunswerk. Dit is aangesien die titel dit vir die leser moontlik maak om 'n sekere idee van die inhoud van die werk te kry (net soos by die voorblad), reeds voor dit gelees word. Hoe die vertaler die titel van 'n werk vertaal, is dus baie belangrik. Volgens Nord (1995:265) moet die funksionaliteit van die titel van die brontekstitel ook onderskei word van die funksionaliteit van die doeltekstitel. Die doelteksleser moet in gedagte gehou word wanneer die titel van 'n werk vertaal word, aangesien dit daarop gerig moet wees om die doelteksleser 'n idee van die inhoud van die doelteks te gee.

Die titel van die bronteks, *Het Achterhuis*, is gekies aangesien dit die naam is waaronder Anne haar dagboekinskrywings in romanvorm na die oorlog wou publiseer. Vertalings in ander tale se titels is meestal 'n vertaling hiervan, soos die

Engelse *The Annex*, of 'n beskrywing van die werk, naamlik "The diary of a young girl". Spies (2007:21) merk op dat laasgenoemde (Amerikaanse) titel die oorlogsagtergrond van die dagboek kamoefleer ten gunste van die belydenis van 'n tienermeisie. Sy noem ook dat dit dan verder die outeur, Anne, se beeld en karakter falsifiseer en nie erkenning gee aan die Joodsheid van hierdie jong meisie wat in 'n krisisperiode dagboek gehou het nie. Volgens Spies (2007:21) moet albei kante van Anne wat in die dagboek na vore kom, en daarmee saam die tweekantigheid van die dagboek, in die titel weerspieël word. Sy sê die dagboek is 'n verslag van 'n puberteit én 'n getuienis oor die Holocaust. Spies verkies dus om die titel van die dagboek so na moontlik aan die bronteks se titel te hou, al word die Afrikaanse woord "agterhuis" nie werklik in hierdie konteks so gebruik nie. Die titel *Het Achterhuis* word dan as *Die Agterhuis* vertaal om erkenning aan die outeur te gee, die beeld van die outeur sterker na vore te laat kom, outentiek aan die bronteks te bly en erkenning aan hierdie gekanoniseerde werk te gee.

4.2.2 Indeling van die doelteks

Die indeling van die doelteks is baie soortgelyk aan dié van die bronteks. Tabel 3 illustreer die verskille en ooreenkomste in die bron- en doelteks wat hulle indeling en volgorde van onderafdelings betref.

Tabel 3: 'n Vergelyking tussen die indeling van die bronteks en die doelteks:

Bronteks (<i>Het Achterhuis</i>)	Doelteks (<i>Die Agterhuis</i>)
Voorlopige titelblad	Voorlopige titelblad
-	Erkenning van subsidie
Titelblad	Titelblad
Uitgewers	Uitgewers
-	Inhoudsopgawe
-	Lina Spies se gedig
Inleiding (<i>Over dit boek</i>)	Inleiding met bronnelys
Dagboekinskrywing en dan 'n toevoegsel	Toevoegsels
Dagboekinskrywings	Dagboekinskrywings
Nawoord	Nawoord
<i>Verantwoording</i>	Epiloog

'n Mens kan deur na hierdie voorstelling van die indeling van die teks te kyk, sien dat daar by die doelteks afdelings gevoeg is wat in die bronteks afwesig is. Dit is die erkenning van die subsidie wat spesifiek vir die Afrikaanse vertaling van die dagboek

ontvang is van die Nederland Literair Productie- en Vertalingsfonds – 'n belangrike ekonomiese/finansiële rolspeler wat hierdie vertaling moontlik gemaak het –, 'n inhoudsopgawe wat die uiteensetting van die werk aandui, die gedig, *Vir Anne Frank van Het Achterhuis* deur Lina Spies (gekanoniseerde Afrikaanse digter en die vertaler van hierdie werk) – wat die mag en betrokkenheid van die vertaler beklemtoon en haar meer prominent maak, en 'n bronnelys, wat aandui watter bronne deur die vertaler geraadpleeg is in die vertaling van *Het Achterhuis*, asook om die inleiding tot die dagboek te kon skryf.

Die hoofdeel van die werk, naamlik die dagboekinskrywings, of altans dagboekbriewe, is ook hoofsaaklik in dieselfde formaat, sowel as dieselfde volgorde aangebied en ingedeel. In die tweede gedeelte onder "Toevoegsels" begin die doeltteks, soos die bronteks, by die inskrywings van 12 Junie 1942¹⁹ en 28 September 1942 (ook in die bronteks as toevoegsel gemerk). Die dagboek strek dan van Sondag, 14 Junie 1942 tot Dinsdag, 1 Augustus 1944. Die genre van die bronteks word in die doeltteks behou en die inskrywings word telkens met die datum begin, waarna die aanhef, net soos in die bronteks: "Liewe Kittie!", of iets dergeliks, volg, en sluit af, soos in die bronteks, met óf geen groet, óf Anne se naam: "Dag, jou vriendin Anne" (DT²⁰ bl. 78, "Anne" (DT bl. 131) , "Anne Frank" (DT bl. 210), "Anne M. Frank" (DT bl. 211) en so meer. Spies (2007:16) verduidelik dat hierdie progressie van hoe Anne die briewe onderteken daarop dui dat Anne 'n proses ondergaan het, waartydens sy haar identiteit ontdek en dat sy mettertyd "al hoe beter geweet het wie sy was". Hierdie meer volledige ondertekening van haar naam in die bron- en doeltteks dui ook daarop dat Anne haarself as outeur al hoe meer prominent wou maak in die dagboek, aangesien sy van plan was om die dagboek na die oorlog te publiseer.

Deur die indeling van die bronteks en die doeltteks te vergelyk, kan 'n mens sien dat daar baie streng by die formaat en uiteensetting van die bronteks gehou word. Die afdelings wat by die doeltteks bygevoeg is, verhoog die bewustheid by die doeltteksleser dat hy/sy besig is om 'n vertaling te lees en het tot gevolg dat die vertaler ook duideliker na vore kom. Die vertaling en die vertaler word dus meer sigbaar (vergelyk Venuti afdeling 3.8.3.2)

¹⁹ Let op die fout in die doeltteks, waar hierdie datum as 2 Junie 1942 in plaas van 12 Junie 1942 aangedui is.

²⁰ BT = Bronteks en DT = Doeltteks

4.2.3 Oorkoepelende vertaalbenadering

Volgens Toury (1995b:202) word die vertaler se besluitneming ten opsigte van 'n algehele strategie of oriëntering teenoor 'n vertaling deur aanvanklike norme (afdeling 3.7.2) bepaal. Soos reeds in afdeling 3.8.3.2 verduidelik, is vervreemding 'n benadering waar die doeltteks geproduseer word deur die konvensies van die doelkultuur doelbewus te verbreek om iets van die vreemdheid of die andersheid van die oorspronklike teks te behou (Venuti 1995, in Shuttleworth & Cowie 1997:59) en domestikering 'n benadering wat behels dat 'n deursigtige, vloeiende styl in die doeltteks gebruik word om die vreemdheid of andersheid van die bronteks vir die doeltteksleser te minimaliseer. Dit maak die doeltteks dan vir die doeltteksleser aanvaarbaar en toeganklik, aangesien die doeltteksleser hom/haar met die teks kan vereenselwig en dit sonder moeite kan verstaan (Venuti 1995, in Shuttleworth & Cowie 1997:44).

In die vertaling van *Het Achterhuis* is daar, soos reeds genoem, besluit om so na moontlik aan die bronteks te bly om die outentiekheid daarvan behoue te laat bly. Dit is veral in reaksie op die verkeerde beeld wat wêreldwyd van Anne geskep is deur die verskillende vertalings van haar dagboek. Ideologiese oorwegings het swaar geweeë in dié vertalings en het sekere wanvoorstellings tot gevolg. In Duitse vertalings is sekere uitlatings volgens Lefevere (1992:68) byvoorbeeld baie "swakker gemaak". 'n Voorbeeld hiervan is Anne se beskrywing van die Duitse beleid om gyselaars te skiet: "zet de Gestapo doodgewoon een stuk of 5 gijzelaars tegen de muur" (die Gestapo sit eenvoudig 5 gyselaars teen die muur) wat in Duits vertaal is as: "dann hat man einen Grund, ene Anzahl dieser Geiseln zu erschliessen" (dan het hulle 'n rede om 'n aantal van hierdie gyselaars te skiet). Deur "man" in plaas van spesifiek "Gestapo" te gebruik, maak dit die beskrywing volgens Lefevere (1992:68) minder eksplisiet en skrikwekkend en deur "erschliessen" te gebruik in plaas van om die idee van gyselaars wat eenvoudig teen 'n muur staan gemaak word, oor te dra, maak dit die daad volgens hom meer abstrak. Die onmenslikheid van hierdie daad, wat in die Nederlandse teks uitstaan, raak dan in die Duitse ideologies-geplooid, of gemanipuleerde, doeltteks verlore.

Op ideologiese vlak, wat kulturele, stilistiese, sowel as linguïstiese aspekte insluit, word daar dus meestal in *Die Agterhuis* van Venuti se vervreemdingstrategie gebruik gemaak. Tog poog die vertaler om, soos Nida daarna verwys, die "naaste natuurlike ekwivalent" in Afrikaans vir die Nederlandse teks te gebruik, tensy sy om 'n

spesifieke rede die teks van die doelteksleser wil vervreem. Soos reeds genoem, verwys Spies (2007:24,25) hierna as dat sy probeer om so na moontlik aan die Nederlandse teks te bly, sonder om die eiendomlikheid van Afrikaans geweld aan te doen. Sy sê dat waar sy wel soms Nederlandisimses (woorde en uitdrukings) gebruik, dit doelbewus is om vervreemding tussen die teks en die doelteksleser te bewerkstellig.

Cai (2008) se "akkommodasie"-benadering word dus in werklikheid in die vertaling van *Het Achterhuis* in Afrikaans gevolg, met verveemding as primêre en domestikering as sekondêre benadering. Die oorkoepelende benadering is dus vervreemding en dit kan op makrovlak gesien word in die volgende:

- Daar word baie getrou aan die bronteks en outeur gebly, wat inhoud, styl en taalgebruik betref.
- Die konteks, tyd, milieu en karakters bly dieselfde in die doelteks as in die bronteks.
- Die genre van die doelteks is dieselfde as die genre van die bronteks, naamlik 'n dagboek, of egodokument.
- Kultuurverwysings en ideologiese verwysings uit die bronteks bly dieselfde asook behoue in die doelteks.
- Die indeling van die doelteks bly hoofsaaklik dieselfde as dié van die bronteks.
- Die boodskap van die bronteks bly dieselfde in die doelteks.
- Daar word geen verduidelikings in die teks self gegee nie – alle bykomende verduidelikings word deur middel van voetnote gemaak.

Hiermee saam is daar ook elemente van domestikering in die vertaling, aangesien daar in enige vertaling noodwendig eienskappe van die doeltaal en/of doelkultuur sal deurslaan bloot omdat die bronteks in 'n ander taal omgeskakel word. 'n Sogenaamde hibridiese taal ontstaan met ander woorde in die teks, waarin elemente van sowel die brontaal as die doeltaal neerslag vind (afdeling 3.8.2).

Alhoewel onbewus, aangesien Spies nie 'n teoreties-geskoolde vertaler is nie, word daar ook 'n funksionalistiese benadering tot die vertaling van *Het Achterhuis* in Afrikaans gevolg. Dit kan gemotiveer word deur die volgende inherente eienskappe van die doelteks wat getuig van 'n proses wat tydens die vertaling plaasgevind het:

- Die vertaler sluit 'n vertaalspesifikasie (Inleiding) in waarin die skopos en doelstellings met die vertaling gegee word, asook die verbreking van konvensies in die doelkultuur verduidelik word.
- Die vertaalproses het deurgaans gepaard gegaan met 'n besluitnemingsproses.
- Die funksie van die doeltteks word in ag geneem en bly dieselfde as die funksie van die bronteks.
- Die boodskap van die doeltteks word in ag geneem en bly dieselfde as die funksie van die doeltteks.
- Die vertaler bly lojaal aan die outeur en bronkultuur en getrou aan die bronteks, maar maak terselfdertyd die doeltteks toeganklik en aanvaarbaar vir die doeltteksleser in sy kultuur deur byvoorbeeld die gebruik van voetnote.
- Die vertaler regverdig drastiese afwykings van die doelkultuur en doelttekstaal in die inleiding tot die Afrikaanse vertaling van die dagboek.

Hierdie benaderings sal verder in die mikro-ontleding van die doeltteks toegepas en bespreek word.

4.3 Makrovlakelemente

4.3.1 Parateks

Volgens Genette (1997:i) is parateks:

[...] those liminal devices and conventions, both within and outside the book, that form part of the complex mediation between book, authors, publisher, and reader: titles, forewords, epigraphs, and publishers' jacket copy are part of a book's private and public history.

Die parateks van 'n vertaling behels dus die teks wat rondom die vertaling is, maar nie deel vorm van die vertaling self nie en sluit byvoorbeeld 'n inleiding, voetnote en 'n epiloog in. Daar gaan na die paratekste in *Die Agterhuis* gekyk word om te sien hoe dit by die vertaling aansluit en die vertaling kontekstualiseer asook hoe dit van die bronteks se parateks verskil, of hoe dit juis soortgelyk is daaraan.

4.3.1.1 Die agterblad

'n Agterblad dien, saam met 'n voorblad van 'n boek, as 'n prikkel om die boek te lees. Die agterblad van die bronteks en die doeltteks verskil hoofsaaklik in dié opsig dat die bronteks se agterblad meer uitbrei oor die agtergrond van die dagboek, asook meer biografiese besonderhede oor Anne Frank verskaf. Die bronteks se agterblad sê deur wie en wanneer, asook in watter omstandighede die dagboek geskryf is, hoe Anne van voorneme was om na die oorlog haar dagboek te publiseer waar en hoe die dagboek dan uiteindelik (te danke aan haar pa, Otto Frank) na haar dood wel gepubliseer is. Op die agterblad van die bronteks is daar ook 'n aanhaling van Primo Levi oor die betekenis van die dagboek vir die wêreld (Frank 2008b):

'Eén enkele Anne Frank ontroert ons meer dan de ontelbaren die net zo leden als zij, maar wier beeld in de schaduw is gebleven. Misschien moet dat ook zo zijn: als we het leed van alle mensen moesten en konden meelijden, zouden we niet kunnen leven.'

Die doeltteks se agterblad plaas meer klem op die feit dat *Die Agterhuis* 'n vertaling is. Die teks begin met 'n aanhaling uit die dagboek:

O ja, ek wil nie soos die meeste mense vir niks geleef het nie. Ek wil nuttig wees of vreugde vir die mense wat om my leef en my tog nie ken nie, ek wil voortlewe, ook ná my dood! (Frank 2008a)

'n Kort beskrywing van die agtergrond waarteen die dagboek geskryf is en van die persoon, Anne Frank, word daarna gegee, soos in die bronteks. Laastens word 'n verantwoording van die vertaling gegee:

Die Agterhuis is sedert die verskyning van die oorspronklike Nederlandse uitgawe in 1947 reeds in verskeie lande gepubliseer. Danksy die sprankelende vertaling van die bekende digteres Lina Spies, kan Anne Frank nou ook vir die Afrikaanse leser in haar dagboek voortleef (Frank 2008a).

'n Mens kan sien dat die vertaler en haar posisie in die Afrikaanse literêre sisteem as gekanoniseerde digter ook hier beklemtoon word.

4.3.1.2 Die gedig

Lina Spies se betrokkenheid en belangstelling by die Holocaust en Anne Frank se dagboek het reeds as universiteitstudent²¹ begin. Sy sê haar ideaal om die dagboek te vertaal, hang ten nouste saam met haar digterskap, wat volgens haar in alle erns by die dagboek van Anne Frank begin het nadat sy die film *The diary of Anne Frank* in 1961 gesien het. Sy het die dagboek teen die agtergrond van die beriggewing van die Eichmann-verhoor in Jerusalem gelees en dit was dan ook die stimulus vir haar gedig *Vir Anne Frank van Het Achterhuis* (Spies 2007:8; bylaag C) wat later in haar eerste digbundel *Digby Vergenoeg*, wat in 1971 gepubliseer is, opgeneem is. Sy sê dat sy haar beeld van Anne Frank destyds anders was en sy ook 'n "ander Anne" in haar gedig uitgebeeld het as in die vertaling van die dagboek (Spies 2009a). Sy het dus in die vertaling die verwronge (Lefevere: *warped*) beeld wat sy vroeër van Anne geskep het, as't ware terug gemanipuleer na die meer lewensgetroue beeld in *Die Achterhuis*. Spies (2007:9) lewer die volgende kommentaar oor hierdie gedig:

As ek na al die jare die leser van my eie gedig word, lees ek in my weergawe van die net van komplekse menseverhoudings waarin Anne gevange gesit het – in kontras met die terreur teen die Jode in die buitewêreld – haar moeisame verowering en behoud van eie identiteit.

Sy sluit hierdie gedig voor in *Die Achterhuis* in om as inleiding vir die dagboek te dien. Hierdie byvoegsel in die doeltteks dien om 'n agtergrond vir die vertaling te skep, sowel as om die vertaler se prominensie as 'n gekanoniseerde Afrikaanse digter, en haar betrokkenheid by die vertaling, te beklemtoon. Hierdie gedig dra dus nog meer tot die sigbaarheid en statuur van die vertaler by.

4.3.1.3 Die inleiding

In sowel die bronteks as die doeltteks is daar 'n inleidende gedeelte. In die bronteks is hierdie gedeelte getitel "Over dit boek" en die samestellers fokus spesifiek daarop om 'n agtergrond van die dagboek te gee: 'n verduideliking hoe die dagboek gevind is en hoe en waarom dit gepubliseer is, waarom daar vroeër sekere passasies uit die dagboek gelaat en later in die bronteks weer bygevoeg is, hoe die vyf bladsye uit die dagboek wat doelbewus verswyg en later opgeduik het, ook nou ingesluit is, hoe die dagboek metterjare wyd versprei is en politieke betekenis en gewildheid verkry het

²¹ Aan die Universiteit van Stellenbosch.

en wie die outeursregte van die dagboek besit. Verder word daar ook verduidelik dat die pseudonieme wat Anne in die dagboek gebruik het, in hierdie uitgawe van die bronteks ook gebruik word, behalwe die skuilnaam wat sy vir haarself gegee het, Anne Aulis of Anne Robin. Dit is Anne Frank gehou in die bronteks (en dan ook die doelteks, aangesien hierdie naam in die bronteks gebruik word) om die dagboek meer outentiek en lewensgetrou te hou en meer klem op die outeur as persoon te plaas (Pressler 2008a:5-7).

Hierdie inligting word deur Spies in die inleiding tot die doelteks weergegee, maar nie as 'n vertaling van die bronteks nie. Sy het inderwaarheid 'n heel nuwe teks as inleiding geskep wat heelwat omvattender is as die inleiding in die bronteks. Daar word ook spesifiek fokus daarop geplaas dat die teks 'n vertaling is. Waar die inleiding in die bronteks drie bladsye beslaan, strek die inleiding in die doelteks oor 17 bladsye.

Spies (2007:8-26) se inleiding dien 'n dubbele funksie in die doelteks. Eerstens gee dit agtergrondinligting oor die Holocaust, Anne Frank en die bronteks, tweedens dien dit as 'n vertaalopdrag/-spesifikasie (*translation brief*) waarin Spies sekere besluite wat tydens die vertaalproses geneem is, verduidelik, asook die funksie van die doelteks aandui. Volgens Nord (1997b:21) is die vertaler nie gewoonlik die inisieerder of opdraggewer van 'n vertaling nie, maar word hy/sy genader om 'n vertaling te doen. Die opdraggewer moet dan 'n vertaalspesifikasie saamstel waarin hy/sy spesifikasies ten opsigte van die vertaling verskaf. Dit sluit in die bedoelde funksie van die doelteks, die doelteksleser, die tyd en plek waartydens en waar die doelteks ontvang gaan word, die medium waardeur die teks oorgedra moet word en die motief, of rede, vir die produksie en resepsie van die teks (Nord 1997b:60).

Uit die voorafgaande kan dus gesien word dat 'n besluitnemingsproses die vertaaltaak voorafgaan en dat besluitneming ook deurgaans nodig is soos daar vertaal word. Schöffner (2001:6) noem dat verskillende faktore die proses waardeur 'n vertaalspesifikasie uitgevoer word, affekteer, al kies 'n vertaler nie 'n spesifieke teoretiese benadering of *modus operandi* om die taak aan te pak nie. By die vertaling van *Het Achterhuis* in Afrikaans bevind die vertaler haar in die unieke situasie dat sy self die opdraggewer/inisieerder is. Sy stel dus haar eie spesifikasies vir die doelteks op en bepaal self die funksie van die doelteks, sowel as wie die doeltekslesers sal wees. Aangesien sy nie 'n opgeleide of teoreties geskoolde vertaler is nie, benader sy nie die vertaling uit 'n vertaalteoretiese oogpunt nie, maar as akademikus benader

sy dit wel uit 'n akademiese, of wetenskaplike oogpunt. Aangesien sy self 'n skrywer is, is sy ook besonder sensitief vir die literêre waarde van die bronteks wat in die doeltteks behoue moet bly en fokus ook daarop om goeie styl en taalgebruik in die doeltteks toe te pas (Spies 2007:12).

Spies (2007:19) verduidelik in die inleiding wat die rede is waarom hierdie bronteks vir so lank nie in Afrikaans vertaal is nie. Sy sê dit is aangesien daar geglo is dat Afrikaanssprekendes maar die dagboek in Engels kan lees aangesien "almal tog Engels kan lees" en aangesien Anne 'n "all English girl" en 'n anti-apartheidsimbool in Suid-Afrika geword het. Die rede vir die vertaling in Afrikaans is om die beeld van Anne, sowel as die verhaal van Anne Frank, wat volgens Ozick (1997, in Spies 2007:10)...

[...] sedert die publikasie van die dagboek geëksurgeer, verdraai, verander, beswadder, verklein, kinderagtig gemaak, veramerikaniseer, versentimenteer, verkitsch en op 'n blatante wyse ontken is [...]

in ere te herstel deur die vertaling weer getrou aan die bronteks en lojaal aan die bronteksouteur se oorspronklike denke en styl te maak.

Spies beskou die bronteks as waardig om te vertaal vanweë die besondere boodskap wat dit oordra, die prominente posisie wat die werk in die Nederlandse literêre sisteem, of kanon, beklee, en die rol wat die dagboek speel om as getuie van die Holocaust te dien.

Spies doen verder in die inleiding verantwoording vir die benadering wat sy in die vertaling volg. Sy bepleit dat die identiteit van die outeur in 'n outobiografiese werk behoue moet bly wanneer dit vertaal word. Sy verduidelik dat Anne twee kante het, wat volgens Cynthia Ozick en Denise da Costa se beskouing min of meer in opposisie met mekaar staan: die bekkige tiener en die nadenkende Jodin (Spies 2007:20). Spies (2007:20) wil graag in die doeltteks die twee teenstrydige kante van Anne se persona weergee, waarvan die nadenkende sy dikwels, in veral Amerikaanse vertalings van die dagboek, verlore raak. Daarom sê Spies (2007:23) sy bly getrou aan die bronteks soos wat van die vertaler vereis word.

Om verder die identiteit van die outeur in die doeltteks te versterk, vertaal Spies in 'n plek-plek Nederlandistiese en verouderde Afrikaans om dieselfde atmosfeer as in die

bronteks oor te dra. Spies (2007:24) sê dat sy so na moontlik aan die Nederlandse teks bly, maar steeds nie die eiendomslikheid van Afrikaans geweld wil aandoen nie. Sy verduidelik verder dat waar sy wel Nederlandistiese uitdrukkings en woorde gebruik, dit doelbewus is om vervreemding tussen die teks en die leser te bewerkstellig...

[...] waar dit gaan om omstandighede wat vir 'n jong Afrikaanstalige leser totaal vreemd is: 'n Joods-Nederlandse meisie wat in selfopgelede ballingskap dagboek hou tydens die Tweede Wêreldoorlog in die skaduwee van vervolging en dood.

Verder doen Spies in die inleiding verantwoording vir die plekke in die doelteks waar sy van die bronteks afwyk. Sy sê daar is enkele uitsonderings waar sy nie by die Frank-Pressler-uitgawe hou nie, maar dat sy dit in voetnote erken (Spies 2007:22).

Die funksie wat Spies uiteindelik met die doelteks wil bereik, is om die doelteks so na moontlik aan die bronteks te behou, deur dit ook in dagboekvorm te skryf met dieselfde indeling as wat in die bronteks voorkom, om sodoende vir die doelteksleser 'n vertaling daar te stel wat sal lees soos die bronteks, binne dieselfde konteks en in dieselfde styl – maar net in Afrikaans. Die identiteit van die outeur en die bronteks bly dus in die vertaling behoue, soos Spivak (1992:397-414) voel belangrik is. Die "verhaal" van Anne moet dus nie verdraai of gemanipuleer word nie, en haar stem, wat mense...

[...] geroer en geïnspireer het, [...] bewus gemaak het van die kwaad [... en ...] die liefde bely het in aansig van die haat en die goedheid van die mens in aansig van sy boosheid (Spies 2007:26).

... moet in die doelteks behoue bly.

Nord (1997b:62) voer aan dat dit baie belangrik vir 'n vertaler is om die bronteks te interpreteer om uiteindelik 'n "goeie" doelteks te kan produseer. Spies (2007) se inleiding getuig van deeglike navorsing wat oor die agtergrond van die dagboek gedoen is en dat sy krities en in diepte met die bronteks omgegaan en dit geïnterpreteer het alvorens daar gepoog is om dit te vertaal. 'n Mens kan ook uit die inleiding agterkom dat Spies 'n aantal bewuste besluite geneem het ten opsigte van die benaderings en strategieë wat in die vertaling gevolg is, met 'n spesifieke doel –

om die beeld van Anne so getrou moontlik aan die Afrikaanse teikengehoor oor te dra en die outentiekheid en egtheid van die teks te behou. Sy regverdig ook hierdie besluite in die vertaalspesifikasie – deel van die inleiding – wat sy vir haarself opstel.

4.3.1.4 Die bronnelys

Die bronnelys (*Bronne*: DT bl. 27) wat op die inleiding in die doelteks volg, dien as 'n bronnelys vir die inleiding wat deur Spies vir die vertaling geskryf is, asook as 'n aanduiding van die bronne wat gebruik is om die vertaling te bewerkstellig. Dit getuig van die navorsing wat vir die vertaling en tydens die vertaalproses gedoen is. Spies het dus nie bloot na die bronteks gekyk nie, maar ook na die konteks waarin dit geskep is en na tekste wat deur ander skrywers oor die werk, die genre, vertalings en verwerkings van *Het Achterhuis* geskryf is. Hierdie bronnelys is tot die doelteks bygevoeg en kom nie in die bronteks voor nie.

4.3.1.5 Die toevoegsels

Sowel die bronteks as die doelteks bevat toevoegsels. In die doelteks is daar egter meer toevoegsels as in die bronteks. Die eerste stel toevoegsels in die doelteks word almal voor die dagboekbriewe geplaas onder die opskrif *Toevoegsels* (DT bl. 31-33). Die eerste drie toevoegsels is die inskrywings wat die vertaler as besonders of as belangrik geag het om as 'n inleiding vir die dagboekinskrywings te dien en die ander twee is toevoegsels uit die bronteks. Hierdie inskrywings word nie in die bronteks ook voor die res van die dagboekinskrywings geplaas nie. In die bronteks kom die toevoegsels tussen die dagboekbriewe voor en word deurgaans met die opskrif *Toevoegsel* aangedui.

Die eerste toevoegsel in die doelteks handel oor die omstandighede waarin Anne en die ander onderduikers hulle bevind het:

28 September 1944

DT: *Dit maak my ook benouder as wat ek kan sê dat ons nooit meer buitentoe kan gaan nie, en ek is baie bang dat ons ontdek sal word en 'n koeël deur die kop kry. Dit is natuurlik 'n minder plesierige vooruitsig.* (bl. 31)

Die tweede toevoegsel gaan spesifiek oor Anne se verhouding met een van die onderduikers, meneer Van Daan, maar eintlik skep dit weer eens 'n idee van die

omstandighede in die Agterhuis en hoe Anne se dagboek vir haar as 'n ontvlugting dien:

21 September 1942

DT: *Meneer Van Daan is die laaste tyd katvriendelik teenoor my, ek laat dit maar stilweg by my verbygaan.*

O, ek is so bly dat ek jou [die dagboek] saamgeneem het! (bl. 31)

Die derde toevoegsel is waarin Anne haar dagboek herbeskou en ook gevolglik herbesin oor wat sy soms in die dagboek geskryf het:

22 Januarie 1944

DT: *[...] Maar dat ek so onbeskaamd oor ander dinge geskryf het, is vir my ondenkbaar. Ek skaam my werklik as ek die bladsye lees wat oor onderwerpe handel wat ek liever vir my mooier wil voorstel Ek het dit so aanstootlik beskryf [...]. (bl. 31)*

Dit is juis as gevolg van hierdie besinning dat Anne haar eie dagboek hersien, wat later die B-weergawe van die dagboek genoem word. Van hierdie beskrywings waarna sy in die oorspronklike dagboekinskrywings verwys, ook in die C-weergawe, wat deur haar vader saamgestel is, is uitgehaal, maar dit is later in die bronteks van Spies se vertaling teruggeplaas en gevolglik ook in die doelteks vertaal. Die terugplasing van hierdie gedeeltes in die teks dien nie net om die outentiekheid van die teks te bewaar nie, maar ook om 'n beter beeld van Anne te skep en haar stem sterker in die dagboek te laat deurkom. Dit is aangesien Anne nie net 'n positiewe tienermeisie was nie, maar ook by tye baie negatief en terneergedruk en teenoor haar huislede soms byvoorbeeld onsensitief of onbeleef. Die geïdealiseerde Anne wat dikwels in vertalings en verwerkings van die dagboek voorgestel word, word dus juis nie in die Afrikaanse vertaling uitgebeeld nie. 'n Meer realistiese beeld van haar word vertoon.

Die volgende stel toevoegsels (DT bl. 32) in die doelteks is twee wat uit die bronteks vertaal is, naamlik die een op 12 Junie 1942, wat nie in die bronteks (BT bl. 9) as 'n toevoegsel gemerk word nie, en een op 28 September 1942. Albei die inskrywings handel oor Anne wat in 'n persoonlike gesprek met haar dagboek, wat sy in hierdie gevalle personifiseer, tree:

2 Junie 1942²²

DT: *Ek hoop dat ek alles aan jou sal kan toevertrou soos ek dit nog nooit aan iemand kon doen nie, en ek hoop dat jy 'n groot steun vir my sal wees.*

Anne Frank (bl. 33)

28 September 1942

DT: *Ek het tot nou toe in jou groot steun gevind, en ook in Kittie, aan wie ek nou gereeld skryf. Om op hierdie wyse in my dagboek te skryf, bevredig my veel meer en nou kan ek die uur byna nie af wag wanneer ek weer in jou kan skryf nie.*

O, ek so bly dat ek jou saamgeneem het!

Anne Frank (bl.33)

Spies (2007:23) verduidelik in haar inleiding tot die vertaling dat sy in plaas van om die tweede stel toevoegings wat in die doelteks voorkom te behou as deel van die teks soos in die "definitiewe edisie²³", waarin sy noem hulle tot kernagtige inskrywings gereduseer is, sy hulle laat aansluit by die eerste stel toevoegsels in die doelteks, wat sy as motto's beskou. Sy sê dit is aangesien Anne haar dagboek oorgeskryf, of self geredigeer en taalversorg het om dit 'n boeiende, goed geskrewe geheel in te maak (De Costa 1996, in Spies 2007:24).

Die toevoegsels wat sy wel in die hoofteks van die dagboek behou, soos die voorbeeld op Maandag 15 Junie 1942, lei sy nie in met die opskrif *Toevoegsel* nie en skryf dit ook nie in kursief (*italics*) soos in die bronteks nie. Sy plaas dit bloot in hakies. Volgens Spies (2007:24) versteur die kursiefgedrukte "toevoegsels" die geheel en verbreek dit die ontwikkelde verhaallyn. Soos Spies ook telkens in haar inleiding noem, probeer sy hierdeur dus om so min moontlik "in te meng" in die teks en die doelteks so outentiek moontlik aan die bronteks – in hierdie sin Anne se oorspronklike dagboek en wat sy daarmee beoog het – te hou. Sien die volgende voorbeeld:

Maandag, 15 Junie 1942

BT: G.Z is wel het mooiste meisje uit onze klas. Ze heeft een lief gezicht, maar is op school taamelijk stom. Daarom denk ik dat ze zitten blijft, maar dat vertel ik haar natuurlijk niet.

(TOEVOEGSEL)

²² Fout in doelteks – dit moet 12 Junie 1942 en nie 2 Junie 1942 wees nie.

²³ Definitiewe edisie: die bronteks: *Het Achterhuis* (Die Frank-Pressler-uitgawe).

Kritiese edisie: *De dagboeken van Anne Frank* (Die wetenskaplike uitgawe deur die NIOD [Nederlandse Instituut vir Oorlogsdokumentasie]).

G.Z. is tot mijn grote verbazing toch niet blijven zitten.

En tot slot van onze twaalf meisies zit ik naast G.Z. (bl. 12)

DT: G.Z is die mooiste meisie in ons klas. Sy het 'n liewe gesig, maar is op skool taamlik dom. Daarom dink ek dat sy nie gaan deurkom nie, maar dit sê ek natuurlik nie vir haar nie. (Tot my verwondering het sy tog geslaag.)

En ten slotte is daar, wat die meisies betref, ek wat langs G.Z. sit. (bl. 38)

Hierdie toevoegsel is waarskynlik later deur Anne self by die dagboekinskrywing gevoeg.

4.3.1.6 Die foto's

In sowel die bronteks as die doelteks is foto's in die middel van die boek geplaas. Dit sluit foto's van Anne, haar gesin, die ander onderduikers en die mense wat die onderduikers gehelp het, die personeel van Opekta, in. Die bronteks bevat aansienlik meer foto's, onder andere meer babafoto's van Anne en Margot, sowel as foto's van Anne en haar vriende. Van die foto's, byvoorbeeld dié van die personeel van Opekta en van Peter van Daan is dieselfde in sowel die bronteks as die doelteks. Daar is ook in beide die bronteks en die doelteks foto's van Prinsengracht 263, waar Anne se gesin, die Van Pelse (Van Daans in die dagboek) en Fritz Pfeffer (Dussel in die dagboek) gewoon het en van die draaikas in hierdie gebou wat na die skuilgedeelte gelei het. In die bronteks is 'n vloerplan van die gebou en in die doelteks 'n grafiese voorstelling, 'n dwarsdeursnit, daarvan. In die byskrif by hierdie voorstelling, word verduidelik waar elkeen van die onderduikers se slaapkamers was. In die doelteks is ook 'n fotokopie van die laaste bladsy van Anne se dagboek, waar 'n mens Anne se handskrif kan sien, asook 'n foto van bladsye uit die dagboek met foto's van haar en Margot tydens 'n seevakansie in 1939.

Wat die byskrifte by die foto's betref, is dit interessant om op te merk dat die bronteks die name gebruik waarvan Anne in haar dagboek gebruik maak, in plaas van die mense se regte name en vanne: *mevrouw Van Daan* (i.p.v. Van Pels), *meneer Van Daan* (i.p.v. Van Pels), *Peter Van Daan* (i.p.v. Van Pels) en *meneer Dussel* (i.p.v. Pfeffer). In die doelteks word hierdie persone se regte name en vanne gegee, naamlik *Auguste en Hermann van Pels*, *Peter van Pels*, en *Fritz Pfeffer*. Die vertaler se stem klink dus in hierdie gevalle duideliker as die outeur self s'n, maar tog verleen dit ook groter realiteit aan die doelteks as egodokument.

4.3.1.7 Die voetnote²⁴

Volgens Appiah (1993:427) moet 'n literêre vertaling 'n vertaling wees wat gebruik kan word in literêre opvoeding, deurdat dit 'n sodanige "akademiese" vertaling raak deur middel van annotasies, voetnote en glosse wat by die vertaling ingesluit word. Hierdeur kan 'n vertaler 'n ryk kulturele en linguistiese konteks skep wat die doelteks vir die doelteksleser makliker maak om te verstaan. Appiah (1993:427) beskryf 'n vertaling wat baie van hierdie tipe verduidelikings en eksplisering bevat, as 'n "digte vertaling" (*thick translation*). Hierdie annotering vind ook 'n ideologiese neerslag, aangesien Appiah (1993:427) noem dat 'n "digte" beskrywing in werklikheid 'n ingeligte begrip tussen twee kulture vestig sodat die twee groepe respek vir mekaar kan kry en mekaar te midde van die verskille kan verstaan. Hierdeur probeer Appiah in werklikheid sê dat die vertaler 'n sosiale verpligting teenoor sowel die bron- as die doelkultuur en veral teenoor die doelteksleser het om sekere aspekte in die doelteks te verduidelik. Sy standpunt is nie dat hierdie annotasies noodwendig moet inmeng met die teks, of die vloeï van die teks moet onderbreek nie, maar om waar nodig wel verduidelikings by die vertaling te gee.

Spies maak in haar vertaling van *Het Achterhuis* ruim van voetnote gebruik. Hierdie voetnote kan in 'n paar kategorieë verdeel word. Die eerste groep voetnote is voetnote wat uit die bronteks vertaal word.

i. Vertaalde voetnote

Daar is drie tipes voetnote wat in die bronteks voorkom en dan ook in die doelteks vertaal is. Daar is voetnote wat verwysings is na die tyd waarin die dagboek geskryf is en dus onbekend vir die bronteksleser en vanselfsprekend vir die doelteksleser is. Sien byvoorbeeld die verwysing na die karakter uit 'n kinderfilm uit daardie jare:

Maandag, 15 Junie 1942

BT: Rin-tin-tin [...]. *Voetnoot:* Rin-tin-tin heette de hond in een bekende kinderfilm. (bl. 11)

DT: Rin-tin-tin [...]. *Voetnoot:* Rin-tin-tin was die Duitse herdershond in 'n baie gewilde film van dié tyd. (bl.36)

²⁴ Aangesien die voetnote nie ook in die mikrovlakontleding bespreek word nie, word hier ook na die mikroaspekte van die voetnote gekyk.

Let op dat daar in die vertaling aanpassings gemaak word in die voetnote, soos in die vorige aanhaling gesien kan word. Spies voeg die hond se ras by (sy dui aan dat dit 'n *Duitse herdershond* is en nie bloot 'n *hond* soos in die bronteks aangedui word nie), en voeg "dié tyd" by om die voetnoot meer eksplisiet te maak. Sy bring 'n verandering aan deur *bekende* as *baie gewilde* te vertaal en noem nie, soos in die bronteks, dat dit spesifiek 'n *kinderfilm* is nie en maak dus op dié manier weer die voetnoot meer vaag in die doelteks.

Die tweede tipe voetnoot in die bronteks is waar Duits of ander tale wat net so in die bronteks, en dan ook in die doelteks voorkom, vertaal word:

Dinsdag, 8 Februarie 1944

BT: 'Du bist doch eine echte Rabenmutter'. *Voetnoot:* Je bent toch een echte ravenmoeder. (bl. 167)

DT: "Du bist doch eine Rabenmutter". *Voetnoot:* "Jy is tog 'n regte Moeder Raaf". Die verwysing na "Rabeneltern" ("raafouers") is bekender as 'n "raafmoeder". Dit beteken iets soos "liefdelose ouers", maar word nie letterlik bedoel nie, maar spelenderwys gesê soos Anne dit ook kennelik bedoel het (vgl. Langenscheidt Pocket Dictionary). (bl. 202)

Hier laat die vertaler in die eerste plek die bronteks se woord "echte" uit, maar sit wel die vertaling daarvoor ("regte") in die voetnoot in en weer eens, soos in die vorige voetnoot wat bespreek is, voeg sy inligting in die voetnoot by om die uitdrukking vir die Afrikaanse doelteksleser toegankliker en verstaanbaarder te maak, veral aangesien die Afrikaanse leser waarskynlik nie so bekend soos die Nederlandse leser sal wees met hierdie idiomatiese uitdrukking, oftewel metafoor, nie. Om haar annotasie te ondersteun, sluit Spies ook 'n bron in om haar inligting te verifieer.

Die laaste tipe voetnoot wat in die bronteks voorkom, is 'n blote eksplisering of verduideliking aan die bronteksleser, en dan in die geval van die doelteks, vir die doelteksleser:

Woensdag, 7 Oktober 1942

BT: [...] de jonges [...]. *Voetnoot:* Hier worden de twee neven Bernhard en Stephan bedoelt. (bl. 52)

DT: [...] die seuns [...]. *Voetnoot:* Anne se twee neefs, Bernhard (Bernd) en Stephan Elias. (bl. 80)

Hier pas die vertaler weer eens die doelteksannotasie aan deur Bernhard se noemnaam en die twee neefs se vanne by te voeg.

'n Mens kan dus sien dat alhoewel die vertaler poog om so na moontlik aan die bronteks te bly wat die dagboek self betref, sy die voetnote feitlik elke keer herskryf en veral van die uitbreiding- of eksplisieringstrategie gebruik maak. Dit is waarskynlik aangesien sy lojaal teenoor die outeur en getrou teenoor die bronteks voel (vergelyk Nord 2001:185-188) en nie soseer teenoor die samestellers van die heruitgawe van die bronteks, wat die bronteks se voetnote geskryf het, nie. Sy gaan dus baie funksionalisties te werk deur die doelteksleser in ag te neem en so goed moontlik die doelteks vir hom/haar toeganklik en verstaanbaar deur middel van hierdie voetnote te maak. Wat hierby aansluit, is dat die vertaler nie net die voetnote wat in die bronteks voorkom in die doelteks oordra nie, maar dat sy boonop nog ekstra voetnote byvoeg.

Hierdie ekspliserende voetnote kan in vyf breë kategorieë verdeel word, naamlik ekstra inligting; voetnote oor die land, kultuur en geloof; voetnote oor taal; betekenis en vertalings van vreemde tale soos Duits; voetnote oor die dagboek en Anne se skryfwerk self; sowel as ander vertaalnotas.

ii. Ekstra inligting

'n Voorbeeld van 'n verduideliking wat deur Spies deur middel van 'n voetnoot ingevoeg word, is om te verduidelik wat Otto Frank se plan was om ander te laat glo dat hy en sy gesin die land verlaat het:

Woensdag, 7 Oktober 1942

'n Gewone verteenwoordiger soos Broks sal so 'n vergunning beslis nie kry nie. *Voetnoot:* Otto Frank wou Broks laat glo dat die gesin hulle in België bevind. (DT bl. 69)

Let hier ook op die derdepersoonsvertellerstem wat gebruik word in die voetnote, in teenstelling met die eerste persoonsvertellerstem wat in die dagboek self klink.

'n Voorbeeld van ekstra inligting wat verskaf word en wat, soos Appiah (1993:427) noem, kan help met die akademiese ontleding van hierdie vertaling, is die volgende:

Donderdag, 11 Mei 1944

'n Dominee wat die stem van meneer Edel gegaps het, [...]. *Voetnoot*: Dit is kennelik Anne se ligspottende benaming vir ds. J. van Dorp. Die Kritiese Edisie (2000) p. 685 verwys na 'n toespraak van koningin Wilhelmina van 9 Mei 1944 oor Radio Oranje, wat op Donderdag, 11 Mei, herhaal is. Haar toespraak van 10 Mei is dieselfde aand herhaal. Ook het minister-president Gerbrandy en ds. J. van Dorp op 10 Mei 'n toespraak gehou. (DT bl. 302)

Hoe relevant hierdie inligting werklik vir die verstaan van die bronteks is, is debateerbaar, maar Spies skep hier vir die doelteksleser 'n konteks waarbinne die dagboek geskryf is, om die geheel van die doelteks beter te kan verstaan.

Nog 'n voorbeeld van ekstra inligting wat gegee word om konteks te skep, is die volgende:

Saterdag, 27 Maart 1943

'n Paar dae daarna het die Burgerlike Stand gevolg. *Voetnoot*: Op 10 Februarie 1944²⁵ is brand in die Provinsiale Arbeidsburo in Amsterdam gestig en op 27 Maart is 'n aanslag op die Bevolkingsregister van Amsterdam gemaak. Beide aanslae was bedoel om die uitstuur van arbeiders na Duitsland te bemoeilik en om die deportasie van Jode te verhinder (Kritiese Edisie, 2000, p. 394). (DT bl. 120)

Dit is moontlik vanweë die feit dat Spies 'n akademikus is, dat sy hierdie verduidelikings insluit, sodat die doelteks ook op 'n meer wetenskaplike, of akademiese wyse, ontleed kan word. Hierdie byvoegings getuig ook daarvan dat Spies die bronteks en die vertaling van hierdie teks op 'n wetenskaplike wyse benader het.

iii. Voetnote oor die land, kultuur en geloof

Aangesien die doelteksleser ver verwyderd is van die geografiese ligging van die bronteks, sowel as van die Europese bronkultuur, asook meestal van die Joodse geloof, wat 'n kernrol in die bronteks speel, voeg Spies dikwels annotasies by die teks om sekere van hierdie aspekte aan die doelteksleser te verduidelik.

Sien die volgende voorbeelde:

²⁵ Hierdie datum is foutief in die doelteks en moet "1943" wees (HistoryOrb. 2009).

Donderdag, 1 Oktober 1942

[...] die Bijenkorf. *Voetnoot*: 'n Bekende afdelingswinkel in Nederlandse stede; iets soos Woolworths. (DT bl. 78)

In hierdie voetnoot domestikeer die vertaler deur die afdelingswinkel wat in die bronteks genoem word, met 'n afdelingswinkel te vergelyk wat binne die doelteksleser se verwysingsraamwerk val.

Maandag, 21 September 1942

Koenen. *Voetnoot*: Nederlandse woordeboek. (DT bl. 67)

Vrydag, 19 Maart 1943

[...] die Dam. *Voetnoot*: Stadsplein in die sentrum van Amsterdam. (DT bl. 116)

Vir die Nederlandse bronteksleser is dit nie nodig om hierdie twee name/benamings te verduidelik nie, maar die doelteksleser sal waarskynlik nie weet waarna hulle verwys word nie.

Voorbeelde van religieuse verwysings wat verduidelik word, is die volgende:

Maandag, 7 Desember 1942

Hannuka. *Voetnoot*: Joodse fees van lig ter herinnering aan die herstel van die tempel. (DT bl. 101)

Vrydag, 3 Maart 1944

Toe ek vanaand in die kersie gekyk het [...]. *Voetnoot*: Dis 'n Joodse gebruik om Vrydagaand, die begin van die Joodse Sabbat, kerse aan te steek. (DT bl. 221)

Waar beide kultuur en religie na vore kom, is ook in die volgende verwysing en sy voetnoot:

Maandag, 7 Desember 1942

Sint Nicolaas. *Voetnoot*: Op 5 Desember kom Sint Nicolaas uit Spanje in Nederland aan saam met Swarte Piet. Soet kinders kry presente by Sinterklaas en Swarte Piet straf stoutes. (DT bl. 101)

iv. Voetnote oor taal

Alhoewel daar 'n paar vertaalde voetnote in die bronteks voorkom wat vertalings van vreemde tale, veral Duits, gee, voeg Spies ook 'n hele paar in die doelteks by wat nie in die bronteks voorkom nie. 'n Voorbeeld van sodanige vertaling in 'n voetnoot is die volgende (die eerste uit Latyn en die volgende uit Duits):

Donderdag, 3 Februarie 1944

Per pedes apostolorum. Voetnoot: "Met die voete van die apostels." (DT bl. 200)

Maandag, 27 Maart 1944

Um Gottes Willen [...] Voetnoot: "In hemelsnaam!" (DT bl. 254)

Wat taal verder betref, verduidelik die vertaler ook op 'n plek 'n idiomatiese uitdrukking wat Nederlandisties is en nie noodwendig deur die Afrikaanse doelteksleser verstaan sal word nie:

Maandag, 27 Maart 1944

[...] maar die keersy van dié medalje [...]. Voetnoot: Die minder mooi kant van 'n saak. (DT bl. 255)

Vanweë die perojatiewe konnotasie wat die woord "meid" in Afrikaans het, verduidelik Spies in 'n voetnoot die betekenis van die woord "meid" in 'n Nederlandse konteks by 'n inskrywing waar die gedig wat Margot skryf, in Nederlands behou word:

Woensdag, 4 Augustus 1943

[...] een kleine meid... Voetnoot: "Meid" beteken in Nederlands "meisie" en word in dié verband vertederend – soos dikwels die geval is – gebruik. (DT bl. 145)

Die laaste tipe taalverwysing, wat die vertaler annoteer, is waar sy verduidelik dat Anne met haar huisgenote se geradbraakte Nederlands spot. Die grootmense in die Agterhuis se Duits was baie beter as hulle Nederlands, maar aangesien hulle in Nederland gebly het en in opstand teen die Duitse volk gekom het vanweë die vervolging van die Jode, het hulle feitlik net Nederlands gepraat. Hierdie Nederlands is dikwels vermeng met Duits, soos die volgende inskrywing getuig:

Woensdag, 18 Augustus 1943

"Putti²⁶, kyk du spatst schon!" *Voetnoot*: "Putti, kyk jy spat reeds!". Anne gee die mengtaal van mevrou Van Daan weer. (DT bl. 152)

v. Voetnote oor die dagboek en Anne se skryfwerk

Spies dui telkens deur middel van 'n voetnoot aan indien 'n gedeelte van die dagboekinskrywings deel vorm van 'n ander stuk teks wat Anne geskryf het, soos haar kortverhale. Sien die volgende voorbeelde:

Dinsdag, 13 Julie 1943

Die beste tafeltjie. *Voetnoot*: Otto Frank het hierdie selfstandige teks wat Anne vir haar *Verhaaltjesboek* bestem het, opgeneem in sy weergawe van *Het Achterhuis* (die datering is van Anne. Vgl. Kritiese Edisie, 2000, pp. 410–413. (DT bl. 133)

Donderdag, 17 Februarie 1944

[...] en het hom die stuk tussen Cady en Hans* oor God laat lees. *Voetnoot*: Dit is 'n gedeelte uit 'n storie wat Anne besig was om te skryf oor die lewe van 'n meisie wat sy Cady genoem het. Vergelyk ook die inskrywings van 5 April en 11 Mei 1944. (DT bl. 210)

Hierdie voetnote getuig ook van die wetenskaplike benadering wat Spies ten opsigte van die vertaling gevolg het, aangesien sy in 'n paar voetnote verwysings gee waar die doelteksleser ook in die doelteks na 'n spesifieke aspek kan gaan kyk.

vi. Vertaalnotas

Aangesien Spies in haar inleiding tot die vertaling haar benadering tot die vertaling verduidelik, sowel as sekere besluite wat sy ten opsigte van die vertaling geneem het, regverdig, is daar min vertaalnotas in die teks. Waar sy tog dit nodig geag het om byvoorbeeld afwykings van die bronteks te verduidelik en te regverdig, is dit deur middel van voetnote gedoen:

Saterdag, 17 November 1942

Voetnoot: Ek volg hier die chronologie van die oorspronklike dagboek (vgl. Die Kritiese Edisie, 2000: p. 337). (DT bl. 88)

²⁶ "Putti" is mevrou Van Daan se bynaam vir haar man. In hierdie toneel vermaan mevrou Van Daan haar man dat hy 'n voorskoot moet dra as hy kook, anders gaan sy sukkel om die spatels uit sy klere te kry.

Dinsdag, 15 Februarie 1944

Liewe Kittie. *Voetnoot*: Hierdie gedeelte word wel uit die Definitiewe Edisie vertaal, maar volgens die Kritiese Edisie het Anne in haar oorgeskrewe weergawe die briefvorm gekies en dus word, anders as in die Frank-Pressler-uitgawe, met 'n aanhef aan Kittie begin. Sy het dit ook anders gedateer, nl. As Donderdag, 17 Februarie 1944. (DT bl. 210)

Donderdag, 17 Februarie 1944

Voetnoot: Hierdie inskrywing was nie deel van Anne se dagboek nie, maar het onder die titel "Zondag" deel uitgemaak van haar boek met verhaaltjies en sketse oor gebeure in die Agterhuis. Frank en Pressler neem dit nie volledig in die dagboek op nie. (DT bl. 212)²⁷

4.3.1.7.1 Samevattende opmerkings

'n Mens kan dus sien dat die voetnote help om 'n teks wat baie vervreem word van die doelteksleser, verstaanbaarder en aanvaarbaarder vir die doelteksleser te maak. Dit werk ook goed dat die annotasies in die vorm van voetnote gemaak word sodat dit op dieselfde bladsy onder die teks self staan en dat 'n mens nie soos in die geval van eindnotas heen en weer hoef te blaai om die verduidelikings te kry nie. Tog word dit darem ook nie in die doelteks self aangebring en sodoende deel van die hoofteks gemaak nie. Dit sou die strekking en vloei van die dagboek belemmer deur die verteller se stem te onderbreek.

Kritiek wat wel teen die hantering van voetnote, of aanbieding van voetnote gelewer kan word, is dat daar nie onderskei word tussen voetnote wat die vertaler self bygevoeg het en dié wat in die bronteks voorkom nie. Dit doen afbreuk aan die sigbaarheid van die vertaler. Tog is die meeste vertalings wat sy van voetnote gemaak het, herskrywings en word haar stempel wel op elkeen afgedruk, wat haar sigbaarder maak as 'n mens die bronteks en doelteks pertinent vergelyk. Nog 'n tekortkoming by die voetnote, is dat een voetnoot wat in die bronteks voorkom, nie in die doelteks vertaal is nie. Dit is die volgende:

Vrydag, 30 Juni 1944

Bernd. *Voetnoot*: Neef Bernhard (Buddy genoemd) Elias. (BT bl. 286)

Aangesien die vertaler in haar voetnoot op Woensdag, 7 Oktober 1942 wel verduidelik dat Anne se neef Bernhard Bernd genoem is en dat sy van Elias is, het

²⁷ Hierdie voetnoot kan ook onder "Voetnote oor die dagboek en Anne se skryfwerk" resorteer, maar is hier as voorbeeld gebruik om te illustreer hoe Spies aandui indien sy in haar vertaling van die bronteks afwyk. Dit dien dus hier as 'n vertaalnota.

Spies dit waarskynlik onnodig geag om dit weer te verduidelik. (Anne se twee neefs, Bernhard (Bernd) en Stephan Elias. [DT bl. 80]) Tog word daar nie nou in die Afrikaanse vertaling daarop gewys dat die neef ook "Buddy" genoem is nie en konsekwentheid ten opsigte van wat vertaal word, word ingeboet.

4.3.1.8 Nawoord

Die nawoord in die doeltteks (DT bl. 345-346) is 'n vertaling van die nawoord in die bronteks (BT bl.299-301). Dit handel oor hoe die onderduikers ontdek is, na konsentrasiekampe geneem is, en hoe hulle almal, behalwe Otto Frank, in die konsentrasiekampe omgekome het. Dit dien nie as 'n slot vir die verhaal van Anne Frank nie, aangesien, soos Spies (2007:10) ook noem, die dagboek 'n oop einde het en nooit afgesluit is nie. Om juis die gevoel van hierdie oop einde te behou, maak Spies 'n verandering in die doeltteks deur "Hier eindigt Annes dagboek" (BT bl. 298), wat vertaal is as "Hier eindig Anne se dagboek" (DT bl.345) op 'n ander plek in die doeltteks as in die bronteks te plaas. In die bronteks volg hierdie sin direk na die laaste dagboekinskrywing, terwyl hierdie sin die nawoord in die doeltteks inlei. Deur nie hierdie gedeelte by die dagboekbriewe self in te sluit nie, beklemtoon dit die oop, tragiese einde van die dagboek.

4.3.1.9 Verantwoording en epiloog

Die afdeling wat op die nawoord in die bronteks en die doeltteks volg, verskil. Die bronteks se "Verantwoording" (BT bl. 302,303) fokus op die oorspronklike dagboek in Nederlands, sowel as op die veranderinge wat in die spesifieke uitgawe van die bronteks aangebring is, terwyl die "Epiloog" (DT bl. 349,350) in die Afrikaanse vertaling 'n dankbetuiging deur die vertaler is aan almal wat betrokke was by die publikasie en redigering van *Die Agterhuis*.

i. Verantwoording

Die "Verantwoording" in die bronteks word nie in die doeltteks vertaal of ingesluit nie, waarskynlik aangesien dit nie van toepassing is vir die vertaling nie, omdat dit meer fokus op die bronteks. Die inligting wat wel van toepassing is vir die doeltteks word in die inleiding tot die doeltteks deur Lina Spies bespreek. Dit verwys onder andere na die bladsye wat in die oorspronklike Nederlandse uitgawe van die dagboek deur Otto Frank uitgelaat is – byvoorbeeld waar Anne oor seksualiteit, of baie negatief oor haar

ma praat – wat nou wel in hierdie uitgawe van die bronteks teenwoordig is (Pressler 1991:302). Die vyf bladsye uit die dagboek wat later eers ontdek is, is ook in hierdie uitgawe van die dagboek ingesluit (Pressler 2008b:303). In die vertaling word genoemde gedeeltes ook ingesluit.

Die verantwoording plaas verder klem op die verskil tussen dié spesifieke uitgawe van die bronteks en die wetenskaplike uitgawe daarvan. Die bronteks wat vir die Afrikaanse vertaling gebruik is, is die sogenaamde "leesuitgawe", wat gebaseer is op die wetenskaplike uitgawe, *De Dagboeken van Anne Frank*, uitgegee deur die Rijksinstituut voor Oorlogsdocumentatie. Hierin is al drie die weergawes van die bronteks (versie a tot c) opgeneem (Pressler 1991). Spies (2007:23) noem in die inleiding tot *Die Agterhuis* dat sy ook hierdie belangrike uitgawe van die werk geraadpleeg het vir die vertaling van die dagboek en waar sy afgewyk het van die leesuitgawe van die dagboek, en die wetenskaplike uitgawe as bronteks gevolg het, dui sy dit in voetnote aan, soos bespreek in afdeling 4.3.1.7.

Die laaste belangrike aspek rakende die verantwoording wat deur Pressler geskryf is, is dat sy noem dat hulle "hebben gemeend in het taalgebruik van Anne zo min mogelijk te moeten ingrijpen" (Pressler 1991:302). Korreksies wat in die 1947-uitgawe aangebring is, is ontdaan gemaak in hierdie uitgawe van die bronteks. Sy noem dat daar wel drie tipes veranderinge gemaak is, naamlik om Anne se spelling volgens die hersiene *Woordenlijst Nederlandse Taal* aan te pas, foute met betrekking tot voorsetsels, lidwoorde en voornaamwoorde te korrigeer en slegs die Germanistiese uitdrukkinge wat die samestellers gevoel het nie deur die jeugdige leser begryp sal word nie, met gangbare Nederlands te vervang. Van die Germanismes is dus steeds aanwesig in die bronteks. Pressler (1991:303) sluit hierdie kommentaar soos volg af:

In de overtuiging dat iedere verdere ingreep de authenticiteit van de dagboeken alleen maar zou aantasten, hebben wij de tekst voor het overige ongemoeid gelaten.

Hierdie benadering tot die samestelling van *Het Achterhuis* sluit goed aan by die benadering wat Lina Spies in die vertaling van hierdie bronteks volg. Sy noem in die inleiding dat sy so min moontlik ingemeng, of verander het aan die teks. Sy het dus nie die bronteks gemanipuleer of herskryf nie, maar eerder baie getrou aan die bronteks gebly, soos die samestellers van die uitgawe van die bronteks ook die

outeur en die oorspronklike werk op hierdie wyse respekteer het. Die uitgangspunt by die bronteks sowel as die doelteks is dus om wel te redigeer en sekere veranderinge aan te bring om dit vir die teikenleser (hetsy bronteksleser of doelteksleser) toeganklik en verstaanbaar te maak op taalkundige vlak, dog nie te veel te verander sodat daar van die outentiekheid van die dagboekbriewe verlore raak nie.

Dit is uiteraard baie makliker om in 'n vertaling uit Nederlands in Afrikaans so getrou aan die bronteks te bly, aangesien die eendersheid van die twee tale hulle daartoe leen. Dikwels word die dagboek van Anne Frank egter uit die Engelse vertaling in plaas van die Nederlandse bronteks, *Het Achterhuis*, vertaal aangesien die vertaler in ander tale, byvoorbeeld Mandaryns of Hebreeus, nie toegang tot Nederlands het nie. Die outentiekheid van die teks kan deur middel van hierdie proses verlore gaan, aangesien die bron- en doeltaal nie so nou verwant is nie, of aangesien Nederlands en Engels nie so nou verwant is nie. Hoe meer daar hervertaal word uit vertalings, hoe verder word daar ook dan van die bronteks beweeg.

ii. Epiloog

In die Epiloog bedank Lina Spies die persone en partye wat betrokke was by die totstandkoming van die vertaling van *Het Achterhuis*, *Die Agterhuis*. Sy bedank in besonder vir mev. Eva Koralnik wat in 2005 gehelp het dat die vertaalregte aan haar toegestaan is en mnr. Nicol Stassen van Protea Uitgewers wat aangebied het dat die vertaling deur hulle gepubliseer sal word (Spies 2008b:349). Dit is waarskynlik te danke aan Spies se prominente posisie in die Afrikaanse literêre sisteem as digter, sowel as die noue bande wat sy oor die jare met Nederland gesluit het, wat aan haar hierdie mag gegee het om die vertaling van 'n boek wat wel in Engels beskikbaar is, en deur die meeste Afrikaanssprekendes gelees sou kon word, in Afrikaans te vertaal.

Verder bedank sy haar redakteur, Marietjie Bosman, vir die taalversorging en die uitwys van onduidelikhede in die vertaling, veral wat Nederlandismes betref (Spies 2008b:349,350). Hierop lewer sy die volgende kommentaar:

[...] haar uitwys van onduidelikhede in my vertaling was onontbeerlik om Anne Frank se dagboekbriewe in die bes moontlike Afrikaans weer te gee; om van *Die Agterhuis* 'n waardige en wesenlik Afrikaanse ekwivalent van *Het Achterhuis* te maak (Spies 2008b:350).

Hiermee beklemtoon Spies dan die manier waarop sy die vertaling aangepak het – om so getrou moontlik aan die bronteks te bly om as 'n *ekwivalent* vir die bronteks te dien. Die ekwivalentverhouding wat in hierdie vertaling bewerkstellig word, is funksionalistiese ekwivalensie, aangesien die bronteks sowel as die doelteksleser in ag geneem word.

Laastens bedank sy ook mnr. Pierre Brink wat "met 'n kil oog en 'n streng hand alle oorblywende Neerlandistiese wendinge uitgewys het" (Spies 2008b:350). Spies (2009a) noem egter dat daar steeds Nederlandismes in die doelteks voorkom, wat sekerlik in meer idiomatiese Afrikaans geskryf kon word. Sy sê dat dit doelbewus teruggesit is nadat Bosman en Brink dit uitgehaal het om 'n spesifieke gevoel wat die bronteks geskep het oor te dra, Anne se stem meer prominent in die vertaling te laat klink, sowel as om sekere passasies uit die dagboek wat baie bekend is nie verlore te laat gaan nie, maar eerder soos die oorspronklike Nederlands te laat klink.

Koller (1980, in Qvale 2003:52) beweer dat die vertaler as 'n hekwag moet dien, nie net vir die outeur se belange nie, maar ook vir dié van die leser. Hy sê dat 'n teks juis nie so "skoongemaak" moet word van vreemde elemente of onvolmaakthede nie, want dit maak die doelteks saai. Vervreemdende elemente, ook wat taalgebruik betref, kan aan die doelteks tekstuur gee en dit interessanter maak:

Often, without even knowing it himself because of his imperfect mastery of the language, he [the translator] makes the translation easier to read, easier to understand, duller than the original. He smoothes out, dusts off, tidies up, tosses out wilted flowers, sees to it that what he serves up is eaten in a proper manner and that the wine is drunk at the correct temperature. And he does all this because he believes – often not even consciously – that he must think of the translation's readers, these uncultivated tyrants of taste! In fact he thinks only of the publisher's sales, even though it doesn't fetch him a penny more. He knows *what* Joe Public will be able to put up with (Koller 1980:47).

4.3.2 Narratiewe struktuur en genre

Die narratiewe struktuur van die bronteks en die doelteks stem ooreen. Daar sal vervolgens uitgebrei word op die verteller en skryfwyse, interne narratiewe struktuur en die karakters, tyd en milieu.

4.3.2.1 Interne narratiewe struktuur

Die bronteks, *Het Achterhuis*, is saamgestel in die vorm van dagboekbriewe, wat Anne Frank se dagboek vorm. Hierdie dagboekbriewe is die wyse waarop die outeur haar dagboekinskrywings aangebied het, naamlik intieme briewe aan 'n fiktiewe vriendin en vertroueling, naamlik Kittie. In die doelteks word daar by hierdie interne narratiewe struktuur gehou en die doelteks, *Die Agterhuis*, ressorteer dus onder dieselfde genre as die bronteks, naamlik dié van 'n dagboek, en egodokument.

Alhoewel in dagboekvorm, lees die bronteks egter nie as onderbroke inskrywings nie, aangesien Anne hierdie dagboek baie getrou en gereeld gehou het. Dit lees as't ware soos 'n storie, met karakters, beskrywings, intrige en uiteindelik 'n oop einde. Hierdie eienskappe van die bronteks is ook in die doelteks behou.

4.3.2.2 Verteller en skryfwyse

Aangesien *Het Achterhuis* uit dagboekbriewe bestaan, is die boek uit 'n eerstepersoonsverteller se perspektief geskryf. In hierdie geval is die outeur en die verteller dieselfde persoon, naamlik Anne Frank. Die narratief²⁸ bestaan dus vanweë die genre van die teks ('n egodokument) hoofsaaklik uit 'n solo-stem, behalwe wanneer Anne dialoog²⁹, of die direkte rede van 'n persoon, soos byvoorbeeld dié van een van die huislede, of iemand wat oor die radio praat, weergee, of as sy 'n passasie uit 'n boek, 'n gedig (soos op Woensdag, 4 Augustus 1943), of enige dergelike teks, aanhaal (DT bl. 145).

Aangesien die dagboek in briefvorm aan 'n vertroueling aangebied word, is die skryfwyse origens asof 'n intieme gesprek gevoer word. Die verteller skryf baie persoonlik en ook oor onderwerpe wat baie persoonlik van aard is. Die narratief is hoofsaaklik beskrywend en Anne vertel dikwels aan "Kittie" staaltjies en dinge wat in die Agterhuis gebeur. Die teks is ook dikwels filosofies en getuig van Anne se drome vir die toekoms. 'n Sterk gevoel van heimwee kom ook dikwels in die bronteks na vore – 'n verlange na hoe omstandighede voor die oorlog was en die hoop dat alles gaan beter raak.

²⁸ In die volgende hoofstuk (5) sal voorbeelde hiervan op mikrovlak meer in detail bespreek word.

²⁹ 'n Goeie voorbeeld van hoe knap Anne dialoog kon weergee, is waar sy op Woensdag, 18 Augustus 1943 die gesprek weergee tussen die huislede wat stry oor wie die aartappels moet skil (DT bl. 151-153).

Die vertaler behou hierdie aanslag in die doelteks en bly getrou aan die vertelwyse en skryfwyse wat in die bronteks gehandhaaf word.

Dit is juis vanweë die besondere manier waarop Anne kon skryf, asook die manier hoe sy situasies kon beskryf en humor kon oordra, dat hierdie werk as 'n literêre skat beskou kan word. As gevolg van hierdie kenmerkende skryfstyl van Anne Frank, respekteer Spies die aanslag van die outeur en hou haar ook daarby in die vertaling.

4.3.2.3 Konteks, milieu, tyd en karakters

Aangesien die konteks waarin *Het Achterhuis* geplaas word, in werklikheid die rede is waarom hierdie dagboek ontstaan het, soos dit daar uitsien, so volledig bygehou is, en gewild en gekanoniseer geraak het in die literêre sisteem, is die konteks daarvan onlosmaakbaar verwant aan die teks en vorm as't ware 'n integrale déél van hierdie werk.

Die milieu waarteen die dagboekgebeure afspeel en beskryf word, is Nederland tydens die Tweede Wêreldoorlog. In dié tyd is Jode na konsentrasiekampe weggevoer, waar die meeste van hulle omgekóm het. Die dagboek is deur Anne Frank, 'n Jodin, van 12 Junie 1942 tot 1 Augustus 1944 gehou. Die eerste paar inskrywings is nog in hulle familiewoning gemaak, maar die grootste gedeelte van die dagboekbriewe is tydens die tyd van onderduiking in Prinsengracht 263, Amsterdam, waar Opekta se kantore was, geskryf. Hierdie konteks word ook in die doelteks behou.

Soos reeds genoem, hang die milieu en tyd waarin die dagboek geskryf is, dus waar en wanneer die gebeure afspeel wat in die dagboek beskryf word, onlosmaakbaar nou saam met die inhoud van die dagboek. Die dagboek sou inderdaad nie so gewild gewees het, of dieselfde impak gehad het, indien die gebeure wat as prikkel daartoe gedien het, nie onder hierdie spesifieke omstandighede afgespeel het nie. Dit dien vandag, soos in afdeling 2.4.3 bespreek is, as 'n belangrike oorlogsdokument wat bewys van die Holocaust lewer.

Wat die karakters betref: daar is van hulle regte name verander in die bronteks, maar die name sowel as die karaktereienskappe wat in die bronteks aan hulle toegeken word, word in die doelteks behou. Daar is al in werke soos *De kamergenoot van Anne Frank* (Van der Zee 2001) daarop gewys dat die persoonlikhede van Anne se

mede-onderduikers (Van der Zee se boek verwys spesifiek na Fritz Pfeffer) nie altyd akkuraat deur haar oorgedra is nie en op Saterdag, 22 Januarie 1994, erken Anne self in haar dagboek dat haar beeld van die persone mettertyd verander het en dat sy hulle dalk 'n bietjie erger voorgestel het as wat hulle werklik is (BT bl. 190).

Die uitgawe van *Het Achterhuis* wat as bronteks vir *Die Agterhuis* dien, sowel as die Afrikaanse doelteks, behou egter Anne se beskrywings van die karakters (die huisgenote en helpers) om getrou aan haar oorspronklike teks te bly. Die doelteks stel dus hierdie karakters voor soos uit die outeur se perspektief en manipuleer nie hulle beeld om ideologiese redes nie, al word van hulle eintlik deur die outeur self oordrewe negatief beskryf.

Die vertaler het dus besluit om die konteks waarin die dagboek geskryf is, die tyd en die milieu, dieselfde as in die bronteks te hou. Daarmee saam ook is die karakters, hulle persoonlikhede en veral natuurlik hulle Joodse geloof, in die doelteks dieselfde as in die bronteks voorgestel. Die vertaler behou doelbewus al hierdie eienskappe van die bronteks in die doelteks, al beteken dit dat van die verwysings nie noodwendig vir die moderne Suid-Afrikaner bekend sal wees nie. Sy sê egter dit is juis wat sy met die vertaling wil bewerkstellig – om die doeltekslesers 'n blik te gee van hoe die omstandighede destyds was en dat hy/sy hom/haar nie hiermee moet kan vereenselwig nie, aangesien 'n Suid-Afrikaner in vandag se konteks nooit kan, of moet kan, verstaan hoe dit was om 'n Jood tydens die Holocaust te wees nie (Spies 2009a). Hierdie vereenselwiging is onmoontlik, aangesien die konteks waarin die dagboek geskryf is té radikaal verskil van dit wat binne 'n Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner, wat hoofsaaklik die doelteksleser is, se verwysingsraamwerk val. Spies vervreem die doelteksleser dus bewus van die teks om die outentiekheid daarvan te behou en die werklike betekenis en boodskap daarvan aan die doelteksleser te kan oordra.

4.3.3 Narratiewe struktuur

Die vraag kan gevra word of 'n Christelike, volwasse, Afrikaanssprekende, Suid-Afrikaanse vrou, die mees geskikte figuur is om 'n Nederlandse kinderstem van 'n Jodin uit die Tweede Wêreldoorlog te vertaal. Alhoewel dit op eerste oogopslag lyk asof hierdie twee persone hemelsbreed van mekaar verskil, is daar tog baie ooreenkomste tussen hulle en kan die vertaler haar goed met Anne identifiseer. Die twee figure deel 'n liefde vir lees, asook 'n liefde en aanleg vir skryf – waar Anne

graag 'n skrywer wou word, is Spies een van die mees prominente vrouedigters in die Afrikaanse literêre kanon. Albei is denkers en dromers, met sterk persoonlikhede. Hulle is beide geëmansipeerde vroue vir hulle tyd en glo sterk aan vroueregte. Albei is ook baie spiritueel – Spies is bekend vir haar gedigte oor geloof en Anne skryf ook dikwels in haar dagboek oor haar Joodse identiteit (Spies 2007:16). Albei is lief vir katte, het net susters (Anne een en Spies twee) en het nooit getrou en liggaamlike intimiteit met 'n man ervaar nie (Ester 2009:14).

Ester (2009:14) skryf die volgende oor Spies se poësie – alles eienskappe wat gekoppel kan word aan die dagboek en aan Anne Frank:

Die poësie van Lina Spies behandel die intiemste onderwerpe, soos die gemis van seksuele eenwording met 'n geliefde, gevoelens van wanhoop weens verraad, die konfrontasie met mense wat in die Duitse konsentrasiekampe gely het en die gesprek met God.

Die vertaler kan haar dus goed met die outeur vereenselwig vanweë hierdie ooreenkomste, asook as gevolg daarvan dat sy al 'n jarelange pad met die dagboek stap. Dit het inderwaarheid deel van haar wese geword en daarom dra sy nie net Anne se stem óór nie, maar neem as't ware Anne se stem in 'n ander taal, Afrikaans, áán. Om die outentiekheid van die bronteks te behou, is dit belangrik om in die vertaling ook die stem en styl van die outeur aan te neem sodat dit ook behoue bly.

Soos reeds bespreek, is daar by 'n vertaling altyd 'n magsverhouding tussen die outeur en die vertaler. By 'n meer gekanoniseerde bronteksouteur of bronteks sal daar getrouer gebly word aan die bronteks, terwyl die vertaler vryer sal vertaal en sy/haar eie interpretasies aan die teks sal heg en dit dikwels herskryf of aanpas, indien die bronteks en die bronteksouteur minder bekend is. Dit sal des te meer gebeur as die vertaler self 'n gekanoniseerde skrywer is. Die dagboek van Anne Frank is 'n besondere geval waar die werk vandag wel gekanoniseer is, maar die outeur oorlede is voor die publikasie daarvan. Spies volg die benadering wat Spivak (1992:405) beskryf as om haarself aan die linguistiese retoriek van die oorspronklike teks te onderwerp, of oor te gee, en gee hierdeur aan Anne (die outeur) die vernaamste posisie in hierdie magsverhouding. Hierdeur respekteer die vertaler die outeur en die bronteks en probeer so getrou moontlik aan Anne se skryfstyl en manier van uitdrukking bly.

'n Struikelblok vir vertalers is dikwels om die stem van 'n kind, wat uiteraard sentraal in hierdie teks staan, weer te gee. Soos reeds genoem, skryf Anne egter nie in 'n tienersleng nie, maar eintlik in 'n heel volwasse styl. Wat wel die vertaler aanvanklik pootjie, is dat dit vir haar moeilik is om haar te vereenselwig met die alledaagse lewe van 'n 13-jarige, byvoorbeeld haar verliefdheid, haar waarneming van haar klasmaats en dinge soos haar verjaarsdagpartytjie (Brand 2008a:3). Spies sê dit was vir haar moeilik om die eerste paar inskrywings van die dagboek nie styf en ongemaklik (asook onnatuurlik) te laat voorkom nie (Brand 2008a:3). Anne is egter uit haar kinder-/skoolmeisiebestaan geruk en het eintlik 'n versnelde volwassewording ondergaan. Spies (in Brand 2008b:12) merk hieroor op:

Anne is van die een dag op die ander geruk uit haar sorgelose bestaan. Onmiddellik het die dagboek iets anders geword. Ons sien 'n versnelde adolessensie, volwasse gedagtes en probleme.

Anne beskou haarself immers ook nie meer as 'n kind nie, soos haar inskrywings dikwels getuig:

Vrydag, 28 April 1944

DT: Is ek werklik net veertien? Is ek werklik nog so onervare in alles? (bl. 287)

Vrydag, 5 Mei 1944³⁰

DT: "En nou, noudat ek bo is, noudat ek weet dat ek klaar geveg het, nou wil ek ook self my pad verder loop, die pad wat ek dink goed is. Jy kan en mag my nie as veertien beskou nie; ek het deur al die narigheid ouer geword. Ek sal glad nie spyt oor my daade wees nie, ek sal maak soos wat ek dink ek kan!" (bl. 293)

Met die oorskryf van haar dagboek skryf Anne ook dikwels dit wat sy vroeër geskryf het, oor op 'n meer volwasse, minder kinderagtige wyse. Dit is dan ook hierdie weergawe (b) wat grootliks as bronteks vir die Afrikaanse vertaling dien.

Die uitdaging in hierdie vertaling is dus inderdaad nie die vertaling van 'n kind se stem nie, maar wel van Anne se unieke stem tydens unieke omstandighede.

³⁰ In 'n brief aan haar pa.

Spies (2007:24) wys daarop dat Anne nie tipiese tienertaal gebruik nie, maar voortreflike, volwasse Nederlands skryf. Anne skryf op 'n baie vertroulike en gemeensame manier aan haar dagboek, maar tog behou sy steeds 'n ietwat formele aanslag en skryf in keurige Nederlands. Dit is aangesien haar taalaanvoeling baie sterk is soos haar inskrywing op Woensdag, 2 September 1942 getuig:

Woensdag, 2 September 1942

DT: Hou tog asseblief in gedagte, Kittie, dat die twee dames hier skandalige Nederlands praat. [...] As jy dié geradbraakte taal 'n keer sou hoor, sal jy skaterlag. [...] Ek sal as ek oor Moeder of mevrou Van Daan skryf maar nie die oorspronklike taaltjie weergee nie, maar behoorlike Nederlands skryf. (bl. 64)

Wat styl en taalgebruik betref, vertaal Spies die dagboek in formele, soms ook relatief verouderde styl en Nederlandistiese Afrikaans om by die ouer Nederlands waarin die bronteks geskryf is, aan te sluit en op hierdie manier die atmosfeer van die bronteks oor te dra asook die vertaling in dieselfde konteks as die bronteks te probeer plaas – asof dit die oorspronklike teks is wat deur dieselfde outeur, op dieselfde tyd en plek, onder dieselfde omstandighede geskryf is, nou net in Afrikaans. Soos reeds genoem, probeer Spies in die doeltekste die skryfstyl van die outeur ook navolg, aangesien Anne 'n goeie skrywer was. Spies (2008c) sê dat Anne besonder goed kon beskryf, en ironie en humor baie goed kon oordra. In die vertaling poog Spies ook om dit te doen.

Volgens Hugo (2008a:13) gee Spies in haar vertaling doelbewus die Afrikaanse ekwivalent van die formele, keurige Nederlands waarin Anne skryf, weer. Hy sê as dit plek-plek nogal hoogdrawend klink, is dit omdat die vertaler getrou bly aan die styl van 'n taalvaardige tiener met literêre aspirasies. Let op na die volgende voorbeeld van formele, keurige Afrikaans wat uit die net so formele, keurige Nederlands vertaal en weergegee is in die volgende inskrywings.

Donderdag, 29 Julie 1943

BT: De resultaten van een dergelijke opvoeding, zijn maar al te duidelijk bewezen. (bl. 108)

DT: Die resultate van 'n derglike opvoeding is maar alte duidelik bewys. (bl.141)

Woensdag, 31 Mei 1944

BT: Aldus mevrou. (bl. 273)

DT: Aldus Mevrouw. (bl. 315)

Vrydag, 9 Junie 1944

BT: Het boek is zeer interessant, maar mijns inziens wordt er een beetje te veel over vrouwen gesproken [...]. (bl. 277)

DT: Dit is baie interessant, maar myns inziens word daar 'n bietjie te veel oor vroue geskryf. (bl. 320)

Die behoud van Anne se oorspronklike styl in die Afrikaanse vertaling van *Het Achterhuis* bewerkstellig outentiekheid en is baie belangrik in hierdie egodokument, aangesien dit Anne se persoonlikheid weergee en dus aan die beeld van haar karakter vir die doelteksleser bou. Die leser van die Afrikaanse vertaling kan dus die wêrklike Anne, 'n persoon wat heelwat verskil van die sorgelose tienermeisie wat aan die wêreld voorgehou word deur veral die Amerikaanse weergawes van haar dagboek, leer ken.

Anne verwys op 'n paar plekke in haar dagboek na haar "dubbele identiteit". Die vrolike, positiewe Anne is daar wel, maar die peinsende, introspektiewe Anne se stem word dikwels in talle verwerkings van haar dagboek onderdruk. Spies bring weer hierdie stem na vore. Vergelyk byvoorbeeld die volgende inskrywings:

Maandag, 8 November 1943

BT: Als je m'n brievenstapeltjie achter elkaar door kan lezen, dan zou je zeker opvallen in wat voor verschillende stemmingen deze geschreven zijn. (bl. 131)

DT: As jy my stapeltjie briewe na mekaar sou deurlees, sal dit jou sekerlik opval in watter verskillende stemminge hulle geskryf is. (bl. 164)

Maandag, 28 Februarie 1944

BT: [...] ik mag niets tonen aan niemand, moet vrolijk zijn, terwijl binnen in me alles wanhopig is. (bl. 180)

DT: [...] ek mag niks aan niemand wys nie, maar ek moet vrolik wees terwyl ek van binne wanhopig is. (bl. 216)

Let in die bostaande inskrywing ook op die "niks aan niemand" waarin die stem van 'n kind wel deurkom, asook dat dit nie grammatikaal korrekte Afrikaans of Nederlands is nie. Anne gebruik dit dalk opsetlik ter wille van die beklemtoning van haar "wanhoop". Die feit dat Spies dit "ongekorrigeer" oorneem, bewys weer eens hoe naby sy aan die bronteks bly.

Dinsdag, 7 Maart 1944

BT: [...] een deeltje van me bewaart altijd z'n ernst. (bl. 189)

DT: [...] 'n deeltjie van my bewaar altyd die erns. (bl. 226)

Vrydag, 28 April 1944

BT: Toen gleeed de gewone Anne opeens weg daarvoor kwam de 2e Anne in de plaats, de tweede Anne, die niet overmoedig en grappig is, maar die alleen lief wil hebben en zacht wil zijn. (bl. 245)

DT: Toe het die eerste Anne meteens weggegly en het die tweede Anne in haar plek gekom; die tweede Anne wat nie oormoedig en vermaaklik is nie, maar wat net lief wil hê en sag wil wees. (bl. 285) {*Die mooi alliterasie van die Nederlands "zacht wil zijn" gaan ongelukkig in die Afrikaanse vertaling verlore.*}³¹

'n Mens moet na aanleiding van hierdie inskrywings met Denise de Costa (1996, in Spies 2008a:9) saamstem as sy sê: "Deze 'Anne van de dagboeken' is een rijke, complexe persoonlikheid."

Aangesien Afrikaans uit Nederlands ontwikkel het, kan Spies Anne se skryfstyl en stem verder goed naboots deur soms Nederlandse uitdrukkings te behou wat dikwels ook deur Afrikaanssprekendes in die veertigerjare van die twintigste eeu gebruik is.³² Spies maak ook gebruik van 'n ouer Afrikaans om by die tyd waarin die dagboek geskryf is, aan te sluit in plaas daarvan om die dagboek in moderne Afrikaans te vertaal. Dit sou afbreuk gedoen het aan die outentiekheid van die teks.

'n Voorbeeld waar die Nederlandse³³ bronteks in die doelteks behou word (sien afdeling 5.3.4.1 vir nog voorbeelde):

Vrydag, 14 April 1944

DT: Mijn werk, mijn hoop, mijn liefde, mijn moed, dat alles houdt mij rechtop en maak me goed! (bl. 275)

³¹ Kommentaar wat telkens na 'n voorbeeldwoord/sin/passasie uit die bronteks of doelteks gegee word, en in kursief gedruk is en in krulhakies staan, is die navorser se eie opmerking.

³² Sien opmerking hieroor in afdeling 5.3.4.1.

³³ Let wel Nederlandse woorde en sinne word nie in voetnote in die doelteks vertaal nie.

Voorbeelde van meer verouderde, of Nederlandistiese Afrikaans:

Sondag, 5 Julie 1942

BT: [...] hij had het erover³⁴, dat het erg moeilik voor ons zal zijn om helemaal afgescheiden van de wereld te leven. (bl. 24)

DT: Hy het dit gehad oor hoe moeilik dit vir ons sal wees om heeltemal afgeskei van die wêreld te lewe. (bl. 50)

Maandag, 6 Maart 1944

BT: [...] hoe stiller en ernstiger ik van binnen ben, des te luidruchtiger ben ik van buiten! (bl. 187)

DT: [...] hoe stiller en ernstiger en van binne is, des te luidrugtiger is ek van buite! (bl. 224) {*Sien ook hoe hierdie inskrywing aansluit by Anne se dieper en ernstiger kant.*}

Vrydag, 24 Maart 1944

BT: Stel je voor dat die wisten dat wij over zulke intieme onderwerpen hebben. (bl. 212)

DT: Dink net wat sal gebeur as hulle moet weet oor watter intieme onderwerpe ons dit het. (bl. 250) {*'n Meer idiomatiese Afrikaans sou wees: Dink net wat sal gebeur as hulle moet weet oor watter intieme onderwerpe ons praat/gesels.*}

Anne het 'n besonder skerp waarnemingsvermoë en slaag uiters goed daarin om gebeure te beskryf en om dialoog en humor tydens gesprekke weer te gee. Spies slaag in haar vertaling net so suksesvol daarin om die beskrywings en gesprekke oor te dra sodat die impak daarvan behoue bly. Vergelyk byvoorbeeld die beskrywing van die haarsny-petalje tussen mevrou Van Daan en Peter op Donderdag, 11 Mei 1944; die manier waarop Anne haar "berg werk" wat gedoen moet word op Donderdag, 11 Mei 1944 beskryf en die weergawe van die stryery tussen meneer en mevrou Van Daan (in dialoogvorm) op Dinsdag, 16 Mei 1944. Deur die vertaling dra die dagboek in sy geheel deurlopend die styl van Anne se oorspronklike inskrywings oor en verleen dus sodoende outentiekheid aan die doeltteks.

Anne dryf dikwels doelbewus die spot met besonder humoristiese uitdrukkings in die volwassenes se "geradbraakte Nederlands" (die vermenging van Duits en Nederlands). Sy gee dit weer net soos wat dit oorspronklik gesê is. Spies behou ook in haar vertaling hierdie frases en sinne om die oorspronklike atmosfeer van die

³⁴ Tensy anders vermeld in 'n voetnoot, is alles wat onderstreep is in die aanhalings uit die bronteks en doeltteks deur die navorser self om klem te plaas op sekere woorde wat van toepassing is en bespreek word.

humoristiese inskrywing weer te gee. Die bronteks en doelteks stem dus presies ooreen in onder andere die volgende voorbeelde:

Donderdag, 12 November 1942

DT: "Maar ... aber, sind u dan nicht in België? Ist der Militär nicht gekommen? Das Auto? Die vlucht ist sie nicht gelukt? (bl. 94)

Woensdag, 18 Augustus 1943

DT: "Putti, kyk du spatst schon!" (bl. 152)

Hugo (2008a:13) som die behoud van Anne se stem en styl in die Afrikaanse vertaling soos volg op:

Dit is die jeugdigheid [*let wel nie kinderlikheid – eie toevoeging*] van haar stem gekombineer met die diepgang en geskakeerdheid van haar ontluikende persoonlikheid wat Anne Frank se geskrif laat uitstyg bo dié van haar tyd- en lotgenote.

Deurdadig Spies Anne se stem so goed naboots, laat sy die Afrikaanse vertaling ook hierdie besondere betekenis van die oorspronklike Nederlandse weergawe van die dagboek oordra.

4.4 Samevatting en gevolgtrekking

Daar kan dus uit die vergelyking tussen die bron- en doelteks op makrovlak gesien word dat daar grotendeels in die doelteks nie baie van die bronteks afgewyk word nie. Dieselfde inhoud, struktuur, vertelwyse en styl van die bronteks word in die doelteks behou. Indien daar afgewyk word, verduidelik en regverdig die vertaler wel telkens hierdie verandering/afwyking. Die veranderinge in die doelteks is meestal in die parateks, wat weer meer klem plaas op die betrokkenheid en mag wat die vertaler in die vertaalproses van *Die Agterhuis* gespeel het. Volgens Lefevre (1992:xi) impliseer alle vertaling 'n mate van manipulasie van die bronteks vir 'n spesifieke doelwit. In die vertaling word dagboekinskrywings nie soseer gemanipuleer nie, maar wel in die parateks van die doelteks, om die spesifieke doelwitte, soos bespreek, te bereik.

Waar daar wel in hierdie vertaling gemanipuleer word, is in die rigting van Nederlands in plaas daarvan om die doelteks meer doelteksleser- en

doelkultuurgeoriënteerd te vertaal. Daar word met ander woorde meer vervreemdend en minder domestikerend te werk gegaan. In die parateks van die doelteks is die vertaler duidelik sigbaar, maar ten spyte daarvan dat sy 'n gekanoniseerde skrywer is, en die outeur van die bronteks ongekanoniseerd en oorlede is³⁵, bly die vertaler baie getrou aan die bronteks en baie lojaal aan die bronteks se outeur. Haar eie stem klink nie soseer in die vertaling nie en sy onderwerp haar aan die outeur se stem.

'n Mens kan ook op makrovlak aflei dat die vertaalbenadering wat hoofsaaklik in *Het Achterhuis* gevolg word, dié van vervreemding is, met elemente van domestikering wat ook teenwoordig is. Verder word daar deurgaans 'n funksionalistiese benadering gevolg. Op makrovlak word die hoofklem daarop geplaas om lojaal te bly aan die bronteksouteur en om getrou aan die bronteks te bly. Die vertaler benader die vertaling dus op 'n doelbewuste en funksionele wyse om die stem van die outeur behoue te laat bly en te laat "klink" in die doelteks en om die doelteks outentiek ten opsigte van die bronteks te behou.

Aangesien die besluite wat op makrovlak ten opsigte van 'n vertaling geneem word 'n invloed het of watter strategieë op mikrovlak gevolg word, sal die mikrostrategieë in die volgende hoofstuk bespreek word. Hierdie mikrostrategieë het weer op hulle beurt 'n invloed op hoe die makrobenadering daar uitsien.

³⁵ Al is die bronteks wel gekanoniseer.

Hoofstuk 5

Mikro-analise van die doeltteks

5.1 Inleiding

Uit die makro-analise van *Die Agterhuis* kan 'n mens aflei dat daar hoofsaaklik 'n vervreemdingsbenadering tot die vertaling gevolg word. Daar word getrou aan die bronteks en lojaal aan die bronteksouteur gebly, maar tog word norme en konvensies van die doelkultuur, veral ten opsigte van taal, in ag geneem.

Die besluite wat op makrovlak geneem word ten opsigte van vertaalstrategieë³⁶ en -benaderings het 'n invloed op watter besluite op mikrovlak geneem word en die strategieë wat op mikrovlak gevolg word.



5.2 Model vir mikro-analise³⁷



In die vertaling van *Het Achterhuis* in Afrikaans is daar 'n hele aantal vertaalprobleme wat op mikrovlak opgelos moet word. Die hoofafdelings waarin vertaalprobleme gewoonlik ingedeel word, is pragmaties, interkultureel, intertaalig en teksspesifiek. Vertaalprobleme sal volgens die model in figuur 8 geanaliseer en beskryf word en voorbeelde hiervan sal uit die bron- en doeltteks gegee word. Hierdie model is 'n kombinasie van die modelle van 'n paar rolspelers in die vertaalteorie. Die oorkoepelende indeling van die model berus hoofsaaklik op Nord (1997a:59-64) se model wat ook deur Schäffner en Wiesemann (2001:24-

³⁶ Daar moet gelet word daarop dat vertaalbesluite nie altyd gebaseer is op bestaande strategieë nie, veral in die geval van 'n vertaling soos hierdie, wat gedoen is deur 'n persoon wat nie opgelei is as 'n vertaler nie. Volgens Nord (1997a:62) word besluite dikwels geneem op grond van persoonlike intuïsie. Dit is dus moeilik om altyd hierdie besluite te staaf of te verduidelik.

³⁷ Vir die doel van hierdie tesis en die navorsingsvrae wat aan die begin van die tesis gestel is, gaan daar nie diep in elke afdeling ingegaan word nie. Die doel is eerder om 'n oorkoepelende prentjie te skets om te illustreer hoe die makrobenadering in die mikrostrategieë weerspieël word.

48) toegepas word om vertaalprobleme te kategoriseer. Onderafdelings is ook uit Newmark (1998), veral ten opsigte van die indeling van kultuurspesifieke verwysings onder die onderafdeling "pragmatiese vertaalprobleme" (afdeling 5.3.1) (Newmark 1998:94-103).





Figuur 8: Model vir die mikrovulkanalise van die vertaling van *Het Achterhuis* in Afrikaans

5.3 Vertaalprobleme

Daar sal deskriptief gekyk word na die onderskeie vertaalprobleme, of vertaaluitdagings, wat op die vertaling van *Het Achterhuis* in Afrikaans van toepassing is. Deurgaans sal daar gekyk word na die vertaalbenaderings wat gevolg is, die onderskeie vertaalstrategieë wat toegepas is, vertaalnorme en vertaalkonvensies wat 'n rol speel en uiteindelik die impak wat hierdie besluite op die vertaling as geheel het. Soos genoem in afdeling 2.8.3 is dit belangrik om

verskillende magte en beperkinge (*constraints*) wat op die vertaling inspeel in ag te neem. Dit is aangesien vertaling nie in 'n vakuum plaasvind nie.

5.3.1 Pragmatiese vertaalprobleme

Volgens Nord (1997a:59) word 'n bronteks in 'n doeltekstaal vertaal vir 'n spesifieke doel, of om aan 'n spesifieke funksie te voldoen. Die vertaler word gekonfronteer met twee kommunikatiewe situasies (die bronteks- en doeltekssituasie). Die kontras tussen hierdie twee situasies kan dan pragmatiese vertaalprobleme teweeg bring. Pragmatiese vertaalstrategieë is volgens Chesterman (1997:107), strategieë

[which] primarily have to do with the selection of information in the TT [target text], a selection that is governed by the translator's knowledge of the prospective readership of the translation [...] These strategies are often the result of a translator's global decisions concerning the appropriate way to translate the text as a whole.

Pragmatiese oorwegings op makrovlak is reeds in die vorige hoofstuk bespreek en pragmatiese vertaalprobleme en die strategieë wat gevolg word om hierdie probleme op te los, word verdeel in kultuurspesifieke terme en uitdrukkings, eiename, verwysings na tyd en plek en ideologiese verwysings.

5.3.1.1 Kultuurgebonde en -spesifieke terme en uitdrukkings

Die bronteks, *Het Achterhuis*, is, soos genoem, 'n teks waarin baie kultuurgebonde en -spesifieke terme en uitdrukkings voorkom. Die vertaler word dus op sowel makro- as mikrovlak met vertaalprobleme ten opsigte van kultuurverwysings gekonfronteer. Die vertaler oriënteer haar ideologies deur van 'n vervreemdingsbenadering gebruik te maak; ideologies tot die preserving van die Nederlandse kultuur in die vertaling. Alhoewel die bronkultuur, Europese (Nederlandse) kultuur, veral ten tye van die Tweede Wêreldoorlog, in baie opsigte van die doelkultuur verskil, is daar tog baie kultuurverwysings wat wel vir die doelteksleser verstaanbaar is, alhoewel dit steeds vreemd is. Dit wat die vertaler as onverstaanbaar vir die doelteksleser in sy/haar doelkultuur geag het, het sy in voetnote verklaar (afdeling 4.3.1.7).

Die vertaalstrategieë wat meestal gevolg word om vertaalprobleme ten opsigte van kultuurgebonde en kultuurspesifieke woorde en uitdrukkings op te los, is die gebruik

van 'n leenwoord³⁸, 'n leenvertaling (calque), substitusie, of 'n verduideliking (Schäffner & Wiesemann 2001:330). 'n Leenwoord is 'n woord in 'n ander taal as die doeltekstaal (gewoonlik die brontekstaal) wat in die doelteks gebruik word. 'n Leenvertaling is waar die doeltekstaal 'n uitdrukking of leksikale item van 'n ander taal leen, maar dit dan letterlik vertaal (Vinay & Darbelnet 1958/1995:85). Sien die eerste kolpunt hieronder vir 'n definisie van substitusie.

'n Paar strategieë om tekste toegankliker vir die doelteksleser in sy/haar doeltekskultuur te maak:

- Beekman en Callow (1974, in Shuttleworth & Cowie 1997:35) se kulturele substitusie behels die gebruik van 'n werklike-wêreldreferent van die doelkultuur as 'n plaasvervanger vir 'n onbekende referent van die oorspronklike, die bronteks. Beide referente behou wel dieselfde funksie.
- Hervey en Higgens (1992, in Shuttleworth & Cowie 1997:36) se min of meer ekwivalent vir kulturele substitusie is "cultural transposition"³⁹, waaronder die "cultural transplantation"-strategie val. Dit behels dat detail van die bronkultuur in die bronteks vervang word deur doelkultuur-elemente. Dit het tot gevolg dat die teks (gedeeltelik) herskryf word en 'n "nuwe" teks geskep word.
- Vertaalstrategieë soos vereenvoudiging, uitbreiding, verkorting en verheldering en kompensasie kan ook strategieë wees om 'n teks toegankliker vir 'n doelkultuur te maak (Chesterman 1997:87-116).
- Die aanpassing van die teks by die doelkultuur se norme en konvensies en perspektief is ook 'n strategie wat aangewend kan word om die doelteks toegankliker vir die doelteksleser te maak (Chesterman 1997:87-116).

Dit is belangrik om die bronkultuur sowel as die doelkultuur in 'n vertaling in ag te neem. In 'n literêre vertaling is die Suid-Afrikaanse norm om die bronkultuur te laat "deurskyn", terwyl die doeltekstaal idiomaties is sodat dit wel aanvaarbaar vir die doelteksleser is. Spies volg dan ook hierdie benadering.

³⁸ "Leenwoord" verwys hier na 'n woord uit die vreemde taal (brontaal) wat net so in die doelteks gebruik word. Dit moet nie verwar word met 'n leenwoord in die sin van 'n woord wat aanvanklik aan 'n ander taal behoort het en intussen in die formele leksikon van 'n taal opgeneem is nie. In teenstelling hiermee verwys "erfgoed" na woorde wat gemeenskaplik in Nederlands en Afrikaans se leksikon bestaan (De Villiers 1983:91).

³⁹ "Kulturele substitusie" sal telkens in hierdie tesis gebruik word om na "kulturele substitusie", "cultural transposition" en "cultural transplantation" te verwys.

Daar sal vervolgens op mikrovlak gekyk word na die hantering van kultuurverwysings in die doelteks.

i. Ekologies

Aangesien Anne en haar gesin die grootste deel van die dagboek in sogenaamde "selfopgelegde gevangenis" was, kom Anne in die tyd wat sy die dagboek hou nie baie in aanraking met die natuur nie, maar dit maak haar juis na die natuur hunker en sy ontwikkel 'n spesiale liefde daarvoor. Om hierdie rede skryf Anne heel dikwels oor die natuur in haar dagboek.

Dinsdag, 13 Junie 1944

Is dit omdat ek so lank nie my neus by die deur kon uitsteek nie dat ek so dol geword het oor alles wat natuur is? (DT bl. 323)

Aangesien die milieu waarin die dagboek afspeel in die noordelike halfrond is, verskil die maande waarin die vier seisoene voorkom, van wanneer die seisoene in die suidelike halfrond (waarin die doeltekslesers hoofsaaklik woon) is. Die seisoene word egter nie aangepas om volgens die Suid-Afrikaanse seisoenale indelings te wees nie, aangesien die doelteks se milieu dieselfde as in die bronteks bly. Sien die volgende inskrywing (let op die maand, April):

Dinsdag, 18 April 1944

BT: Wij hebben na ons kwakkelwintertjie⁴⁰ weer een prachtig voorjaar, april is inderdaad schitterend, niet te warm en niet te koud met so nu en dan een regenbuitjie. (bl. 240)

DT: Ons het na ons milde wintertjie weer 'n pragtige lente. April is inderdaad verruklik, nie te warm en nie te koud nie, met so nou en dan 'n reën-buitjie. (bl. 281)

Ekologiese verwysings na reën, sonskyn en ander klimaatsomstandighede bied nie vir die vertaler vertaalprobleme nie, aangesien al hierdie ekologiese verwysings net so gehou kan word, want dit is in die doelteksleser se verwysingsraamwerk.

⁴⁰ Tensy anders vermeld in 'n voetnoot, is alles wat onderstreep is in die aanhalings uit die bronteks en doelteks deur die navorser self om klem te plaas op sekere woorde wat van toepassing is en bespreek word.

Soms verwys Anne in algemene taal na die natuur, en dit word in die doeltteks behou:

Dinsdag, 13 Junie 1944

BT: Ik weet nog heel goed, dat een stralend blauwe hemel, piepende vogels, maneschijn en bloeiende bloemen m'n aandacht vroeger niet lang konden vasthouden. (bl. 281)

DT: Ek weet nog baie goed dat 'n stralende blou hemel, singende voëls, maanskyn en bloeiende blomme my aandag vroeër nie lank kon vashou nie. (bl. 323)

Dinsdag, 13 Junie 1944

BT: De donkere regendachtige avond, de storm, de jagende wolken hielden me in hun macht gevangen [...]. (bl. 281)

DT: Die donker, reënerige aand, die storm, die jagende wolke het my in hul mag gevange gehou [...]. (bl. 324)

Ander kere verwys Anne na spesifieke tipe plante of diere:

Dinsdag, 18 April 1944

BT: Onze kastanje is al tamelijk groen, hier en daar zie je zelfs al kleine kaarsjes. Bep heeft ons zaterdag met vier bosjes bloemen verwend, drie bosjes narcissen en een bosje druivenhyacinten [...]. (bl. 240)

DT: Ons kastaiingboom is taamliek groen; hier en daar is daar al bloeisels soos klein waskersies aan. Bep het ons Saterdag met vier bossies blomme bederf, drie bossies affodille en een bossie druifhiasinte. (bl. 280)

Die kastaiing is inheems aan Suid-Europa (Pereira-Lorenzo en A. M. Ramos-Cabrer 2004:105) en affodille en druifhiasinte is eie aan Nederland en die Mediterreense gebied in Europa (The Flower Expert 2009). Hierdie plantsoorte wat in die bronteks voorkom, word net so in die doeltteks behou en in Afrikaans vertaal. *Narcissen* kon ook vertaal word as "Narcissus" (Die Tuinier Tydskrif 2008), wat die biologiese naam daarvoor is en nader aan die Nederlands lyk en klink, maar die vertaler kies die algemener benaming daarvoor in Afrikaans, naamlik *affodille*, om die verwysing toegankliker vir die doeltteksleser te maak.

Die vertaler gebruik die verduideliking/ekspliseringstrategie deur *kaarsjes* nie bloot te vertaal as "kersies" nie, maar as *waskersies*, aangesien die bronteks spesifiek na "kersies van was, met brandbare pitte wat as versiering dien of om lig te verskaf, verwys om die bloeisels te beskryf" (Odendal & Gouws 2009:551). Alhoewel kersie (die vrug en die wasvoorwerp wat aangesteek kan word om 'n vlammetjie te maak) in

Afrikaans homonimies is, word daar wel in Nederlands onderskei tussen "kaars" (die waskers) en "kers" (die vrug) (Koenen & Drewes 1976:607,637). Hierdie spesifieke bloeisels staan dan ook in Nederlands bekend as "kaarsjes".

ii. Materieel

Materiële kultuur verwys na "artefakte", soos kos, klere, behuising en vervoer (Newmark 1998:95).

a. KOS

Volgens Newmark (1998:97) is kos 'n belangrike uitdrukking/weerspieëling van nasionale kultuur. Die kos wat die onderduikers beskikbaar gehad het om te eet, het afgehang van wat beskikbaar was tydens die oorlog en wat Miep en die ander mense wat vir hulle gesorg het, vir hulle kon neem. Kosvoorbereiding en etenstyd was deel van hulle daaglikse (dikwels saai) roetine en daarom verwys Anne dikwels na kos en etenstyd. Anne wy om die waarheid te sê op Maandag, 3 April 1944 'n hele dagboekinskrywing aan "eet".

Kossoorte in die bronteks kan verdeel word in dié wat bekend is aan doelteksleser (hoofsaaklik Afrikaanssprekendes) en dié wat egter nie verstaanbaar vir die doeltekslesers is nie en in die doelteks deur middel van 'n voetnoot verduidelik kon word.

Vertalings wat bekend is aan die doelteksleser:

Frambozen-bessen (BT bl. 164)	-	framboosbessies (DT bl. 199)
spinazie (BT bl. 222)	-	spinasie (DT bl. 261)
zuurkool (BT bl. 222)	-	suurkool (DT bl. 261)
bruinen bonen (BT bl. 223)	-	bruinbone (DT bl. 262)
leverworst (BT bl. 223)	-	lewerwors (DT bl. 262)
citroenpunch (BT bl. 223)	-	suurlemoenpons (DT bl. 262)
yoghurt (BT bl. 263)	-	jogurt (DT bl. 305)

Vertalings wat nie bekend is aan die doelteksleser nie:

Gelderse worst (BT bl. 72)	-	Gelderse wors (DT bl. 102)
andijvie (BT bl. 222)	-	andyvie (DT bl. 261)

koolrabi (BT bl. 222)	-	raapkool (DT bl. 261)
schorseneren (BT bl. 222)	-	hawerwortels (DT bl. 261)
kruidkoek (BT bl. 263)	-	kruidkoek (DT bl. 305)

Die meeste verwysings na kos in die dagboek is wel bekend aan Afrikaanssprekendes (die doeltekslesers) en daar bestaan erkende vertalings daarvoor, wat dan ook, soos 'n mens uit die bostaande voorbeelde kan sien, in die vertaling gebruik is. By 'n kossoort soos *aartappelchalet*, wat nie bekend is aan die doeltekslesers nie, is daar van die leenvertalingstrategie gebruik gemaak. "Chalet" is nie 'n erkende vertaling vir die Nederlandse "chalet" in hierdie konteks nie. Dié tipe kossoort is ook, soos in afdeling 4.3.1.7 genoem, in 'n voetnoot verklaar. Aangesien die vertaler origins die vervreemdingstrategie volg, word die tipe kossoorte ook dieselfde gehou in die doelteks en nie vervang met meer tipies Suid-Afrikaanse kossoorte nie.

Een plek waar daar wel geneutraliseer word, waar die generiese beskrywing vir kos gebruik word, is waar *moskovisch*⁴¹ *gebak* (BT bl. 255) vertaal word as *luukse gebak* (DT bl. 296) in plaas daarvan om die verwysing net so te hou en te vervreem, of om uit te brei deur te verduidelik wat hierdie woord beteken. Aangesien Anne hier 'n lys kossoorte opnoem, sou dit nie hier effektief wees om 'n beskrywing te verskaf nie. Vir die boodskap wat oorgedra moet word, is dit ook nie nodig om die spesifieke tipe gebak te noem nie. Spies kon egter wel, soos sy op ander plekke doen, ter wille van konsekwentheid die woord "moskovisch" behou het en dit in 'n voetnoot verklaar het, of die term as "fyngebak" ("Kunstige voorbereiding van meelprodukte." – Odendal & Gouws 2009:251) vertaal het, wat meer idiomaties is as "luukse gebak".

b. KLERE

Volgens Newmark (1998:97) kan klere as kultuurterme aan doeltekslesers verduidelik word (deur van die uitbreidingstrategie gebruik te maak) of die generiese term kan bloot gebruik word. In *Het Achterhuis* verwys Anne dikwels na kledingstukke.

⁴¹ moskovisch gebak: zeer luchtig gebak waarin o.a. gelijke hoeveelheden suiker, bloem en (harde) boter zijn verwerkt (Heelom 2006).

Daar is verwysings na kledingstukke wat algemeen bekend is en hierdie terme is dan ook met die Afrikaanse ekwivalent vertaal. Die meeste klere wat genoem word, is klere wat in die doelkultuur ook gedra word:

buustehouders (BT bl. 53)	-	bra's (DT bl. 80)
onderjurken (BT bl. 53)	-	onderrokke (DT bl. 80)
sokjies (BT bl. 53)	-	sokkies (DT bl. 81)
skooljurken (BT bl. 53)	-	skoolrokke (DT bl. 81)
pantoffels (BT bl. 112)	-	pantoffels (DT bl. 145)

Die vertaler het besluit om *jurken* met die meer moderne woord *rokke* te vertaal, al kon sy ook die ouer Afrikaanse woord "jurke" gebruik in "onderjurke" en "skooljurke". *Buustehouders* kon ook vertaal geword het as "buustehouers"/"buustelyfies" (Odendal & Gouws 2009:130). Alhoewel nie in bostaande voorbeelde nie, besluit Spies tog om soms wel in ander gevalle die meer outydse of Nederlandistiese woord te gebruik wanneer daar na klere verwys word:

badpak (BT bl. 163)	-	baaipak (DT bl. 198) {i.p.v. bv. <i>swembroek</i> } ⁴²
---------------------	---	---

Die strategie wat by die vertaling van klereterme gebruik word, is dus stilisties nie konsekwent nie. Die vertaler bly egter konsekwent in haar vertaling deur 'n bepaalde bronteksterm deurgaans met dieselfde doelteksterm te vertaal (byvoorbeeld *jurken* wat deurgaans as *rokke* vertaal word.)

Daar is wel plek-plek verwysings na klere wat nie in die doelkultuur gedra word nie, byvoorbeeld *klompe* (DT bl. 107) asook klere wat in die moderne tyd (waarin die vertaling verskyn) (hoofsaaklik) nie meer gedra word nie, byvoorbeeld 'n *korset* (DT bl. 125). Hierdie klereterme word egter steeds in die doelteks so behou en vertaal. Dit word nie aan die doelteksleser verduidelik nie en ook nie met generiese terme, soos "skoene" en "onderklere" vervang nie. Beide is wel in die Westerse kultuur bekende konsepte en sal waarskynlik deur die doelteksleser in sy/haar doelkultuur verstaan word.

⁴² Kommentaar wat telkens na 'n voorbeeldwoord/sin/passasie uit die bronteks of doelteks gegee word, en in kursief gedruk is en in krulhakies staan, is die navorser se eie opmerking.

c. BEHUISING

Behuising kan verdeel word in twee kategorieë, naamlik die fisieke plekke waar mense woon en huishoudelike artikels en verwysings.

Ten opsigte van behuising is die Nederlandse en Suid-Afrikaanse kultuur, met ander woorde die bron- en doelttekskultuur, baie na aan mekaar. Volgens Newmark (1998:97) is daar in baie taalgemeenskappe spesifieke name vir huise (byvoorbeeld die Italiaanse *palazzo*) wat gewoonlik nie vertaal word nie. In *Die Agterhuis* word alle terme ten opsigte van blyplekke en vertrekke wel vertaal. Sien die volgende voorbeelde:

grachtenhuis (BT bl. 28)	-	gragtehuis (DT bl. 55)
huiskamer (BT bl. 28)	-	woonkamer (DT bl. 55)
keuken (BT bl. 28)	-	kombuis (DT bl. 55)
slaapkamer (BT bl. 28)	-	slaapkamer (DT bl. 55)
zolder (BT bl. 29)	-	solder (DT bl. 55)
kantoor (BT bl. 64)	-	kantoor (DT bl. 94)
flats (BT bl. 65)	-	woonstelle (DT bl. 95)
kamers (BT bl. 65)	-	kamers (DT bl. 95)
badkamer (BT bl. 65)	-	badkamer (DT bl. 95)

Die enigste verwysing na 'n tuiste wat wel (leksikaal) gecalque word (met ander woorde waar 'n leenvertaling gebruik word), is *Achterhuis* wat vertaal word as *Agterhuis* aangesien hierdie woord so 'n integrale rol in die teks speel (aangesien dit die tema van onderduiking versterk) en ook aangesien Anne die roman wat sy wou publiseer *Het Achterhuis* wou noem. Die vertaler bly hier dus baie lojaal aan die outeur en die bronteks.

Verwysings na huishoudelike artikels, en so meer, is meestal maklik om in Afrikaans te vertaal, aangesien dit met artikels in die doelkultuur ooreenstem:

portaalte (BT bl. 28)	-	portaalte (DT bl. 55)
trap (BT bl. 28)	-	trap (DT bl. 55)
beddens (BT bl. 29)	-	beddens (DT bl. 55)

Alhoewel al die huishoudelike artikels, selfs al is dit vreemd vir die doelkultuur (veral in die moderne tyd) behou word, word dit wel vertaal:

wastafel (BT bl. 28)	-	wastafel (DT bl. 54)
hoedendoos (BT bl. 34)	-	hoedendoos (DT bl. 60)
nachtpot (BT bl. 34)	-	kamerpot (DT bl. 60)
kooi (BT 209)	-	kooi (DT bl. 247)

Hierdie terme word ook nie in byvoorbeeld voetnote verklaar nie, aangesien dit wel bekend is vir die Suid-Afrikaner in sy/haar kultuur, maar nie in die moderne tyd nie. Al hierdie verwysings hierbo is wel in die doelkultuur tot ongeveer veertig jaar gelede gebruik.

Soms is dit wel nodig om die term in die bronteks met 'n term in die doelteks te vervang wat toegankliker is as die bronteksterm. 'n Voorbeeld hiervan is die afkorting *wc*⁴³ (BT bl. 28) wat regoor Europa gebruik word vir "toilet". Hier word dit gedomestikeer na *toilet* (DT bl. 54). Deftiger Afrikaanse ekwivalente word ook soms gebruik, byvoorbeeld *servies* (DT bl. 63) vir *servies* (BT bl. 37), in plaas van die algemener Afrikaanse term, naamlik "breekgoed". Hierdie strategie word egter nie konsekwent toegepas nie, want in die volgende voorbeeld vertaal die vertaler die brontaalitem met 'n doeltaalitem wat moderner is en ook meer generies is as die brontaalitem:

fornuis (BT bl. 28)	-	stoof (DT bl. 55)
---------------------	---	-------------------

Daar is waarskynlik besluit om nie die verouderde Afrikaanse woord "fornuis", wat 'n "groot vuuroond" of "stookplek" is (Odendal & Gouws 2009:243) in die doelteks te gebruik nie, ter wille van groter toeganklikheid vir die doelteksleser.

d. VERVOER

Daar is nie baie verwysings na vervoer in Anne se dagboek nie, veral aangesien die onderduikers nêrens heen gereis het vir die paar jaar terwyl hulle weggekrui het nie. Vervoermiddels in Nederland (brontekst) en Suid-Afrika (doelkultuur) stem hoofsaaklik ooreen en die verwysings daarna bly dus dieselfde. 'n Vervoermiddel soos 'n *trem* (DT bl. 45) waarna daar in die dagboek verwys word, het wel in onbruik in Suid-Afrika verval, maar is tog 'n bekende konsep en word nie in die doelteks

⁴³ WC/wc staan vir "watercloset" (Koenen & Drewes 1976:1585).

verklaar nie. Waar Spies wel in haar vertaling van die uitbreidingstrategie gebruik maak om 'n verwysing na vervoer te verduidelik, is in die volgende inskrywing:

Maandag, 26 Julie 1943

BT: Kugler is even langsgesien en vertel dat Fokker zwaar geteisterd is. (bl. 107)

DT: Kugler het ingeloer en vertel dat die Fokker-vliegtuigfabriek erg verniel is. (bl. 140)

Deur *vliegtuigfabriek* by te voeg in die doeltteks verduidelik die vertaler wie of wat *Fokker* is. Die bronteks verwys spesifiek na die fabriek waar die Fokker-vliegtuie gemaak word en Spies verduidelik dit aan die doeltteksleser in 'n voetnoot.

iii. Sosiale kultuur

Wat die sosiale kultuur betref, ontstaan daar nie werklik vertaalprobleme indien die twee betrokke kulture nouverwant is nie, sien die volgende voorbeelde:

pingpong[...] (BT bl. 16)	-	tafeltennis (DT bl. 42)
ijswinkel[...] (BT bl. 16)	-	roomyswinkel (DT bl. 42)
tandarts (BT bl. 19)	-	tandarts (DT bl. 45)
bioskoop (BT bl. 105)	-	bioskoop (DT bl. 138)
drogisterij (BT bl. 123)	-	apteek (DT bl. 158)

Soos bespreek in 4.3.1.7 word *apteek* wel in 'n voetnoot verklaar om die keuse van die doeltteksterm te verklaar.

In die volgende inskrywing maak Spies van die uitbreidingstrategie (sien onderstreepte gedeeltes) gebruik om 'n verwysing beter te verklaar:

Dinsdag, 22 Desember 1942

BT: In de krant staan wel een half pond, maar dat is alleen voor de gelukkige stervelingen die hun levensmiddelenkaarten van de staat krijgen en niet voor schuilende joden, die voor de duurte maar vier in plaas van acht klandestien kopen. (bl. 75)

DT: In die koerant het wel 'n halfpond gestaan, maar dit is slegs vir gelukkige sterflinge wat hul lewensmiddele van die staat kry en nie vir skuilende Jode wat weens die lewensduurte maar net vier in plaas van agt rantsone klandestien koop nie. (bl. 105)

Let wel die vertaler vertaal *levensmiddelenkaarten* as *lewensmiddele* en verkort dus die woord. Die betekenis kom basies op dieselfde neer en dit kan dus nie as 'n "fout"

beskou word nie. Die vertaler het moontlik besluit om "kaarte" weg te laat omdat sy besluit het in die vertaling sal dit beter wees om "rantsoene" by te voeg, wat impliseer dat kaarte voorsien is waarmee kos bekom/gekoop kon word.

Wat die skoolstelsel betref, vervreem die vertaler in die volgende inskrywing, aangesien sy die verwysings dieselfde hou as in die bronteks, terwyl die Suid-Afrikaanse skoolstelsel van dié in Nederland verskil:

Vrydag, 7 Januarie 1944

BT: Aan het einde van de grote vakantie kwam hij in de eerste klas van de middelbare school en ik in de zesde klas van de lagere school. (bl. 149)

DT: Aan die einde van die lang vakansie is hy na die eerste standerd van die middelbare skool en ek na die sesde standerd van die laerskool. (bl. 183)

Die vertaler maak wel gedeeltelik gebruik van die strategie van kulturele substitusie deur *klas* te vertaal as *standerd*⁴⁴ om dit vir die doelteksleser verstaanbaar te maak. In Suid-Afrika is 'n middelbare skool 'n alternatiewe hoërskool vir leerders wat vanweë leerprobleme nie in staat is om 'n gewone/konvensionele hoërskoolloopbaan te volg nie. In Suid-Afrika is daar slegs laerskool en dan hoërskool. In Nederland is die sogenaamde "middelbare skool" een waarheen alle skoliere gaan voor hulle hoërskool toe gaan.

iv. Sosiale organisasie

a. INSTITUSIONELE TERME

Volgens Newmark (1998:99) word 'n land se politieke en sosiale lewe deur institusionele terme weerspieël. Daar is volgens hom sekere vertaalnorme wat bepaal hoe hierdie terme vertaal word. Wanneer die titel van 'n staatshoof, of 'n parlement, uit "internasionale" morfeme bestaan, word die name net so vertaal (bv. Assemblée Nationale – Nasionale Vergadering), maar indien die name nie so eenvoudig vertaal kan word nie, word dit omskryf (bv. Bundestag – Duitse Federale Parlement).

⁴⁴ Eintlik is "standerd" ook verouderd met betrekking tot die Suid-Afrikaanse skoolstelsel, want die term "graad" word sedert 1997 gebruik om na leerders se vlak op skool te verwys.

Aangesien die terme "prins" en "koningin" internasionaal bekend is, word *Prins Bernhard* (BT bl. 40) as *Prins Bernhard* (DT bl. 67) vertaal. In dié geval is die Nederlandse en Afrikaanse woord dieselfde. *Hare Koninklike Hoogheid kroonprinses Elisabeth van York* (BT bl. 241) word vertaal as *Haar Koninklike Hoogheid kroonprinses Elizabeth van York*⁴⁵. Wanneer daar na Hitler verwys word, gebruik die bronteks en die doelteks die leenwoord *Führer* (uit Duits) (DT bl. 281) omdat dit 'n sekere ideologiese konnotasie het wat aan die doelteksleser oorgedra word wat nie met 'n vertaling oorgedra kan word nie. Om dieselfde rede word *Wehrmacht* (DT bl. 328) nie vertaal nie. Hierdie behoud van die Duitse woord het meer impak as wat 'n omskrywing, byvoorbeeld "Duitse Weermag" sou hê.

Name van ministeries word gewoonlik letterlik vertaal, solank hulle voldoende deskriptief is (Newmark 1998:99).

'n Voorbeeld hiervan is *de eerste minister van België* (BT bl. 275) wat vertaal word as *die Eerste Minister van België* (DT bl. 318). In hierdie geval is die Nederlands en die Afrikaans eenders, wat dikwels die geval tussen hierdie twee tale is en dit moontlik maak om hierdie tipe terme maklik te vertaal.

In 'n informele teks, soos 'n dagboek, kan 'n openbare liggaam met 'n deursigtige naam, met ander woorde 'n naam wat deur die doelteksleser verstaan sal word, met 'n kulturele ekwivalent (kulturele substituu) vertaal word, terwyl dit in amptelike dokumente in die brontaal gehou moet word (Newmark 1998:99). Indien die naam ondeursigtig is, en die betekenis nie so maklik afgelei kan word nie, moet die vertaler vasstel of die doelteksleser die term sal verstaan; indien nie, moet die naam met 'n kultuurvrye ekwivalent vertaal word. Newmark (1998:100) merk egter op dat 'n kulturele ekwivalent nie noodwendig die akkuraatste sal wees nie, maar dat dit wel groter impak sal hê.

Die *Burgerlijke Stand* (BT bl. 89) word as *Burgerlike Stand* (DT bl. 120) vertaal, aangesien dit die erkende vertaling daarvoor is. Aangesien daar nie 'n amptelike vertaling vir *Gestapo* is nie, word dit net so in die doelteks (bl. 83) gebruik. *Grüne Polizei* (DT bl. 127) kan wel in Afrikaans as "Groen Polisie" vertaal word, maar waarskynlik aangesien dit so 'n bekende term is en ideologiese konnotasies het, wat in die doelteks na vore moet kom, het die vertaler besluit om dit in die oorspronklike

⁴⁵ Let op die spelling van Elizabeth met 'n "z" terwyl die naam in die bronteks met 'n "s" gespel word.

Duits te behou. Name wat ook net so oorgedra word, is *SS* (DT bl. 151) en *NSB'ers* (DT bl. 269). Laasgenoemde word in 'n voetnoot verklaar as *Lede van die Nederlandse Nazi-party* (DT bl. 269).

Die *distributiediens* (BT bl. 220) word wel net so, as *distribusiediens* (DT bl. 259) vertaal, alhoewel dit nie verstaanbaar vir die doelteksleser is nie. Dit word wel in 'n voetnoot verklaar as "Verdeling van lewensmiddele in krisistyd deur die staat gereël."

b. RELIGIEUSE TERME

Aangesien Joodsheid en die marginalisering en uitwissing van die Jode 'n integrale deel van die dagboek vorm, kom daar baie religieuse verwysings in *Het Achterhuis* voor. Van die religieuse verwysings word in voetnote verklaar, soos *Hannuka*, *Sint Nicolaas* en *kandelaar* (DT bl. 101). Christelike verwysings, soos *die Nuwe Testament* (DT bl. 163), *Kersfees* (DT bl. 174) en *Pinkster* (DT bl. 323) word egter nie verklaar nie, aangesien daar verwag word dat die doelteksleser in sy/haar kultuur dit wel sal verstaan.

v. Gebare en gewoontes

Die gebare en gewoontes in die Nederlandse kultuur (brontekst) stem meestal ooreen met dié in die Suid-Afrikaanse, Afrikaanse kultuur (doeltekst), en hierdie verwysings, byvoorbeeld die handeling van tande borsel, hare krul en naels behandel (versorg) (BT bl. 110,111; DT bl. 143), en die gebare soen (BT bl. 240; DT bl. 280) of nagsoen (BT bl. 203; DT bl. 241) en verliefdes wat in mekaar se arms lê (BT bl. 240; DT bl. 280), besorg dus nie vertaalprobleme nie. Daar is in die brontekst geen verwysings na gebare en gewoontes wat nie vir die doelteksleser verstaanbaar sal wees nie.

5.3.1.2 Eiename

Wat mense se eiename betref, is die norm om dit net so in die doelteks oor te dra, om hulle nasionaliteit te weerspieël (Newmark 1998:215). Die uitsondering is sommige bekende of prominente persone, veral uit die geskiedenis (sien onder historiese name), wie se name en vanne wel vertaal word, byvoorbeeld Homēros (Grieks) wat in Afrikaans *Homerus* en in Engels *Homer* word. Indien die

oorkoepelende vertaalbenadering domestikering sou wees, sou eiename ook hiervolgens aangepas en heeltemal verander word sodat dit by kultuur pas waarin die doelteks geplaas is.

Aangesien die oorkoepelende benadering in die vertaling van *Het Achterhuis* egter vervreemdend is, word die Nederlandse en Duitse eiename onveranderd behou. Dit is veral belangrik om die eiename net so oor te dra in die doelteks, aangesien dit na werklike mense verwys. Anne Frank, Otto Frank, en so meer, word dus nie vertaal nie.

Van die byname of troetelname word ook net so oorgedra, soos die volgende voorbeelde:

Pappie / Pim {*Anne se troetelnaam vir haar pa.*}

Mansa {*Anne noem haar ma so.*}

Dussel {*Anne noem Fritz Pfeffer in haar dagboek so.*}

Putti {*Mevrou Van Daan se troetelnaam vir haar man.*}

Sommige eiename en byname word egter volgens Afrikaanse (doeltekstaal) konvensies verbuig en dus taalkundig gedomestikeer, of genaturaliseer:

Kitty	-	Kittie
Moffi	-	Moffie
Tommi	-	Tommie
Mama	-	Mamma
Papa	-	Paps
Mama	-	Mamma
Oma	-	Ouma
Scharminkeltje	-	Skarminkeltjie

Historiese name word vertaal indien hulle erkende vertalings het en die name word grammatikaal geneutraliseer. Sien die volgende voorbeelde.

Joodse Schouburg (BT bl. 23) -	Joodse Skouburg (DT bl. 49)
Augustus de Sterke (BT bl. 244) -	Augustus <u>die</u> Sterke (DT bl. 284)
Peter de Grote (BT bl. 244) -	Peter <u>die</u> Grote (DT bl. 284)
Jan de Oude (BT bl. 244) -	Jan <u>die Oue</u> (DT bl. 285)

Willem Lodewijk (BT bl. 244) - Willem Lodewyk (bl. 285)

Titels van boeke, films, koerante, tydskrifte, musiekkonserte en toneelstukke word nie vertaal nie, ongeag in watter taal dit in die bronteks verskyn. In die bronteks is hierdie name gekursiveer en aangesien die konvensie in Afrikaans en in Suid-Afrika is om boeke se name te kursiveer, word dit ook so in die doelteks aangebied. Sien die volgende voorbeelde:

<i>Daisy's bergvakantie</i> (BT bl. 10)	-	<i>Daisy's bergvakantie</i> (DT bl. 36)
de <i>Kleine Nachtmusik</i> (BT bl. 226)	-	<i>Eine Kleine Nachtmusik</i> (DT bl. 265)
'De Prins' (BT bl. 241)	-	<i>De Prins</i> (DT bl. 282)
<i>An ideal husband</i> (BT bl. 285)	-	<i>An ideal husband</i> (DT bl. 328)
<i>Minna von Barnhelm</i> (BT bl. 286)	-	<i>Minna von Barnhelm</i> (DT bl. 329)

Spies maak gebruik van die uitbreidingsstrategie by *Eine Kleine Nachtmusik* deur die *Eine* by te voeg om die volledige naam van die musiekkonsert in die doelteks oor te dra, al word dit nie so in die bronteks aangedui nie. Alhoewel *De Prins* in die bronteks gekursiveer is nie, bly die vertaler van die Afrikaanse teks wel konsekwent en kursiveer *De Prins* in die doelteks.

Die name van maatskappye, winkels en skole word gedeeltelik vertaal: die eenaamdeel van die naam word net so in die doelteks oorgedra, maar generiese woorde (Newmark (1998:216) noem dit *classifiers*) soos *school* (Afr: *skool*) of *Co* (Afr: *kie*) word wel vertaal. Sien die volgende voorbeelde hiervan:

Montessorischool (BT bl. 23)	-	Montessori-skool (DT bl. 49)
Gies en Co. (BT bl. 23)	-	Gies en Kie. (DT bl. 50)
Opekta Mij. (BT bl. 42)	-	Opekta Maatskappy (DT bl. 69)

Let wel dat *Maatskappy* in die doelteks uitgeskryf word, alhoewel dit in die bronteks afgekort is.

Geografiese en plekname word volgens konvensie met die erkende Afrikaanse term vertaal. So word alle aanduiders (*classifiers*), byvoorbeeld "rivier" en "straat" ook vertaal. Spies volg hierdie konvensie in haar vertaling:

Stadstimmertuinen (BT bl. 19)	-	Stadstimmertuine (DT bl. 45)
Zeeuws-Vlaanderen (BT bl. 42)	-	Zeeuws-Vlaandere (DT bl. 69)

Parijs (BT bl. 225)	-	Parys (DT bl. 296)
Frankrijk (BT bl. 275)	-	Frankryk (DT bl. 318)

Daar is wel 'n gebied wat in die bronteks in Nederlands is, naamlik *de Atlantik-Wall* (BT bl. 263), maar vreemd genoeg in die doelteks in Engels, in plaas van Afrikaans, vertaal is, naamlik *die Atlantic Wall* (DT bl. 305).

5.3.1.3 Verwysings na tyd en plek

Aangesien die dagboek van Anne Frank vertaal word dat die doelteks in dieselfde tyd en plek afspeel as die bronteks, bly alle verwysings na tyd en plek dieselfde. Die vervreemdingsbenadering word dus gebruik deur nie die tyd en milieu te verskuif na byvoorbeeld hedendaagse Suid-Afrika nie, maar die tyd en plek waarin en waar die dagboek geskryf is, naamlik Nederland tydens die Tweede Wêreldoorlog (veertigerjare), te behou. Slegs enkele voorbeelde word vervolgens gegee vir die wyse waarop hierdie makrobenadering op mikrovlak weerspieël word:

i. Tyd

In 1938 na de pogroms (BT bl. 15)	-	Na die pogroms van 1938 (DT bl. 41)
In de zomer van 1941 (BT bl. 16)	-	In die somer van 1941 (DT bl. 41)
nieuwjaar 1944 (BT bl. 189)	-	Nuwejaar 1944 (DT bl. 226)

ii. Plek

in Duitsland (BT bl. 15)	-	in Duitsland (DT bl. 41)
in Nederland (BT bl. 16)	-	in Nederland (DT bl. 41)
uit Zeeland (BT bl. 42)	-	uit Zeeland (DT bl. 69)

Om die doelteks toegankliker vir die doelteksleser te maak, maak Spies soms van die uitbreidingsstrategie gebruik wanneer dit by plekname kom. 'n Voorbeeld is die volgende:

Vrydag, 25 September 1942

BT: Ze tikken een brief aan een winkelier, indirecte klant van de Opekta in Zeeuws-Vlaanderen en wel zo dat de man [...]. (bl. 42)

DT: Hulle het 'n brief getik vir 'n winkelier, 'n indirekte klant van Opekta in Zeeuws-Vlaandere, in Zeeland, en wel so dat die man [...]. (bl. 69)

5.3.1.4 Ideologiese verwysings

Alhoewel ideologiese verwysings in ander, veral Duitse, vertalings van *Het Achterhuis* uitgelaat of geneutraliseer is, word alle ideologiese verwysings in *Die Agterhuis* behou en nie geneutraliseer nie. Spies (2009) beklemtoon dat sy juis al die ideologiese verwysings in die doelteks hou om lojaal te bly aan die bronteksouteur, die bronteks en die ideologiese boodskap wat hierdie bronteks oordra. Dit is aangesien ideologie 'n integrale deel van die dagboek vorm.

Aangesien die dagboek teen die agtergrond van die Tweede Wêreldoorlog en die Holocaust afspeel, word terme soos *Führer*, *Wehrmacht* en *Gestapo*, soos genoem, in Duits behou en nie in Afrikaans vertaal, of die betekenis daarvan in die hoofteks verduidelik (byvoorbeeld "Duitse Polisiemag", vir *Gestapo*) nie.

Die vertaler calque ook *onderduik/en* as *onderduik* in plaas van "wegkruip", aangesien wat die Jode tydens die Tweede Wêreldoorlog moes doen, meer as net blote skuiling behels het; hulle moes as't ware verdwyn. Die Nederlands Koenen Woordeboek (Koenen & Drewes 1976:917) verklaar "onderduiken" soos volg:

onderduiken: (tijdens de Duitse besetting) op een verborgen plaats of elders onder een andere naam gaan leven om uit de hande der politie te blijven of zich aan bepaalde maatregelen v.d. bezetter te onttrekken; in het algemeen: zich (tijdelijk) verborgen houden, (tijdelijk) bepaalde relaties verbreken, zich schuilhouden [...].

Verwysings na die verskillende religieuse groepe wat by die Holocaust betrokke was, naamlik Christene en Jode, word ook telkens behou en, soos in die bronteks, as't ware beklemtoon. Sien die voorbeeld van Anne se ma se fiets wat by 'n Christenfamilie gelos is in afdeling 2.8.

Soos gesien kan word in afdeling 3.4.2 is taal 'n belangrike ideologiese merker. Gevolglik word alle ideologiese inskrywings wat oor taal handel, in die doelteks behou en vertaal in plaas daarvan om die doelteks só te manipuleer dat dit ideologies neutraal is. Hierdie benadering dra by tot die behoud van die outentiekheid van die bronteks se boodskap in die doelteks. Die volgende voorbeelde is uit meneer Van Daan se "Agterhuis-onderduikreëls":

Dinsdag, 17 November 1942

BT: *Eigen radiosentrale* [...] met dien verstande dat alleen bij uitzondering naar Duitse stations mag worden geluisterd, bijvoorbeeld naar klassieke muziek en degelijke. Het is ten strengste verboden naar de Duitse berichten te luisteren (onverschillig waar vandaan deze worden uitgezonden) en te verspreiden. (bl. 65)

DT: *Eie radiosentrale* [...] met dien verstande dat slegs by uitsondering na Duitse stasies geluister mag word, byvoorbeeld na klassieke musiek en derglike. Dit is ten strengste verbode om na Duitse berigte te luister (ongeaag van waar hulle uitgesaai word) en dit te versprei. (bl. 95)

Dinsdag, 17 November 1942

BT: *Gebruik van taal:* [...] Toegestaan zijn alle cultuurtalen, dus geen Duits. [...] er mogen geen Duitse boeken gelezen worden, uitgezonderd wetenschappelijke en klassieke, alle overige zijn vrij. (bl. 66)

DT: *Gebruik van taal:* [...] Alle kultuurtaal word toegelaat, dus geen Duits nie. [...] Daar mag geen Duitse boeke geles word nie; uitgesonderd wetenskaplike en klassieke werke. Alle ander boeke word toegelaat. (bl. 96)

Met betrekking hiertoe – Spies behou die plekke waar Anne se huisgenote wel Duits praat, en sy dit ondveranderd in die dagboek weergee om te beklemtoon dat hulle wel Duits is, maar doelbewus hoofsaaklik Nederlands (wat wel in Afrikaans vertaal word) praat en hulle heeltmal losmaak van hulle Duitse kultuur, as gevolg van die Duitsers se onderdrukking van die Jode.

Om die ideologiese betekenis van die volgende woorde te behou, en dit aan die doeltekslesers oor te dra, word die onderstreepte uitdrukkings hier onder met kulturele substitute vertaal:

Sondag, 27 September 1942

BT: We hadden het over dienstmeisjes, dat je die 'hulp in de huishouding' moet noemen en dat dit na de oorlog zeker geëist zal zijn. (bl. 43)

DT: Ons het daarvoor gepraat dat dit na die oorlog seker van ons vereis sal word om 'n bediende 'n "huishulp" te noem. (bl. 70)

Die doelteksleser verstaan die kulturele ekwivalente *bediende* en *huishulp* beter en die ideologiese strekking van hierdie passasie kom dus sterker oor in die vertaling as wat die vreemde verwysings sou kon bewerkstellig.

Ander verwysings wat uit vorige vertalings gelaat is, is waar Anne feministiese uitsprake maak. Hierdie verwysings word wel in die Afrikaanse doelteks behou en vertaal, veral aangesien ons vandag in 'n minder patriargale samelewing woon as 60 jaar gelede. Sien die volgende inskrywing as voorbeeld:

Dinsdag, 13 Junie 1944

BT: Al meer is een van de vele vragen geweest, die m'n innerlijk niet met rust laten, waarom vroeger en nu ook nog dikwijls de vrouw bij de volkeren een zoveel mindere plaats inneemt dan de man. Iedereen kan zeggen dat dit onrechtvaardig is, maar daar ben ik niet tevreden mee, ik zou zo graag de oorzaak weten van dit grote onrecht! ...]

Het is dom genoeg van al die vrouwen geweest dat ze tot voor enkele tijd dit maar stil zo door hebben laten gaan [...]. In veel landen hebben de vrouwen gelijke rechten gekregen; vele mensen, vrouwen vooral, maar ook mannen, zien nu in hoe verkeerd deze wereldindeling zo lange tijd was, en de moderne vrouwen willen de rechten voor hun algehele onafhankelijkheid! (bl. 282)

DT: Die een vraag wat my steeds meer besig hou en nie met rus laat nie, is waarom die vrou vroeër en ook nou nog dikwels 'n mindere plek inneem as die man. Almal kan sê dat dit onregverdig is, maar daarmee is ek nie tevrede nie; ek wil die rede weet vir dié groot onreg. [...] Dit was dom genoeg van al die vrouens dat hulle dit so lank sommer so stilweg aanvaar het, [...]. In baie lande het vroue gelyke regte gekry; baie mense, veral vroue, maar ook mans, sien nou in hoe verkeerd hierdie bedeling in die wêreld vir so 'n lang tyd was en moderne vroue wil die reg op volle onafhanklikheid hê! (bl. 324,325)

5.3.1.5 Samevattende opmerkings

Wat die vertaling van pragmatiese terme, begrippe en uitdrukkings betref, volg Spies deurgaans oorwegend 'n vervreemdingsbenadering en maak byvoorbeeld gebruik van leenwoorde, leenvertalings en woorde en name in hulle oorspronklike taal. Tog word plek-plek van domestikeringsstrategieë, soos kulturele substitusie, gebruik gemaak wanneer die vertaler voel dit is nodig om die teks verstaanbaarder of toegankliker vir die doelteksleser te maak. Daar word ook gebruik gemaak van voetnote om sekere pragmatiese begrippe te verduidelik wat aan die doelteksleser onbekend is, soos bespreek in afdeling 4.3.1.7.

Deur van die vervreemdingstrategieë gebruik te maak ten opsigte van pragmatiese verwysings, word die outentiekheid van die bronteks in die doelteks behou.

In hierdie afdeling is onder andere beskryf hoe pragmatiese vertaalprobleme ten opsigte van kultuurgebonde en -spesifieke terme opgelos is, maar daar is wel nog ander interkulturele vertaalprobleme wat in die vertaling van *Het Achterhuis* voorkom, wat in die volgende afdeling bespreek word.

5.3.2 Interkulturele vertaalprobleme

Interkulturele vertaalprobleme ontstaan volgens Schöffner en Wiesemann (2001:36) as gevolg van die verskille in konvensies tussen die twee kulture wat by 'n vertaling betrokke is, naamlik die bronkultuur en die doeltkultuur. Norme en konvensies speel 'n groot rol hier, aangesien elke kultuur sy eie norme, reëls en konvensies het. In afdeling 5.3.1 is reeds bespreek hoe vertaalprobleme ten opsigte van kultuurgebonde en -spesifieke terme hanteer word. Ander interkulturele vertaalprobleme wat kan ontstaan, is ten opsigte van meetkonvensies en eenhede, konvensionele aanspreekvorme en aanspreekvoorskrifte/bepalings (*salutation formulas*), sowel as tekstipologiese konvensies.

5.3.2.1 Gewigs- en maatname en geldeenhede

Die vertaalspesifikasie en die genre van 'n bron- en doelteks, noodsaak soms die vertaler om verwysings na maateenhede aan te pas sodat dit vir die doelteksleser verstaanbaar is in sy/haar kultuur (Schöffner & Wiesemann 2001:36). By die vertaling van 'n resep sal dit byvoorbeeld nodig wees om imperiale eenhede na metrieke eenhede om te skakel sodat 'n moderne Suid-Afrikaanse doelteksleser dit sal kan verstaan en die resep korrek kan uitvoer. By die vertaling van 'n literêre werk is dit egter nie so belangrik nie, aangesien daar nie eksakte instruksies gegee hoef te word nie. Indien sodanige vertaling dan origens die bronkultuur wil bewaar/behou, sal hierdie verwysings ook vervreem word. In die vertaling van *Het Achterhuis* in Afrikaans word die maatname wat van dié in Suid-Afrika verskil, vertaal, maar nie omgeskakel na Suid-Afrikaanse meetkonvensies en geldeenhede nie. Die pryse van artikels word ook nie aangepas volgens moderne standaarde nie. Dit is om te pas by die konteks waarin die res van die dagboek geskryf is. Dit is veral van toepassing op geldeenhede. Hierdie benadering het 'n sterk vervreemdende effek. Sien die volgende voorbeeld:

Maandag, 19 Julie 1943

BT: Druiven 5 gulden per kilo, kruisbessen 70 cent per pond, 1 perzik 50 cent, 1 kilo meloen 1 gulden 50. (bl. 105)

DT: Druive 5 gulde per kilogram, appelliefies 70 sent per pond, een perske 50 sent, 'n spanspek van een kilogram 1 gulde 50. (bl. 138)

5.3.2.2 Aanspreekvorme en -voorskrifte

Die bron- en doelkultuur en die genre van die bron- en doeltteks sal bepaal hoe aanspreekvorme en voorskrifte vertaal word. Hierdie aspekte is veral belangrik by briewe, waar daar altyd 'n aanhef is, byvoorbeeld "Geagte Mevrouw". Daar is spesifieke norme vir die formaat van briewe in verskillende tale en kulture. 'n Formele brief moet in Duits byvoorbeeld begin met "Sehr geehrter Herr" (Afr: "Geagte Meneer/Heer") (Schäffner & Wiesemann 2001:36). Die aanhef in korrespondensie moet polities korrek wees en die verhouding tussen die geadresseerde en die skrywer van die brief weerspieël. Aangesien *Het Achterhuis* in die vorm van briewe geskryf word, speel hierdie aspekte ook 'n rol by die vertaling van die dagboek. En aangesien dit baie persoonlike en informele briewe is, verskaf die aanspreekvoorskrifte nie werklik vertaalprobleme nie en word dus redelik direk vertaal:

Dinsdag, 27 April 1943

BT: *Lieve Kitty, [...]*
Je Anne (bl. 91,92)

DT: Liewe Kittie
Anne (bl. 123,124)

Saterdag, 4 Maart 1944

BT: *Beste Kitty,*
Je Anne M. Frank (bl. 185, 186)

DT: Beste Kittie
Anne M. Frank (bl. 222,223)

Let wel dat Afrikaanse konvensies gevolg word deur nie 'n komma na die aanhef in die doeltteks te gebruik nie en by die afsluiting nie die *Je* te vertaal en in te sluit nie. In Afrikaans word hierdie teks ook nie gekursiveer nie. Waar die slot in die doeltteks wel iets ekstra benewens die naam bykry, is wanneer daar in die bronteks ook 'n ekstra stukkie teks bykom, byvoorbeeld:

Sondag, 19 Maart 1944

BT: Je dankbare en blije Anne⁴⁶ (bl. 204)

DT: Jou dankbare en blye Anne⁴⁷ (bl. 242)

Donderdag, 27 April 1944

BT: Genoeg voor vandaag, adieu!

Je Anne M. Frank (bl. 244)

DT: Genoeg vir vandag adieu!

Anne M. Frank (bl. 285)

Daar is in afdeling 4.2.2 bespreek waarom Anne later in die dagboek haar volledige naam uitskryf.

Aangesien die bron- en doeltteks in dagboekvorm is, word daar nie werklik van ander aanspreekvorme gebruik gemaak nie, behalwe waar Anne dialoog weergee, of na sekere mense verwys. Sy wissel dit af deur soms van troetelname (bv. *Pim*), soms van byname (bv. *Dusset*) en soms slegs van die persoon se van (bv. *Van Daan*) gebruik te maak. Na jonger mense en volwassenes wat Anne goed ken, word op hulle name (bv. *Miep* en *Peter*) verwys. Hierdie aanspreekvorme word ook so behou en in Afrikaans in die doeltteks vertaal. Respek vir iemand word in die bronteks weerspieël deur na 'n persoon as *mijnheer* of *mevrouw* te verwys – dit is vir volwassenes en mense wat sy minder goed ken en wat ouer as Anne is. In Afrikaans noem kinders gewoonlik volwassenes wat hulle goed ken "oom" en "tannie", maar die ekwivalente hiervan in Nederlands word slegs vir familieleden gebruik. Spies domestikeer nie hier deur die aanspreekvorme na "Oom" en "Tannie" om te skakel vir verwysings na volwassenes wat Anne goed ken nie. Daar word in die doeltteks van die aanspreekvorme *Meneer* en *Mevrou* gebruik gemaak.

5.3.2.3 Tekstipologiese konvensies

Volgens Schäffner en Wiesemann (2001:37) is genrekonvensies kultuurspesifiek en kan met verloop van tyd verander. Daarom is genres vir vertaalstudie belangrik. Genrekonvensies behels makrostrukturele, sowel as mikrostrukturele, aspekte. In die vorige hoofstuk is daar reeds verwys na die genre van die bronteks wat in die doeltteks behou word. Op makro- en mikrostrukturele vlak bepaal die genre, naamlik

⁴⁶ Onderstreep in bronteks.

⁴⁷ Onderstreep in die doeltteks.

die egodokument (dagboek en dagboekbriewe) dus watter vertaalstrategieë aangewend word. Op die vlak van mikrostruktuur word daar veral gefokus op leksikale en grammatikale keuses en die norme en konvensies wat dit bepaal (Schäffner & Wiesemann 2001:38). Intertalige probleme sal uitvoerig in die volgende afdeling bespreek word, maar binne (hier)die interkulturele afdeling, sal daar wel na hooflettergebruik en interpunksie gekyk word.

i. Hooflettergebruik

Hoofletters word volgens Afrikaanse norme vir eiename gebruik. Nederlands maak minder van hoofletters gebruik as Afrikaans. Name van gelowe, maande van die jaar en weksdae word byvoorbeeld in Nederlands met kleinletters geskryf, maar in Afrikaans met hoofletters. In die doelteks hou Spies haar by die Afrikaanse konvensies/norme ten opsigte van hooflettergebruik. sien die volgende voorbeelde:

geallieerden (BT bl. 77)	-	Geallieerdes (DT bl. 107)
christenen (BT bl. 76)	-	Christene (DT bl. 107)
november (BT bl. 135)	-	November (DT bl. 167)
zaterdag (BT bl. 202)	-	Saterdag (DT bl. 240)
jodenkwesie (BT b. 270)	-	Jodekwessie (DT bl. 313)
pinksterreceptie (BT bl. 270)	-	Pinkstervieringe (DT bl. 313)

In Nederlands word titels, soos *mijnheer* en *mevrouw*, altyd met kleinletters geskryf, terwyl dit in Afrikaans slegs met 'n kleinletter geskryf word as dit in kombinasie met 'n van geskryf word, maar met 'n hoofletter as dit alleen staan. *Moeder* en *Vader* word ook in Afrikaans met 'n hoofletter geskryf wanneer dit as 'n aanspreekvorm gebruik word, maar word in Nederlands met 'n kleinletter geskryf:

Woensdag, 17 November 1943

BT: Het is ermee begonnen dat hij boven zijn mond dichtkneep en noch met mijnheer Van Daan noch met mevrouw Van Daan één woord sprak. Dit viel iedereen op. Toen het een paar dagen aanhield nam moeder de gelegenheid waar om hem te waarschuwen voor mevrouw, die hem inderdaad op die manier nog veel onaangenaamheden kan bezorgen. (bl. 134,135)

DT: Dit het begin deurdat hy hier bo sy lippe toeknypt en nóg met meneer Van Daan nóg met mevrouw Van Daan één woord praat. Dit val almal op. Toe dit 'n paar dae aangehou het, het

Moeder die geleentheid waargeneem om hom te waarsku teen Mevrou, wat hom inderdaad op dié manier veel onaangenaamhede kan besorg. (bl. 167)

Sekere eiename, soos die *geallieerdes* (BT bl. 77), word in Nederlands nie met 'n hoofletter geskryf nie, maar in die doeltteks word dit wel met 'n hoofletter geskryf, *Geallieerdes* (DT bl. 107), aangesien alle eiename in Afrikaans met 'n hoofletter aangedui word.

Nog 'n verskil tussen die bronteks en die doeltteks is, dat waar Romeinse syfers in Nederlands saam met eiename gebruik word, dit in die sogenaamde klein hoofletters ("*small caps*") geskryf word, terwyl dit in Afrikaans as gewone hoofletters geskryf word:

Karel XII (BT bl. 244) - Karel XII (DT bl. 285)
Karel V (BT bl. 244) - Karel V (DT bl. 286)

ii. *Interpunksie en formaat*

Spies volg wat interpunksie en formaat betref, ook die konvensies en reëls van Afrikaans. 'n Paar voorbeelde:

- Waar daar in die bronteks van enkelaanhalingstekens (' ') gebruik gemaak word, word daar in die doeltteks van dubbelaanhalingstekens gebruik gemaak (" ").
- In die meeste gevalle waar daar van onderstreping in die bronteks gebruik gemaak word vir beklemtoning en/of om 'n opskrif in die dagboek aan te dui, maak die vertaler in die doeltteks van die meer moderne konvensie van kursivering gebruik.
- Woorde in ander tale as Nederlands word in die bronteks gewoon geskryf, terwyl dit, volgens Afrikaanse en Suid-Afrikaanse norme, in die doeltteks gekursiveer word (bv. die Engelse "*darling*" BT bl. 242 & DT bl. 282; en Latynse "*Per pedes apostolorum*" BT bl. 165 & DT bl. 200).
- Wat paragrawe betref, maak Spies soms 'n paragraafbreek in die doeltteks waar dit in die bronteks ontbreek. In die doeltteks word daar ook gebruik gemaak van inkeping wat elke paragraaf aandui, al begin die paragrawe in die bronteks teenaan die linkerkant van die bladsy.

Sien ook afdeling 5.3.2.2 vir die konvensies vir en hantering van interpunksie by briewe in die doelteks.

5.3.2.4 Samevattende opmerkings

Soos bespreek in afdeling 2.8.2 is Afrikaans en Nederlands in baie opsigte na aan mekaar. Baie van die norme, reëls en konvensies wat vir die Nederlandse gemeenskap geld, geld ook vir die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaanse gemeenskap. Soos genoem in afdeling 3.4.4 en 3.4.5 beskou Katan (2004:16) en Bassnett (2002:4,6) die vertaler as 'n interkulturele bemiddelaar tussen twee taal en kultuurgemeenskappe. Spies neem hierdie rol van kulturele interpreteerder aan deur sekere vertaalstrategieë aan te wend, soos in die vorige afdeling na verwys, om effektiewe interkulturele kommunikasie te bewerkstellig. Sy volg hoofsaaklik die vervreemdingsbenadering wat volgens Suid-Afrikaanse vertaalkonvensies die standaard vir literêre werke is. Alhoewel die doelteks die vreemde kultuur vasvang en die vertaling dit duidelik weerspieël, word daar nie afgewyk van Afrikaanse taalreëls en -patrone nie, en sommige begrippe word meer toeganklik vir die doelteksleser gemaak deur middel van voetnote. Sy maak ook die teks doelteksleservriendelik deur Afrikaanse taalkonvensies ten opsigte van byvoorbeeld hooflettergebruik en interpunksie te volg. In die volgende afdeling sal daar meer uitgebrei word op intertalige vertaalprobleme en hoe dit in die vertaling benader word. Die taalgebruik in die doelteks word dus gedomestikeer (sien afdeling 3.8.3.1).

5.3.3 Intertalige vertaalprobleme

Die vertaler tree as interkulturele bemiddelaar op wat die verskille tussen twee kulture sowel as tale moet oorbrug. Spies (2009) noem dat sy, net soos Anne in keurige Nederlands geskryf het, ook die dagboek in keurige Afrikaans wou vertaal. Vertaalbesluite ten opsigte van taal leun dikwels meer na die gebruik van ouer, of formeler en deftiger Afrikaans om die oorspronklike gevoel en atmosfeer van die bronteks te behou en Anne se stem sterk in die doelteks na vore te laat kom. Volgens Spies (2009) het sy wel besluit om soms Nederlandismes in die doelteks te gebruik indien sy 'n spesifieke gevoel wou oordra, of indien sy gevoel het die meer idiomatiese Afrikaanse uitdrukking sou nie soveel impak soos die oorspronklike Nederlands hê nie, of om doelbewus 'n vervreemding tussen die doelteks en die doelteksleser te bewerkstellig "waar dit gaan om omstandighede wat vir 'n jong Afrikaanstalige leser totaal vreemd is" (Spies 2007:25). Sy sê sy het egter gepoog

om so te vertaal sodat "die eiendommelike van Afrikaans" nie geweld aangedoen word nie (Spies 2007:24,25).

Spies (2007:24) sê ook Anne het nie die tipiese tiener-idioom wat gebruiklik in die veertigerjare in Nederland was, gebruik nie. Sy het volgens Spies "voortreflike Nederlands" geskryf en daarom hou Spies haar vertaling "so dig by die oorspronklike teks as moontlik" uit respek vir die skryftalent wat Anne in hierdie dagboek toon.

Aangesien Afrikaans uit Nederlandse dialekte ontwikkel het, is daar baie taalkundige aspekte wat eenders is tussen die twee tale. Soos Afrikaans as onafhanklike taal ontwikkel het, het dit op leksikale, semantiese, morfologiese en sintaktiese vlak wegbeweeg van Nederlands. Alhoewel daar steeds baie ooreenkomste tussen die twee tale is, is daar dus ook baie verskille, wat vertaalprobleme kan veroorsaak wanneer daar tussen hierdie twee tale vertaal word. Spies, die vertaler van *Het Achterhuis* in Afrikaans, het goeie kennis van sowel Afrikaans as Nederlands en beskik dus oor die vermoë om terselfdertyd in idiomatiese Afrikaans te vertaal, met behoud van die betekenis van die Nederlands. Veral aangesien daar tans steeds nie 'n goeie, omvattende tweetalige woordeboek is vir Nederlands en Afrikaans nie (Hugo 2008b), is dit des te meer belangrik dat die vertaler vlot in sowel die brontekstaal as die doeltekstaal moet wees.

Intertalige vertaalprobleme sal vir die doel van die analise van *Die Achterhuis* in drie kategorieë verdeel word, naamlik leksikon en semantiek, morfologie en sintaksis.

5.3.3.1 Leksikon en semantiek

Leksikale items in 'n taal verkry eers semantiese waarde wanneer dit in konteks gebruik word. Hierdie konteks kan onder andere pragmaties (kultuur, tyd, plek, genre, ens.) of linguisties (uitdrukking, sin, ens.) wees.

Uit die vorige twee afdelings kan daar afgelei word dat konteks 'n belangrike rol speel by die besluitneming ten opsigte van vertaalstrategieë. Die vertaler moet telkens die konteks van sowel die brontekstaal (waaraan sy weens ideologiese redes getrou wil bly) as die doeltekstaal (vir wie die doelteks verstaanbaar moet wees) in ag neem wanneer sy met vertaalprobleme gekonfronteer word.

Newmark (1998:73) maak die volgende opmerking oor woorde in konteks:

[...] we do translate words, because there is nothing else to translate; there are only the words on the page; there is nothing else there. We do not translate isolated words, we translate words [...] bound by their syntactic, collocational, situational, cultural and individual idiolectal contexts.

Delise (1988, in Qvale 1998:197) noem dat 'n mens nie die woorde moet vertaal nie, maar die betekenis *onderliggend* aan die woorde.

Soos genoem in afdeling 3.8.3.2 is die hoofbenadering wat in hierdie vertaling gevolg word vervreemding, met domestikering as sekondêre benadering. Deur eerstens na die keuse van vertaalekwivalente vir woorde en uitdrukkings te kyk, sal hierdie twee benaderings op mikrovlak geïllustreer word.

i. Woorde

Kulturele verwysings en ander pragmatiese verwysings word meestal vervreem, maar soms gedomestikeer. Algemene woorde (wat nie met kultuur verband hou, of kulturele waarde het nie) word meestal gedomestikeer. Sien egter die volgende paar voorbeelde waar woorde wel leksikaal vervreem word:

Maandag, 28 September 1942

BT: Dit is echter niet het geval en zal ook wel niet het geval zijn, zolang ik bij haast elke discussie (dit woord wordt hier inplaats van ruzie gebruikt, helemaal fout natuurlijk, maar dat weten Duitsers niet beter!) ter sprake kom (bl. 45)

DT: Dit is egter nie die geval nie en sal ook nie die geval wees solank ek byna by elke diskussie (dié woord word hier in plaas van "rusie" gebruik, heeltemal verkeerdelik natuurlijk, maar Duitsers weet nie van beter nie!) die onderwerp is nie. (bl. 72, 73)

Donderdag, 3 Februarie 1944

BT: Wat te doen als de Duitsers Amsterdam evacueren? (bl. 164)

DT: Wat staan ons te doen as die Duitsers Amsterdam evakueer. (bl. 199) {*In plaas van ontruim.*}

Hierdie vertaalekwivalente wat gebruik word, is nie verkéérd nie, maar daar is meer idiomatiese ekwivalente daarvoor. Deur van die Nederlandistiese ekwivalente gebruik te maak, word dit wat die bronteks wil oordra, byvoorbeeld humor en ironie (*diskussie*) of die erns van die saak (*evakueer*), beter oorgedra.

By bogenoemde voorbeelde kan gevoeg word *onderduik* en *Agterhuis*, soos reeds bespreek. Sien ook afdeling 5.3.1.4.

ii. Uitdrukings

Uitdrukings word redelik gereeld in die doelteks vervreem na Nederlandistiese uitdrukings wat baie na aan die bronteks is, of na meer outydse of formeler Afrikaans:

Saterdag, 20 Junie 1942

BT: Het is voor iemand als ik een heel eienaardige gewaarwording om in een dagboek te schrijven. (bl. 13)

DT: Dit is vir iemand soos ek 'n heel eienaardige gewaarwording om in 'n dagboek te skryf. (bl. 39) (*In plaas van nogal eienaardig.*)

Sondag, 13 Desember 1942

BT: [...] hun taaltje kan ik nauwelijks verstaan. (bl. 74)

DT: Hulle taaltjie kan ek nouliks verstaan. (bl. 104) (*In plaas van skaars verstaan.*)

Maandag, 6 Desember 1943

BT: Ik dacht lang na, totdat ik iets gevonden had, iets lachbaars (bl. 137) (*grappigs in Kritiese Edisie bl. 137.*)

DT: Ek het lank nagedink totdat ek op iets grappigs gekom het. (bl. 170) (*In plaas van aan iets snaaks kon dink.*)

Dinsdag, 7 Maart 1944

BT: Was het een wonder dat iedereen graag met me meefietse of me een attentie bewees? (bl. 188)

DT: Was dit 'n wonder dat almal graag saam met my skool toe en terug fietsgery het of attensies aan my bewys het. (bl. 225) (*In plaas van aandag aan my gegee het.*)

Donderdag, 28 Maart 1944

BT: [...] tog is het goed ze te oorwinnen want dan is het einde des te mooier. (bl. 218)

DT: En tog is dit goed om hulle te oorwin, want dan is die einde des te mooier. (bl. 257) (*Deftige, formele Afrikaans, in plaas van nog mooier / soveel mooier.*)

Uitdrukings wat baie duidelik gedomestikeer en in meer idiomatiese (of ook hedendaagse) Afrikaans vertaal word:

Donderdag, 1 Oktober 1942

BT: De volwassenes lagen dubbel en wij hadden niet minder schik. (bl. 50)

DT: Die volwassenes het dubbel gevou van die lag en ons het nie minder pret gehad nie. (bl. 77)

Donderdag, 3 Februarie 1944

BT: 'Ik ga stelten lopen, dat kon ik in mijn jeugd primissima." (bl. 164)

DT: "Ek gaan op stelte loop, dit kon ek in my jeug eksieperfeksie doen." (bl. 198)

Vrydag, 26 Mei 1944

BT: Maar ook daar huiveren we allen voor terug [...] (bl. 272)

DT: Maar ook daarvoor deins ons terug. (bl. 314)

Daar word dus van 'n kombinasie van vervreemding en domestikering vir die vertaling van woorde en uitdrukkings gebruik gemaak. Die vertaling van woorde (met ander woorde die behoud van verwysings en die behoud van die bronkultuur) word hoofsaaklik vervreemdend benader, maar uitdrukkings word domestikerend vertaal om by die taalpatrone, semantiek en konvensies van Afrikaans aan te pas en nie die eiendomlikheid van Afrikaans skade aan te doen (Spies 2007:25), of die teks onverstaanbaar en onaanvaarbaar vir die doelteksleser te maak nie.

iii. Idiome en spreekwoorde

Anne maak baie gebruik van spreekwoorde in die dagboek. Dit is belangrik om in 'n vertaling spreekwoorde (en idioome) in die bronteks te vervang met spreekwoorde (en idioome) wat in die doeltekstaal bestaan sodat die doelteksleser kan weet om nie die uitdrukking letterlik te interpreteer nie, asook om die figuurlike betekenis onderliggend aan die spreekwoord (of idioom) vir die doelteksleser verstaanbaar te maak.

Spies maak ook meestal van idiomatiese Afrikaanse ekwivalente vir idioome en spreekwoorde wat in die bronteks voorkom, gebruik in die doelteks:

Woensdag, 2 September 1942:

BT: Maar ja, iedre zijn meug. (bl. 36)

DT: Maar nou ja, elke diertjie het sy maniertjie. (bl. 63)

Dinsdag, 7 Maart 1944:

BT: De aanvoerdster van grappen en grapjes, altijd haantje de voorste, en nooit in een slechte bui of huilerig. (bl. 188)

DT: Die aanvoerder van grappe en grappies, altyd die voorbok en nooit in 'n slegte bui of huilerig nie. (bl. 225)

Vrydag, 2 Junie 1944

BT: "Hoog en droog, heilig en veilig" [...]. (bl. 273)

DT: "Hoog en droog, fris en gesond" [...]. (bl. 316)

Soms vertaal Spies 'n gewone uitdrukking met 'n spreekwoord/idiom in Afrikaans:

Woensdag, 2 September 1942

BT: Zal haar wel lelijk tegenvallen [...] (bl. 36)

DT: Dit sal haar ongetwyfeld dwars in die krop steek [...] (bl. 63)

Dinsdag, 8 Februarie 1944

BT: 'Ik heb toch niets van slordigheid gezegd, altijd krijg ik het als een ander wat doet!' (bl. 167)

DT: "Ek het tog niks oor slordigheid gesê nie. Ek kry altyd die wind van voor as iemand anders iets verkeers gedoen het!" (bl. 202)

Vrydag, 9 Junie 1944

BT: [...] dat Churchill de invasie gezamenlijk met de troepen wou beginnen [...]. (b. 277)

DT: [...] dat Churchill saam met die troepe die inval van stapel wou stuur [...]. (bl. 319)

Daar is natuurlik ook idiome/spreekwoorde wat in Nederlands en Afrikaans ooreenstem:

Woensdag, 3 November 1943

BT: De pot verwijt de ketel dat hy swart ziet! (bl. 313)

DT: Die pot verwyt die ketel dat hy swart is. (bl. 163)

iv. *Plat en vulgêre taal, sleng en mengtaal*

Anne skryf hoofsaaklik in keurige, formele Nederlands in die bronteks en maak baie min van sleng en plat taal, of vloekwoorde gebruik.

Anne meng nie oor die algemeen haar taal nie, maar maak tog soms van Duitse en Engelse woorde tussen die Nederlands gebruik, byvoorbeeld:

Vrydag, 17 Maart 1944

BT: Hier alles nog all right! (bl. 199)

DT: Hier is alles nog "all right!"! (bl. 237) {*Spies plaas die Engelse woorde tussen aanhalingstekens.*}

Saterdag, 25 Maart 1944

BT: Voor ik erachter kwam dat ze hier met hun ruzies fiftyfifty staan, duurde een hele tijd. (bl. 213)

DT: Dit het lank geduur voordat ek ingesien het dat dit met die rusies hier op vyftig-vyftig staan. (bl. 252) {*Hier word die Engels wel vertaal, aangesien die Engelse woorde nie meer trefkrag sal hê as die Afrikaans (soos in die vorige voorbeeld) nie.*}

'n Voorbeeld van plat taal is die volgende:

Dinsdag, 9 Mei 1944

BT: Dussel zit nu prompt om halfeen 'op de doos', om die uitdrukking maar aan te houden. (bl.257)

DT: Dussel sit nou stiptelik om halfeen "op die doos" om die uitdrukking maar in gebruik te hou⁴⁸. (bl. 298)

Die vertaler kies met opset die plat Nederlandse term vir 'n toilet, in plaas daarvan om 'n plat Afrikaanse ekwivalent te gebruik. Dit is waarskynlik aangesien daar nie werklik 'n plat ekwivalent vir die Nederlandse *doos* bestaan nie, maar slegs skertsende ekwivalente vir toilet (soos troon en parlamentshuisie), diskrete of eufemistiese ekwivalente (die kamerverlaat, die gerief, of die gemak) en vulgêre ekwivalente (soos kakhuis) (Odendal & Gouws 2009). Deur van die Nederlandse term gebruik te maak, word humor ook beter bewerkstellig. Spies verklaar hierdie vertaalkeuse in 'n voetnoot.

Op Donderdag, 25 Maart 1943, gebruik Anne wel plat taal, waarskynlik om uiting te gee aan haar frustrasie met die situasie. Hierdie vulgêre taal word in die doelteks behou, en in hierdie geval is die vertaling vir die Nederlandse woord dieselfde in Afrikaans (erfgoed):

⁴⁸ "om die uitdrukking maar in gebruik te hou" verwys na die gesprek wat hierdie stelling voorafgaan. Kleiman het eerste hierdie woord gebruik, en 'n gesprek tussen hom, mevrou Van Daan en Bep het gevolg waarin hulle oor-en-weer spot oor die "doos" (by name).

Donderdag, 25 Maart 1943

BT: PS De wc was vanmorgen verstopt en vader heeft alle aardbeienrecepten (ons tegenwoordige closetpapier) met enige kilo's kak met een lange, houten stok uit de wc moeten pulken. (bl. 88)

DT: Ns. Die toilet was vanmôre verstopt en Vader moes al die aarbeiresepte (ons huidige toiletpapier) saam met 'n paar kilo's kak met 'n lang houtstok daaruit haal. (bl. 119)

'n Vloekwoord wat in die bronteks staan, is *donderwetter* (BT bl. 119) wat in die doelteks ook as *donderwetter* (DT bl. 153) oorgedra word. Aangesien dit deel van direkte rede is, word dit nie vertaal nie, maar die Duitse kras woord word behou. Hier word dus vervreem en van 'n leenwoord gebruik te maak.

v. Vals vriende en zero-ekwivalensie

In 'n vertaling vanuit Nederlands in Afrikaans, moet 'n vertaler bedag wees op die leksikale en semantiese verskille, asook ooreenkomste tussen hierdie twee tale. Die vertaler moet dus, soos genoem, in die hoedanigheid van 'n intertalige bemiddelaar goeie kennis dra van beide die brontekstaal en die doelttekstaal.

Daar bestaan heelwat **vals vriende** tussen Nederlands en Afrikaans, veral aangesien Afrikaans uit Nederlandse dialekte ontstaan het, maar die Afrikaanse taal toe onafhanklik van die Nederlandse invloed verder ontwikkel het.

Spies hanteer vals vriende goed, soos in die volgende inskrywings:

Maandag, 15 Junie 1942

BT: G.Z is wel het mooiste meisje uit onze klas. Ze heeft een lief gezicht, maar is op school taamelijk stom. (bl. 12)

DT: G.Z is die mooiste meisie in ons klas. Sy het 'n liewe gesig, maar is op skool taamlik dom. (bl. 38)

Woensdag, 13 Januarie 1943

BT: We hebben een nieuwe bezigheid, namelijk pakjes met braadjus (in poedervorm) vullen. (bl. 76)

DT: Ons het 'n nuwe taak, naamlik om pakkies met braaisous (in poeiervorm) te vul. (bl. 107)

Maandag, 27 Maart 1944

BT: [...] maar de keerzijde van de medaille is ook vaak teleurstellend. (bl. 216)

DT: [...] maar die keersy van dié medalje is dikwels teleurstellend. (bl. 255)

'n Voorbeeld waar sy wel 'n woord met 'n vals vriend in Afrikaans vertaal:

Dinsdag, 22 Desember 1942

BT: Ik heb vanochtend koekjes gemaakt en twee taarten. (bl. 75)

DT: Ek het vanoggend koekies en twee terte gebak. (bl. 105)

Sy doen dit waarskynlik doelbewus, aangesien alhoewel die Nederlandse *taart*⁴⁹ volgens die reël met "koek" (Eng: *cake*) vertaal moet word (Martin & Tops 1989:219), hierdie eintlik 'n baie spesifieke tipe koek is wat meer soos 'n tert lyk, soos ons dit in Suid-Afrika ken.

Tussen twee tale bestaan daar altyd woorde wat nie 'n eksakte ekwivalent in die ander taal het nie. Hierna word verwys as "**zero-ekwivalensie**". Spies gebruik dikwels leenwoorde (soos *chalet*, *onderduik* en *Führer*) of leenvertaling (soos *agterhuis*) as vertaalekwivalente vir woorde in die bronteks. Soms sal sy gebruik maak van 'n beskrywing, of 'n generiese woord, soos in die geval van *moskovisch* (*gebak*) wat vertaal word as *luukse gebak* (sien afdeling 5.3.1.1).

5.3.3.2 Morfologie

Die belangrikste morfologiese veranderinge wat tussen Nederlands en Afrikaans plaasgevind het, is met betrekking tot naamwoorde, voornaamwoorde en werkwoorde (De Villiers 1983:77). Aangesien baie verbuigings en naamvalsuitgange (agtervoegsels wat naamval aandui) in Afrikaans verval het, is dit 'n groter uitdaging om uit Afrikaans in Nederlands te vertaal as om uit Nederlands in Afrikaans te vertaal. Daar sal in hierdie afdeling dus slegs gefokus word op die morfologiese verskille tussen hierdie twee tale wat problematies is vir die vertaler wat uit Nederlands in Afrikaans vertaal⁵⁰.

⁴⁹ taart: [...] meestal rond, luchtig gebak met cakedeeg met room en vruchten of confituren enz. erop of erin [...]. (Koenen & Drewes 1976:1355)

⁵⁰ Let wel hier gaan nie 'n omvattende studie van alle grammatiese verskille tussen Nederlands en Afrikaans gedoen word nie. Slegs enkeles word uitgelig. Sien verder: De Villiers (1983) en Ehlers & Van Beek 2004).

i. Naamwoorde

Daar is baie naamwoorde wat in Nederlands en Afrikaans ooreenstem, hetsy as leenwoorde⁵¹, of erfgoed, of woorde met dieselfde stam, maar die meervoudsverbuiging (agtervoegsel) is nie noodwendig dieselfde nie (De Villiers 1983:78). Sien die volgende voorbeelde uit die bron- en doeltteks:

voorbereid <u>ing</u> en (BT bl. 163)	-	voorbereid <u>ing</u> s (DT bl. 198)
og <u>e</u> n (BT bl. 168)	-	o <u>e</u> (DT bl. 203)
vriendin <u>n</u> en (BT bl. 188)	-	vriendin <u>n</u> e (DT bl. 225)
huilbui <u>e</u> n (BT bl. 189)	-	huilbui <u>e</u> (DT bl. 226)

Wat lidwoorde wat naamwoorde in Afrikaans voorafgaan betref, word daar onderskei tussen die bepaalde lidwoord (die) en onbepaalde lidwoord ('n). Geslag, getal, en so meer beïnvloed nie hierdie lidwoorde nie. In Nederlands bepaal geslag, meervoudsvorm (getal) en verkleiningsvorm watter lidwoord saam met 'n bepaalde naamwoord gebruik word. In Nederlands gaan die meervoudsvorm van naamwoorde saam met 'n ander lidwoord as die enkelvoud. Alle meervoude word voorafgegaan deur die lidwoord "de" (Afr: die), terwyl die enkelvoud voorafgegaan word deur die onbepaalde lidwoord "een" (Afr: 'n), óf die bepaalde lidwoorde "het" (Afr: die) of "de" (Afr: die) (Ehlers & Van Beek 2004:36). Waar daar in Nederlands 'n onderskeid tussen woordgeslag is, bestaan hierdie onderskeid nie in Afrikaans nie (De Villiers 1983:78). Alle verkleinwoorde word in Nederlands voorafgegaan met "het" (Ehlers & Van Beek 2004:36). Lidwoorde wat naamwoorde voorafgaan, is dus minder problematies in die vertaling vanuit Nederlands in Afrikaans.

Nog 'n verskil tussen Nederlands en Afrikaans is die genitiefvorm wat in Afrikaans verval het. Die genitief dui besitting aan, soos *Peters kamer* (BT bl. 210), wat in Afrikaans vertaal word as *Peter se kamer* (DT bl. 249). Daar bestaan ook ander vorme in Nederlands om besitting aan te dui, byvoorbeeld "z'n" en "dr", wat deurgaans as "[] se []" of "sy []" / "haar []" vertaal word (De Villiers 1983:78).

⁵¹ Leenwoorde wat wél in die leksikon van Afrikaans opgeneem is.

ii. Voornaamwoorde

Volgens De Villiers (1983:79) lê...

die basiese veranderinge in die prominale reeks in SA [...] in die voorkeur vir nadruklike en ondubbelsinnige vorme. Daardie neiging of voorkeur verklaar waarom onbetoonde vorme, soos *me, m'n, je, ze, we*, ens., verlore gegaan het, waarom die onderwerpsvorm *ons* i.p.v. die onderwerpsvorme *we/wij* die veld ingeneem het, waarom die saamgestelde vorm *hulle* die dubbelsinnige vorme *zij/ze* vervang het, en waarom die aanwysende *dit* die gewone vorm *het* verdring het.

Verder is die Nederlandse *wij/we* deur *ons* vervang wat volgens De Villiers (1983:79) wel in die Nederlandse streektaal voorgekom het en waarskynlik spontaan tydens die ontwikkeling van Afrikaans in die leksikon opgeneem is. Die vertaler moet bewus wees van hierdie verskille tussen Nederlandse en Afrikaanse voornaamwoorde sodat dit reg vertaal kan word in Afrikaans, soos Spies dan ook in die doelteks doen.

iii. Werkwoorde

Volgens De Villiers (1983:80) is die ingrypendste verandering wat in die ontwikkeling van Nederlands tot Afrikaans plaasgevind het, die defleksie van die werkwoord. Dit is die verlies van persoons- en tempusuitgange, asook die verdwyning van die tydsvorme imperfektum (preteritum) en die plusquamperfektum.

a. PERSOONSVORM

Terwyl Nederlandse werkwoorde meer as een vorm (persoonsvorm) het, het Afrikaans slegs een. Dit behels dat verskillende naamwoorde en voornaamwoorde in Nederlands verskillende verbuigings van 'n bepaalde werkwoord neem.

Die Nederlandse woord "zijn" (Afr: is) verbuig soos volg (Ehlers & Van Beek 2004:192):

ik ben / jij/u bent / hij/zij/het is / wij zijn / jullie zijn / zij zijn

In Afrikaans neem al hierdie voornaamwoorde egter die werkwoord "is", ongeag geslag of meervoud, of persoonsvorm. Verbuiings in Afrikaans vind wel plaas in die

verledetydsvorm en toekomstige tydsvorm. Sien subafdeling B (Verledetydsvorm) vir verledetydsvorme, asook die voorbeeld hieronder vir die toekomstige verbuiging van is ("sal wees"):

Saterdag, 20 Junie 1942

BT: Ik denk dat je wel een beetje verbaasd zult zijn over het feit dat ik, so jong als ik ben, over aanbidders spreek. (bl. 16)

DT: Ek dink dat jy wel 'n bietjie verbaas sal wees dat ek, so jonk as wat ek is, van bewonderaars praat. (bl. 42)

Maandag, 28 September 1942

BT: 'Ik ben werkelijk buitengewoon bescheiden. [...]' / Moeder: 'U bent zeker niet onbescheiden, maar niemand zou u bepaald bescheiden vinden.' (bl. 47)

DT: "Ek is werklik buitengewoon beskeie. [...]" / Moeder: "U is seker nie onbeskeie nie, maar niemand sal u bepaald beskeie noem nie." (bl. 74)

Maandag, 3 April 1944

BT: Ze zijn zo plakkerig en taai dat het is of er stenen in je maag liggen, maar afijn! (bl. 223)

DT: Hulle is so klewerig en taai dat hulle soos klippe in jou maag lê, maar nou ja! (bl. 262)

b. VERLEDETYDSVORM

Die enigste verledetydsvorm wat volledig in Afrikaans uit Nederlands behoue gebly het, is die perfektum. Dit behels die gebruik van 'n hulpwerkwoord, soos "het" met 'n werkwoord met meestal "ge-" as voorvoegsel, byvoorbeeld: "het gespeel"; "het gegaan".

Die imperfektum-verledetydsvorm het grootliks verval, met uitsondering van die verledetydsvorm van werkwoorde soos "is" – "was", "het" – "had" (hierdie vorm het in moderne Afrikaans grootliks verval, maar kom steeds in ouer en baie formele tekste voor), en modale werkwoorde soos "wil" – "wou", "kan" – "kon", "sal" – "sou" (blou). Die imperfektum-tydsvorm vir ander werkwoorde ontbreek egter in Afrikaans. Daarom word imperfektum-vorme van hierdie werkwoorde in die bronteks met die gewone perfektum in Afrikaans vertaal (groen). Die tydsvorm wat reeds in perfektum in die bronteks is, word dan so behou (geel). Sien die volgende voorbeelde:

Vrydag, 21 April 1944

BT: Gistermiddag **lag** ik met keelpijn in bed, maar daar me dit al bij de eerste middag verveelde en ik toch geen koorts **had**, **ben** ik vandaag maar weer **opgestaan**. (bl. 241)

DT: Gistermiddag toe ek met 'n seer keel in die bed **gelê het**, was ek so verveeld dat ek **opgestaan het** omdat ek tog geen koors **gehad het** nie. (bl. 281)

BT: Gisternen **werd**, zoals je waarskynlik self al **ontdekt hebt**, onze Führer vijfenvijftig jaar oud. (bl. 241)

DT: Gister **het** ons Führer, soos jy waarskynlik self **ontdek het**, vyf-en-vyftig **geword**. (bl. 281)

BT: Vanochtend **was** die schattingsmijnheer uit de Beethovenstraat hier. (bl. 241)

DT: Vanoggend **was** die waardeerder uit Beethovenstraat hier. (bl. 282)

Net soos in die teenwoordige tyd, waarvan voorbeelde in subafdeling A (Persoonsvorm) van hierdie afdeling gegee is, verbuig werkwoorde ook in die verledetydsvorm. Die woord "liggen" verbuig, soos in die voorbeeld hier bo gesien kan word, in "lag" in die imperfektum en in "gelegen" in die perfektum. In Afrikaans, verbuig hierdie woord nie: lê – het gelê (*gelê het*).

In Nederlands is daar nog 'n tydsvorm, naamlik die plusquamperfektum wat in Afrikaans verval het. Die plusquamperfektum kan beskou word as 'n "dubbele verledetydsvorm". Dit lyk soos die perfektum, maar die hulpwerkwoord word ook in verledetydsvorm geskryf, byvoorbeeld "ik had gewerkt; ik had geroepen" (De Villiers 1983:81). Hierdie verledetydsvorm word in Afrikaans in die perfektum- (gewone) verledetydsvorm vertaal. Die plusquamperfektum word soos volg met die gewone verlede tyd in Afrikaans vertaal:

Dinsdag, 8 Februarie 1944

BT: Moeder zweeg en ik was genoodzaakt haar nog geen minuut later een nachtzoen te geven. (bl. 167)

DT: Moeder het geswyg en ek was genoodsaak om haar, nie meer as 'n minuut later nie, 'n nagsoen te gee. (bl. 202)

Een van die belangrike aspekte wat 'n literêre vertaler in opleiding leer, is om bedag te wees op die vertaling van verwysings na tyd. Wanneer daar uit 'n taal soos Engels of Nederlands (wat 'n imperfektum het) vertaal word in Afrikaans (wat net die gewone verlede tyd, naamlik die perfektum, die "het ge- konstruksie) gebruik. As daar in

Afrikaans vertaal word, is die idiomatiese opsie om die historiese teenwoordige tyd te gebruik.

In die bronteks word daar van 'n kombinasie van teenwoordige tyd en verlede tyd (beide perfektum en imperfektum) gebruik gemaak. Spies behoort egter by groot stukke teks wat in die verlede tyd geskryf is, eerder die Afrikaanse doelteks in die historiese teenwoordige tyd vertaal het. 'n Voorbeeld van so 'n geval volg:

Woensdag, 14 Oktober 1942

DT: Moeder, Margot en ek is weer beste maatjies; dit is tog eintlik veel beter. Gisteraand het Margot en ek saam in my bed gelê. Dit was uiters beknop, maar daarom juis pret. Sy het gevra of sy miskien op 'n keer my dagboek mag lees. // "Sommige stukke wel," het ek geantwoord en na hare gevra. Dit mag ek dan ook lees. // So het ons oor die toekoms begin praat en ek het haar gevra wat sy wil word. Maar dit wou sy nie sê nie en het 'n groot geheim daarvan gemaak. Ek het wel iets opgevang van die onderwys. Ek weet natuurlik nie of ek reg is nie, maar ek vermoed dat sy wel in dié rigting sal gaan. Eintlik mag ek nie so nuuskierig wees nie. (bl. 83, 84)

Dit sal in 'n geval soos dié beter wees om na die historiese teenwoordige tyd oor te slaan, aangesien die woord "gisteraand" reeds die verlede tyd aandui. Met ander woorde:

Gisteraand lê ek en Margot saam in my bed. Dit is uiters beknop, maar daarom juis pret. Sy vra of sy miskien op 'n keer my dagboek mag lees [...].

5.3.3.3 Sintaksis

Volgens De Villiers (1983:88) is daar eintlik min sintaktiese verskille tussen Afrikaans en Nederlands. Afrikaans het wel minder morfologiese vorme, byvoorbeeld geen persoonsuitgange en geen imperfektum, wat wel die sintaksis kan beïnvloed, maar nie op so 'n groot skaal soos wat 'n mens sou verwag nie. Op sintaktiese vlak sal daar vervolgens gekyk word na hoe die woordvolgorde in sinne tussen Nederlands en Afrikaans verskil, hoe die lengte van sinne in die bronteks en die doelteks wissel, hoe vertaling van ontkennde sinne vertaal word, asook na vreemde sinswendinge wat in die doelteks voorkom.

i. Sinsvolgorde

Die volgende voorbeeldsinne illustreer hoe die sinsvolgorde tussen die bronteks en die doelteks verskil. Sinne is vertaal sodat dit in Afrikaans sin maak, grammatikaal korrek is, en verstaanbaar vir die doelteksleser is:

a. HOOFSINNE:

Woensdag, 12 Januarie 1944

BT: Sinds veertien dagen is Bep weer bij ons, hoewel haar zusje pas de volgende week naar school mag. (bl. 151)

DT: Bep is reeds veertien dae weer by ons, hoewel haar sussie eers volgende week skool toe mag gaan. (bl. 185)

Dinsdag, 11 April 1944

BT: 'Ga toch op de grond liggen en slaap!' (bl. 229)

DT: "Gaan lê tog op die grond en slaap!" (bl. 268)

b. BYSINNE:

Vrydag, 21 April 1944

BT: Gistermiddag lag ik met keelpijn in bed, maar daar me dit al bij de eerste middag verveelde en ik toch geen koorts had, ben ik vandaag maar weer opgestaan. (bl. 241)

DT: Gistermiddag toe ek met 'n seer keel in die bed gelê het, was ek so verveeld dat ek opgestaan het⁵² omdat ek tog geen koors gehad het nie. (bl. 281) {*Let op die plasing van die werkwoord.*}

ii. Lengte van sinne

Daar is nie baie afwykings in die sinslengte tussen die bronteks en doelteks s'n nie. Morfologiese wisselvorme, soos die imperfektum wat in die Afrikaanse doelteks in die perfektum omgeskakel moet word, kan byvoorbeeld klein wisselinge in die lengte van sinne teweegbring. As gevolg van die verskille tussen die twee tale is dit ook natuurlik dat sinne se lengtes soms verskil as gevolg van uitdrukings wat verskil. Die vertaler verdeel wel dikwels 'n lang sin in die bronteks in twee sinne wanneer sy

⁵² Let wel, die vertaler het hier die tydsaanduiding "vandaag" (Afr: vandag) in die doelteks uitgelaat. Dit verander die betekenis van die sin in die doelteks, aangesien dit nou in die doelteks klink asof Anne die vorige dag opgestaan het, terwyl sy eintlik eers 'n dag later opgestaan het.

dit vertaal. Sy doen dit waarskynlik om die sinne leesbaarder vir die Afrikaanse doelteksleser te maak. Die konvensie in Afrikaans is hedendaags om eerder van korter, bondiger sinne gebruik te maak. Sien die volgende voorbeelde:

Sondag, 13 Desember 1942

BT: De mensen zien er hier in de buurt niet zo erg aantrekkelijk uit en vooral den kinderen zijn te vies om met een tang aan te pakken, echte achterbuurtkinderen met snotneuzen, hun taaltje kan ik nauwelijks verstaan. (bl. 74)

DT: Die mense in hierdie buurt lyk nie baie aantreklik nie en veral die kinders is te vuil om met 'n tang aan te raak; regte agterbuurtkinders met snotneuse. Hulle taaltjie kan ek nouliks verstaan. (bl. 104)

Dinsdag, 28 Maart 1944

BT: O wanneer zouden al die moeilijkheden overwonnen zijn en toch is het goed ze te overwinnen want dan is het einde des te mooier. (bl. 218)

DT: O, wanneer sal al die moeilikhede oorwin wees. En tog is dit goed om hulle te oorwin, want dan is die einde des te mooier. (bl. 257)

Soms verkort die vertaler 'n sin indien dit onnodige herhaling in die bronteks bevat:

Sondag, 2 Mei 1943

BT: Afgezakt in die zin van het woord waar het onze maniere betreft. (bl. 93)

DT: Gedaal wat betref ons maniere. (bl. 123)

iii. Ontkenning

Volgens De Villiers (1983:91) is een van die kenmerke van Afrikaans wat dit skerp van hedendaagse Nederlands⁵³ onderskei, die uitdrukking van ontkenning deur middel van twee negatiewe merkers. In Nederlands word slegs een gebruik. Spies maak deurgaans van die Afrikaanse norm gebruik:

Donderdag, 1 Oktober 1942

BT: De volwassenen lagen dubbel en wij hadden niet minder schik. (bl. 50)

DT: Die volwassenes het dubbel gevou van die lag en ons het nie minder pret gehad nie. (bl. 77)

⁵³ In teenstelling met middeleeuse Nederlands.

Maandag, 8 Mei 1944

BT: Rijk kan men ons in geen geval meer noemen [...] (bl. 255)

DT: Ryk kan 'n mens ons nie meer noem nie [...]. (bl. 296)

BT: [...] en een beetje geld kan daarbij geen kwaad! (bl. 255)

DT: [...] en daarvoor kan 'n bietjie geld geen kwaad doen nie! (bl. 296)

In sekere gevalle is die uitdrukking van ontkenning in Nederlands en Afrikaans soortgelyk:

Donderdag, 12 November 1942

BT: As hij op straat meegenomen wordt kan hij noch de cartotheek noch de mensen meer helpen. (bl. 64)

DT: As hy op straat gevang word, kan hy nóg die kaartsisteen orden nóg die mense meer help. (bl. 93) {*Let hier op die verhelderingstegniek waarvan Spies hier gebruik maak deur die woord "orden" in te voeg.*}

iv. Vreemde sinswendinge

Alhoewel Spies meestal van grammatikaal korrekte sinne in Afrikaans gebruik maak, kom daar wel 'n paar vreemde, Nederlandistiese sinswendinge voor:

Donderdag, 1 Oktober 1942

BT: De volwassenen lagen dubbel en wij hadden niet minder schik. (bl. 50)

DT: Die volwassenes het dubbel gevou van die lag en ons het nie minder pret gehad nie. (bl. 77) {*Die frase "ook net soveel pret gehad" sou 'n beter vertaling hier gewees het.*}

Dinsdag, 27 April 1943

BT: Moeder en ik [...] (bl. 91)

DT: Moeder en ek [...] (bl. 123) {*In plaas van "ek en moeder" – wat meer korrek in Afrikaans is.*}

Vrydag, 24 Desember 1943

BT: Ik geloof niet dat ik jaloers op Jopie ben, maar wel krijg ik een sterk verlangen om ook eens flink pret te maken en te lachen tot ik er buikpijn van krijg. (bl. 139)

DT: Ek glo nie ek is jaloers op Jopie nie, maar ek kry wel 'n sterk verlange om ook 'n keer groot pret te maak en te lag tot ek maagpyn daarvan kry. (bl. 173) {*In plaas van baie pret te hê.*}

5.3.3.4 Samevattende opmerkings

Alhoewel Afrikaans en Nederlands in baie opsigte grammatikaal baie na aan mekaar is, is daar wel verskille tussen die twee tale. Dit is belangrik vir die vertaler om van hierdie ooreenkomste, sowel as van hierdie verskille, bewus te wees om as 'n kundige interkulturele bemiddelaar wat kommunikasie tussen twee tale kan bewerkstellig, op te tree sodat sy/hy 'n vertaling daarstel wat verstaanbaar en aanvaarbaar vir die doelteksleser is. Op grammatikale en linguistiese vlak kan 'n mens sien dat Spies meestal by die konvensies, reëls en norme van die doeltekstaal (Afrikaans) hou om 'n idiomatiese doelteks te produseer. Daar word wel Nederlandistiese uitdrukkings behou en van 'n ouer, formeler en deftiger Afrikaans gebruik gemaak wat effektief is ten einde die outentiekheid van die bronteks behoue te laat bly en die stem van die outeur (Anne) in die doelteks te laat klink. 'n Belangrike verbetering wat voorgestel kan word, is dat die vertaler gebruik moes maak van die historiese teenwoordige tyd om waar daar in die verlede tyd geskryf word in die doelteks, dit meer natuurliker en meer idiomaties te laat klink.

5.3.4 *Teksspesifieke vertaalprobleme*

Volgens Schäffner en Wiesemann (2001:41) behels Nord se indeling van teksspesifieke vertaalprobleme daardie probleme wat by die vertaling van 'n spesifieke teks ontstaan. Besluite wat geneem word ten opsigte van vertaalstrategieë vir teksspesifieke vertaalprobleme moet geneem word deur die relevansie daarvoor vir die doelteks (veral met betrekking tot die genrekonvensies en die doel/funksie van die doelteks) in ag te neem.

5.3.4.1 Teksfunksie

Soos reeds genoem, is die funksie van die bron- sowel as die doelteks om as 'n egodokument, spesifiek 'n dagboek in die vorm van dagboekbriewe, te dien. Hierdie funksie word ook op mikrovlak in die doelteks weerspieël deurdat daar gebruik gemaak word van die eerstepersoonsverteller, en deurdat die briefformaat behou word.

Die funksie van die doelteks is ook om die geloofwaardigheid van die bronteks te behou en die vreemdheid van die bronteks in die doelteks behoue te laat bly. Op mikrovlak word vertaalstrategieë deurgaans toegepas om die doelteks so na moontlik

aan die bronteks te laat klink, deur dieselfde styl te behou, deur in 'n ouer, formeler Afrikaans te vertaal en vreemde, pragmatiese en kulturele verwysings in die doeltteks te behou.

Om die outentiekheid van die bronteks verder te bewaar, word, soos reeds bespreek, vreemde tale nie vertaal nie. Duitse woorde word byvoorbeeld Duits gehou. Aangesien die bronteks hoofsaaklik in Nederlands geskryf is, word alle Nederlands wel in Afrikaans vertaal⁵⁴, behalwe in gevalle soos deurgaans in hierdie hoofstuk na verwys word, asook sekere gediggies of versies, waarvan die Nederlands behou word. Sien die volgende voorbeeld van 'n gedig wat Margot vir haar pa geskryf het, wat in die doeltteks in Nederlands behou word:

Woensdag, 4 Augustus 1943

DT: 's Nachts bij het allereerst geschiet
Daar kraakt een deur en men ziet,
Een zakdoek, een kussen en een kleine meid... (bl. 145)

Maandag, 6 Desember 1943

DT: PROLOG:
Sinterklaas is ook dit jaar weer gekomen
Zelfs het Achterhuis heeft het vernomen.
Helaas, kunnen we het niet zo leuk begaan
Als het verlede jaar as gedaan.
Toen waren we hoopvol en dachten beslist
Dat zegenvieren zou de optimist
En meenden dat dit jaar vrij
Sint Nicolaas te vieren zij.
Toch willen wij des daags gedenken.
Maar daar nu iets meer is te schenken
Zo moeten wij iets anders doen
Een ieder kijke in zijn schoen! (bl. 170,171)

Die Nederlands wat behou word in die doeltteks, versterk die identiteit van die outeur en haar kultuur. Aangesien die gedigte en rympies nie in die doeltteks in Afrikaans vertaal word nie, bied die uitdagings wat met die vertaling van rym en ritme gepaard gaan, dus geen vertaalprobleme nie. Uit 'n vertaalteoretiese oogpunt behoort hierdie gedig, en soortgelyke gedeeltes in die dagboek wel in Afrikaans vertaal te word, of

⁵⁴ Sien ook afdeling 4.3.3.

die vertalings daarvoor behoort in eindnote of annotasies verskaf te word. Indien die doelteksleser wel hierdie Nederlandse gedeeltes sonder hulp sou verstaan, sou hy/sy die hele teks in Nederlands (met ander woorde die bronteks) kon lees.

5.3.4.2 Humor

Humor is dikwels taal- of kultuurgebonde. Humor word op 'n paar wyses in die bronteks, *Het Achterhuis*, bewerkstellig. Die anekdotes en beskrywings wat Anne in die dagboek weergee, is dikwels humoristies en aangesien daar oorkoepelend so na moontlik aan die bronteks gehou word in die vertaling, word hierdie humoristiese vertellings ook in die doelteks behou. Aangesien van hierdie amusante vertellings, word humor ook op ander maniere in die bronteks bewerkstellig en in die doelteks oorgedra. 'n Paar voorbeelde volg:

Anne maak in die volgende inskrywings van sarkasme gebruik om neerhalend van mevrou Van Daan te praat:

Sondag, 2 Mei 1943

BT: Alleen deze vier tellen in de politiek mee, eigenlijk maar twee, maar madam Van Daan en Dussel rekenen zich er ook toe. (bl. 95) {*In plaas van mevrouw.*}

DT: Slegs hierdie vier tel in die politiek, eintlik net twee, madam Van Daan en Dussel reken hulle daarby in. (bl. 127) {*In plaas van mevrou.*}

Dinsdag, 18 Mei 1943

BT: Bij de klap die volgde, stond mevrouw al op haar trillende benen. (bl. 96)

DT: Toe die knal volg, het Mevrou al op trillende bene gestaan. (bl. 128)

Aangesien dieselfde formaat in die bron- en doelteks gehou word, naamlik dagboekbriewe, is dit moontlik om die volgende stukkie humor in die doelteks te behou. 1 April staan bekend as "April Fool's Day" (bekend in die bron- en doelkultuur) en daarom is die verwysing na *geen bui vir grappe* en die aanhaling oor 'n *ongeluk* ironies (in beide die bron- en doelteks):

Donderdag, 1 April 1943

BT: Heus geen moppenstemming (zie datum), integendeel, vandaag kan ik gerust het gezegde aanhalen: 'Een ongeluk komt nooit alleen.' (bl. 89)

DT: Sowaar, in geen bui vir grappe nie (vergeelyk die datum), inteendeel, vandag kan ek gerus die gesegde aanhaal: "n Ongeluk kom nooit op sy eie nie." (bl. 121)

Waar humor ook bewerkstellig word, is wanneer Anne die mengtaal tussen Nederlands en Duits en die geradbraakte Nederlands wat haar huisgenote praat, weergee. Soos genoem, word daar soms (DT bl. 94; DT bl. 152) wel in 'n voetnoot verduidelik dat Anne die vermenging van Duits en Nederlands weergee⁵⁵. Soos in die bronteks, bly hierdie deel van die doeltteks in gemengde Nederlands en Duits en dus sal hierdie humor nie sonder 'n voetnoot aan die doeltteksleser oorgedra word nie, aangesien die doeltteksleser nie noodwendig Nederlands en Duits verstaan/magtig is nie. Die humor in die bronteks kan dus vir die doeltteksleser verlore gaan:

Woensdag, 18 Augustus 1943

DT: "Anne, kaaik maar, iek neem die messie so in myn hand, krap van bo af ondertoe! Nein, so nicht ... maar so!" (bl. 151)

Wat woordspeling betref, voeg Spies self ook humor, wat in die bronteks ontbreek, by. In die bronteks gebruik Anne die woord *hypochonder* en vra dan ook in die dagboek of dit die regte woord is. In Nederlands is dit wel die korrekte woord (Koenen & Drewes 1976:552), maar in die Afrikaanse doeltteks vertaal Spies hierdie woord met *ipekondriak*, wat 'n vermenging (kontaminasievorm) van die woord "ipekonder" en die Engelse "hypochondriac" is en nie in die Afrikaanse leksikon bestaan nie⁵⁶. Die korrekte Afrikaanse vertaling vir *hypochonder* is "(ipe-)/hipochondris" of "(ipe-)/hipochonder" (Du Plessis et al. 2005:1064). Die inskrywing is soos volg:

Woensdag, 2 Septemeber 1942

BT: Pijnen tussen hart, nieren en long zijn hem ook niet vreemd. Hij is een echte hypochonder! (Dat noem je toch zo, hè?) (bl. 37)

DT: Pyn tussen hart, niere en longe is ook nie aan hom onbekend nie. Hy is 'n egte "ipekondriak" ('n Mens noem dit tog so, nè?) (bl. 63)

5.3.4.3 Dialoog en direkte rede

In die dagboek gee Anne dikwels dialoog weer wat vroeër plaasgevind het. Volgens Spies (2008c) het Anne 'n besondere talent daarvoor gehad om direkte rede en dialoog op 'n baie lewensgetroue manier weer te gee. Hierdie dialoog en direkte rede word wel in die doeltteks in Afrikaans vertaal, behalwe op die plekke waar Anne en

⁵⁵ Sien afdeling 4.3.3 & 5.3.4.3

⁵⁶ Die agtervoegsel "-iak" kan ook natuurlik in Afrikaans gebruik word om 'n woord 'n persoonsvorm te verleen, byvoorbeeld "maniak", maar in die vervorming van die woord "ipekonder" is dit nie korrek nie.

veral haar huisgenote van ander tale, soos Duits, of 'n mengsel van Nederlands en Duits, gebruik maak. Dit word behou om humor te bewerkstellig (sien afdeling 4.3.3 & 5.3.3.1). Verder bly Spies ook baie getrou aan die bronteks wanneer dialoog en direkte rede vertaal word, om die egtheid daarvan te behou, aangesien dit werklike mense se oorspronklike woorde is. Alle dialoog en direkte rede word ook in die doelteks in die oorspronklike formaat (direkte rede) behou en nie geparafraseer nie.

Vanweë die lengte van die aanhalings, is voorbeelde van die onderskeie wyses waarop direkte rede en dialoog vertaal is, beskikbaar in bylaag D.

5.3.4.4 Radiostem

Anne gee dikwels in die dagboek weer wat sy oor die radio hoor. Hierdie verwysings na radio-uitsendings is ideologies van belang, aangesien die radio die enigste verbinding was wat die onderduikers met die buitewêreld gehad het (afgesien van die kontak met die mense wat vir hulle gesorg het, soos Miep) en waardeur hulle nuus oor die oorlog kon ontvang. Dit was in hierdie tyd onwettig vir Jode om radio's te besit en as gevolg van propagandistiese oorwegings mag Nederlanders nie na byvoorbeeld die Britse radiostasie (BBC) geluister het nie. Die onderduikers het saans na ses veral na die Nederlandse radiostasie (die Oranje-sender) en die BBC geluister om op hoogte van die nuus oor die te bly. Aangesien die Duitse uitsendings Nazi-propaganda uitgesaai het, het hulle nie daarna geluister nie:

[...] géén senders is verbode nie, met dien verstande dat slegs by uitsondering na Duitse stasies geluister mag word, byvoorbeeld na klassieke musiek en dergelike. Dit is ten strengste verbode om na Duitse berigte te luister (ongegag van waar hulle uitgesaai word) en dit te versprei. (DT bl. 95) {*Deel van Van Daan se Agterhuis-onderduikreëls.*}

Die radio was vir die onderduikers 'n baken van hoop:

Dit is werklik waar dat as die berigte van buite al hoe slegter word, die radio met sy wonderstem help dat ons nie moed verloor nie en elke keer weer sê: "Kop op, hou goeie moed, daar kom ook weer ander tye!" (DT bl. 131)

Daar is verskillende maniere hoe die radiostem weergegee en vertaal word. Soms word wat oor die radio gesê word, slegs deur Anne gerapporteer en soms word die direkte woorde van die omroeper/spreker weergegee. Wanneer die uitsending in

Nederlands is, en ook in die bronteks in Nederlands geskryf word, word dit in die doelteks in Afrikaans vertaal:

Saterdag, 27 Maart 1943

BT: Rauter, een of andere hoge mof, heeft een rede gehouden: 'Alle joden moeten tot 1 juli de Germaanse landen verlaten hebben. Vanaf 1 april tot 1 mei zal de provincie Utrecht gezuiverd worden (alsof het kakkerlakken zijn), van 1 mei tot 1 juni de provincies Noord- en Zuid-Holland.' (bl. 89)

DT: Rauter, een of ander hoë Mof⁵⁷, het 'n toespraak gehou: "Alle Jode moet teen 1 Julie die Germaanse lande verlaat het. Vanaf 1 April tot 1 Mei sal die provinsie Utrecht gesuiwer word" (asof dit kakkerlakke is) "vanaf 1 Mei tot 1 Junie die provinsies Noord- en Suid-Holland." (bl. 120)

In die bostaande vertaling kan 'n mens sien hoe die vertaler die doelteks duideliker maak vir die doelteksleser deur die deel wat Anne bygevoeg het (*asof dit kakkerlakke is*) tussen hakies, maar buite die aanhalingstekens te plaas om dit van die radiostem te onderskei. Hierdie onderskeid word nie in die bronteks getref nie.

Wanneer die uitsending oor die radio in die bronteks in Engels gegee word, word dit in die doelteks in Engels behou:

Dinsdag, 6 Junie 1944

BT: Engelse uitzending in het Engels: 'This D-Day.' Generaal Eisenhower zei tegen het Franse volk: 'Stiff fighting will come now, but after this the victory. The year 1944 is the year of complete victory, good luck!' (bl. 275)

DT: Engelse uitsending in Engels: "This is D-day." Generaal Eisenhower het aan die Franse volk gesê: "Stiff fighting will come now, but after this the victory. The year 1944 is the year of complete victory, good luck!" (bl. 318)

⁵⁷ Mof is 'n Nederlandse skelwoord vir 'n Duitser (Sanders 2009). In Afrikaans is hierdie woord (en spesifiek met 'n hoofletter geskryf) ook 'n "spot- of skimpnaam vir 'n Duitser, vroeër ook vir 'n Engelsman." (Odendal & Gouws 2009:728). Aangesien hierdie egter nie 'n baie bekende of algemene uitdrukking is nie, behoort die vertaler egter hier 'n voetnoot by te voeg om die term te verklaar sodat die doeltekslesers weet wat dit beteken. Dit is egter goed dat Spies hierdie woord nie neutraliseer na byvoorbeeld "Duitser" nie, sodat die ideologiese strekking agter die woord "Mof" ook in die doelteks behoue bly.

Soms dui Anne self aan dat sy self die nuusuitsending uit Engels vertaal:

Dinsdag, 6 Junie 1944

BT: Engelse uitzending in het Engels om één uur (vertaal): 11.000 vliegtuie staan gereed en vliegen onophoudelijk af en aan om troepen neer te laten en achter de linies te bombarderen. (bl. 275)

DT: Engelse uitsending in Engels om een uur (vertaal): 11 000 vliegtuie staan gereed en vlieg onophoudelik heen en weer om troepe neer te laat en agter die linies te bombardeer. (bl. 318)

5.3.4.5 Samevattende opmerkings

Daar kan gesien word dat Spies haar, wat teksspesifieke vertaalprobleme betref, hoofsaaklik deur die bronteks laat lei. Die teksfunksie van die bronteks en die doelteks bly dieselfde en word weerspieël in die mikrostrategieë wat ten opsigte van die vertaling gevolg word. Daar word sover moontlik getrou aan die bronteks gebly, tensy dit ongrammatikale Afrikaans tot gevolg sou hê.

5.4 Samevatting

Die besluitneming en vertaalstrategieë op mikrovlak weerspieël die benadering wat op makrovlak gevolg word (sien hoofstuk 4). Dit stem ook ooreen met wat in die vertaalspesifikasie (die inleiding) gespesifiseer word as die funksie/doel van die doelteks. Die benadering wat in hierdie vertaling gevolg word, is hoofsaaklik vervreemdend wat pragmatiese, interkulturele en teksspesifieke verwysings betref, alhoewel die vertaler wel soms domestikeer deur middel van strategieë soos om 'n kulturele ekwivalent te gebruik, of deur van uitbreiding of eksplisering gebruik te maak.

Kort gestel, in hierdie vertaling word daar hoofsaaklik by die konvensies van die bronkultuur gehou terwyl die norme van die doeltekstaal (Afrikaans) op linguistiese vlak gevolg word, behalwe by die oorgebruik van die verledetydsvorm. Die doelteks is wel in 'n formele, ouer, soms Nederlandistiese Afrikaans vertaal om die atmosfeer van die bronteks oor te dra en dit outentiek te laat klink, sowel as om die outeur se stem te laat klink.

Die vertaling is op mikrovlak vervreemdend vir die doelteksleser, in 'n poging om getrou aan die bronteks en lojaal aan die bronteks se outeur te bly. Dit kan 'n mens sien aan die kulturele, godsdienstige, politiese en ideologiese terme wat verveem

word sowel as die feit dat daar ten opsigte van tyd en plek vervreem word. Terselfdertyd is dit toeganklik vir die doelteksleser aangesien dit in Afrikaans vertaal is, met inagneming van die doeltekstaal se norme en reëls. Binne die funksionalistiese benadering is dit, soos in afdeling 3.3.3 bespreek, belangrik om al die partye betrokke by die vertaling in ag te neem. Verder moet daar ook vertaal word volgens die vertaalspesifikasie wat, soos geïllustreer, wel gedoen is. 'n Mens kan verder uit die mikro-analise sien dat, met die uitsondering van 'n paar voorbeelde, daar redelik konsekwent met betrekking tot vertaalstrategieë en -benaderings vertaal is. Dit dui op 'n konstante denk- en besluitnemingsproses (kenmerk van die funksionalistiese benadering) wat die vertaling voorafgegaan het en tydens die vertaalproses voortgesit is. Dit is gedoen om uiteindelik 'n sekere doel met die Afrikaanse doelteks te bereik, naamlik om 'n lewensgetroue weergawe van die bronteks, maar nou net in Afrikaans, te skep, wat geloofwaardig is en die stem van Anne Frank oordra. Hierdie oorwegings is belangrik, aangesien die bronteks 'n gekanoniseerde werk in sy bronkultuursisteem is en hier met 'n outobiografiese werk, omgegaan word, waarin die outeur dus baie prominent is.

Hoofstuk 6

Gevolgtrekking

6.1 Inleiding

In die vertaling van *Het Achterhuis* in Afrikaans het Lina Spies hoofsaaklik, alhoewel onbewus (aangesien sy nie 'n teoreties geskoolde vertaler is nie) funksioneel te werk gegaan deur 'n vertaalspesifikasie vir die vertaling op te stel waarin die doel/funksie (*skopos*) van die vertaling uiteengesit word en die vertaalbesluite wat geneem word, regverdig word. In die doelteks, *Die Agterhuis*, word daar lojaal aan die bronteksouteur, Anne Frank, en getrou aan die bronteks self gebly, maar tog is daar prospektief te werk gegaan deur die doeltekslesergroep in ag te neem deur die werk vir hulle toeganklik te probeer maak. Daar is verder van beide Nord (2001:185,188,195) se maatstawwe (sien afdeling 2.1) vir 'n aanvaarbare vertaling gebruik gemaak, naamlik (1) die getrouheid aan die bronteks en lojaliteit aan die bronteksouteur, sowel as (2) die inagneming van die doelteksleser gebruik gemaak.

Besluite met betrekking tot die vertaling is dus meestal nie lukraak geneem nie, alhoewel daar plek-plek inkonsekwentheid voorkom, soos bespreek in hoofstuk 5. 'n Mens weet egter nie of hierdie inkonsekwentheid deur die vertaler se eie toedoen is en of dit met die redigering van die vertaling gebeur het nie⁵⁸. Die besluitneming ten opsigte van vertaalstrategieë is meestal weldeurdag om die gewenste funksie van die vertaling te vervul, naamlik om die stem en styl van die outeur, sowel as die outentiekheid van die bronteks te behou, sonder om afbreuk te doen aan die doeltekstaal (Afrikaans) waarin daar vertaal word.

⁵⁸ In die lig van die vertaling wat geredigeer is om van byvoorbeeld erge Nederlandismes ontslae te raak.

6.2 Oorkoepelende vertaalbenadering

Wanneer daar vertaal word, vind daar altyd interaksie tussen twee literêre sisteme en twee kulture plaas. Werk word van een sisteem en kultuur na 'n ander oorgedra en dus moet daar 'n kompromie tussen hierdie twee sisteme en kulture en ook die bron- en doeltaal getref word (Lefevere 1982:248). Verder sê Lefevere (1982:494) na aanleiding van Lecercle, dat daar altyd 'n "domestic remainder" van die bronteks oorbly – soos duidelik in *Die Agterhuis* gesien kan word, aangesien die Nederlandse taal en kultuur 'n groot invloed op die vertaling van *Het Achterhuis* in Afrikaans het en daar in die Afrikaanse teks 'n duidelike "neerslag" van die bronkultuur en brontekstaal is.

Die oorkoepelende vertaalbenadering wat in *Die Agterhuis* gevolg word, is vervreemding, met domestikering as sekondêre benadering. Hierdie benaderings vind neerslag in die vertaalstrategieë wat op mikrovlak in die vertaling gevolg word. Daar word baie naby aan die bronteks gebly en derhalwe word daar dikwels van vertaalstrategieë soos leenvertalings, leenwoorde, en selfs woorde, frases en sinne in die brontekstaal, gebruik gemaak. Die tyd, plek, kultuur en politiese klimaat waarin die bronteks afspeel, word ook in die doelteks behou en daar word veral ten opsigte van pragmatiese en kontekstuele verwysings ([inter]kulturele, godsdienstige, ideologiese, historiese en politiese verwysings) vervreem.

Berman (1985:284,285) beaam dat hierdie benadering (naamlik vervreemding) goed kan werk om die vreemdheid, of andersheid, van 'n teks te beklemtoon en 'n vreemde werk só aan te bied dat die doelteksleser daarvan bewus is dat hy/sy besig is om met 'n teks om te gaan wat in 'n ander konteks as wat eie aan syne/hare is, geskryf is. Deur die teks in 'n taal wat die doelteksleser verstaan te vertaal, maak reeds die vreemde teks vir die doelteksleser toeganklik en die doelkultuur en doeltekstaal deur hierdie "vreemdheid" verryk, verbreed en verdiep word (Benjamin 1932:22).

Pannwitz (in Benjamin 1932:22) het hieroor die volgende te sê:

Our translations, even the best ones, proceed from the wrong premise. They want to turn Hindi, Greek, English into German instead of turning German into Hindi,

Greek, English. Our translations have a far greater reverence for the usage of their own language than for the spirit of the foreign works.

Pannwitz se uitgangspunt is dis om die "gees" van die "vreemde", met ander woorde die bronkultuur, in die doeltteks te behou.

Weens die vele weergawes van Anne Frank se dagboek wat 'n verwronge beeld van die outeur skep/oordra, volg Spies in haar Afrikaanse vertaling eerder 'n vervreemdingsbenadering en bly so na moontlik aan die bronteks. Sy druk dus nie werklik haar eie stempel op die dagboek af nie (behalwe in die parateks), maar herkodeer die Nederlandse teks as't ware net in 'n ander taal, naamlik Afrikaans. Dit word gedoen in 'n poging om die teks se outentiekheid te behou en te verhoed dat die Afrikaanse vertaling nog meer bydra tot 'n verwronge beeld van Anne.

Hierdie vervreemdingsbenadering word ook gevolg aangesien die genre van die bronteks en die doeltteks 'n egodokument (in die vorm van dagboekbriewe) is en dit dus belangrik is om die outentiekheid van die bronteks in die doeltteks te behou, aangesien die outeur se stem steeds in die doeltteks moet klink asof sy dit self in die doelttekstaal geskryf het.

Translators [...] are those people who let their knowledge govern their behaviour. And that knowledge is ideological. It is controlled by ideological norms. If you want to become a translator you must submit to the translator's submissive role, submit to being processed by what ideological norms inform you (Calzada-Pérez 2003, in Karoubi 2009).

In die vertaling van *Het Achterhuis* in Afrikaans neem Spies 'n "onderdanige rol" (*submissive role*) ten opsigte van die bronteks en die bronteksouteur in, deur haar ten opsigte van vertaalbesluite deur die bronteks te laat lei.

Aangesien die doeltteks op mikro- en makrovlak hoofsaaklik vervreemdend is, is dit belangrik dat die doeltteks wel vir die doeltteksleser toeganklik gemaak word. Die parateks in die doeltteks is baie doelttekslesergerig en die inleiding tot die dagboekbriewe, die epiloog (albei deur Lina Spies) en die nawoord (vertaal uit die bronteks) dra alles daartoe by om die agtergrond van die dagboek en die outeur te verskaf. Voetnote wat deurgaans in die doeltteks voorkom, help weer om verwysings en woorde en uitdrukkings te verduidelik, of te vertaal, sodat dit vir die doeltteksleser

toeganklik is. Die parateks en dagboekbriewe werk dus in interaksie saam om die doeltteks terselfdertyd te vervreem van, maar ook toeganklik te maak vir die doeltteksleser.

6.3 Outentiekheid

By 'n outobiografiese en geskiedkundige werk soos Anne Frank se dagboek, is dit belangrik om die outentiekheid van die bronteks in die doeltteks te behou. Deur die vervreemdingsbenadering in die doeltteks te volg, word Anne Frank se oorspronklike werk weer sigbaar aan die doeltteksleser en word daarin geslaag om die wêreldlike Anne in die vertaling na vore te laat kom. Die boodskap wat in die bronteks oorgedra word, van hoop te midde van moeilike omstandighede en die boodskap oor die menslike kondisie (soos Spies dit beskryf) blyk ook hierdeur beter. Anne skryf die volgende:

Woensdag, 22 Maart 1944

DT: Ek dink sy [Peter se] ontdekking dat ek glad nie die oppervlakkige Anne van die wêreld is nie, maar net so 'n dromerige eksemplaar met net soveel moeilikhede as hyself, het hom oorrompel. (bl. 246)

Spies slaag dus ook daarin om Anne se persoonlikheid weer te gee soos sy werklik was en hoe die wêreld haar jammer genoeg nie ken nie. Die doeltteksleser kan nou ook hom/haar met Anne vereenselwig en beseft sy was nie net die opgeruimde meisie wat aan die wêreld voorgehou word nie, maar 'n doodnormale jongmens met probleme en uitdagings waarteenoor sy elke dag te staan kom. Op hierdie manier slaag die vertaling dus daarin om ook die doeltteksleser te "oorrompel".

Aangesien die agtergrond van die dagboek, asook die inhoud daarvan, sterk kultuur- en ideologies gebonde is, werk die vervreemdingstrategie wat hoofsaaklik in die vertaling gebruik word goed om die outentiekheid van die teks te behou.

Die "gees" en "atmosfeer" van die vreemde werk word behou, sowel as die oorspronklike "gees" van die skrywer van die dagboek self – Anne Frank.

6.4 Stem en styl van die outeur

Aangesien daar in die vertaling gepoog word om lojaal aan die bronteksouteur en getrou aan die bronteks te bly, word die stem van die outeur en die styl waarin sy geskryf het, in die doelteks oorgedra. Aangesien Anne in keurige, formele, deftige Nederlands geskryf het, maak die vertaler in die doelteks ook gebruik van 'n deftige, formeler en soms outydse, plek-plek selfs Nederlandistiese Afrikaans. Soos in hoofstuk 5 gesien kan word, is daar selfs plekke waar die Afrikaans nie idiomaties of taalkundig korrek is nie; vergelyk byvoorbeeld die tydsaspek. Meestal is daar egter gebruik gemaak van goeie Afrikaans en die vertaler probeer doelbewus nie aan die outeur in die Afrikaanse doelteks 'n kinderstem gee nie, aangesien Anne inderdaad nie, soos genoem, soos 'n tipiese kind gepraat of geskryf het nie. Dit is in teenstelling met van die ander vertalings van die dagboek, byvoorbeeld die Amerikaanse *Diary of a Young Girl* waar Anne uitgebeeld word as 'n oppervlakkige tienermeisie.

In die doelteks word die stem en styl van die outeur dus oorgedra, wat goed is, veral aangesien dit 'n dagboek is wat die werklike gedagtes van 'n werklike persoon bevat.

6.5 Stem en styl van die vertaler

In die proses van vertaling is die twee magte van die outeur en die vertaler heeltyd teenwoordig en hierdie twee agente is dikwels in magstryd met mekaar. Soos in die vorige afdeling bespreek, kies Lina Spies egter om haar aan die bronteksouteur se stem en styl te hou. Dit kan inderdaad as vreemd beskou word, aangesien skrywers, veral 'n gekanoniseerde skrywer soos Spies, dikwels wanneer hulle werke vertaal, hulle eie stem meer in die vertaling wil laat klink (Feinauer 2009). Tog is Spies baie bewus van die literêre verdienste van die dagboek en wil graag die skryftalent wat Anne in haar dagboek illustreer, ook in die doelteks weerspieël. In die parateks van die doelteks klink die vertaler se stem egter wel sterk deur die inleiding, haar eie gedig, die voetnote en epiloog. In die vertaling self, is die vertaler egter feitlik onsigbaar. Die sigbaarheid van die vertaler word ook verklein aangesien daar nie op die voorblad van *Die Agterhuis* aangedui word dat die teks vertaal is en wie dit vertaal het nie.

Spies stel haar dus ondergeskik aan die mag van die outeur, om die outentiekheid van die teks te behou en die stem van die gesig van die 6 miljoen Jode wat tydens die Holocaust gesterf het, in die doelteks te behou. Hierdie oorweging is dus ideologies van aard.

6.6 Besluite en uitdagings

Lefevere (1982:243) is van mening dat die beperkinge op 'n vertaling ver anderkant dié van die natuurlike taal (*natural language*) strek. Ander beperkinge/invloede (bv. kultureel, pragmaties, ens.) beïnvloed die vertaalproses heelwat meer as die semantiese en linguistiese beperkinge.

Wat veral vir Spies uitdagend was, was om (soos genoem) die stem en styl van die outeur en sodoende die outentiekheid van die bronteks ook te behou. Dan het sy ook gepoog om die pragmatiese en kulturele verwysings van die bronteks te behou en daardeur die doelteks doelbewus van die doelteksleser te vervreem, maar tog terselfdertyd die doelteks toeganklik vir hierdie leser te maak (sien afdeling 6.7).

In hoofstuk 5 is bespreek hoe uitdagings en vertaalprobleme op pragmatiese, interkulturele, taalkundige en teksspesifieke vlak hanteer word. Aangesien die Nederlandse kultuur wel nie te ver verwyderd is van die Suid-Afrikaanse Afrikanerkultuur nie (beide Westerse kulture) en die twee tale ook nou verwant is, is van hierdie uitdagings makliker oorkom as byvoorbeeld 'n vertaling uit Nederlands in 'n Oosterse of Afrikataal.

6.7 Verdere navorsingsmoontlikhede

Die onderwerp wat in hierdie tesis bespreek is, bied verdere navorsingsmoontlikhede, wat vervolgens gelys word:

1. 'n Studie van *Die Agterhuis* uit 'n evaluerende of kritiese oogpunt (teenoor hierdie tesis waarin daar deskriptief te werk gegaan is).
2. 'n Studie van die vertaalproses van die bronteks, ingesluit die redigering, die magte wat betrokke was en die uiteindelijke produk – die doelteks.
3. Die vertaling van 'n egodokument / outobiografiese werk, soos 'n dagboek, met *Die Agterhuis* as voorbeeldmateriaal.
4. 'n Vergelyking van verskillende vertaalde dagboeke.

5. 'n Vergelyking van die verskillende vertalings van Anne Frank se dagboek.
6. 'n Vergelyking van toneelstukke, musiekblyspele en films (aanpassings) van Anne Frank se dagboek (met die fokus op funksionalisme en die manipulasieteorie).
7. 'n Studie wat fokus op die vertaling van pragmatiese en interkulturele verwysings in Anne Frank se dagboek in verskillende doeltekste.
8. 'n Studie wat fokus op die vertaling van ideologiese verwysings in Anne Frank se dagboek in verskillende doeltekste.
9. 'n Studie wat fokus op die vertaling van name en titels in Anne Frank se dagboek in verskillende doeltekste.
10. Die gebruik en funksionaliteit van annotasies en voetnote as parateks in vertaalde werke.
11. 'n Ideologiese blik op die vertaling van *Het Achterhuis* in Afrikaans.
12. 'n Vergelyking tussen *Het Achterhuis* met inleiding en Afrikaanse aantekeninge en woordverklarings deur W.F. Jonckheere gepubliseer in Suid-Afrika (1982) en die Afrikaanse vertaling van die dagboek, *Die Agterhuis*, deur Lina Spies.

6.8 Slot

Die hipotese soos in afdeling 1.2.1 verwoord, word met hierdie studie geldig verklaar, naamlik dat Lina Spies daarin slaag om die outentiekheid van Anne Frank se dagboek, *Het Achterhuis*, en die stem en styl van die outeur te behou deur baie getrou aan die bronteks te bly.

Deur hierdie vertaling in Afrikaans laat Spies reg geskied aan Anne se stem en die waarde van die dagboek en bereik deur die vertaling ook wat Anne se "oorspronklike" stem wêreldwyd vermag:

Dit is waar dat Anne se stem mense geroer en geïnspireer het, maar dit is net so waar dat sy hulle bewus gemaak het van die kwaad; dat sy liefde bely het in die aansig van die haat en die goedheid van die mens in aansig van sy boosheid (Spies 2007:26).

Vir die eerste keer sedert die publikasie van die Nederlandse dagboek in 1947, verskyn die dagboek ook in 2008 in Afrikaans, die taal wat die naaste aan die brontaal is en word hierdie belangrike werk toeganklik vir (hoofsaaklik

Afrikaanssprekende) doeltekslesers. Die boodskap van die "goedheid van die mens in die aansig van sy boosheid" kan nou ook aan hierdie nuwe groep lesers van die dagboek oorgedra word:

Saterdag, 15 Julie 1944:

DT: Dit is die moeilikste van hierdie tyd: ideale, drome, mooi verwagtings het skaars opgekom of hulle word deur die gruwelikste werklikheid totaal verwoes. Dit is 'n groot wonder dat ek nie al my verwagtings opgegee het nie, want hulle lyk so absurd en onuitvoerbaar. Tog hou ek hulle vas, ondanks alles, *want ek glo nog steeds aan die innerlike goedheid van die mens.* (bl. 338, eie kursivering)

Alhoewel dit tans lyk of *Die Agterhuis* goed verkoop en aanvaar word deur die Suid-Afrikaanse gehoor, sal tyd leer of hierdie gekanoniseerde werk in vertaalde vorm in Afrikaans ook in die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse literêre sisteem se kern opgeneem sal word. Indien wel, sal die Afrikaanse vertaling van hierdie gekanoniseerde werk, *Het Achterhuis*, kan bydra om die status van Afrikaans te verhoog. (Spies, in Brand 2008b:12).

Appendiks


BYLAAG A: Voorblaaie




Figuur A1: Anne se oorspronklike dagboek
(Groningen Universiteit, Lettere-fakulteit 2009)



Figuur A2: Voorblad van die 2005-uitgawe van die bronteks (Bert Bakker)
(Intros BV 2009a)



Figuur A3: Voorblad van die bronteks: *Het Achterhuis* (2008: Bert Bakker)
(Intres BV 2009b)




Figuur A4: Voorblad van die doelteks: *Die Agterhuis* (2008: Protea)
(Boeke-Insig 2009)

BYLAAG B: Titelblaai



Figuur B1: Titelblad van die bronteks: *Het Achterhuis* (Frank 2008b:3)



Figuur A4: Titelblad van die doelteks: *Die Agterhuis* (Frank 2008a:3)

BYLAAG C: Lina Spies se gedig

Vir Anne Frank van Het Achterhuis

Hulle onthou die gaskamers, Auschwitz,
as van lyke, onsigbaar vervoer deur eensame riviere,
die meisie in haar sabbatrok,
wat in die dodeput afstort,
die vrou wat met sekslose sekerheid besef
uit haar vervloekte bloed sal 'n kind
die nuwe, vrye wêreld nooit weer vind ...

Maar in die agterhuis was veel
menslikheid: Mevrouw van Daan,
prikkelbaar-bevrees, vervelig-verwaand,
'n moeder se subtiel verset,
omdat haar kind die vader liewer het ...

En tog moes jy jou jong
ontwaking leer verstaan – alleen.
En wat het al jou vroulikheid gebaat?
Jy moes die laaste toevlug deel
vir nog 'n Jood se veiligheid –
tandarts Dussel jou ongewenste kamermaat.

Toe het jy jou na hom gekeer:
blou agter 'n berookte ruit en 'n gordynde raam
het helder in sy oë kom leef ...
maar die natuur verdra geen surrogaat –
jy het geweeg, te lig bevind. Weer
moes Peter maar vir Mouschi streek
en vir 'n troos het jy seisoenverward
pinksterrose en bloudruifies in een droom verbeel.

Meer as Jood of Christen het jy geweet
die mens se gees oorwin as hy
elke dag sy aartappels met vreugde eet.

Lina Spies

(Uit: *Digby Vergenoeg*, 1971, Human & Rousseau,
Kaapstad, in Frank 2008b:6)

BYLAAG D: Voorbeelde van dialoog en direkte rede uit die bron- en doelt eks

Volg op Hoofstuk 5, afdeling 5.3.4.4: Dialoog en direkte rede

i. Aanhaling van iets wat iemand gesê het:

Woensdag, 24 Junie 1942

BT: (bl. 20)

Hij wou van m'n gezelschap gebruikmaken en me naar school brengen. 'Als je toch dezelfde kant op moet, ga ik wel mee,' antwoordde ik en zo gingen we saam.

DT: (bl. 46)

Hy wou meer van my geselskap geniet en saam met my skool toe stap. "As jy tog in dieselfde rigting loop as ek, gaan ek saam," en dus is ons saam verder.

ii. Dialoog sonder name as aanduiding van wie wat sê (in die voorbeeld is daar 'n afwisseling tussen direkte rede in dialoogvorm en indirekte rede:

Dinsdag, 8 Februarie 1944

BT: (bl. 167)

Algauw kwam moeder uit de badkamer en ik zei zo'n beetje voor de grap: 'Du bist doch eine echte Rabenmutter.'

Ze vroeg natuurlijk waarom en wij vertelden haar van de speld.

Ze trok direct haar hooghartigste gezicht en zei tegen mij: 'Jij moet vooral wat over slordigheid zeggen, als jij naait ligt de hele grond bezaaid met spelden. En kijk eens, hier ligt weer het nageletui, dat ruim je ook nooit op!'

Ik zei dat ik het nageletui niet gebruikt had en Margot sprong in, want zij was de schuldige.

Moeder praatte nog een poosje door over slordigheid tegen mij, tot ik boordevol was en tamelijk kortaf zei: 'Ik heb toch niets van slordigheid gezegd, altijd krijg ik het als een ander wat doet!'

DT: (bl. 202)

Kort daarna het Moeder uit die badkamer gekom en ek het so half vir die grap gesê: "Du bist doch eine Rabenmutter."

Sy het natuurlik gevra waarom en ons het haar van die speld vertel. Onmiddellik het sy haar gesig op 'n hooghartige plooi getrek en vir my gesê: "Jy is 'n mooi een om oor

slordigheid te praat! As jy naaldwerk doen, lê die hele vloer vol spelde. En kyk 'n bietjie, hier lê die naelstelletjie al weer! Jy sit dít ook nooit weg nie!"

Ek het geantwoord dat ek dit nie gebruik het nie en Margot het tussenbeide getree, want sy was die skuldige. Moeder het nog 'n rukkie voortgegaan om met my oor slordigheid te praat totdat ek keelvol was en taamlík kortaf gesê het: "Ek het tog niks oor slordigheid gesê nie. Ek kry altyd die wind van voor as iemand anders iets verkeerds gedoen het!"

iii. Dialoog met name as aanduiding van wie wat sê (name in hierdie voorbeeld in gewone skrif en elke nuwe spreker is in 'n nuwe inspringparagraaf in die doelteks):

Maandag, 28 September 1942

BT: (bl. 47)

Mevrouw van Daan: 'O maar mevrouw, ik begrijp u niet! Ik ben werkelijk buitengewoon bescheiden. Hoe komt u erbij mij onbescheiden te noemen?'

Moeder: 'U bent zeker niet onbescheiden, maar niemand zou u bepaald bescheiden vinden.'

Mevrouw: 'Ik zou wel eens willen weten waarin ik onbescheiden ben! [...]'

DT: (bl. 74)

Mevrou van Daan: "O, maar Mevrouw, ek begryp u nie! Ek is werklik buitengewoon beskeie. Waar kry u die reg om my onbeskeie te noem?"

Moeder: "U is seker nie onbeskeie nie, maar niemand sal u bepaald beskeie noem nie."

Mevrou: "Ek sou wel wil weet in watter opsig u dink dat ek onbeskeie is! [...]"

iv. Dialoog met name as aanduiding van wie wat sê (name in hierdie voorbeeld in kursief en elke nuwe spreker is op 'n nuwe reël):

Dinsdag, 16 Mei 1944

BT: (bl. 263)

Ter afwisseling (omdat we het zo lank niet gehad hebben) wil ik je een kleine dicussie vertellen, die mijnheer en mevrouw gisteravond hadden.

Mevrouw: 'De Duitsers zullen de Atlantik-Wall intussen wel erg sterk gemaakt hebben, ze zullen zeker alles doen wat in hum macht ligt om de Engelsen tegen te houden. 't Is toch enorm hoeveel kracht die Duitsers hebben!'

Mijnheer: 'O ja, ontzettend!'

Mevrouw: 'Ja-ah!'

Mijnheer: 'Zeker zullen de Duitsers op het eind de oorlog nog winnen, zo sterk zijn ze.'

DT: (bl. 305)

Ter afwisseling (omdat ons so lank nie daaroor gepraat het nie) wil ek jou van 'n klein diskussietjie vertel wat Meneer en Mevrouw gister gehad het:

Mevrou: "Die Duitsers sou intussen die Atlantic Wall baie sterk gemaak het; hulle sal seker alles in hulle vermoë doen om die Engelse teë te hou. Dit is tog verbasend hoe enorm baie krag die Duitsers het!"

Meneer: "O ja, ontsettend!"

Mevrou: "Jaaa!"

Meneer: "Die Duitsers sal seker die oorlog nog wen, so sterk is hulle."

Bronnelys

Aguilar-Amat, A & Santamaria, L. 1998. Terminology policies, diversity, and minoritised languages, in: Chesterman, A, San Salvador, NG & Gambier, Y. 2000. *Translation in Context – Selected contributions from the EST Congress, Granada 1998*. Amsterdam: John Benjamins. 73–84.

Altshuler, D.A. 1978. *Hitler's war against the Jews*. New Jersey: Behrman House.

Anderman, G. 2007. Linguistics and translation, in: Kuhiwczak, P & Littau, K (reds.). 2007. *A Companion to translation studies*. Clevedon: Multilingual Matters. 45–61.

Anne Frank-fonds. 2009. *Anne Frank-fonds webblad*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.annefrank.ch>. [Elektronies geraadpleeg: 6 Maart 2009.]

Appiah, KA. 1993. Thick translation, in: Venuti, L (red.). 2000. *The translation studies reader*. New York: Routledge. 417–429.

Aucamp, H. 2009. Holocaust-dagboeke, met spesiale verwysing na *Die Agterhuis* van Anne Frank, op: *Litnet*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=63963&cat_id=200. [Elektronies geraadpleeg: 3 April 2009.]

Baggerman, A & Dekker, R. 2004. 'De gevaarlijkste van alle bronne' Egodokumente: nuwe wege en perspektiewe, in: *Tijdschrift voor sosiale en ekonomshe geskiedenis* 1. 2004:4. 3-22, in: Baggerman, A & Dekker, R. (reds.) 2004. *Egodokumente: nuwe wege en benaderinge*. Amsterdam: Uitgeverij Aksant.

- Barnouw, D. 1998. *Anne Frank voor beginners en gevorderden*. Amsterdam: Rijksinstituut voor Oorlogsdocumentatie, Den Haag: SDU Uitgevers.
- Bartholomew, CG. 1998. Babel and Derrida: postmodernism, language and biblical interpretation, in: *Tyndale Bulletin*. 1998. 49(2):305–328.
- Bassnett, S. 2002. *Translation studies*. New York: Routledge.
- Bassnett, S. 2007. Culture and translation, in: Kuhiwczak, P & Littau, K (reds.). 2007. *A companion to translation studies*. Clevedon: Multilingual Matters Ltd. 13–23.
- BBC. 2009. *The Diary of Anne Frank*, in: *BBC-webblad*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.bbc.co.uk/annefrank/about.shtml>. [Elektronies geraadpleeg: 21 Februarie 2009.]
- Benjamin, W. 1932. The task of the translator, in: Venuti, L (red.). 2000. *The translation studies reader*. New York: Routledge. 15–25.
- Berman, A. 1985. Translation and the trials of the foreign, in: Venuti, L (red.). 2000. *The translation studies reader*. New York: Routledge. 284–297.
- Bielsa, E. 2005. Globalisation as translation: An approximation to the key but invisible role of translation in globalisation, in: 2005. *CSGR Working Paper No. 163/05*. Warwick: Centre for translation and comparative cultural studies, University of Warwick.
- Boeke-Insig. 2009. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.boekeinsig.co.za/images/boeke/die-agterhuis.jpg>. [Elektronies geraadpleeg: 3 Mei 2009.]
- Brand, G. 2008a. *Anne Frank se dagboek nie haar verhaal nie*. Gesprek by *Die Burger* se boekklubete. Stellenbosch: Volkskombuis.
- Brand, G. 2008b. Spies loop pad met Anne Frank, in *Die Burger*. 20 Augustus 2008: 12.

- Breuer, R. 2001. "Lina Spies", in Breuer, R. 2001. *Stellenbosch Writers*. [Intyds].
Beskikbaar: <http://www.stellenboschwriters.com.spies1.html>. [Elektronies
geraadpleeg: 10 Februarie 2009].
- Brink, AP. 2008. *Groot Verseboek*. Band 2. Kaapstad: Tafelberg.
- Brisset, A. 1990. The search for a native language: translation and cultural identity,
in: Venuti, L (red.). 2000. *The Translation Studies Reader*. New York: Routledge.
343–375.
- Britz, E. 1999. Lina Spies, in: Van Coller, HP (red.). 1999. *Perspektief en profiel*.
Pretoria: JL Van Schaik. 588–597.
- Cai, K. 2008. *Optimizing translation through accommodation*. [Intyds.] Beskikbaar:
<http://www.sytra.cn/optimizing-translation-through-accommodation.html>. [Elektronies
geraadpleeg: 8 November 2008.]
- Catford, JC. 1965a. *A linguistic theory of translation*. Londen: Oxford University
Press.
- Catford, JC. 1965b. Translation Shifts, in: Venuti, L (red.). 2000. *The Translation
Studies Reader*. New York: Routledge. 141–147.
- Central Institute of English Languages. 2009. Concepts, in: *Translating India*.
[Intyds]. Beskikbaar: <http://www.anukriti.net/concepts.asp>. [Elektronies geraadpleeg:
10 Maart 2009.]
- Chang, NF. 2007. *Itamar Even-Zohar's culture theory and translation studies*.
[Intyds.] Beskikbaar: <http://translation.hau.gr/telamon/files/ChangNamFung.pdf>.
[Elektronies geraadpleeg: 12 Junie 2008.]
- Chaudhuri, S. 2006. Translation, transcreation, travesty, in: Hermans, T. 2006.
Translating others Vol. 1. Manchester: St. Jerome.
- Chesterman, A. 1997. *Memes of translation*. Amsterdam: John Benjamins.

- Chesterman, A. 1998. Reviews: Vermeer, HJ. *A skopos theory of translation (some arguments for and against)*, in: 1998. *Target*. 10(1): 155-188. Amsterdam: John Benjamins.
- Cunico, S & Munday, J. 2007. Encounters and clashes, in: *The Translator*. 2007: 13(2). 141–149.
- De Villiers, M. 1983. *Nederlands en Afrikaans*. Goodwood: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Beperk.
- Dekker, R. 2002. Introduction, in: Dekker, R. (red.) 2002. *Egodocuments and history*. Hilversum: Verloren. 7–20.
- Die Tuinier Tydskrif. 2008. *Sukses met lentebolle*. April 2008-uitgawe. [Intyds.]
Beskikbaar: http://www.dietuinier.co.za/feature3_april.html. [Elektronies geraadpleeg: 1 Julie 2009].
- Du Plessis, M et al. 2005. *Afrikaans-Engels; English-Afrikaans Woordeboek/Dictionary*. Kaapstad: Pharos.
- Ehlers, D & Van Beek, P. 2004. *Oranje Boven – Nederlands voor Zuid-Afrika*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Ester, H. 2009. Kultuur en Vermaak: Lina Spies het 70 geword, in: *Die Burger: BY*. 14 Maart 2009: 14.
- Even-Zohar, I. 1990a. The literary system, in *Poetics Today*. 11(1):27-44.
- Even-Zohar, I. 1990b. The position of translated literature within the literary polysystem, in *Poetics Today*. 11(1):45–51.
- Feinauer, AE. 2008. *MPhil (Vertaling): Gevorderde Vertaalteorie. Klasaanbiedinge en klasaantekeninge*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Feinauer, AE. 2009. *Gesprekke oor navorsing*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

- Flanzbaum, H. (red.) 1999. *The Americanization of the Holocaust*. Baltimore: The Johns Hopkins University Press.
- Frank, A. 1982. *Het Achterhuis* – met aantekeninge deur W.F. Jonckheere. Kaapstad: Academica.
- Frank, A. 2008a. *Die Agterhuis. Dagboekbriewe 12 Junie 1942 – 1 Augustus 1944. Uit die oorspronklike Nederlands vertaal en ingelei deur Lina Spies*. Pretoria: Protea.
- Frank, A. 2008b. *Het Achterhuis. Dagboekbrieven 12 Juni 1942 – 1 Augustus 1944. Samengesteld door Otto Frank en Mirjam Pressler*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- Genette, G. 1997. *Paratexts: Thresholds of interpretation. Translated by Jane E Lewin*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Gentzler, E. 2002. Translation, poststructuralism, and power, in: Tymoczko & Gentzler, M. 2002. *Translation and power*. Amherst: University of Massachusetts Press. 195-218.
- Gouws, RH, Prinsloo, DJ & De Schryfer, GM. 2004. Friends will be friends – true or false. Lexicographic approaches to the treatment of false friends, in: Williams, G & Vessier, S (reds.). 2004. *Proceedings of the eleventh EURALEX international congress, EURALEX 2004. Volume III: Lexicological issues of lexicographical relevance*. 6 – 10 Julie 2004. Lorient: Université de Bretagne-Sud. 797–806.
- Gouws, RH. 2008. *MPhil (Vertaling): Leksikografie. Klasaanbiedinge en klasaantekeninge*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Groningen Universiteit, Lettere-fakulteit. 2009. Foto: dagboek. [Intyds]. Besikbaar: http://www.rug.nl/let/_shared/image/alfasteunpunt/autodagboek.jpg. [Elektronies geraadpleeg: 3 Mei 2009.]
- Harvey, K. 1998. Compensation and the brief in a non-literary translation: theoretical implications and pedagogical applications, in: 1998. *Target*. 10(2): 267-290. Amsterdam: John Benjamins.

- Hatim, B & Mason, I. 1990. *Discourse and the translator*. Londen: Longman.
- Hatim, B & Munday, J. 2004. *Translation: an advanced resource book*. Oxon: Routledge.
- Hatim, B. 2001. *Teaching and researching translation*. Harlow: Pearson Education, Longman.
- He Xianbin. 2007. Translation norms and the translator's agency, in: *Journal of translation and interpretation*. [Intyds], in: *SKASE journal of translation and interpretation*. 2007. 2(1):24-29. Beskikbaar: http://www.skase.sk/Volumes/JT102/pdf_doc/3.pdf. [Elektronies geraadpleeg: 12 Junie 2008].
- Heelom: Alles is te vinden. 2006. *Moskovisch*. [Intyds.] Beskikbaar: <http://www.heelom.com/Echo/zoekrobot/woordenboek/m/moskovisch.html>. [Elektronies geraadpleeg: 8 Julie 2009.]
- Hermans, T. 1985. Translation Studies in a New Paradigm, in: Hermans, T. 1985. *The manipulation of literature*. New York: St. Martin's. 7–15.
- Hermans, T. 1994. Disciplinary objectives: the shifting grounds of translation studies, in: Nistal, PF & Gozalo, JMB (reds.). 1994. *Perspectivas de la Traducción Inglés / Español. Tercer Curso Superior de Traducción*. Valladolid: Instituto de Gervcas de la Educación, Universidad de Valladdid. 1–25.
- Hermans, T. 1996. *Translation's Other*. 'n Inwydingstoepspraak aan die University College of London: Dinsdag 19 Maart 1996. Londen: University of London.
- Hermans, T. 1999a. Translation and normativity, in: Schäffner, C (red.). 1999. *Translation and norms*. Philedelphia: Multilingual Matters. 50-71.
- Hermans, T. 1999b. *Translation in systems*. Manchester: St. Jerome.
- HistoryOrb. 2009. Historical events for the year 1943, in: *HistoryOrb*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.historyorb.com/events/date/1943>. [Elektronies geraadpleeg: 14 Oktober 2009].

- Hugo, D. 2008a. Dagboek van 'n onvoltooide lewe: Spies se vertaling hervestig aandag op feite van Frank, in: *Die Burger*. 23 Junie 2008. 13.
- Hugo, D. 2008b. Valse vriende? Die gevaarlike avontuur van vertaal uit Nederlands, in: *Litnet: Taal: Nederlands*. [Intyds]. Beskikbaar by: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=48875. [Elektronies geraadpleeg: 16 Julie 2008.]
- Intres BV. 2009a. Webshopboekhandel: product image. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.webshopboekhandel.nl/Webshop/ProductImages/9789035127579.jpg>. [Elektronies geraadpleeg: 3 Mei 2009.]
- Intres BV. 2009b. Webshopboekhandel: product image. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.webshopboekhandel.nl/Webshop/ProductImages/9789035133068.jpg> [Elektronies geraadpleeg: 3 Mei 2009.]
- Kannemeyer, JC. 1988. *Die Afrikaanse literatuur 1652 – 1987*. Kaapstad: Human & Rousseau. 418–427.
- Kannemeyer, JC. 2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652 – 2004*. Kaapstad: Human & Rousseau. 504–517.
- Karoubi, B. 2009. Beyond translation theories, in: *Translatio*. 26(4):178-182. [Intyds.] Beskikbaar by: <http://www.translationdirectory.com/articles/article1789.php>. [Elektronies geraadpleeg: 6 Maart 2009.]
- Katan, D. 2004. *Translating cultures*. Manchester: St. Jerome.
- Koenen, MJ & Drewes, JB. 1976. *Verklarend handwoordenboek der Nederlandse Taal*. Groningen: HD Tjeenk Willink.
- Koller, W. 1995. The concept of equivalence and the object of translation studies, in: *Target*. 7(2):191–222. Amsterdam: John Benjamins.
- Lambert, J & Van Gorp, H. 1985. On describing translations, in Hermans, T (red.) 1985. *The Manipulation of literature*. New York: St. Martins. 42–53.

- Langer, LL. 1991. *Holocaust testimonies – the ruins of memory*. New York: Vail-Ballou.
- Lee, C A. 2002. *Het verborgen leven van Anne Frank*. (vertaal deur B Westerveld). Amsterdam: Balans.
- Lefevere, A. 1977. *Translating Literature: The German tradition from Luther to Rosenzweig*. Assen: Von Gorcum.
- Lefevere, A. 1982. Mother Courage's Cucumbers: text, system and refraction in a theory of literature, in: Venuti, L (red.). 2000. *The translation studies reader*. New York: Routledge. 231–249.
- Lefevere, A. 1985. Why waste our time on rewrites?, in: Hermans, T. (red.) 1985. *The Manipulation of literature*. New York: St. Martin's Press. 215–243.
- Lefevere, A. 1992. Translation: ideology – on the construction of different Anne Franks, in: Lefevere, A. (red.). 1992. *Translation, rewriting, and the manipulation of literary fame*. Londen: Routledge. 59–72.
- Leonardi, V. 2000. Equivalence in translation: between myth and reality, in: *Translation journal*. Oktober 2000. 4(4):9. [Intyds.] Beskikbaar by: <http://accurapid.com/journal/14equiv.htm>. [Elektronies geraadpleeg: 1 Oktober 2007.]
- Leung, MK. 2002. The ideological turn in translation studies, in: Duarte, JF, Rosa, AA & Seruya, T. (reds.) 2006. *Translation studies at the interface of disciplines*. Amsterdam: John Benjamins. 129–144.
- Martin, W & Tops, GAJ. 1989. *Van Dale groot woordenboek Engels-Nederlands*. Utrecht/Antwerpen: Van Dale Lexicografie.
- Meylaerts, R. 2002. Literary heteroglossia in translation, in: Duarte, JF, Rosa, AA & Seruya, T. 2006. *Translation studies in the interface of disciplines*. Amsterdam: John Benjamins. 85–97.
- Munday, J. 2001. *Introducing translation studies – theories and applications*. New York: Routledge.

- Munday, J. 2007. Translation and ideology: a textual approach, in: Cunico, S & Munday, J (eds.). 2007. *The Translator: Translation and ideology: encounters and clashes*. 13(2):195–217.
- Munthing, LM. 1998. 'n Ondersoek na die plek en inhoud van ekwivalensie binne die moderne vertaalwetenskap met besondere verwysings na die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling, in: *Old Testament Essays, Journal of the Old Testament Society of South Africa*. 1998. 11(3):499–521.
- Naudé, JA. 2000. The Schocken Bible as source-oriented translation: description and implications, in: *Acta Theologica*. 2000. 20(1): 1–33.
- Neild, E. 1989. Translation is a two-way street: a response to Steiner, in: 1989. *Meta* XXXIV. 34(2). 238–241.
- Neubert, A & Shreve, GM. 1992a. *Models of translation*. Ohio: The Kent State University Press.
- Neubert, A. & G. M. Shreve. 1992b. *Translation as text*. Kent: the Kent University Press.
- Newmark, P. 1998. *A textbook of translation*. New York: Prentice Hall.
- Nida, E. 1964. Principles of correspondence, in: Venuti, L (red.). 2000. *The translation studies reader*. New York: Routledge. 126–40.
- Nida, EA & Taber, CR. 1974. *The theory and practice of translation*. Leiden: EJ Brill.
- Nord, C. 1991. *Text analysis in translation: theory, methodology and didactic application of a model for translation-oriented text analysis*. Amsterdam: Rodopi.
- Nord, C. 1995. Text-functions in translation: titles and headings as a case point, in: *Target*. 7(2): 261–284.
- Nord, C. 1997a. A functional typology of translations, in: Trosborg, A. (red.) 1997. *Text typology and translation*. Amsterdam: John Benjamins. 43–66.

- Nord, C. 1997b. *Translating as a purposeful activity*. Manchester: St. Jerome.
- Nord, C. 2001. Loyalty revisited. Bible translation as a case in point, in: 2001. *The translator*. 7(2): 185–202.
- Nord, C. 2005. Making otherness accessible. Functionality and skopos in the translation of New Testament texts, in 2005. *Meta*. 50(3):868–880.
- Odendal, FF & Gouws, RH. 2005. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Pinelands: Maskew Miller Longman.
- Odendal, FF & Gouws, RH. 2009. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Pinelands: Pearson Education South Africa.
- Odendal, FF. 1984. Taal en die gemeenskap, in: Botha, TJR (red.). 1984. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica.
- Pereira-Lorenzo, S & Ramos-Cabrera, AM. 2004. Chestnut, an ancient crop with future, in: Dris, R & Jain, SM (reds.). 2004. *Production Practices and Quality Assessment of Food Crops. Volume 1: Preharvest Practice*. Dordrecht: Kluwer. 105–161.
- Pheiffer, RH. 1984. Verskille tussen Afrikaans en Nederlands, in: Botha, TJR (red.). 1984. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica. 28–82.
- Pinto, D. 2000. Power relations in the Portuguese translation of Alan Paton's "Life for a life", in: Kruger, A (red.). 2001. *Language Matters*. 31:130–154.
- Pressler, M. 1999. Verantwoording, in: Frank, A. 2008. *Het Achterhuis. Dagboekbrieven 12 Juni 1942 – 1 Augustus 1944. Samengesteld door Otto Frank en Mirjam Pressler*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker. 302,303.
- Pressler, M. 2008a. Over dit boek, in: Frank, A. 2008. *Het Achterhuis. Dagboekbrieven 12 Juni 1942 – 1 Augustus 1944. Samengesteld door Otto Frank en Mirjam Pressler*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker. 5–7.

- Pressler, M. 2008b. Verantwoording: *Bij de 29ste druk*, in: Frank, A. 2008. *Het Achterhuis. Dagboekbrieven 12 Juni 1942 – 1 Augustus 1944. Samengesteld door Otto Frank en Mirjam Pressler*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker. 303.
- Qian Yun Yun. 2008. On translation equivalence, in: *China paper download centre*. [Intyds.] Beschikbaar: <http://www.studa.net/yingyu/081109/15294862.html>. [Elektronies geraadpleeg: 8 November 2008.]
- Qvale, P. 1998. *From St. Jerome to hypertext: translation in theory and practice*. Translated by Norman R. Spencer. Manchester: St. Jerome.
- Rijksinstituut voor Oorlogsdocumentatie. 1986. *Die dagboeken van Anne Frank*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- Rodrigues, CC. 2000. Traducaao: A Questao da Equivalencia (Translation: the issue of equivalence), in: *Alfa: Revista de Lingüística*. 2000. 44:89–98.
- Rogers, M. 2007. Terminological equivalence: probability and consistency in technical translation, in: *MuTra 2007 – LSP translation scenarios: conference proceedings: EU-high-level scientific conference series*. 1–6.
- Romein-Verschoor, A. 1947. Inleiding, in Frank, A. 1947. *Het Achterhuis: Dagboekbrieven 12 Juni 1942 – 1 Augustus 1944*. Amsterdam: Contact.
- Sanders, E. 2009. Mof, in: *NRC Handelsblad*. Intyds.] Beschikbaar by: <http://www.nrc.nl/krant/article1613201.ece/Mof>. [Elektronies geraadpleeg: 17 Oktober 2009.]
- Schäffner, C. & Wiesemann, C. 2001. *Annotated texts for translation: English–German*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Schäffner, C. 2003. Translation studies, in: Östman, J, Verschueren, J, Blommaert, J & Bulcaen, C (reds.). 2006. *Handbook of pragmatics*. Amsterdam: John Benjamins. 1–14.
- Schneider, M. 2008. Anne Frank's diary is now also in Afrikaans, in: *Jewish report*. 27 Junie – 4 Julie 2008. 3.

Schwarz, DR. 1999. *Imagining the Holocaust*. Houndmills, Basingstoke, Hampshire: Palgrave.

Shiyab, SM. 2007. Synonymy in translation, in: *Translation journal*. 20 September 2007. 1–8.

Shuttleworth, M & Cowie, M. 1997. *Dictionary of translation studies*. Manchester: St. Jerome.

Shuttleworth, M. 1998. Polysystem theory, in: Baker, M & Malmkjær, K (reds.). 1998. *Routledge encyclopedia of translation studies*. Londen: Routledge. 176–179.

Snell-Hornby, M. 2006. *The turns of translation studies: new paradigms or shifting viewpoints?* Amsterdam: John Benjamins.

Spies, L. 2007. Inleiding, die dagboek van Anne Frank, in: Frank, A. 2008. *Die Agterhuis*. Pretoria: Protea. 7–26.

Spies, L. 2008a. *Die vertaling van die dagboek van Anne Frank*. Lesing. Kaapstad: Holocaust-Museum, 16 Junie 2008, op TEO: Webdiens van die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria. [Intyds.] Beskikbaar by:
<http://teo.co.za/artikel/articles/52/1/Die-vertaling-van-die-dagboek-van-Anne-Frank/Bladsy1.html>. [Elektronies geraadpleeg: 1 November 2008.]

Spies, L. 2008b. Epiloog, in: Frank, A. 2008. *Die Agterhuis*. Pretoria: Protea. 348–350.

Spies, L. 2008c. *Praatjie oor haar vertaling van Anne Frank se dagboek*. Stellenbosch: Protea Boekhandelaar. 28 Junie 2008.

Spies, L. 2009a. *Persoonlike onderhoude en gesprekke*. Stellenbosch.

Spivak, GC. 1992. The politics of translation, in: Venuti, L (red.). 2000. *The translation studies reader*. New York: Routledge. 397–416.

Steiner, G. 1975. *After Babel: aspects of language and translation*. Londen: Oxford University Press.

The flower expert: online flowers encyclopedia. 2009. *Hyacinth*. [Intyds.] Beskikbaar: <http://www.theflowerexpert.com/content/growingflowers/growingflowers/hyacinth>. [Elektronies geraadpleeg: 1 Julie 2009.]

The flower expert: online flowers encyclopedia. 2009. *Narcissus*. [Intyds.] Beskikbaar: <http://www.theflowerexpert.com/content/mostpopularflowers/narcissus>. [Elektronies geraadpleeg: 1 Julie 2009.]

Toury, G. 1985. A rationale for descriptive translation studies, in: Hermans, T. (red.) 1985. *The manipulation of literature*. New York: St. Martin's Press. 16–41.

Toury, G. 1991. What are descriptive studies into translation likely to yield apart from isolated description, in: Van Leuven-Zwart, K & Naaijken, T (reds.). 1991. *Translation studies: the state of the art. Proceedings from the first James S. Holmes symposium on translation studies*. Amsterdam: Rodopi. 179–192.

Toury, G. 1995a. *Descriptive translation studies and beyond*. Amsterdam: John Benjamin's Publishing Co.

Toury, G. 1995b. The nature and role of norms in translation, in: Venuti, L (red.). 2000. *The translation studies reader*. Londen: Routledge. 205–218.

Tymoczko, M. 2003. Ideology and the position of the translator: In what sense is a translator "in between", in: Pérez, MC (red.) 2003. *Approaches of ideology: translation studies on ideology – ideologies in translation studies*. Manchester: St. Jerome. 181–201.

Ulrych, M. & Bosinelli, R.M.B. 1999. The State of the Art in Translation Studies. An Overview, in: *Textus: English Studies in Italy*. XII(2):219-242.

Van Coller, HP(red.). 1999. *Perspektief en profiel*. Pretoria: JL Van Schaik. 588–597.

Van der Zee, N. 2001. *De kamergenoot van Anne Frank*. Soesterberg: Uitgeverij Aspekt.

Van Leuven-Zwart, K. 1992. *Vertaalwetenschap: ontwikkelingen en perspectieven*. Muidelberg: Dick Coutinho BV.

- Venuti, L. 1992. Introduction, in: Venuti, L (red.). 1992. *Rethinking translation: discourse, subjectivity, ideology*. Londen: Routledge. 1–17.
- Venuti, L. 1995. *The translator's invisibility*. Londen: Routledge.
- Venuti, L. 1998. Strategies of Translation, in: Baker, M & Malmkjær, K (reds.). 1998. *Routledge encyclopedia of translation studies*. Londen: Routledge. 240–244.
- Venuti, L. 2000. Translation, community, utopia, in: Venuti, L. (red.). 2000. *The translation studies reader*. New York: Routledge. 468–488.
- Venuti, L. 2007. How to read a translation, in: *Words without borders*. [Intyds.]
 Beskikbaar: <http://www.wordswithoutborders.org/article.php?lab=HowTo>. [Elektronies geraadpleeg: 8 November 2008.]
- Vermeer, HJ. 1998. Starting to unask what translatology is about, in: 1998. *Target*. 10(1):41–68.
- Vinay, J & Darbelnet, J. 1958/1995. A methodology for translation, in: Venuti, L (red.). 2000. *The translation studies reader*. New York: Routledge. 84–93.
- Walker, AK, Kruger, A & Andréws, IC. 1995. Translation as transformation: a process of linguistic and cultural adaption, in: 1995. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*. 26: 99–115.
- Williams, J & Chesterman, A. 2007. *The map: a beginners guide to doing research in translation studies*. Manchester: St. Jerome.
- Yu Yuan, & Li Wan-jun. 2007. Analysis of Nida's dynamic equivalence from the perspective of domestication and foreignisation, in: *Sino-US English teaching*. September 2007. 4(9):74–76.